Beyers Naudé 1915-1963: Die Vorming van `n Dissidente Afrikaner

deur
Ruhan Fourie

Proefskrif ingelewer vir die graad MA in Geskiedenis in die Fakulteit Geesteswetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

Studieleier: Prof. Albert Grundlingh

March 2018

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie opstel in te lewer, verklaar ek, Ruhan Fourie, dat die geheel van die werk hiervan vervat, my eie, oorspronklike werk; dat ek die outeursreg eienaar daarvan is – behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui – en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

_____

R. Fourie

Datum: Maart 2018

Maart 2018

Kopiereg © 2018 Universiteit Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Beyers Naudé is bekend vir sy anti-apartheid teologie en aktivisme vanaf die 1960s. Tog voor die periode van sy aktivisme was hy `n dominee in die NG Kerk, lid van die Afrikaner Broederbond, en vir lank voorstander van die beleid van apartheid. Sy diep gewortelheid in die Afrikaner-establishment het hom `n unieke plek besorg in die stryd teen apartheid. Hierdie studie poog juis om hierdie paradoks van Afrikaner en struggle-held te ontleed deur `n in-diepte biografiese werk wat die vormingsjare van Beyers Naudé ondersoek. Sodoende word vasgestel hoe hy tot die punt gekom het om in 1963 die Afrikaner-establishment te verlaat. Daar bestaan reeds genoegsame literatuur oor Naudé se struggle-jare na 1963, waarvan teologiese studies `n groot meerderheid vorm. Hierdie sekulêre studie fokus juis op die opbou tot Naudé se wegbreek wat strek van sy geboorte in 1915 tot sy laaste preek as NG-dominee in 1963. Deur gebruik te maak van verskeie argivale bronne, asook met die bestaande literatuur oor Naudé, word sy roete noukeurig gevolg deur sy kinderjare (1915-1931), studentejare (1932-1939), vorming as Afrikaner-dominee (1940-1954), en uiteindelik hoe hy van dominee na dissident ontvorm het (1955-1963). Hierdeur word ook gekyk na dimensies van sy vroeë lewe wat nie noodwendig polities van aard is nie, om sodoende `n meer volronde beeld van `n 'jong' Beyers te skep. Uit hierdie studie word dit duidelik dat `n reeks uitwaartse bewegings buite die Afrikaner-establishment hom tot nuwe insigte gebring het oor sy eie oortuiging, sy mense, en onreg. Daar het verandering oor tyd plaasgevind met sekere merkers wat hom tot verdere oortuiging gebring het om `n nuwe rigting in te slaan deur die Afrikaner-establishment in 1963 te verlaat.

Sleutelterme: Beyers Naudé, Afrikaner Broederbond, Afrikaner nasionalisme, NG Kerk, Afrikaner-dissidentskap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

Beyers Naudé is known for his anti-apartheid theology and activism from the 1960s onwards. Yet, before this activism, he was a minister in die Dutch Reformed Church, member of the Afrikaner Broederbond, and longtime proponent of the policy of apartheid. His deep-rootedness in the Afrikaner-establishment gave him a unique position in the struggle against apartheid. This studie attempts to analise this paradoks of Afrikaner and struggle-hero through an in-depth biographical work that investigates the formative years of Beyers Naudé. Thereby it is established how Naudé came to the point where he left the Afrikaner-establishment in 1963. There is a whole corpus of literature about Naudés` struggle years after 1963, most being theological studies. However, this secular studie focuses on the build-up to Naudés` break-away, which starts at his birth in 1915 and goes up until his last sermon as a DRC-minister in 1963. By utilising a range of archival sources, in conjunction with existing literature on Naudé, his route will carefully be traced through his childhood years (1915-1931), student years (1932-1939), formation as Afrikaner-minister (1940-1954), and eventually how he unmolded from minister to dissident (1955-1963). Dimensions of his earlier life, which was not necessarily political in nature, is examined, and by doing so a more well-rounded image of a 'young' Beyer is attempted. From this study it becomes clear that a series of outward-movements beyond of the Afrikaner-establishment brought Naudé to new insights about his convictions, his people, and justice. Change took place over time with certain markers which moved him to a deeper conviction to take a new direction by leaving the Afrikaner-establishment in 1963.

Keywords: Beyers Naudé, Afrikaner Broederbond, Afrikaner-nationalism, DRC, Afrikaner dissidence.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ERKENNINGS

Ek wil graag hier gebruik maak van die geleentheid om die persone wat hierdie studie vir my moontlik en makliker gemaak het oor die afgelope twee jaar. Die ongesiene helde wat in ons argiewe werk, kry selde regverdige erkenning. Ek wil graag hier spesifiek my dankbaarheid uitspreek teenoor Isabel Murray van die NG Kerk Argief, Karlien Breedt van die US Argief, en Marita Snyman van die Beyers Naudé Sentrum vir Publiek Teologie sonder wie my navorsing `n aansienlike opdraande pad sou wees. Die geleentheid en strukture wat die Departement Geskiedenis van die US aan my gebied het om hierdie studie te voltooi, het hierdie twee jaar `n plesier gemaak. My studieleier, Professor Grundlingh, se leiding en wysheid oor die afgelope twee jaar was van onskatbare waarde. Dit was `n voorreg om met `n persoon met die gravitas van Prof. Grundlingh te gesels oor die historiese werkinge van Afrikaner-kultuur. Ek bedank ook Leschelle Morkel en Melvyn Daniels vir hul deurlopende administratiewe hulp. My mede-geskiedenis studente, Theo, Ashrick, Monique, Cailin, en Suné wat die pad makliker gemaak het deur saam te sukkel, baie dankie. Dankie ook aan Esté Kotze vir haar hulp met die versorging van die dokument. Ook `n woord van dank aan die Universiteit Stellenbosch en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die finansiële steun waarsonder hierdie studie nie sou kon plaasvind nie.

`n Groot dankie aan my ma, Veronica Fourie, wat nie net my finansieel bygestaan het nie, maar ook ten volle met die grootste trots ondersteun het. Dankie ook aan my suster, Erika Ferreira, sonder wie se ondersteuning ek nie hierdie reis kon begin en eindig nie. `n Spesiale waardering vir my vriende wat oor die afgelope twee jaar daagliks iets nuut moes leer van Beyers Naudé. Dankie vir julle geduld. Hierby wil ek by name noem James, Scherlize, Tiaan, Tallie, Jan, en Irénée. Ook Jaco en Louis, saam met wie ek aande om gewerk het en wie my uitgedaag met hulle eie kennis. Hulle motivering was ook van onskatbare waarde. Dankie ook aan Rethie wat altyd byderhand was om my met teologiese insigte te help. To Babette, thank you, without your encouragement, and care. This project would not have been half of what is today. Dankie Deon en Zinelda vir julle gasvryheid tydens my studiereis, en ook die Van Zyl-gesin wat vir my `n tuiste geskep het vir die laaste jaar van hierdie studie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

Lys van Figure II

Inleiding 1

Hoofstuk 1 Kinderjare 1915-1931 13

Hoofstuk 2 Studentejare 1932-1939 37

Hoofstuk 3 Die Afrikaner Dominee 1940-1954 76

Hoofstuk 4 Van Dominee na Dissident 1955-1963 110

Gevolgtrekking 147

Bibliografie 154

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figuur 1 Die Naudés in 1917. Ada met Adla op haar skoot, Jozua heel agter, Hymne, Beyers, Joos, met Ligstraal wat voor sit. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 100.) 15
Figuur 2 Die Naudés, ongeveer 1927. Jozua en Adla agter. Middel: Stella, Ligstraal, Lirieka, Ouma Lenie van Huysseen, Netta, Hymne, en Adla. Beyers en Joos sit voor. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 166.) 26
Figuur 3 Ada en die kinders by die Hudson-motor, ongeveer 1926. Beyers is links agter. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 171.).....32
Figuur 4 Die studente kom kuier op Graaff-Reinet. V.l.n.r. voor: Jozua, Ada, onbekend. Agter: Ligstraal, Joos, Adla, Beyers. (NGKSAA, JF Naudé-versameling, P 5302/3.) ...35
Figuur 5 Die Universiteitsdebatverenging in 1933. Beyers is heel regs. (US Argief, Watson-Lockley-versameling, 01381.) 43
Figuur 6 Die US se Studenteraad van 1935. Beyers is voor heel links, met Ilse agter hom. (US Argief, Watson-Lockley-versameling, 02367.).....50
Figuur 7 Beyers Naudé voor heel regs, op die 1935-HK van Wilgenhof. Danie Craven, voor tweede van links, is primarius. (US Argief, Watson-Lockley-versameling, 2283.).....53
Figuur 8 Beyers Naudé met sy kamera op `n BTK-toer. Op BTK toere was foto`s ook baie populêr. (US Argief, BTK-versamling, BTK Fotoalbum.).....58
Figuur 9 Die BTK-bestuur, met die Beyers Naudé voor links as voorsitter. Sy goeie vriend en toekomstige swaer Frans Geldenhuys sit voor regs. 63
Figuur 10 Beyers en Ilse Naudé op hul troudag met beide hul families. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 181.) 82
Figuur 11 Al die oud-Wilgenhoffers by die 1948-Transvaalse Sinode. Beyers is in tweede ry heel regs, met sy broer Joos voor hom. (Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950), p. 52a. 92
Figuur 12 Beyers en sy ma, voor die Roodepoort se pastorie met `n portret van sy oorlede pa. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 272.).....95
Figuur 13 Die moderature van die Transvaalse NG Kerk by die 1954 Transvaalse Sinode. Beyers Naudé sit heel links as aktuarius van die Noordelike Streeksinode (Die Voorligter, Junie 1954, p. 9) 107
Figuur 14 Die Transvaalse Moderatuur van 1957. Beyers Naudé heel regs pas verkies as asssistent-skriba (Die Voorligter, Junie 1957, p. 4.).....114
Figuur 15 Beyers Naudé lê die hoeksteen van die NG Aasvoëlkop kerkgebou op 4 Augustus 1962. (In die Gloed van die Môreson, geen bladsy.) 136
Figuur 16 Beyers en Ilse se afskeidsfoto by Aasvoëlkop. (Afskeidsfunksie aangebied aan Ds. en Mev. C. F. Beyers Naudé, Voorblad.).....144

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INLEIDING

Christiaan Frederik Beyers Naudé: gebore in 1915 in `n sterk Afrikaner-nasionalistiese gesin, student aan die Universiteit Stellenbosch, bekend as die Afrikaner-volksuniversiteit in die 1930s, Broederbonder, Nasionale Party ondersteuner, en dominee in die NG Kerk van die Afrikaners in die 1940`s en 1950`s. En tog, in `n post-apartheid Suid-Afrika is Beyers Naudé bekend vir sy anti-apartheid teologie, en word hy gevier as die wegbreek-Afrikaner wat homself beywer het vir `n nie-rassige Suid-Afrika. Beyers Naudé is `n paradoks en al is sekere gebeure in sy lewe uitgesonder as rigtinggewende momente wat hom laat wegbreek het, is dit nodig om met `n versigtige gedetailleerde ondersoek te probeer om die breë narratief van sy andersheid vas te stel. Hierdie studie ondersoek die vorming van Beyers Naudé, beide as `n Afrikaner en as dissident, in sy vroeë lewe van 1915 tot en met 1963. 'I believed in apartheid for many years, that it was just, that it was fair, that it was reasonable, and that it would solve the problems of human relations of the people of widely divergent cultures until a moment came in my life when I realised that it was impossible', verduidelik Beyers in 'n dokumentêre program oor sy lewe.[1] Hierdie 'oomblik' waarvan hy praat, is nie `n enkele moment of gebeurtenis nie, maar dui op `n reeks gebeure. Die studie poog om te verduidelik hoekom hierdie gebeure juis so ingrypende effek op `n persoon gehad het wat so diep gewortel was in die Afrikaner-establishment. Dit probeer ook om lig te werp op dimensies van sy vroeëre lewe wat nie noodwendig sterk polities van aard was nie. Sodoende word gehoop om `n meer volronde beeld die 'jong' Beyers te skep.

Volgens Tosh versadig historici die menslike nuuskierigheid in individue, veral invloedryke persone, met biografiese werke.[2] Die tradisie is so oud soos geskiedskrywing self. Tog het die biografiese vorm in sy oorspronklike vorm van geskiedskrywing nie gehou by die streng historiese metode wat verwag word van ander vorms nie. Tydens die Middeleeue en die Renaissance was biografieë meestal ontwerp om die onderwerp van die studie as `n model van Christelike gedrag of openbare vroomheid te modelleer. 'The biography of praise, the laudatory chronicle, was a pre-Renaissance idealisation of man under God's rule. The Renaissance, with its emphasis on man as individual ushered in its opposite. Part of this was the biography of denigration' verduidelik Robert Gittings.[3] In die Viktoriaanse periode was biografieë

[1] *The Cry of Reason - Beyers Naude an Afrikaner Speaks Out – 1987*, https://www.youtube.com/watch?v=TPsv-YKeTYQ&t=229s, (15 Julie 2017).
[2] J. Tosh: *The Pursuit of History*, p. 71.
[3] R. Gittings: *The Nature of Biography*, pp. 21-22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

herdenkingsgeskrifte en dus is dié periode se biografiese onderwerpe hooggeplaastes, die elite, en die invloedrykes. Tog, sê Tosh, is hierdie styl van biografie grotendeels iets van die verlede.[4]

Sardica verduidelik dat die gesag – asook die kwaliteit – van die historiese biografie versterk het toe die 'wetenskaplike' ambisie van Marxistiese en strukturalistiese geskiedskrywing uitgedaag was in die akademie.[5] Daar was `n terugkeer na beide die individu en van gebeure, asook die oplewing van die politieke narratief in die historiografie. Die historiese biografie was toe 'placed center stage by those for whom history is not an aseptic science but rather a humanist study about mankind, about *real* people and their actions, about all their diversity, freedom, richness and unpredictable accidents.'[6] Dit fokus was ook nou feite uit die verlede wat die rou materiaal van die historiese biografie moet wees, of soos Wood dit stel: 'the facts of the past should be allowed to speak for themselves.'[7]

Hierdie herlewing van narratief en die verwante oplewing in biografiese werke is gretig verwelkom deur jonger geskiedkundiges en ook hulle ouer kollegas in die anti-Marxistiese en post-Marxistiese skool.[8] Tans geniet biografiese werke groot populariteit in die Verenigde State van Amerika (VSA). Die getal biografiese titels wat elke jaar gepubliseer word, het so te sê verdubbel sedert die 1960s.[9] Biografie word nou gesien as die gewildste literatuur in Amerika. `n Onlangse opname deur die *Library of Congress* in die VSA wys daarop dat meer mense biografieë gelees het oor `n tydperk van ses maande as enige ander soort boek.[10]

Die gewildheid van biografieë is nie net as gevolg van die akademiese transformasie van die historiese biografie nie. In *Biography as High Adventure* identifiseer Stephan Oats drie oorkoepelende redes vir die openbare populariteit van biografieë.[11] Eerstens meen hy biografieë verpersoonlik gebeure, wat daarop wys dat die individu tel. In `n komplekse, tegniese wêreld, waar mense vasgevang voel in die wye onpersoonlike kragte buite hulle beheer, bied ware narratiewe van individue `n blik van hoop. `n Tweede rede is menslike nuuskierigheid. 'People are naturally curious about lives', volgens biografie skrywer Nancy

[4] J. Tosh: *The Pursuit of History*, p. 2.
[5] J.M. Sardica: "The content and form of 'conventional' historical biography," *Rethinking History: The Journal of Theory and Practice*, (17), (3), p. 385.
[6] *Ibid.*
[7] *Ibid.*
[8] *Ibid.*
[9] S. B. Oates: *Biography as High Adventure: Life-Writers Speak on Their Art*, p. xi.
[10] *Ibid.*
[11] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Milford.[12] 'What we really want to know is, "How do I live?" So to read about other people is a sort of guide' ,voeg sy by. Omdat historiese biografieë meer outentiek is as romans, of enige ander vorm van literêre fiksie, vervul dit dié rol vir die publiek. Dit sluit aan by die derde rede vir die gewildheid van biografie. 'We read biography the way we used to read novels. For access to human experience: a life that has a beginning, a middle, and an end' skryf Jean Strouse.[13] Biografie-skrywer W. Jackson Bate stem saam en voeg by: 'the result of the decline of the old Victorian novel as a big, panoramic portrayal of a slice of life. In most novels since Thomas Mann, story and hero have been lost. The novel is no longer the prevailing form. Biography is stepping into the breach, portraying particular people and times the way the great novels of the past did.'[14] Die kombinasie van akademiese gesag van die historiese biografie, en die publieke populariteit gee legitimiteit aan hierdie vorm van geskiedskrywing.

Manganyi verduidelik dat die historiese biografiese tradisie `n Westerse konsep is, grotendeels omdat die oorsprong van dié vorm in die Westerse samelewing ontstaan het. 'Biography is essentially a Western phenomenon and creation. Its absence or underdevelopment in non-Western societies is well known. In the West, where it has flourished to the best advantage, it is known to have gone through various transformations in both its theory and execution.'[15] Om dié rede word biografieë gemeet aan die Westerse standaarde van intellek, kultuur en tegnologie. Tog is historiese biografieë ook populêr in die Suid-Afrikaanse historiografie. Dit het ook `n diverse veld van onderwerpe en perspektiewe. Weens die geskiedenis van Suid-Afrika is daar volgens Manganyi twee kulturele strome in Suid-Afrikaanse biografieë: Eerstens het die Euro-Afrikane – of wit Suid-Afrikaners –die dominante Eurosentriese kulturele stroom onderhou sedert die begin van interkulturele kontak. Tweedens het swart- en bruin Afrikane deur sielkunde en fisiese onderdrukking gesukkel om `n kultuur vol te hou wat die eienskappe van armoede en onvermoë in terme van die magsverhoudings en institusionele outoriteit inhou.[16]

In die opkoms en instandhouding van Afrikaner-nasionalisme is biografiese werke geskryf deur die voorstanders van die beweging om die plek van die Afrikaner in die wit samelewing te verhef. Soos met die meeste nasionalistiese bewegings is die objektiwiteit van so `n

[12] S. B. Oates: *Biography as High Adventure: Life-Writers Speak on Their Art*, p. xi.
[13] *Ibid.*
[14] *Ibid.*; Mann is die 1921 Nobelpryswenner in Literatuur.
[15] N.C. Manganyi: *Biography: The Black South African Connection*, in A.M. Friedson (ed.): *New Directions in Biography*, p. 53.
[16] *Ibid.*, p. 54.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wêreldbeskouing twyfelagtig. In die hoogty van Afrikaner-nasionalisme is die akademie gedomineer deur hagiografie. Daarteenoor het biografiese werke oor swart individue so te sê geen aandag geniet nie. In die tyd van kolonialisering en later apartheid was die mondelingse tradisie in die swart Afrika-kultuur epies en heldhaftig. Die mondelingse tradisie het in die vorm van gedigte, storievertelling, of musiek geskied en volgens Manganyi kan dit gesien word as `n soort biografiese stelling.[17] Beide die feit dat Afrikaner-akademici gefokus was op die opbou en uitbrei van Afrikaner-nasionalisme. En die verskille in biografiese uitdrukking, het dit die historiografie oor biografieë van Suid-Afrika skeef getrek.

Met jare se intergroepkontak tussen die wit en swart bevolking het die biografiese tradisie van swart skrywers egter verander, asook die manier hoe akademici tradisionele bronne, veral mondelingse oorlewering, behandel. `n Vereenvoudigde uitleg van die ontwikkeling van die swart biografiese historiografie is deur Richard Rive opgestel in die laat 1980`s.[18] Daar is `n vroeë periode tot en met die Tweede Wêreldoorlog. Daarna volg die 'protes skrywe' van die lede van die Drum-skool (1942-1970) en die Soweto-skool (1971-1973). Die laaste fase wat Rive identifiseer, is die skrywes wat diep gewortel is in die swartbewussynsbeweging, `n groep skrywers wat Rive die Staffrider-skool noem.

`n Nuwe fase wat ontstaan het na dié wat Rive identifiseer, het in die post-apartheid Suid-Afrika begin. Die *New Dictionary of South African Biography* wat in 1995 gepubliseer is `n jaar na die val van apartheid, illustreer die veranderde spektrum van biografieë in die Suid-Afrikaanse historiografie. Die ouer versamelings van biografieë wat aansienlik meer aandag gegee het aan wit manlike leiers, veral die geskiedenis van Afrikaner-nasionaliste, is in die nuwe Suid-Afrika uitgerangeer. Baie van die nuwe prominente rolspelers wat in die struggle jare ondergrond gefunksioneer het, was nie bekend onder die breër bevolking van die demokratiese bedeling nie. Dié *New Dictionary* het die fokus op individue gestel.[19] Oor `n situasie wat sommiges nog sien as dat die geskiedenis geskryf word deur die oorwinnaars en ander dit sien as deel van die post-apartheid nasiebouprojek, skryf Nelson Mandela in die voorwoord van die versameling: 'Through this series it will be possible to both record and

[17] N.C. Manganyi: *Biography: The Black South African Connection*, in A.M. Friedson (ed.): *New Directions in Biography*, p. 56.
[18] *Ibid.*, p. 57.
[19] B. Caine: *Biography and History*, p. 54.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

commemorate the role of many hitherto unacclaimed people whose past work and struggle have contributed so much to the future of our nation.[20]

Nie net het die swart historiografie – beide akademies en populêr – verander net voor en na die val van apartheid nie, maar Afrikaner historiografie het ook oor die afgelope paar dekades verander. Lindie Korf som die verandering in die inleiding tot haar revisionistiese werk oor oud-Eerste Minister DF Malan soos volg op:

> While a plethora of biographies and autobiographies of African nationalists and other heroes and heroines of the liberation struggle have been published in recent years, biographies that reassess the lives of Afrikaner nationalists are completely absent. The 'old white men' of yesteryear have, in effect, become a neglected and underresearched category at a time when the constraints of Afrikaner nationalism have become obsolete and access to primary material has become unfettered.[21]

Sy gaan verder deur te verklaar dat haar werk onder `n nuwe tradisie in Afrikaner-historiografie sedert die 1980s inval. Dié verskynsel wat sedert die 1980`s aan die orde in Afrikaner-historiografie wat poog om Afrikaner-nasionalisme te demitologiseer deur `n vars interpretasie van primêre bronne.[22] Sodoende word daar meer legitimiteit verleen aan hierdie deel van die Suid-Afrikaanse historiografie.

Die lewensverhaal van Beyers Naudé is `n paradoksale een. Hy het weliswaar groot geword, in `n Afrikaner-nasionalistiese huishouding, in die hart van Afrikaner-intelligentsia gestudeer, en vir jare van die kansel af die saak van Afrikaner-nasionalisme verkondig, maar hy het nie sy bekendheid verwerf as `n Afrikaner-nasionalis nie. Hy is eerder in post-apartheid Suid-Afrika bekend as `n anti-apartheid struggle held. Dit bring die vraag na vore: hoe moet sy lewensverhaal geskryf word? Party individue in die struggle glo Naudé was een van "hulle"; `n mede-onderdrukte.[23] Dus sou `n historiese biografie oor hom in die struggle tradisie waarna Manganyi verwys `n vertrekpunt wees vir `n biografie oor hom. Tog het hy nie sy hele lewe lank "ge-*struggle*" nie. Sy onderdrukking was die oorsaak van sy houding teenoor die heersende politieke bestel, nie as gevolg sy velkleur nie. Die vraag ontstaan dan of sy lewe deur die lens van die nuwe nasiebouprojek geskryf word moet, om die nuwe Suid-Afrika te

[20] E.J. Verwy (ed.): *New Dictionary of South African Biography*, p. v.
[21] L. Korf: "D.F. Malan: a political biography," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 2010, p. 6.
[22] *Ibid.*
[23] M. T. Masuku: "The Ministry of Dr. Beyers Naudé: Towards developing a comprehensive mission (communication) strategy towards the victims of oppression," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2010, p. 250.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

help versterk en brûe te help bou tussen verskeie groeperings. Hierdie tipe biografie het soms `n groter politieke rol waardeur die objektiwiteit van so studie bevraagteken kan word. Tot `n mate dien die teologiese werke oor Naudé hierdie doel, spesifiek die *Beyers Naudé Legacy*-reeks wat hier onder bespreek sal word. Hierdie vorm is egter nie die ideaal om die volle waarheid van `n persoon te ondersoek nie.

Dit laat die demitologiese aanslag van Afrikaner-nasionalisme oor. Hierdie studie oor Beyers Naudé is die narratief van `n Afrikaner-nasionalis wat sélf Afrikaner-nasionalisme gemitologiseer het. Met ander woorde, die onderwerp van hierdie studie demitologiseer self die stelsel waarvan hy deel was, en dit is die skrywer se rol om die proses uit te wys. Die studie plaas ondermeer die vergrootglas op die gebeure, invloede en temas wat Naudé gevorm het om weg te breek van die laer af; of te wel sy *andersheid*. Dit is juis om hierdie rede dat die tydperk wat die studie strek van sy geboorte tot en met sy laaste preek in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) in 1963 aangesien hierdie preek sy oorgang was uit die Afrikaner-establishment na die stryd teen apartheid. Daar is histories, maar veral teologies genoegsame navorsing gedoen oor Naudé se lewe as `n anti-apartheid aktivis. Wat wel skort, is `n volledige studie oor Naudé se lewe voor hy in die 1960`s `n ommeswaai gehad het. Die studie vul hierdie leemte deur die vroeë jare van Naudé se lewe te kontekstualiseer en deur te verwys na die invloede van buite wat ingespeel het op die vorming van `n stereotipiese Afrikaner én `n toekomstige struggle held. Nie net sal Beyers gekontekstualiseer word nie, maar ook hoe hy in hierdie konteks funksioneer, sal bestudeer word. Daar word deurlopend gepoog om die volgende vraag te beantwoord: Wat het Beyers Naudé gevorm om die Afrikaner laer in die 1960`s te verlaat? Die studie sal tuis voel tussen ander werke oor wegbreek-Afrikaners soos Bram Fischer en Frederik Van Zyl Slabbert.

Die struktuur van die studie is `n konvensionele biografie. Dit beteken dat die narratief oor Beyers Naudé chronologies weergegee gaan word en nie tematies nie. Bate beskryf `n biografie as `n historiese vorm "that employs fictional techniques without resorting to fiction itself".[24] En volgens Renders is `n biografie uiteraard `n literêre werk, soos Korf uitwys.[25] Dus sal die skryfstyl van hierdie studie ook die vorm van `n literêre werk aanneem. Die navorsing wat voor die skryf van die studie plaasgevind het is wel waar die gravitas van so biografiese studie lê.

[24] S. B. Oates: *Biography as High Adventure: Life-Writers Speak on Their Art*, p. xi.
[25] L. Korf: "D.F. Malan: a political biography," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 2010, p. 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Desmond McCarthy verwys na `n biograaf as "an artist on oath".[26] Die narratief, feite en gevolgtrekkings van `n biografie kan net gestaaf word deur historiese bronne. Al mag die skryfstyl dié van `n literêre werk wees, is die historiese biograaf `n historikus en nie `n literêre skrywer nie.

Dit is dus belangrik om baie aandag te gee aan die bronne wat gebruik is vir hierdie studie. Soos genoem, is daar reeds `n legio teologiese werke oor Beyers Naudé. Onder leiding van die *Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie* by Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie, is `n reeks boeke met opstelle deur vooraanstaande teoloë oor die lewe van Beyers Naudé gepubliseer. Die *Legacy of Beyers Naudé*-reeks is vol insigte oor die teologiese impak van Naudé met `n fokus op sy bevrydingsteologie tydens die stryd teen apartheid. Hierdie reeks is gebruik as `n hulpmiddel vir hierdie studie om teologiese insigte te kry oor Naudé. Daar is wel gevalle waar onderhoude in die reeks as primêre bronne gebruik is. Omdat daar vele teologiese studies oor Beyers bestaan, vul hierdie studie as `n sekulêre akademiese ondersoek `n gaping oor `n tydperk van sy lewe wat nie deur teoloë in diepte bespreek is nie. Uiteraard fokus hierdie studie op die kulturele en sosio-politieke aspekte van Beyers Naudé se vormingsjare tot en met 1963.

Hierdie is nie die eerste biografiese werk oor Beyers Naudé nie. Colleen Ryan se *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*[27] is in 1990 gepubliseer. Haar biografiese werk fokus op Naudé se tydperk as direkteur van die Christelike Instituut van Suidelike-Afrika (CI) tussen 1963 en 1977. In `n studie van sowat 200 bladsye spandeer sy `n kwart daar om `n oorsig oor sy lewe voor 1963 te gee, met verwysings na die faktore wat Naudé teen apartheid, die Afrikaner Broederbond (AB), die NGK, en die Nasionale Party laat draai het.[28] Ryan maak gebruik van `n verskeidenheid bronne, met persoonlike onderhoude tussen haar en Naudé wat die studie versterk. Die breë narratief en sy vorming as persoon om weg te breek in die 1960`s deur middel van in diepte navorsing ontbreek egter hier aangesien die fokus op die CI val. Die boek is wel `n baie goeie bron oor die stigting en dinamika van die CI en Beyers Naudé se rol daarin.

Die oorspronklike biografiese werk oor Naudé is sy outobiografie *My Land van Hoop: Die Lewe van Beyers Naudé*.[29] Dit is `n oorsig van sy lewe tot en met 1995 – die datum waarin die

[26] S. B. Oates: *Biography as High Adventure: Life-Writers Speak on Their Art*, p. xi.
[27] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, David Philip, Claremont, 1990.
[28] C.G. R. Clur: "From Acquiescence to Dissent: Beyers Naudé, 1915-1977," MA, Unisa, 1997.
[29] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop: Die Lewe van Beyers Naudé*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1995.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werk gepubliseer is. Daarin dek Naudé kortliks, meestal deur staaltjies, sy vormingsjare. Outobiografiese werke moet met `n sekere omsigtigheid gebruik word. Vroeë geskiedskrywing tot en met die neëntiende eeu was geskoei op persoonlike ervarings van historiese gebeure, soos Thucydides wat sy eie betrokkenheid by historiese gebeure as `n bevestiging gebruik vir die akkuraatheid van sy *History of the Peloponnesian War*. Die vestiging van geskiedenis as `n akademiese dissipline wat `n spesifieke vorm van opleiding vereis, het `n einde gebring aan die idee dat outobiografiese werke noodwendig as histories korrek is.[30] Sedertdien dien ooggetuievertellings in enige vorm – soos biografiese werke – as `n bron waarvan geskiedkundiges gebruik maak. Barbara Caine skryf: 'From this moment on, the roles of historians on the one hand and actors in historical events on the other were clearly differentiated.'[31] Pierre Nora voeg by: '[it] fell to historians to collect sources and to provide a definitive judgement of past events, while it was the role of the actors in history and the servants of the state to bear Caine, witness and to furnish a detailed account.'[32] Dus word *My Land van Hoop* as `n blik op Naudé se lewe gebruik wat van sy perspektief geskryf is. Dit is nié die volle verhaal van sy lewe nie, maar dit gee insig deur sy waarnemings en gevoelens oor sekere gebeure in sy lewe wat hand-aan-hand gebruik met ander bronne sal word om `n vollediger narratief van Beyers Naudé se lewe te bied.

Daar kan `n neiging by biograwe ontstaan om as amateur sielkundiges op te tree in die soeke na die volledigste vertelling van die onderwerp se lewe. Edel glo dat `n biograaf nie `n volle psigo-analitiese houding moet inneem nie, maar dat party psigo-analitiese insigte help om die besluite en gedrag van die onderwerp te verklaar.[33] Die verband tussen psigo-analise en biografie is duidelik volgens David Hoddeson: 'Psychoanalysts are always doing biography as they reconstruct and record their patients` case histories and contemporary biographers are virtually obligated to anatomize the psychic lives of their subject', skryf hy.[34] Al is die verhouding duidelik, is die studie van `n historiese biografie gegrond in empiriese historiese navorsing deur middel van primêre bronne, met die hulp van sekondêre bronne. Die geskiedkundige kan en mag net skryf oor wat die bronne na vore bring. Thomas Kohut, `n analis en geskiedkundige, argumenteer dat die gebruik van psigo-analitiese teorie om `n historiese figuur te verstaan beide sielkundig simplisties en histories reduksionisties is.[35] Vir

[30] B. Caine: *Biography and History*, pp. 73-74.
[31] *Ibid.*, p. 74.
[32] *Ibid.*
[33] *Ibid.*, p. 87.
[34] *Ibid.*, p. 91.
[35] *Ibid.*, p. 95.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie studie sal `n interdissiplinêre aanslag gebruik word om psigoa-nalitiese afleidings te maak waar nodig. Die sielkundige Barbara Burnell se psigo-biografiese studie oor Beyers Naudé, wat in 2013 gepubliseer is, is `n groot hulp in hierdie verband.[36] Die doel van haar studie is 'to explore and describe Naudé`s holistic wellness and faith development'[37] en sy doen dit deur gebruik te maak van lewensgeskiedenismateriaal oor en deur Naudé, wat sy met behulp van verskeie sielkundige teorieë analiseer.[38] Haar studie verdeel sy lewe ook op in fases ooreenkomstig met hierdie studie se uitleg. Burnell se bevindings sal dus nuttig daartoe bydra, indien nodig, om die psigo-analitiese gaping te vul in die historikus kennisveld.

Die sekondêre bronne wat hierbo genoem word, is hulpmiddels om die verhaal van Naudé te vertel, maar hierdie studie – soos verwag kan word van `n historiese biografie – steun merendeels op die gebruik van primêre bronne. Daar is gebruik gemaak van `n verskeidenheid argiewe om primêre bronne te bekom. Die wegspringplek was die *Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie* op Stellenbosch. Dit huisves die Ilse Naudé-versameling wat geskenk is na Beyers Naudé se dood in 2004 en bevat sy preke, toesprake en diverse dokumente van 1930 tot 2004. Al die dokumente hou verband met sy bediening. Die CI se versameling word ook hier geargiveer, asook alle uitgawes van die ekumeniese anti-apartheid blad *Pro Veritate*, waarvan Beyers een van die stigterslede en redakteur was.

Primêre bronne oor Naudé se grootwordjare is moeilik om te bekom, aangesien hy nie self in daardie tydperk enige dokumente of historiese bewyse geproduseer het nie. Wat wel van waarde kon wees oor hierdie tydperk van Naudé se lewe is die familie-argief van sy pa, Jozua Naudé. Die Jozua Naudé Versameling is saamgestel en onderhou deur sy kleindogter Milde Weiss en is op Hartenbos beskikbaar. In epos-korrespondensie met Weiss is dit bevestig dat die dokumente in hierdie versameling handel oor kerkpolitiek en die Afrikaanse taalstryd waarmee Jozua Naudé betrokke was.[39] Geen direkte inligting oor sy verhouding met Beyers kon hier gevind kon word nie. Weiss se biografiese werk oor Jozua Naudé – *Vuurtoring*[40] – wat hierdie versameling benut het, is wel gebruik as `n kontekstualiserende bron oor Beyers se kinderjare.

---

[36] B. Burnell: "The Life of Beyers Naudé: A Psychobiographical Study," ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2013.
[37] *Ibid.*, p. xxii.
[38] *Ibid.*, pp. 1-2.
[39] Epos-korrespondensie tussen skrywer en Milde Weiss, 28/08/2017.
[40] M. Weiss: *Vuurtoring: Biografie van ds Jozua Francois Naudé*, SunMedia, Stellenbosch, 2014.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beyers Naudé was `n aktiewe student aan die Universiteit Stellenbosch. Derhalwe is die Universiteit Stellenbosch Argief gebruik om studenterekords, studenteraadsdokumente, jaarboeke en dokumente van die verenigings waarby Naudé betrokke was te bekom. Daarby is die Universiteit Stellenbosch Biblioteek[41] se kompaktus afdeling gebruik om die *Stellenbosse Student* – die voorloper vir *Die Matie*, die US se kampuskoerant – te bekom. Dié biblioteek se Africana-afdeling huisves die enigste kopieë van die anonieme studentekoerant *Pro Libertate* waarvan Naudé deel was. Hierdie twee koerante is ook as primêre dokumente gebruik om die konteks van die kampus waarop Naudé in die 1930`s gefunksioneer het te analiseer. Die Wilgenhof Manskoshuis op Stellenbosch, waarvan Beyers primarius was, was onwillig om die huiskomiteenotules, of enige dokumentasie wat behulpsaam kon wees vir hierdie studie, vir navorsing toeganklik te maak. Beyers was sy hele lewe lank trots op sy koshuis en het die rol wat Wilgenhof in sy lewe gespeel het nog tot sy dood toe waardeer. Dit is dus jammer dat die koshuis hulself hoër ag as een van hul bekendste uitvoerprodukte.

Laastens is intensief gebruik gemaak van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika Argief op Stellenbosch. Hierdie argief huisves, volgens die NG Kerkwet, al die notules van alle NG Gemeentes in Suid-Afrika. Die gemeentes waar Naudé die leraar was, asook al die rade, verenigings en sinodes waarop hy gedien het se dokumentasie is hier bekom. Soos die NG Kerkwet dit vereis, is toestemming by al die gemeentes wie se notules gebruik is verkry. Gedenkboeke en gemeenteblaaie van die gemeentes waar Beyers leraar was is ook hier verkry. Hier is ook gebruik gemaak van *Die Voorligter*, die destydse Transvaalse NG Kerk-koerant, as beide `n direkte bron oor Beyers Naudé, asook `n kontekstualisende bron. Nie alle gemeentes kon ewe gebalanseerd nagevors word nie weens die oneweredige beskikbaarheid van bronne van die onderskeie gemeentes, soos byvoorbeeld Olifantsfontein en Pretoria-Suid waarvan daar so te sê geen primêre bronne in die argief, of by die gemeentes self beskikbaar was nie. Die NG-gemeente Aasvoëlkop is persoonlik besoek om hulle kerkraadsnotules te bestudeer aangesien hulle notules nie in die argief beskikbaar was nie.

Beyers se loopbaan in die Broederbond is van belang van hierdie studie aangesien dit vir hom deure oopgemaak het om hoogtes in die NG Kerk te bereik wat nie anders moontlik sou wees nie. Al het hy sy eed gebreek deur sy betrokkenheid by AB-dokumente wat aan die pers in 1963 gelek was, het Beyers steeds die Broederbond se rol in sy vorming hoog geag. Na versoek deur die navorser aan die Erfenisstigting in Pretoria om toegang tot die AB-versameling

[41] Hierdie biblioteek se naam het tydens dié studie verander vanaf die JS Gericke Biblioteek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangaande Naudé wat daar gehuisves word, het die argivaris egter geen antwoord teruggestuur nie. Dus kon daar nie gebruik gemaak word van hierdie versameling nie.

Soos vroeër genoem, neem hierdie studie die vorm van `n konvensionele biografie met `n chronologiese uitleg aan. Daarom is die lewe van Beyers Naudé hier voorgelê in vier dele: Sy grootwordjare, sy studentejare, die vorming van `n Afrikaner-dominee, en die ontnugtering en wegbreek van die Afrikaner-establishment. Elke deel het belangrike merkers in beide sy vorming as Afrikaner en veranderings wat gevolg het na sy besluit in die 1960`s. In die eerste deel – van 1915 tot 1931 – word spesifiek na sy gesinsdinamika ondersoek, en hoe hy gevorm is as jong seun in `n tyd van die politieke en kulturele opkoms van Afrikaner-nasionalisme. Die tweede deel wat sy studentelewe op Stellenbosch, van 1932 tot 1938 dek, ontleed hoe die jong man `n mens in eie reg begin raak, het, terwyl die laaste twee dele die pad volg van Naudé as dominee tussen 1939 en 1963. Die vorming van Beyers as `n Afrikaner-dominee vind plaas van 1940-1954, waarna sy ontnugtering, bevraagtekening en wegbreek tussen 1955 en 1963 volg. Hier raak die wegbreek-narratief sterker. Dit is die tydperk waar die vorm wat Naudé aangeneem het as Afrikaner-nasionalis versterk en dan verbreek word, met die klimaks in 1963 met sy uittrede uit die NGK.

Oor die kwessie van die historikus se objektiwiteit moet kortliks iets vermeld word. Oor die afgelope twee dekades het die vraag oor die onpartydigheid van historici en bewustheid van hulle agtergrond, oortuigings en belangstellings telkens opgeduik. Die Franse historikus Pierre Nora noem hierdie veld van bewustheid van die skrywer se onpartydigheid *ego-histoire*.[42] Vir Nora is daar `n verbintenis tussen die huidige belangstelling in die studie van geheue en die verhouding tot geskiedenis aan die een kant, en die belangrikheid van die historikus se eie lewe en die konneksie daarmee met sy of haar navorsing aan die ander kant. Nora argumenteer dat die historikus se rol aanvanklik eenvoudig was:

> He was to make himself the voice of the past and to pass it along to the future. In his role, his personality mattered less than his function: he was to be no more than an erudite transparence [sic], a means of transmission … In the final analysis, an absence obsessed with objectivity. A new parsonage emerges from the upsurge of history conceived as memory, one ready, unlike his predecessors, to acknowledge the close, intimate, personal liaison he maintains with his subject.[43]

[42] B. Caine: *Biography and History*, p. 68.
[43] *Ibid.*, pp. 68-69.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Edel voer ook aan dat `n biograaf so geheg kan raak aan sy of haar onderwerp dat die skrywer "out of love" moet raak oor die onderwerp. Of, voeg hy by, kan die omgekeerde ook gebeur waar die biograaf ongebalanseerd krities is teenoor die onderwerp.[44]

Om so na as moontlik aan `n gebalanseerde en objektiewe beeld van Beyers Naudé te kom, wil die skrywer graag melding maak, soos wat Nora voorstel, van die bewustheid van sy identifisering met die onderwerp. Beide die skrywer, asook Naudé, identifiseer met gereformeerde Christenskap. Die skrywer is ook deel van die NG Kerk en die feit dat die met studie intense navorsing gedoen is oor die NG Kerk en Beyers Naudé gee aan die skrywer insigte en begrip vir die NG-tradisie wat as `n bate vir dié studie beskou kan word. Daarop wil die skrywer dit ook raptorteer dat hy, soos Naudé, `n wit Afrikaner is. Die skrywer is deurgaans bewus van hierdie ooreenkomste en identifisering met die onderwerp en weens hierdie bewustheid en kritiese omgang daarmee poog die skrywer om so objektief as moontlik hierdie studie te voltooi.

[44] B. Caine: *Biography and History*, pp. 71-72.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1 KINDERJARE 1915-1931

As `n versameling van oud-Britse kolonies het die Unie van Suid-Afrika gesukkel om te die meerderheid Afrikaners te oortuig om as deel van die Geallieerdes teen Duitsland in die Eerste Wêreldoorlog te veg. Al het die politieke leiers, Louis Botha en Jan Smuts – beide oud-Boere-generaals – besluit om saam met die Britte te staan, was dit ondenkbaar vir vele Afrikaners om met die ou vyand saam te werk. Die letsels van die Anglo-Boereoorlog was nog te vars in die Afrikaner-geheue. `n Rebellegroep onder leiding van generaals Koos De La Rey en Christiaan Frederick Beyers het in 1915 in opstand gekom teen die regering hieroor. Anti-Duitse sentiment aan die Witwatersrand het letterlik vlam gevat in 1915 na die sinking van die Britse skip, die *Lusitania*.[45] Gedurende Mei 1915 is Duitse eiendom op Witwatersrand geteiken deur `n bende en daar is oor `n tydperk van sowat drie dae ten minste een huis afgebrand en drie winkels in Roodepoort verwoes. Later het groepe regoor die land nog winkels, restaurante, bioskope en huise afgebrand en verwoes wat deur Duitsers bewoon is, al was van die eiendom nie altyd in Duitse besit nie.[46]

In hierdie 'vuurgloed van die rebellie'[47] gedurende die nag van 9 en 10 Mei 1915 in die Roodepoortse Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) pastorie is die vierde kind van Jozua en Ada Naudé gebore. 'Die gloed van die vure op die kerkplein waar die sakegeboue van Duitsers daardie nag uit wraaksug aan die brand gesteek is'[48] het die kamer verlig waarin Ada geboorte gegee het aan Christiaan Frederick Beyers Naudé – vernoem na rebelleleier Christiaan Frederick Beyers.

Hierdie ietwat dramatiese geboorteverhaal van Beyers Naudé is voorafgegaan deur `n ryk geskiedenis van geloofsvervolging en Afrikaner-stryd. Soos Stephen Clingman skryf in sy biografie oor Bram Fischer, wat `n alternatiewe Afrikaner van sy tyd was: 'a life begins before it starts'.[49] Beyers Naudé is die agtste generasie Naudé in Suid-Afrika na die stamvader, Jakon Naudé, op 19 Mei 1718 in die Kaap geland het aan diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Hy was na Suider-Afrika van Duitsland gestuur. Tog stam hy direk af van die Franse Hugenote en het as kind dié les by sy vlugteling pa, Philip Naudé, geleer: '*Résistér* – bied weerstand, my kind, offer alles ter wille van die geloof!'[50] Hierdie kreet het sewe

[45] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 8.
[46] *Ibid.*
[47] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop: Die Lewe van Beyers Naudé*, p. 11.
[48] *Ibid.*
[49] S. Clingman: *Bram Fischer: An Afrikaner Revolutionary*, p. 12.
[50] M. Weiss: *Vuurtoring: Biografie van Ds Jozua Françoise Naudé*, p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

generasies later nog in die are van Jozua Françoise Naudé gevloei. Gebore op Middelburg in die Kaapkolonie op 20 Maart 1873, het Jozua een van die groot rolspelers geraak in die vestiging van Afrikaner-nasionalisme deur middel van taalregte, onderwys en kerksake.[51] Hy was die oudste kind van `n groot gesin, met konserwatiewe, geloofsvaste Afrikaner-ouers. Huisgodsdiens het daagliks geskied en Sondae het die hele gesin NG Kerk toe gegaan. Jozua het na skool aan die Normaal Kollege in die Kaap studeer waar hy op die ouderdom van 20 as onderwyser gekwalifiseer het. Hy het sy toekomstige vrou, Adriana Johanna Zondagh van Huyssteen – of Ada – ontmoet toe hy met haar familie in Wittedrif naby Plettenbergbaai te doen gehad het terwyl hy onderwyser in Riebeek-Wes was. Ada het grootgeword op die plaas Newlands in die Wittedrif-area. Sy het in April 1901 op die ouderdom van 24 die *Second Class Teacher`s Certificate* in die heel eerste klas van die Hugenote-kollege op Wellington verwerf.[52] Sy was `n begaafde student wat die hoogste punte in Grieks in die Kaapkolonie behaal het. Sy was toe `n onderwyseres saam met haar suster, Letsie, by `n armblanke skool by Ouplaats buite Knysna.[53]

Van hulle eerste ontmoeting in Desember 1894 toe Jozua met haar broer en neef kom kuier het op Wittedrif,[54] tot hulle troudag het daar baie water vir die paartjie in die see geloop. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het Jozua as veldprediker – `n beroep wat hy as kind al wou beoefen – vir die Boeremagte opgetree. Op die slagvelde raak hy goed bevriend met Boere-generaals Christiaan Frederick Beyers en Jan Kemp. Hierdie driemanskap sou deel uit maak van dié Boere wat nie die Vrede van Vereniging wou onderteken het nie en was daarna deel van die Bittereinders. Na die oorlog het Jozua teologie aan die Kweekskool op Stellenbosch gaan studeer. Net voor sy vertrek het hy by Ada gekuier en dit is juis hier waar hulle liefde opgevlam het. Aangesien sy nou op Ouplaats onderwyser is en hy op Stellenbosch, het die verhouding deur briewe lewendig gebly, waarna hulle in 1904 verloof geraak het. Twee

[51] Vir `n volledige studie oor die lewe van JF Naudé: M. Weiss: *Vuurtoring: Biografie van Ds Jozua Françoise Naudé*, SUN Media, Stellenbosch, 2014.
[52] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 57.
[53] *Ibid.*, p. 58.
[54] *Ibid.*, p. 21.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jaar later trou hulle op Kersdag op Knysna en het saam hulle getroude lewe begin in `n kelder-blyplek op die plaas Waterproef buite Stellenbosch.[55]

Figuur 1 Die Naudés in 1917. Ada met Adla op haar skoot, Jozua heel agter, Hymne, Beyers, Joos, met Ligstraal wat voor sit. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 100.)

Terwyl Jozua sy studies voltooi en sy werksaamhede by die Christelike Studente Vereniging (CSV) hom besig gehou het, het Ada geboorte gegee aan `n tweeling. Net een van die geborenes het oorleef en weens die donker teleurstelling, noem die Naudé-egpaar hulle eerste kind Lichstraal.[56] Dit was die begin van `n unieke naamgewingtradisie in die Naudé-gesin. Elke kind se naam hou direk verband met die gebeure, emosies, of geografie van die konteks waarin die kind gebore is. Deur middel van die kinders se name kan mens die storie van die Naudé-gesin volg. Kort na Lichstraal – of Liggie soos hulle haar genoem het – het Jozua as dominee gekwalifiseer en het `n beroep aanvaar na die pas gestigte Goedemoed Arbeidskolonie in die Suid-Vrystaat. Hulle tweede dogter is hier gebore op 2 Oktober 1910 en Hymne Naudé gedoop. Dit beteken dank- of vreugdelied aan God en wys op die dankbaarheid van die groeiende Naudé-gesin.[57] Hier in Goedemoed het Jozua homself beywer vir die armblanke gemeenskap wat hom na aan die hart gelê het. In Mei 1911 het die Naudés Roodepoort toe getrek nadat Jozua `n beroep daar aanvaar het. In hulle sewe jaar daar is vier Naudés tot die gesin bygevoeg. Die oudste seun is in 1913 gebore en is die enigste kind met `n konvensionele familie naam – Jozua Françoise, vernoem na sy pa.[58] Hy was alom bekend as Joos.

Beyers Naudé is hierna gebore – die vierde kind, en tweede Naudé-seun. Sy volle naam, Christiaan Frederick Beyers Naudé, is nie vernoem na CF Beyers net omdat hy `n rebelleleier

[55] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 76.
[56] *Ibid.*, p. 77; ook gespel "Ligstraal".
[57] *Ibid.*, p. 82. Die naam kon dalk geïnspireer wees deur die muse van dig- en skryfkuns, Polyhymnia, wat verwys na die Kweekskool se tydskrif, *Polumnia*, waarby Jozua betrokke was.
[58] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 14.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die Afrikaner Rebellie was nie. Deur die Anglo-Boere Oorlog en die bittereinderstryd het Jozua en Beyers goeie mede-vegters en groot vriende geraak. Tydens die Rebellie, in Desember 1914, het genl. Beyers in die Vaalrivier verdrink. Dit was `n tragiese gebeurtenis vir Jozua en dit was vir hom en Ada `n gepaste verering om hulle seun wat net na CF Beyers se afsterwe gebore is na hom te vernoem. Nie net was Beyers Naudé se naam `n verering van dié generaal nie, maar dit het ook tydens sy doopgeleentheid plaasgevind. In die Elofsdalse gemeente is hy vasgehou deur die weduwee van genl. Beyers. Ds. CA Neetling wat die jong Naudétjie gedoop het, was ook die dominee wat saam met Jozua die begrafnis van die Rebellie-leier behartig het.[59] Eintlik moes Beyers se naam volgens Afrikaner-familietradisie Matthys Petrus[60] wees, maar tog het sy besondere vernoeming die harte van baie Afrikaners aangegryp.[61] *De Volkstem* het berig oor die vernoeming en daar het talle briewe met toekomswense vir Beyers ingestroom.[62] Toe Beyers ouer was, het sy pa vir hom `n Hollandse Bybel gegee wat hy aan genl. Beyers tydens die Anflo-Boereoorlog gegee het. Hierdie sou een van Beyers se kosbaarste besittings deur die res van sy lewe wees.[63]

As kleuter kon jong Beyers nie veel onthou van sy eerste vier lewensjare wat op Roodepoort afgespeel het nie.[64] Tog het daar sekere gebeure in hierdie tyd plaasgevind wat later `n groot rol sou speel in Bey se lewe. Die kerk en pastorie was `n lieflike speelgrond vir die vyf kinders. `n Woelige tweejarige Bey was besig om te speel en te klouter in die pastorie toe daar op `n dag in April 1918 drie jong Afrikaners kom aanklop het om met sy pa te kom gesels. Die mans – HJ Klopper, HW van der Merwe en DHC du Plessis – vertel dat hulle die vorige aand by `n vergadering was waar DF Malan, toe nog leier van die Kaaplandse Nasionale Party (NP), in die Selborne-saal in Johannesburg gepraat het. Buite die saal het daar `n geveg uitgebreek tussen Afrikaners en Engelse. Die geweld en skade wat hierdeur veroorsaak was, was vir die mans die laaste strooi. Daarom het hulle toe by die kampvegter vir Afrikaanse regte kom aanklop. Teen dié tyd het Jozua die Afrikaanse skoolstryd op die dorp gewen. Die gevolg was dat Roodepoort die eerste Afrikaansmedium skool in die Transvaal gestig het, te danke aan Jozua. Hy en Klopper het mekaar reeds sedert 1914 deur die kerk geken.[65] Dus het Jozua homself hier gevestig as `n ware Afrikaner nasionalis. Na `n rukkie van verduideliking en

[59] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 140.
[60] Na sy oupa aan die ma, Ada, se kant.
[61] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 12.
[62] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 140.
[63] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 9.
[64] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 12.
[65] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesels oor die vorige aand, stap die vier mans tuin toe. Hier praat hulle lank en ernstig met mekaar. Klopper en kie kom met `n voorstel: hulle wil `n Afrikaner-organisasie stig en het die hulp van Jozua nodig. In die tuin waar klein Bey dae om rondgehardloop het, bespreek die mans die moontlikheid, omvang, ideale en doelstelling van hierdie organisasie.[66]

Nie lank hierna nie – net na Bey se derde verjaarsdag – op 24 Mei 1918 het die mans weer by die pastorie bymekaar gekom om die beginsels van die nuwe organisasie, met die naam Jong Suid-Afrika, vas te stel. Op 4 Junie 1918 is die bestuur van Jong Suid-Afrika verkies by Du Plessis se huis. Klopper is verkies as voorsitter, Du Plessis as eresekretaris, en LJ Erasmus as organiserende sekretaris. Die dag daarna het die voorsitter erken dat Jozua die ware leier van die beweging is en gesien is as 'die kanaal waardeur die mense wat vir die vereniging van waarde kon wees, bereik kon word.'[67] Twee weke later is die vereniging se naam verander na die bekende naam wat vir die volgende 80 jaar sinoniem sou raak met geheimsinnigheid, agter-die-skerm Afrikaner-nasionalisme en beweerde diepgaande mag oor alle sfere van Afrikaner-sake – die Afrikaner Broederbond (AB).[68]

Twee jaar na Bey se geboorte is sy suster Adla gebore. Sy is Adalena Tricharda gedoop, vernoem na ouma Magdalena van Huyssteen en Tricharda nadat Jozua `n nagmaalsdiens op Louis Trichard waargeneem het en sy daar gedoop is.[69] Terwyl Jozua besig was met die stryd om Afrikaanse onderwys te bevorder, om te sien na die armblankes, asook met die stigting van AB, was Ada besig om meer as net vyf kinders te probeer grootmaak. Tydens die skoolstryd het Jozua `n informele skool begin by die kerk en van Ada is verwag om skoolhoof en onderwyser hiervan te wees. In hierdie tyd was sy ook hoogswanger. Adla was nog `n baba in hierdie tyd en moes aan `n boom vasgemaak word net buite die kerk se deur waar sy veilig kon rondklouter terwyl Ada besig was met skoolsake. Tot drie dae voor die vierde dogter se geboorte het Ada nog klas gegee.[70] Haar naam – Vryheidster – is geïnspireer deur Jozua se dors en drang na vryheid vir die Afrikaner-volk.[71] Sy het wel verkies om Stella – wat ster beteken – genoem te word, want haar doopnaam was vir haar `n verleentheid.

Na Jozua `n tweede beroep na Piet Retief ontvang het, het hy begin besin of hy en sy gesin Roodepoort moes agterlaat en na dié dorp op die Swazilandse grens moes verhuis. Sy goeie

[66] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 144.
[67] *Ibid.*, pp. 144-145.
[68] *Ibid.*, p. 145.
[69] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 14.
[70] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 9.
[71] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 14.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vriend en lid van die ou Boere-driemanskap, Jan Kemp, het daar geboer. Kemp het hom op hoogte gebring van die uitdagings op die dorp en Jozua het nooit weggeskram van `n uitdaging nie. Hy aanvaar toe die beroep. Dit was `n groot knou vir sy vriende in die AB. Net voor hy in September 1919 vertrek het na Piet Retief, het hy sy afskeidsrede as president van die AB in Irene se NG Kerk gelewer. Hy het armsorg as belangrik geag vir die volk en dus die AB gemaan om aandag daaraan te gee. Verder het hy benadruk dat Johannesburg die sentrum van mag van die AB moes bly.[72]

Daar het `n relatiewe rustige twee jaar op Piet Retief verby gegaan.[73] Terwyl sy pa op kerkraadsvergaderings en die Raad van Kerke op verskeie maniere die plek van Afrikaans versterk het, het Beyers sy kindwees op Piet Retief geniet. Hy het veral die buitediens- en huisbesoekreise saam met sy gesin in hulle model T-Fordjie geniet.[74] Hulle het gereeld die Nhlatikulu-buitepos in Swaziland vir werk en vakansie besoek. Hier het Stella die bynaam Inyoni, wat voëltjie beteken, gekry wat Beyers en Joos haar lewenslank genoem het.[75] Oor die lang reise en mooi landskappe kon Beyers se pa ontspan en het dan van bedrywige kerk- en volksman verander na `n 'vader en veldmens.'[76] Gepaardgaande met die gereelde kuiers op genl. Kemp se plaas om die natuur te geniet, het Bey in die Piet Retief-jare `n liefde vir die buitelewe gekweek wat hom sy hele lewe lank sou bybly. Dit blyk of dit ook hier is waar Beyers sy pa die beste kon leer ken as meer as net die hoof van die huishouding en leier in die gemeenskap. Sy pa het ander, veral sy volk, altyd voor homself gestel. Dit sou indirek ook beteken dat die volk voor sy gesin gestel word. Maar op die pad in die veld kon Jozua pa wees. Daar was hy in `n mate van die volksverantwoordelikheid in hierdie tye bevry. Dit het wel nie lank gehou nie.

Net soos in Roodepoort, het Jozua die onderwysstelsel in Piet Retief onder sy vlerk geneem. Leerders op Piet Retief is gedwing om godsdiensoefening in Engels te hou, en Jozua het natuurlik die beleid sterk veroordeel. Beyers se ouer susters het pionne geraak van hul pa se oortuigings. Liggie het opdrag gekry om `n ruk lank uit die skool te bly en die ander skoolgaande Naudé-kinders is inderdaad vir `n week lank by die huis gehou.[77] Die Naudé-kinders, wat nou betrek is by hulle pa se stryd, het nie noodwendig so floreer op konflik soos

[72] M. Weiss: *Vuurtoring*, pp. 146-147.
[73] *Ibid.*, p. 149.
[74] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 12.
[75] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 150.
[76] *Ibid.*
[77] *Ibid.*, p. 151.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hul pa nie, veral nie op so jong ouderdom nie. Liggie was 11, Hymne nege en Joos sewe. Daar was `n dilemma van gesag onder die kinders: hulle gehoorsaamheid aan hulle ouers was vanselfsprekend ononderhandelbaar, maar dit het ook beteken dat hulle nou ongehoorsaam moes wees teenoor ander gesagsfigure.[78]

Weens Bey se ouderdom het hy hierdie dilemma vrygespring. Hy was ook te besig om kind te wees op Piet Retief. As vyfjarige het hy saam met die Zulu seuns in die agterplaas gespeel en gereeld gesmul aan `n groot pot poetoepap. Dit was heel waarskynlik sy eerste intieme kontak met kinders oor die kleurgrens. Roodepoort was `n stedelike gebied waar aanraking met persone oor die kleurgrens nie so alledaags was nie en boonop was hy te jonk om sulke intieme ervarings te hê. Piet Retief was meer plattelands en met so breë plaasgemeenskap was hierdie kontak nie so vreemd nie. In die twee jaar se saam spelery het die klein Bey vlot Zulu begin praat met sy speelmaats.[79] Ongelukkig het hy dit gou verleer aangesien hulle volgende bestemming weer in `n totale ander landskap met ander mense was.

Ses maande na sy toespraak by `n byeenkoms van die Jong Suid-Afrika-vereniging op Graaff-Reinet, is Jozua in April 1921 as Eerste Predikant van die gemeente op dié Karoodorp beroep. Die gevoel van nasionale trots en vryheidsbewustheid wat sy toespraak in die gehoor losgemaak het, gee `n idee van die tipe Afrikaners wat hom so graag op die dorp as dominee wou hê.[80] Die skuif sou vir Jozua moeilik wees aangesien hy sy mense in die Transvaal so goed gedien het, maar hy het ook gevoel dat hy in die Kaapprovinsie iets kon beteken vir sy volk.[81] Op sesjarige ouderdom het Beyers saam met sy gesin Karoo toe getrek, waar hy volgens hom sy werklike jeugjare en sy lewe as kind deurgebring het.[82] Die twee jaar op Piet Retief was vir Ada `n genotvolle tyd. Haar man was vir `n slag verwyderd van die hoofstroom van politieke aktiwiteite en dit was vir haar lekker met hom by die huis.[83] Ada het besef dat Graaff-Reinet vir Jozua weer `n politieke speelveld sou wees. Die lewenspas en klimaat van Piet Retief het vir Ada gepas. Dit was dus vir haar en ook vir die kinders nie `n plek wat hulle wou agter laat om Graaff-Reinet toe te gaan nie.[84] Die besluit om Graaff-Reinet toe te trek, was dus na Jozua

[78] M. Weiss: *Vuurtoring*, pp. 151-152.
[79] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 12.
[80] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 157.
[81] *Ibid.*
[82] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 13.
[83] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 10.
[84] *Ibid.*, p. 11.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

se eie sin, sonder om die res van die gesin in ag te neem. Sy kerk en volk moes eerste gestel word.

Op 2 Junie 1921 kom die Naudé-gesin met die trein in die Karoo aan. Net voor Graaff-Reinet stop hulle by `n klein stasie waar twee mans met swartpakke op die trein geklim het. Hulle was kerkraadslede van die nuwe gemeente waarheen die Naudés op pad was. Die pastoriepaar is gevra om saam te kom dat hulle met `n motor saam met die mans na die dorp kon reis, direk pastorie toe waar hulle ontvang sou word. Maar, sê die mans, die kinders moet op die trein bly en kan nie saam ry nie. Hulle kan afklim op die Graaff-Reinet stasie, waar iemand hulle sou oplaai.[85] Bey en sy broer en susters – die oudste was 12 en die jongste was twee – moes toe bly, maar `n dame wat op pad was Knysna toe het gesê sy sal na hulle kyk tot op Graaff-Reinet.[86] `n Perdekar wag vir die kinders op die Graaff-Reinet stasie en neem hulle toe na die pastorie. Hulle kry die opdrag om by die agterdeur in te gaan terwyl hulle ouers op die stoep in die voortuin saam met die gemeentelede was. Die kinders staan by die syhekkie en die negejarige Joos sê toe: 'Mý ma het my geleer dat mens nie by die agterdeur ingaan nie, maar by die voordeur. Kôm!' En so stap die vyf jong Naudés onder leiding van Joos by die voorhek in deur al die mense direk na hulle ouers wat besig was om met die dorp se ampsdraers op die stoep te gesels.[87] En so begin Bey sy kinderjare op Graaff-Reinet, onder sy broer se rebelsheid, of in `n mate van gehoorsaamheid aan hul ouers.

Twee weke na hulle aankoms het Ada geboorte gegee aan Reinet Retief Naudé – vernoem na waar sy gebore is en waar Ada swanger geraak het met haar.[88] Die ledetal van die gesin het nou op sewe gestaan en die pastorie wat die kerkraad oorspronklik ingedagte gehad het vir die Naudés was hopeloos te klein. Die Victoriaanse pastorie langs Reinethuis in Murraystraat is toe aan hulle gebied. [89] Beyers het sy kinderjare in `n ruim pastorie met `n groot erf spandeer. Die huis het ses groot kamers gehad met `n ontbytkamer groot kombuis, en `n ruim eetkamer waar `n twaalf-sitplek stinkhouttafel gepronk het. Daar was ook `n sitkamer wat die meeste van die tyd toegestaan het. Dit was gereserveer vir geleenthede waar belangrike persone soos DF Malan, BB Keet, of huisvriend CJ Langenhoven kom kuier het.[90] Toe Bey agt jaar oud was, het die pastorie ook voller geraak met die aankoms van die agtste Naudé-kind. Sy suster

[85] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 158.
[86] *Ibid.*, pp. 158-159.
[87] *Ibid.*, p. 160.
[88] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 14.
[89] M. Weiss: *Vuurtoring*, pp. 160-161.
[90] *Ibid.*, p. 161.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lierieka het haar musikale naam gekry by CJ Langenhoven.[91] Met al die geboortes het die vraag van waar kinders vandaan kom opgeduik en in plaas van `n oop gesprek oor seks met hulle kinders, het Ada en Jozua verkies om te vertel dat met elke geboorte daar "nog `n burgertjie uit die tronk ontsnap het".[92] Die houding teenoor seks was wel konstant met die konserwatiewe Afrikaner-denke van hierdie tyd waar seks as `n taboe onderwerp gesien was. Ada het ook verhoudings tussen haar seuns en meisies verbied en het `n nou morele standaard gehad waarby die kinders moes hou. Sterk drank, die bioskoop en dans was verbode vrugte vir die Naudés.[93] Hierdie moralisme en sosiale konserwatisme was `n poging om die kinders te beskerm van die gevreesde euwels van die samelewing. Dit het ook beheer oor die kinders makliker gemaak. Beyers is dus baie beskermd grootgemaak, met sy ouers as die grootste gesag in sy lewe.

Onder in die gang vanaf Bey en Joos se kamer was die studeerkamer. Sy pa het hier vergader met lidmate, kerkraadslede en medestryders. Die studeerkamer het dubbeldeure gehad wat oopmaak op die voorstoep en dus kon persone wat vir Jozua kom sien het dit ongesiens van die res van die huishouding doen. Behalwe vir die groot skildery van Paul Kruger bo die kaggel,[94] was daar `n klein portret teen die muur wat jong Beyers se aandag getrek het. Dit was van `n groep mans wat baie formeel gegroepeer is. '`n Groepie vriende van Transvaal', sou sy pa vir Bey antwoord as hy hom vra wie dit was. Bey sou nie die mans herken wat hy as driejarige in Roodepoort in die pastorie se tuin saam met sy pa sien praat het nie. Dit was die Broederbond stigters. Jozua was nie bekend vir sy vermoë om oor homself of sy gevoelens te praat nie, dus was hierdie vae antwoord oor die portret die naaste wat Beyers daaraan gekom het om uit te vind van die organisasie en sy pa se betrokkenheid daarby. Daar was gereelde vergaderings in hierdie studeerkamer en daar is spekulasie dat van die vergaderings Broederbond ontmoetings kon wees, maar Bey sou nooit weet nie.[95] Volgens Beyers het sy pa se rol in AB nie `n groot invloed op hom gehad nie, omdat hy as jong seun nie iets daarvan geweet het nie.[96]

Die verwelkoming op die nuwe dorp was skaars verby of Jozua het vir teenstand van gemeentelede gesorg. Met sy intreepreek het `n dame uit die invloedryke en historiese Graaff-

---

[91] C.F.B. Naude: *My Land van Hoop*, p. 15.
[92] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 171.
[93] M. H. Coetzee: *Die "Kritiese stem" teen Apartheidsteologie in die Ned Geref Kerk (1905-1974): `n Analise van die Bydraes van Ben Marais en Beyers Naudé*, p. 439.
[94] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 168.
[95] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p.16.
[96] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Reinetse Murray-familie vies uitgestap. Jozua, met sy liefde vir Afrikaans, het dié preek in Afrikaans gehou, van `n preekstoel wat tot in daardie stadium oorheers is deur Hollands.[97] Later sê die kwaai Murray dame '*To think that he is going to use Kitchen Dutch in my father`s pulpit! I`d rather send my child to a Roman Catholic Church than let him listen to his Kitchen Dutch.*'[98] Daarna het `n groep ontevrede Graaff-Reinetters by die pastorie opgedaag om die nuwe dominee te waarsku oor sy gebruik van dié sogenaamde '*Hotnotstaal*'[*sic*.].[99] Dit was maar net die begin van `n kerkstryd wat verdeeldheid onder die Afrikaner-gemeenskap sou meebring. Binne die bestek van sewe jaar het die gemeente geskeur, met die wegbreeklidmate wat die Protesterende NG Kerk gestig het. Jozua se sterk Afrikaner-fokus het baie lidmate ongemaklik laat voel en dus was kerkstryd so prominente deel van Jozua se nalatenskap.

Die kerkstryd het nie vir Bey veel gepla nie. Oor die rede hiervoor vra hy homself af: 'Was dit omdat my ouers nooit of selde aan tafel in ons kinders se teenwoordigheid oor hul spanninge en probleme wou praat nie? Of was ek te jonk om te verstaan wat op die spel was vir hulle as ouers, as predikantspaar en vir ons as gesin, asook vir die Kerk en die gemeente?'[100] Sy pa se stryd was nie vir Beyers `n vreemde verskynsel nie, dus was gesprekke oor sy pa se stryd en aktivisme vir hom normaal teen die tyd wat dit op Graaff-Reinet deel van pastoriegespekke geraak het. Hy was ook `n aktiewe kind wat nie kans gehad het om vreeslik aandag te gee aan hierdie kwessies nie. 'Vir [hom] as kind het ander dinge blykbaar swaarder geweeg' as sy ouers se stryd en spanning.[101]

Mens kon wel nie alles vryspring nie en veral sy susters het gely onder die gemeenskap se houding teenoor die Naudés. Die stoepsitters het openlik geskinder en die kinders bespreek wanneer hulle in die strate afgestap het. Die kyke en gefluister agter die hande van die stoepsitters het gepaard gegaan met party mense wat doelbewus oor die pad stap om nie aan die kant van die Naudé-kinders te stap nie. Daar is tot kwetsende aanmerkings oor hulle klere en skoene gemaak.[102] Die gedeelte van die gemeenskap wat gekant was teen hulle pa se manier van dinge doen, het die kinders as simbole van hul pa gesien. Op so onregverdige en kleinlike manier is die kinders bygekom. Jare later het Beyers se suster Stella vir Liggie gevra hoekom sy nie in moeilike tye met trane uiting gee aan haar emosies nie. Sy antwoord toe: 'Ek het ál

[97] Hierdie was misgis as die eerste keer van Afrikaans van dié kansel af gebruik is. Dit was wel reeds al in 1919 gebruik deur Ds D.P.M. Olivier.
[98] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 21.
[99] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 217.
[100] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 21.
[101] *Ibid.*
[102] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 239.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

my trane op Graaff-Reinet uitgehuil.'[103] Dit blyk dus of die ervarings van die Graaff-Reinet-jare verskil tussen Beyers en sy ouer susters. As hy skryf oor sy kinderjare word hierdie moeilike gemeenskapsoordeel oor hulle gesin nie eers genoem nie. Sy ouer susters was dalk weens hulle ouderdom – 11 en 13 – meer bedag op die negatiewe aandag wat hulle ontlok het. Bey beskryf ook sy pa se kerkstryd as iets waarby net sy pa betrokke was, iets ver verwyderd van homself,[104] terwyl sy susters direk betrokke gemaak is deur Jozua.

Daar was wel `n ander stryd wat meer direk op Bey `n invloed sou hê en wat ook vir sy susters swaar sou wees. Na die Naudés se aankoms op die dorp moes die vier oudste kinders begin skool gaan. Vir die seuns was daar Jongens Hogere School waar Afrikaans toegelaat is. Maar Liggie en Hymne was nie so gelukkig nie. Die Midland Seminary, waar Afrikaans verbied was, was vir hulle beskore. En indien iemand waag om hier Afrikaans te praat, word daar `n spotbordjie om hul nek gesit waarop staan '*This ass spoke Dutch*'.[105] En so begin nog `n skoolstryd vir Jozua. Nadat `n brief aan die skoolhoof gestuur is oor die taalbeleid, gee Jozua sy twee dogters opdrag om tydens die godsdiensperiode buite die klas te bly. Anders as op Piet Retief, het hierdie verset ander kinders in die klas ook geïnspireer om buite te staan.[106] En vir die tweede keer word Bey se susters pionne in hul pa se stryd. Nadat Jozua se brief op dowe ore geval het, is daar `n proses begin waardeur Jozua as leiersfiguur geveg het vir `n afsonderlike Afrikaans-medium skool. Deur middel van die kerk, koerante en kommissies is daar vir hierdie voorreg geveg en het `n herorganisie van die onderwys op Graaff-Reinet plaasgevind. Boys` College en Midlands Seminary het saamgesmelt om die nuwe Afrikaanse Hoër Volkskool te skep met `n sekere dr Eybers – een van Jozua se mede-taalstryders – as skoolhoof. Union High het bly voortbestaan as `n Engelsmediumskool.[107]

Al het vriende van Johannesburg, Pietersburg en die Broederbond in die Transvaal hom bedank vir sy bydrae tot die stryd vir Afrikaans,[108] was dit nie vir Jozua se kinders die beste manier om hulle tyd op die nuwe dorp te begin nie. Hulle het die simbool geraak van `n tydperk van skeuring in die Graaff-Reinetse Afrikaanse gemeenskap. Weiss wys met reg daarop dat Jozua

[103]M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 240.
[104] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 19-20.
[105] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 220.
[106] *Ibid.*, pp. 220-221.
[107] *Ibid.*, pp. 223-224.
[108] *Ibid.*, p. 224.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die konflik kon hanteer en in `n mate daarop floreer hrt, maar sy dogters was nie opgewasse daarvoor nie.[109]

Terwyl sy susters deur hierdie stryd moes gaan, het Bey en broer Joos in die nuwe Afrikaanse Hoër Volkskool begin. Met die opening van die skool op 30 Januarie 1922 het die jong Bey saam met sowat 100 ander leerders geluister hoe sy pa uit Spreuke 22:6 lees met die skool se openingseremonie: '*Leer den jongen de eerste beginselen naa den eisch zijns wegs; als hij ook oud zal geworden zijn, zal hij daarvan niet afwijken.*'[110] Opvoeders en ouers moes die erns van opvoeding van die jong Afrikaners hoor in die boodskap wat op Jozua se hart was.

Die jong blou-oog Beyers het reeds as kind sy kort gesnyde hare met kenmerkende middelpaadjie gedra.[111] Hy het deur die loop van sy skoolloopbaan van sub A tot standerd 10[112] `n wye verskeidenheid van vakke gehad om van te kies. Engels, Afrikaans, Duits, en Latyn, Geskiedenis, Aardrykskunde en Musiek, Biologie, Fisika, Skeikunde, Gesondheidsleer en Fisiologie, Rekenkunde, Wiskunde en Huishoudrekene. Vir die meisies was die opsie daar om Naaldwerk, Kookkuns en Huishoudkunde te neem. Handelsrekene en Boekhou, Snelskrif, Masjienskrif en Besigheidsmetodes was ook beskikbaar om die Afrikaner-jeug toe te rus vir die Engels-gedomineerde sakewêreld.[113] Hierdie vakke was nie veel van `n inspirasie vir Bey nie. Hy was energiek en gesellig,[114] dus was die skool nie vir hom so stimulerend nie. Hy het dit wel geniet om te lees. Die pastorie was vol boeke vir Bey om lees,[115] en hy die Hollandse boeke geniet wat sy ouer susters van die Universiteit Stellenbosch af huis toe gebring het.[116] Beyers het nie goed presteer op skool nie en volgens hom kon hy akademies beter presteer het as hy net meer gedissiplineerd was.[117] Joos was die uitblinker tussen die broers wat in dieselfde klas was. Omdat Joos `n sieklike kind was, is hy teruggehou en het die twee broers van graad 3 af saam in die klas gesit.[118] Dit het vir Beyers gepla dat daar `n twee jaar verskil was, en dat Joos dan beter presteer het. Dit het ook bygedra tot Bey se ongewilligheid om harder te werk,

---

[109] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 221.
[110] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 225; 'Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.' (Die Bybel, 1983-vertaling)
[111] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 13.
[112] Graad 1 tot Graad 12.
[113] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 226.
[114] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 13.
[115] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 164
[116] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 13.
[117] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 18.
[118] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

want hy wou nie die aandag op hom as jonger broer vestig nie.[119] Tog het Beyers nie gesukkel om inligting soos `n spons in te neem nie en hy was gereeld in die top drie-posisie in sy klas.[120]

Deur sy kinderjare op Graaff-Reinet kon hy vol uit kindwees. Hy en Joos het die strate platgery met hulle fietse en die koppies rondom die dorp uitgeklim.[121] Die pastorie was op `n enorme erf wat gestrek het tot teenaan `n spruit wat in die Sondagsrivier ingeloop het.[122] Beyers het dit beskryf as `n 'plasie opsig self'.[123] Hy en sy broer het hulle verantwoordelikhede gehad, maar dit was van die aard wat goeie kinderherinneringe kweek. Soggens, winter of somer, moes dié twee die koeie melk. Koue voete was maar die grootste probleem in die winteroggende, maar eg in hulle plattelandse gewoontes het hulle net hul koue voete in warm beesmis gedruk.[124] Die pastorie was so te sê selfonderhoudend. Die melk is gekarring vir room en saam met hulle pa het die twee seuns botter ook hiervan gemaak. Op die uitgestrekte erf was daar mielies, boontjies, aartappels en pampoene geplant. Vye-, pruim-, en okkerneutbome het ook hier gepronk. Die druiwe van die lang prieel is gedroog op `n stellasie in die agterplaas. Beyers en Joos moes saam met Willie, die Xhosa-tuinwerker, in die groot tuin werk, na die hoenders omsien en skaap slag. Verder is daar asyn in die waenhuis gemaak en die Naudé`s het tot hulle eie koffie gebrand en gemaak – droë vye is saam gemaal om die koffie te laat rek. Wat verder nodig was, het Beyers se pa bestel van waar ook al hy dit die goedkoopste kon kry. Wanneer die kinders skoene nodig gehad het, moes hulle op `n stuk papier staan sodat Jozua hulle voete se buitelyne kon trek en het dan dié skets geneem op soek na die goedkoopste skoenmaker. Die kinders het ook hulle uitgegroeide klere aangegee aan die jonger kinders. [125]

[119] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 19.
[120] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 13.
[121] *Ibid.*
[122] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 13.
[123] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 13.
[124] *Ibid.*
[125] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 169.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bey se susters moes die huiswerk saam met Dora, die huisbediende, en later ander diensmeisies, behartig. Wasgoed, skoonmaak en onderhoud van die pastorie was deel van hulle pligte. Hulle moes ook sorg dat die seuns se klere heel is. Genderrolle was duidelik in die Naudé huis en Bey het `n duidelike patriargale gender-identiteit gevorm.[126] Ada het ook `n groot sagte plek vir haar seuns gehad – soveel so dat sommige dogters in opstand gekom het hieroor al het Beyers nie noodwendig `n wedersydse gevoel teenoor sy ma gehad nie.[127]

Figuur 2 Die Naudés, ongeveer 1927. Jozua en Adla agter. Middel: Stella, Ligstraal, Lirieka, Ouma Lenie van Huysseen, Netta, Hymne, en Adla. Beyers en Joos sit voor. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 166.)

MA Plaatjies-Van Huffel wys uit dat die rolle en funksies van mans en vrouens in Beyers se skrywe oor sy gesin op gender gebaseer is en dus is vrouens hoofsaaklik op `n funksionele manier beskryf. Die tradisionele rolle van sy ma en susters word uitgebeeld: ma is dominee se vrou, susters wat die mans dien of na hulle behoeftes omsien.[128] Hierdie insig benadruk dat Beyers in `n patriargale struktuur groot geword het en dat hy nie vry gemaak was van die patriargale houding in homself nie. Plaatjies-Van Huffel kom tot die gevolgtrekking dat Beyers vrouens as afhanklike figure in `n patriargale stelsel sien, wat hy uitbeeld as afhanklik en stemlose '*bodies*'.[129] Verder argumenteer Plaatjies-Van Huffel dat Beyers in sy biografie die patriargale, dualistiese en hiërargiese teologiese idee binne die Afrikaanse gereformeerde kerke benadruk in sy skrywe oor vrouens.[130] Beyers Naudé het vrouens in sy gesin dus in `n spesifieke rol, onderdanig aan mans gesien. Hierdie patriargale houding is by Beyers as kind gevestig en hy kon dit nie totaal verleer in sy lewe vorentoe nie.

Soggens is die Naudé-pastorie was versier met die môresang van Ada en Jozua wat uit hulle slaapkamer gesing het: *Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid… Ik leef, beweeg m` en ben in*

---

[126] B. Burnell: "The Life of Beyers Naudé: A Psychobiographical Study," ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2013, p. 216.
[127] M. Weiss: *Vuurtoring*, pp. 168-169.
[128] M.A. Plaatjies-Van Huffel: *Women in the Theological Anthropology of Beyers Naudé*, in L. Hansen & R. Vosloo (eds): *Oom Bey for the Future: Engaging the Witness of Beyers Naudé*, p. 112.
[129] *Ibid. Bodies* verwys hier na die antropologiese term wat wys op die persoonloosheid van `n mens wat dan bloot `n liggaam is.
[130] *Ibid.*, p. 116.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hem…[My eerste gevoel is dankbaarheid… Ek leef, beweeg en is in Hom].[131] Die gesin het dan elke dag met huisgodsdiens om die groot eetkamertafel begin en die dae is dan ook afgesluit met huisgodsdiens.[132] Dit het die Naudé-gesin geestelik gevoed deur die besige lewe in die week, maar dit was ook ter voorbereiding vir die Sabbat. Sondagoggende het die Naudé-kinders op `n ry langs Ada gesit in die spesiale pastoriebank in die Graaff-Reinetse Grootkerk.[133] Hierdie eredienste was vir Beyers indrukwekkend, al was dit somtyds lank. Vir 'n jong woelige seun was dit maar moeilik om stil te sit, maar dit is wat verwag is van die Naudé-kroos, veral met sommige gemeentelede se veroordelende oë op hulle. Die gesin moes immers `n rolmodel wees vir die gemeenskap. Sondagreëls was streng en dié dae was maar vervelig vir die kinders. Geen naald- of breiwerk nie en geen rondryery nie. Die kinders mag ook net Die Bybel of literatuur van die Britse Baptise prediker Charles Spurgeon op Sondae lees.[134] Smiddae was stilte verpligtend.

Jozua was 'n begaafde spreker van die kansel af. Bey het in verwondering gesit en luister na sy pa se preke. Temas wat sy se pa telkens van die kansel aangeraak het, was gebed, die gesin en huisgodsdiens, die volk se gebrek aan kennis, die beklemtoning van die volksgeskiedenis en die direkte vergelyking van die Afrikanervolk met die volk van Israel.[135] Die preek wat egter `n lewensveranderende oomblik vir `n 16-jarige Bey was, was `n Pinkster-biduurpreek wat hy van sy pa bygewoon het.[136] Die armer Afrikaner gebied van Graaff-Reinet het 'n groot behoefte aan kerk gehad en dié dag was die kerksaal volgepak om na Jozua te luister. Beyers vertel van dié ervaring by die Pinkster-biduurdiens: 'Ek [het] die gevoel gekry dat ek 'n baie spesifieke, duidelike getuienis wou lewer, op daardie aand en op daardie plek. Ek het opgestaan en gesê dat ek ook gesien wou word as iemand wat sy lewe aan Christus wil gee.'[137] Hierdie gebeurtenis was rigtinggewend in Beyers se lewe, al het hy dit nie self so gesien op die spesifieke oomblik nie.[138] Hier het ook `n skuif van geloof as `n abstrakte en kulturele idee, na `n persoonlike en individuele ervaring plaasgevind.[139]

---

[131] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 168.
[132] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 13.
[133] *Ibid.*, p. 14.
[134] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 172.
[135] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 186.
[136] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 18.
[137] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 19.
[138] *Ibid.*
[139] B. Burnell: "The Life of Beyers Naudé: A Psychobiographical Study," ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2013, p. 203

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beyers se gesinsverpligtinge het darem nie sy spelery op Graaff-Reinet oorskadu nie. Hy en Joos het skoolvakansies saam met hulle pa gereis as hy met huisbesoek weggaan. Hulle twee het hulself besig gehou met `n .22 geweer, waarmee hulle dassies wat op die rotse sit en bak, gepla het.[140] Al was daar `n groot deel van die gemeenskap wat vyandig was teenoor die Naudés, was daar `n paar families by wie Beyers en sy gesin baie gekuier het. Daar was die Lootse op wie se plaas hulle baie gekuier het en by die Momberg gesin-ook. Ook by die Pohls het hulle baie gekuier. Anna Pohl, later `n bekroonde skrywer en aktrise, was bietjie ouer as Beyers en was beter bevriend met Hymne en Ligstraal. Die ander gesin was dié van die kerk se prokureur en sekretaris van die skoolkomitee, John Rupert. Sy seun Anton – die latere bekende Afrikaner-besigheidsman – was een jaar jonger as Beyers en hulle twee was goed bevriend.[141] Beyers het ook hier op Graaff-Reinet maats gehad oor die kleurgrens. Hy het gereeld in die rivier saam met die bruin kinders geswem. Dit was tot `n mate makliker om op Graaff-Reinet oor die kleurgrens saam te speel aangesien almal Afrikaans met mekaar gepraat het.[142]

Weens Jozua se ervarings in die Anglo-Boereoorlog het hy `n sterk anti-Britse sentiment voorgestaan. Hy het vir Beyers van kleins af stories vertel van Britse militêre aggressie en totale verontagsaming van die menseregte van die Afrikaners tydens die oorlog.[143] Beyers het gereeld stories van Afrikaner-dapperheid teen Britse dominansie gehoor, hoe die Afrikaner-vrouens en kinders in die konsentrasiekampe gely het en die ekonomies-imperialistiese redes vir die oorlog. Sy ma het net sulke duidelike anti-Britse sentimente gekoester. 'My ma het `n baie diep en sterk gevoel oor die Britte gehad as gevolg van hulle optrede gedurende die Anglo-Boereoorlog teen die vrouens in die konsentrasiekampe. Sy het dit nooit vergeet nie,' sê Beyers oor sy ma. 'Ek dink sy was op tye diep vooroordelend teenoor hulle, asook teenoor die [NG Kerk] dominees soos die Murrays en ander wie gesien was as baie meer liberaal Engels Afrikaans', voeg hy by.[144] Nie net het Beyers in `n sterk anti-Britse Afrikaner-nasionalistiese huis grootgeword nie, maar rassisme was ook `n realiteit. Om die waarheid te sê, Jozua se rassisme was verweef met sy anti-Britse sentiment. `n Vormende aspek van Beyers se pa se houding teenoor ander rasse was wit voogdyskap. Volgens hierdie idee was die Afrikaner-volk as meerdere geroep om ander rasse te evangeliseer. Beyers het ook gehoor hoe sy pa daaroor

[140] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 13.
[141] *Ibid.*, p. 19.
[142] *Ibid.*
[143] J. W. De Gruchy & C. Villa-Vicencio (eds.): *Resistance and Hope: South African essays in honour of Beyers Naudé*, p. 5.
[144] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

preek. Volgens Jozua is die voogdyskap aan die Afrikaners deur God by Bloedrivier gegee en die wit volk moes barbarisme teëwerk in die naam van God.[145] Jozua was oortuig van die voogdyskap oor swart barbarisme as gevolg van 'n ondervinding tydens die Anglo-Boereoorlog. Die Beyers-kommando, waarvan hy deel was, is gestuur op 'n onbekende reistog noordwaarts vanaf Lydenburg. Op reis deur die Bosveld het die groep burgers by 'n sendingstasie van Switserse sendelinge tot 'n besef gekom: die buitelanders kom en probeer die swart bevolking evangeliseer, maar weens die gebrek aan kennis oor die rasseverhoudings in Suid-Afrika, het die buitelandse sendelinge meer sleg as goed gedoen. Hierdie lewensveranderende ondervinding het 'n sterk oortuiging van Afrikaner sending onder swart volke in Jozua wakker gemaak.[146] Die Afrikaners moes dus voorrang kry om baas te wees oor die swart volke van Suider Afrika, nie die buitelanders nie.

Beyers se pa was later uitgesproke oor sy standpunt rondom die rassesituasie in Suid-Afrika: 'nie onderdanig nie en ook nie gelykstelling nie, maar gelyke geleentheid tot selfstandige ontwikkeling.'[147] Hierdie idee het later ge-eggo in HF Verwoerd se beskrywing van apartheid as '`n beleid van goeie buurmanskap'. Bey se pa was gekant teen verbroedering tussen rasse, maar het geglo dat elke groep in die land in vrede op hul eie kan saamleef. Tesame met die idee van voogdyskap moes hierdie aparte saamleef in een land op die Afrikaner se terme geskiet. Beyers het hierdie houding van sy pa in praktyk gesien toe daar `n gesprek in die kerk ontstaan het oor `n handjie vol bruin inwoners van die dorp wat die dienste van die NG Kerk bygewoon het. Hulle het Sondag-na-Sondag kom sit in hul bepaalde bankie – ook vir Nagmaalsdienste. In die pastorie het die gesprek rondom die volgende vraag gesentreer: Hierdie bruin mense het hulle eie Kerk en mense, so waarom dring hulle aan die wit Kerk op? Daar was `n NG Sendingkerk onder leiding van eerwaarde Paulus Joubert in Kerkstraat waarheen hulle liewer kon gaan.[148] Dit moet egter vermeld word dat Ada hierdie sentiment nie net teenoor ander rasse gekoester het nie, maar teen enigiemand wat nie genoeg Afrikaner gesind was nie.[149] In hierdie stadium het Beyers se sosialisering en sy pa se houding teenoor die rasseaangeleentheid sy eie uitkyk oor die kwessie gevorm. Vir hom was dit vanselfsprekend dat die rasse en hul kerke geskei sou wees in `n aparte wit en aparte bruin kerk. Hy het skaars

[145] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 198.
[146] R. Müller: "Afrikaner socio-theological discourse in the early twentieth century: War and mission in J. F. Naudé and J. du Plessis," *Historia*, (59), (2), 2014, p. 314.
[147] M. Weiss: *Vuurtoring*, pp. 197-198.
[148] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 21-22.
[149] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gewonder oor die klein swart bevolking van Graaff-Reinet se lokasie, en nog minder oor die 'verdwaalde' Indiër-Christene van die dorp.[150]

Beyers het by sy ouers `n sin vir godsdienstige vroomheid geërf, tesame met `n onderdanigheid aan sekere morele norme en `n drif vir sosiale en politieke geregtigheid vir Afrikaners.[151] Hy het egter baie verskillend gevoel teenoor sy ouers. Hy beskryf sy ma as iemand met sterk oortuigings wat volgens hom deel was van haar sterk en dominerende persoonlikheid. Maar as hy van sy pa se sterk oortuigings praat, noem hy dat hy baie respek hiervoor gehad het.[152] Hier is `n duidelike verskil hoe hy sy ma en pa sien, wat ook `n teken is van hoe hy vrouens en mans in sy lewe verskillend gesien het. Vir sy pa het hy groot bewondering gehad.[153] Jozua het graag staaltjies vertel van die Anglo-Boereoorlog. Selde het dit oor homself gegaan. Hy het eerder van die heldedade vertel van die grootmanne soos CF Beyers en Jan Kemp. Dit was geskiedenislesse en dit was vir om belangrik hom hierdie verhale vir sy kinders te vertel om `n Afrikaner-volksbewustheid te kweek. Eers as senior in die hoërskool het Beyers meer oor sy pa se rol in die Anglo-Boereoorlog geleer deur *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet*,[154] wat sy pa geskryf het. Dit blyk of die gevoel wat Bey teenoor sy pa gehad het erder `n heldeverering was as `n gevoel gebaseer op seun-pa liefde.[155] Hy het dus hierdie gevoel op `n sekondêre bron gebaseer en nie op die verhouding wat hy met sy pa gehad het nie. Dit was ook so met sy se pa vae antwoord oor sy Broederbond-geskiedenis. Sy pa was nie baie betrokke by die kinders se grootmaak nie. Tydens vakansies, soos dié in Swaziland, was daar `n skynsel van `n vaderfiguur, maar sy kerkwerk, skoolsake en taalaktivisme het die meeste van sy tyd opgeneem. Wat ook bygedra het tot hierdie helde verering van sy pa was die feit dat hy `n drie-dubbele gesagsfiguur was vir Beyers: pa, kultuurvegter, en dominee. Beyers het wel nie met al sy pa se standpunte saamgestem nie en die grootste verskilpunt was dat Beyers gevoel het sy pa strenger moes wees teenoor Ada: 'Ek het baie sterk gevoel dat hy my ma baie meer moes teenstaan met betrekking tot sekere van haar sienings wat sy op ons wou oplê, veral haar twee seuns. Ek het met sterk teenstand hierteen gestaan...'.[156] Dit is interessant dat hy gevoel het sy pa moes meer leiding neem om sy ma volgens hom tot orde te roep.

---

[150] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 22.
[151] J. W. De Gruchy & C. Villa-Vicencio (eds.): *Resistance and Hope: South African essays in honour of Beyers Naudé*, p. 5.
[152] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 19.
[153] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 17.
[154] J. F. Naudé, C.F. Beyers, J. G. Kemp: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet*, Nijgh & Van Ditmar, Rotterdam, 1903.
[155] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 17.
[156] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eerstens is dit duidelik dat Beyers en sy ma nie `n goeie verhouding gehad het nie. En tweedens moes sy pa sy mag as die man van die huis gebruik om die kinders te beskerm van die 'onredelikheid' van die vrou.

Dit is dus veilig om af te lei dat Beyers nie soveel aansien vir sy ma as vir sy pa gehad het nie. Ada was met die taak van grootmaak en dissipline van die kinders toevertrou. Dit is dus geen verassing dat Beyers haar in `n meer negatiewe lig gesien het nie. Hy beskryf haar as hardkoppig, oorambisieus, of meer diplomaties, iemand met `n sterk persoonlikheid.[157] Reeds voor hulle aankoms op die dorp het die mense van Graaff-Reinet al begin skinder oor Ada en haar gesin. Agter hulle rug is na die gesin met hulle aankoms deur sekere groepe in die gemeenskap verwys as *backvelders*.[158] Dié houding van die gemeenskap, tesame met die gewone sosiale verwagtinge en druk op `n pastoriemoeder, was vir Ada nie maklik gewees nie. Boonop was sy `n perfeksionistiese persoon en dus moes die pastorie te alle tye netjies en skoon wees. Wat Beyers as oorambisieus beskryf, kan ook gesien word as `n gefrustreerde vrou wat nooit haar eie ambisies kon volg nie. Sy was kunssinnig, `n kultuurmens en baie intelligent gewees. Weens die groot gesin en `n baie besige man, kon sy egter nooit enige van haar passies volg nie. Daarom het sy soms deur haar kinders sekere van haar passies laat uitleef, soos byvoorbeeld deur musiek. Beyers en sy broer en susters het almal van kindsbeen af instrumente bespeel. Bey het die viool behartig en Joos die tjello, terwyl Ligstraal en Hymne saam op die klavier in die pastorie gespeel het. As daar vriende kom kuier vir die gesin, moes die kinders ook saam volksliedjies sing en musiek maak.[159]

Ada se gesondheid was baie swak gewees en sy het boonop depressie gehad.[160] Party mense en sommige van haar kinders het dit gesien as iets waarmee sy haar gesin probeer manipuleer.[161] Beyers was duidelik in sy opinie hieroor: 'Sy het haar siekte baie knap gebruik om die nodige simpatie te skep waar sy haar gedagtes en haar idees kon oplê, of om [my pa] te forseer om hierdie idees op te lê.'[162] Vir Bey was daar dus `n irrasionaliteit rondom party van haar reëls. Sy het die Naudé-seuns verbied om rugby of krieket te speel. Mens sou dink dit was as gevolg van haar beskermdheid teenoor haar seuns, maar haar rede was dat dié sporte Engels

[157] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 17-18.
[158] `n Neerhalende term om persone te beskryf as afkomstig van die onontwikkelde en ongesofistikeerde platteland.
[159] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 17.
[160] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 236.
[161] *Ibid.*
[162] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was. Tog was tennis – wat vir haar om een of ander rede minder "Engels" was – toelaatbaar.[163] Ada wou inderwaarheid haar seuns weghou van skoolvriende en dus was spansport taboe, maar individuele sporte is toegelaat.[164] Dit is ietwat ironies dat haar man met sy afskeidsrede by die Broederbond in die Transvaal sy hoop uitgespreek het dat Broederbond-rugby en krieketspanne sou kon kompeteer in Johannesburg.[165] Ada se swak gesondheid het op `n ander manier ook sosiale druk op haar geplaas. Sy het `n galblaasoperasie ondergaan, `n lekkende hartklep gehad en een van haar niere is ook verwyder tydens haar verblyf op Graaff-Reinet. Sy het dus soms gaan rus by hulle vakansiehuis naby Port Elizabeth – *Kersgeluk* – wat hulle in 1938 laat bou het. Dit het die Graaff-Reineters ook laat skinder. Daar was spekulasie oor huweliksprobleme omdat die dominee en sy vrou wat tafel en bed geskei sou wees.[166]

Figuur 3 Ada en die kinders by die Hudson-motor, ongeveer 1926. Beyers is links agter. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 171.)

Beyers het nie elke vakansie saam met sy pa rondgereis nie. Desember was gesinstyd vir die Naudés. Hulle was per geleentheid Jeffreysbaai toe, maar dit was Port Elizabeth wat toe hulle gereelde vakansiebestemming geraak het.[167] Die 280 km Port Elizabeth toe het die agt kinders, Ada en Jozua, gereis in die sewesitplek 1924-model Hudson Super 6 wat die kerkraad vir die gesin gekoop het, met opvoustoeltjies wat ingesit is vir genoeg sitplek vir die hele gesin.[168] Dié 'tien siele',[169] met beskuit, beddegoed, kos en kampseile het eers by New Brighton kamp opgeslaan, maar later jare Schoenmakerskop toe gegaan om tussen die ruie bosse te kampeer.[170] Hier het Bey se pa 'n seil oor bome getrek en die gesin het op die grond geslaap. Later is `n seiltent gebruik om die vakansies te vergemaklik. Hierdie kampplek van die Naudés het later bekend geraak as The Willows, wat nou nog `n bekende vakansiebestemming in dié stad is. The Willows het baie Engelssprekende kampeerders gehad weens die feit dat Engels meer prominent in Port Elizabeth was. Bey se pa het huisgodsdiens vir dié mede-kampeerders in

[163] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 18.
[164] P. Randall: *Not Without Honour: The Life and Work of Beyers Naudé*, p. 4.
[165] E.L.P. Stals: *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond 1918-1994*, pp. 14-15.
[166] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 175.
[167] *Ibid.*, p. 174.
[168] *Ibid.*, p. 172.
[169] C.F.B. Naude: *My Land van Hoop*, p. 17.
[170] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Engels gehou. Hierdie kampervaring was goed vir Beyers want hulle gesin kon uit die hitte van die Karoo kom en rustig by die koeler seebries verkeer. Dit is dus geen wonder die Naudés later hulle strandhuis, *Kersgeluk*, buite Port Elizabeth by Schoenmakerskop laat bou het nie. Op Kersdae het die landsvlag of die ou Transvaalse Vierkleur trots by die huis gewapper.[171]

Die grootwordjare van Beyers Naudé kan as baie normaal vir `n Afrikanerkind van sy tyd beskryf word. Gehoorsaamheid aan sy ouers was sentraal en al was sy pa `n voorbeeld van verset teen owerhede, is algemene gehoorsaamheid tuis verwag. Charles Villa-Vicencio argumenteer dat Beyers se wegbreek jare later `n uitdrukking was van bevryding van sy pa se super-ego en `n vorm van rebelsheid teenoor sy dominerende persoonlikheid.[172] Vir Beyers was dit `n verset teen onregverdige outoriteit. Nietemin, al het Bey saamgestem met hierdie gehoorsaamheid en die straf wat daarmee gepaard gaan,[173] het hy as matriekseun die konvensie teengegaan. Hy en vyf vriende in sy klas het gevoel die skoolhoof, mnr. Cronjé, se bestuurstyl is diktatoriaal. Beyers en sy makkers skryf toe `n protesbrief en lê dit voor aan die skoolhoof en versprei dit onder die leerders.[174] Sy pa was in daardie stadium nog voorsitter van die skoolraad en dit was `n groot verleentheid vir hom. Bey voel wel dat dit as gevolg van sy pa was dat hy nie weens hierdie brief geskors is nie. Die skool en kerk was in beroering daaroor, maar dit het later bedaar nadat Beyers om verskoning moes vra vir hierdie 'ongehoorsaamheid'.[175] Tog wys Beyers met dié brief `n goeie selfvertroue. Daar was `n gevoel dat `n positiewe uitkoms moontlik is as jy jou behoeftes direk uitdruk, verduidelik Burnell.[176]

Dit was wel nie die ergste beroering waarvoor `n lid van die Naudé-gesin gesorg het nie. Toe Bey 12 jaar oud was, is sy ma aangekla vir aanranding. `n Wit diensmeisie wat by hulle gewerk het, het met merke op haar lyf aan die hof vertel hoe Ada haar as straf aangerand het. Dit was `n baie moeilike tyd vir Ada wat reeds nie `n goeie naam onder baie van die Graaff-Reinetters gehad het nie. Sy is skuldig bevind op die aanklagte, maar daarna het die diensmeisie – Jacomina Wagenaar – in die koerant erken dat sy gejok het oor die aantuigings.[177] In `n tyd

---

[171] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 174.
[172] J. W. De Gruchy & C. Villa-Vicencio (eds.): *Resistance and Hope: South African essays in honour of Beyers Naudé*, pp. 4-5.
[173] C.F.B. Naude: *My Land van Hoop*, p. 18.
[174] P. Randall: *Not Without Honour: the Life and Work of Beyers Naudé*, p. 4.
[175] C.F.B. Naude: *My Land van Hoop*, p. 18. & Randall, P: *Not Without Honour: the Life and Work of Beyers Naudé*, p. 4.
[176] B. Burnell: "The Life of Beyers Naudé: A Psychobiographical Study", ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2013, pp. 215-216.
[177] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 236-239.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waar lyfstraf die norm was, het die Naudé-kinders egter nie baie pak gekry nie. As hulle gestraf moes word, was dit volgens die oordeel van Ada en sy het Jozua dan gesê wie moes pak kry en waarvoor. Beyers se gevoel rondom die streng huishouding en straf was tot `n mate positief. Vir hom het dit net gegaan oor regverdigheid: as hy iets verkeerd gedoen het, moes hy gestraf word, maar 'as `n kind straf nie sien as `n redelike reaksie nie, dan kry jy verset'.[178] En met onredelike straf is daar `n saadjie van verset in Beyers Naudé geplant. Dit was verset teen onredelikheid en glad nie `n verset teen die idees of houding van sy ouers nie. Beyers het dit eers baie jare later begin bevraagteken.[179] Hy bespreek jare later sy kinderjare soos volg:

> Verseker het my diep kommer vir die buiteperd[180] uit die oortuiging gegroei dat as daar `n persoon wie se ideale en wense onderdruk was op [`n onregverdige] manier, en nie die nodige geleentheid gegun word nie, dat dit nooit `n manier is waarin iemand regtig hulle volle potensiaal bereik nie.[181]

Beyers het groot geword in `n gesin waar die fokus nie op persoonlike gesinskwessies was nie, maar op die breë kwessies van hulle gemeenskap, dus het hy in sy kinderjare ook `n sterk sosiale gewete ontwikkel.[182] Al het sy pa se stryd hom nie altyd direk geraak nie, het dit hom steeds blootstelling gegee aan die probleme wat Afrikaners in die gesig gestaar het weens die letsels van die Anglo-Boereoorlog, en die depressie waarin die land gedompel was. Beyers het in direkte aanraking gekom met die armblankes wat swaarkry vir hom `n realiteit gemaak het. Vakansies het die kinders saam met Ada van winkel na winkel gegaan om, saam met armblankes, goedkoop klere te soek aangesien die Naudés, uit hulle perspektief, dit nie altyd breed gehad het nie.[183] Die gesin was wel meer bevoorreg as baie ander Afrikaners. Weens Jozua se status as dominee het die gesin die groot pastorie met al die fasiliteite wat nodig was om selfonderhoudend te wees gekry, tesame met `n kar gehad. Daar was gewoonlik ook meer as een diensmeisie wat vir die gesin gewerk het. Daar was dalk nie genoeg geld vir luukshede nie, maar dit blyk of daar genoeg was om gemaklik te leef. Daar was ook genoeg om ander te help. Gereeld het armblanke gesinne ook by die Naudés oornag wat weens die droogte en depressie van hul plase moes padgee om ander geleenthede op die dorpe en in stede te gaan soek.[184] 'Through [this] experience my social consciousness was formed,' verduidelik Beyers,

---

[178] C.F.B. Naude: *My Land van Hoop*, p. 18.
[179] C. Niehaus & C. Villa-Vicencio (eds.): *Many Cultures, One Nation: A Festschrift for Beyers Naudé*, p. 20.
[180] In Engels: *Underdog*.
[181] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 19.
[182] M. H. Coetzee: *Die "Kritiese stem" teen Apartheidsteologie in die Ned Geref Kerk (1905-1974): `n Analise van die Bydraes van Ben Marais en Beyers Naudé*, p. 438.
[183] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 14.
[184] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'of hunger, of poverty, of people in situations of dire distress, of helplessness of people who experienced forces or events over which they were powerless, either to control or to direct; this left a very deep impression on my mind.'[185] Dus was daar by Beyers `n sosiale meelewing, eerder as dat hy streng polities geïnspireerd was. Tesame met sy geloofsoortuigings, het Beyers `n gevoel van morele verantwoordelikheid, deernis, en diens aan die Afrikaners ontwikkel.[186] In die stadium was hierdie deernis beperk tot sy eie volk weens sy noue verwysingsraamwerk en nie as gevolg van `n wyer humanistiese gevoel nie.

Beyers en Joos was amper soos tweelingboeties as kinders. Weens Ada se beskermende hand, en die feit dat die twee seuns dieselfde verantwoordelikhede in die gesin gehad het, het hulle baie na aan mekaar geleef. Beyers het ook meestal die leiding geneem in hul spelery en op skool.[187] Die gevoel wat Beyers op skool gehad het oor die feit dat hulle saam in die klas was, was negatief teenoor die omstandighede, en nie soveel teenoor sy broer nie. Tog, het hy in `n mate `n verantwoordelikheidsin teenoor sy broer gehad weens Joos se sukkelende gesondheid, en die feit dat hy die stiller introvert was tussen die twee seuns.[188] Daar is nie veel bewyse van sterk verhoudings tussen Beyers en enige van sy susters nie. Dit mag dalk wees omdat hy en Joos so sterk verhouding gehad het. Die feit dat Ada die twee seuns voorgetrek het kon ook tot jaloesie gely het wat dit moeilik sou maak vir sterk verhoudings om te vorm. Die patriargale houding teenoor sy susters het ook dalk hier in `n invloed gehad.

Figuur 4 Die studente kom kuier op Graaff-Reinet. V.l.n.r. voor: Jozua, Ada, onbekend. Agter: Ligstraal, Joos, Adla, Beyers. (NGKSAA, JF Naudé-versameling, P 5302/3.)

[185] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, pp. 14-15.
[186] B. Burnell: "The Life of Beyers Naudé: A Psychobiographical Study," ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2013, p. 203.
[187] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 13.
[188] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beyers was die middel kind in `n groot gesin, met `n pa wat gereeld afwesig was, en dit het `n vormende rol gespeel in sy ontwikkeling as `n onafhanklike, selfonderhoudende seun.[189]

[189] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 18.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beyers Naudé is aan die begin van 1932, net voor sy sewentiende verjaarsdag, na die Universiteit Stellenbosch – die destydse tuiste van Afrikaner-intelligentsia. Beyers het belang gestel om `n advokaat te word en dit was `n rigting wat hy tot op sy ou dag nog sou wou doen as hy weer kon kies.[190] Joos wou `n mediese dokter word. Maar Ada wou gehad het die twee seuns moes predikante word. Sy het veral druk op Joos uitgeoefen om hierdie rigting te kies – iets wat Bey gevoel het deel van sy ma se hardkoppigheid was.[191] Weens die gesin se finansiële situasie is die twee seuns gedwing om te studeer waarvoor hulle beurse kon kry. Omdat Jozua `n dominee in die NG Kerk was, kon die seuns beurse kry om te studeer om ook dié beroep te volg. Beyers het geglo dat om in teologie te studeer `n roeping was en al was sy geloofslewe na sy bekeringsmoment tydens die Pinkster-biduur op Graaff-Reinet op `n baie diep vlak, het hy nog nie geroepe gevoel vir teologie nie.[192] Beyers en sy broer skryf toe in vir BA-grade om sodoende later te kwalifiseer vir teologiese opleiding. Teen die tyd dat die twee broers op Stellenbosch aangekom het, was Hymne besig met haar finale jaar van `n BA-graad in tale. `n Universiteitsbeurs het haar studies gedek en aan die einde van 1932 het sy `n BA-graad met lof ontvang.[193] Hierna voltooi sy `n MA in Hollands, ook met lof en word die Ebden-Stipendium toegeken vir haar akademiese prestasies. Weens finansiële omstandighede kon Hymne nie hierdie toekenning aanvaar nie, want dit sou vereis dat sy oorsee moes toer. Sy het toe in Desember 1934 met `n Sekundaire Onderwysersdiploma met lof gegradueer.[194]

In die 1930`s was die Universiteit Stellenbosch reeds gevestig as die tuiste van Afrikaner-opvoeding. 'Stellenbosch is die bakermat van die Afrikanerdom!',[195] het die studente in hierdie tyd dikwels gehoor. Die gevoel van volkseenheid het ook hier sterk ten vore gekom, wat `n trekpleister was vir menige Afrikaner-skoolverlaters. 'Stellenbosch – *wat* `n geskikte plek vir Afrikaanssprekende studente om te vergader met die doel om saam te werk en saam te stry om die Afrikaanssprekende deel van Suid-Afrika `n *waardige* deel te maak', verduidelik die *Stellenbosse Student*.[196] Dit was dus die ideale plek waar Beyers Naudé sy vorming as `n Afrikaner kon voortsit. Volgens `n mede-student gaan mens 'Stellenbosch-toe om eerstens `n

[190] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop: Die Lewe van Beyers Naudé*, p. 26.
[191] *Ibid.*, p. 18.
[192] *Ibid.*, p. 25.
[193] *Universiteit van Stellenbosch Jaarboek 1932*, p. 59.
[194] *US Jaarboek 1934*, p. 76.
[195] "Stellenbosch – Die Bakermat," *Stellenbosse Student*, April 1936, p. 7.
[196] "Editoriaal," *Stellenbosse Student*, September 1934, p. 191.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ware Afrikaner te word, want waar is beter Afrikaners te vind as op Stellenbosch?',[197] en Beyers was geen uitsondering nie.

Met die Karoo-lug nog vars in hulle longe het Beyers en Joos ingetrek in Wilgenhof – volgens Beyers die 'beroemdste van Suid-Afrika se studentekoshuise'.[198] In die koshuis se beginjare was Bey se pa ook `n inwoner van Wilgenhof. Jozua was `n ouer student en kon nie as nuweling in `n koshuis woon nie. Daarom het hy as koshuisvader in Februarie 1904 in Wilgenhof ingetrek.[199] Toe sy twee seuns by die koshuis intrek, het Wilgenhof bekend gestaan as een van die koshuise in die land waar goeie Afrikaner mans gevorm word. Om bloot net `n inwoner van die koshuis te wees maak nie van `n persoon `n ware Wilgenhoffer nie. Dit is 'Die Plek', soos Wilgenhof se inwoners na die koshuis verwys het, se oudste tradisie wat van jou `n ware Wilgenhof-man maak. Hierdie tradisie is die doop. Reeds in Beyers se tyd op die kampus is die doop hewig gekritiseer deur beide buitestaanders en studente van die universiteit. Maar daar is geglo dat doop die broederskap tussen studente versterk.[200] Voor enige ander formele komitee gevorm is, het daar al `n Wilgenhof Doopkomitee bestaan – reeds in 1906.[201] Al het die Wilgenhof-doop deur verskeie fases van ontwikkeling gegaan, het die tradisionele formaat basies bly voortbestaan. Die hele jaar bestaan uit laat nagte om die 'sotte'[202] uit die slaap te hou en as onderdanige inwoner aan die seniors mag jy niks terugpraat of kapsie maak teen sinnelose bevele nie. 'Hier moet jy heilig jou bek hou, anders is daar gevaar dat die lyksbesorger hom oor nog `n arme slagoffer sal verheug' skryf een Wilgehof-nuweling aan sy ma.[203] Beyers en sy mede-eerstejaars het die proses begin met `n geheimsinnige hofsitting, waarna daar `n skyndoop was om die nuwelinge te laat glo die doop is verby.

Maar aan die einde van dié twee week lange tradisie het Beyers op die laaste dag die ware doop deurgegaan. Na ete moes hy en al die ander 'sotte' onmiddellik na een van die kamers in die Bekfluitjie – die noemnaam van die slaapkwartiere – gaan. Hier wag hy toe in spanning terwyl die voorbereidings buite getref word deur die seniors. By Beyers word sy testament wat buite teen die boom opgeplak word afgeneem, aangesien sy vorige lewe nou verby is. Die seniors lag vir sommige van die testamente van die nuwelinge want daar word basiese goed nagelaat

[197] M. de Villiers, "Waarom ek Stellenbosch-toe kom," *Stellenbosse Student*, Maart 1937, p. 16.
[198] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 23.
[199] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 62.
[200] Ayvec, "What the Initiation means to Stellenbosch," *Stellenbosse Student*, Maart 1937, p. 13.
[201] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, p. 4.
[202] Nuwelinge, eerstejaarstudente.
[203] Sot Jôhnie Growwelaar, "`n Brief van `n Sot aan sy Moeder," *Stellenbosse Student*, Maart 1933, p. 24.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om in die dokument te sit weens die angs en spanning. 'Nadat elke nuweling geblinddoek is, bars daar die oorverdowende lawaai in die binneplein los – blikke en klokke en `n bloedstollende gegil!'[204] Die kamerdeur vlieg dan oop en op die balkon word Beyers in `n sak gestop, en sy hande aan die dwarspaaltjie van die 'galg' gesit. Hy hoor die senior se laaste bevel 'Klou vir jou lewe', en dan vlieg hy in die lug, op en af, heen en weer, met water wat van alle kante die gedisoriënteerde Beyers tref. Hierna word Bey op die 'operasietafel' neergelê waar hy geverf en geolie word. Net buite die eetsaal van Wilgenhof is daar `n sloot waaroor `n bruggie loop, en hierdie verf en olie is om Beyers onderdeur die bruggie te help seil. Deur die sloot, vol verf en olie, seil hy en vir oulaas word Beyers deur `n modderpoel gelei. Op daardie punt is Beyers so deurmekaar, moeg en vuil dat hy nie meer weet of omgee wat met hom gebeur nie. En dit is hier waar die doop dan afsluit waar Bey voor `n spieël staan. 'Kyk bietjie hoe mooi lyk jy nou!' beveel `n senior en daar sien Bey vir die eerste keer vir Beyers Naudé die Wilgenhoffer.[205]

Die doop sou tot sy dood toe vir hom baie betekenisvol wees. In 2001 het die debat oor koshuistradisies en die doop weer opgevlam na aanleiding van die dood van `n Matie-student tydens `n onwettige doop daardie jaar. Die 86-jarige Beyers se mening is toe oor koshuistradisies gevra. Hy het steeds geglo dat daar nog plek was vir koshuise en hul tradisies. 'Vir my persoonlik was die ontgroening baie positief. Dis `n ervaring gewees waar jy moes leer om dinge te ervaar en die mooiste en beste daarvan te maak. As jy daar klaar is, dan is jy `n ware Wilgenhoffer.' Bey het gevoel dat daar geleentheid moes wees vir die wat die doop wil deurmaak. Hy het bygevoeg dat die tradisionele praktyke nie bloot die herhaling van gebruike sedert 1903 moes wees nie. 'Dit moet dinamies wees en soos die tye verander moet [die gebruike] verander.' Bey benadruk dat die doop in Wilgehof 'was `n groot voorreg … ek hoop nie dit verdwyn ooit nie.'[206]

Tesame met `n paar segregasiereëls, soos die verbod op die gebruik van die V-trap[207] deur nuwelinge, het Beyers as eerstejaar 'Die Plek' se tradisies deurgeloop om gebind te wees aan Wilgenhoffers wat voor en na hom gekom het. Dit was nie maklik nie en een Wilgenhof 'sot' word spottenderwys in die *Stellenbosse Student* aangehaal: 'Langenhoven het gesê ons moet

[204] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, p. 9.
[205] *Ibid.*, pp. 9-10.
[206] E. Brink, "Koshuistradisies: Bekendes se mening," *Maroela Media*, 25 Maart 2014, http://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/koshuistradisies-bekendes-se-mening/. (12/04/2017)
[207] Die V-trap is die stel trappe in die vierkant van Wilgenhof wat al `n simbool van die koshuis en hul tradisies geword het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ons vriendelikheid goedkoop maak, maar toe ek in Wilgenhof kom het dit my gelyk asof alle vriendelikheid uitverkoop was.'[208] Tog was sy tyd in Wilgenhof vir Bey 'van [sy] gelukkigste jare van sy lewe'.[209]

Beyers het werklik lewenslange vriendskappe in Wilgenhof begin, maar daar was sekere individue wat hy hier ontmoet het wat meer as vriende sou raak. Die primarius van 1932 tot die helfte van 1935 was Ben Marais. Ben het sy BA-graad opgevolg met twee MA`s – een in Afrikaans en die ander in Filosofie – waarna hy in 1935 Princeton toe is om sy teologiese studies in die VSA voort te sit.[210] Hy was `n alombekende student op Stellenbosch gewees, en het gereelde artikels in die *Stellenbosse Student*, waarvan hy ook op `n tyd redakteur was geskryf. Hy was voorsitter van die Studenteraad (SR) in 1933, rugbykaptein van die universiteit se derde span en hy was ook lid van die BTK (Berg- en Toerklub).[211] Ben en Beyers het as mede-Wilgenhoffers mekaar leer ken, al maak Beyers nie melding daarvan in sy skrywe oor sy studentejare nie. Heelwat later sou Ben `n beduidende invloed op Beyers se lewe hê. Ander Wilgenhof-tydgenote sluit ook Frans Geldenhuys en Detlev Weiss in, beide wat later sy swaers sou raak. Daar was ook die rugbyikoon Danie Craven, en J.S. (Kosie) Gericke wat later vise-kanselier van die US sou word.[212]

Na die ontgroeningstyd het Beyers sy studentelewe in die breë Matie-gemeenskap begin. Die heel eerste *Stellenbosse Student*, met `n Pierneef-weergawe van die Jonkershoekberge as die voorblad kuns, wat Beyers onder oë gekry het som goed op watter trant sy studentelewe sou inneem. 'Eerstens', vra die redakteur, 'is jy hier om klasse te loop? Of, tweedens, om die biblioteek die middelpunt van jou studentelewe te maak?' Verder vra die redakteur of die 'sot' hier is vir die sogenaamde breë opvoeding, wat aansluiting by elke vereniging en deelname aan elke vergadering insluit. Laastens word gevra of die student hier is om net die lewe te kom geniet en aan die totale vryheid oor te gee.[213] Dit blyk of Beyers Naudé `n kombinasie van hierdie vier idees ter harte geneem het, soos wat die artikel ook voorstel die nuwelinge moet doen.

---

[208] "Pot Pourri," *Stellenbosse Student*, Maart 1932, p. 18.
[209] E. Brink, "Koshuistradisies: Bekendes se mening," *Maroela Media*, 25 Maart 2014, http://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/koshuistradisies-bekendes-se-mening/ (12/04/2017).
[210] P.J. Maritz: "Ben Marais (1909-1999): The Influences On And Heritage Of A South African Prophet During Two Periods Of Transformation," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2003, p. 2.
[211] *Ibid.*, p. 42.
[212] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, pp. 108-115.
[213] "Juniores, Quo Vadis?," *Stellenbosse Student*, Maart 1932, pp. 3-4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As dit gekom het by klas loop en biblioteekstudies – die akademiese kant van student-wees – het Beyers nie juis presteer in sy voorgraadse studies nie. Dit is dalk as gevolg van sy studiegewoontes van skooldae af, maar hy glo dis omdat hy te veel ander goed gehad het wat hom besig gehou het.[214] Beyers het ingeskryf vir `n BA kursus in tale, met Afrikaans-Nederlands en Duits as sy hoofvakke. Daarby het hy Sosiologie II, Latyn I, en Grieks I geneem.[215] Sy kursus het hom van die eerstejaar af reeds baie besig gehou. Met sowat 26 klasure per week in sy eerstejaar, 13 in sy tweedejaar en 12 in sy derde jaar, sou mens dink hy sien sy dosente genoeg. Maar Beyers het ook sosiaal verkeer met sy dosente. By sy Afrikaanse dosent, prof. EC Pienaar, het hy soms gaan besoek aflê, maar dit was by prof. DF Malherbe by wie hy gereeld gaan kuier het. '`n Gesellige, lekker ou wat daarvan gehou het om na die mooi nooiens te kyk,' beskryf Beyers hom. Dit mag dalk nie na die mees akademiese verhouding klink nie, maar Malherbe het vir Beyers as inspirerende figuur gelei na `n diep liefde vir die Afrikaanse taal en kultuur – iets waarop Beyers deur sy hele lewe lank trots sou wees.

In teenstelling met hierdie informele tog stimulerende verhouding met sy Afrikaanse professors, het Beyers sy sosiologie-dosent baie hoog geag vir sy presiesheid, professionele dosering en ontsaglike kennis. Hierdie dosent was die 32-jarige Hendrik Frensch Verwoerd. Verwoerd was pas aangestel om die nuutgestigte sosiologie-kursus te behartig met `n fokus op die armblanke-vraagstuk.[216] Die kennis wat Verwoerd aan sy studente probeer oordra het, sou Beyers se sosiale bewustheid oor dié probleem uitbrei. Met geen aantekeninge by hom nie, het hy in die klas ingestap en vir die volle 40 minuut periode gepraat terwyl hy oor die koppe van sy studente kyk, nooit vir hulle nie. En as die klok lui het hy sy laaste sin afgesluit en haastig uitgestap. Beyers en sy klasmaats het nooit die vrymoedigheid gehad om vrae vir Verwoerd te vra nie weens sy soms geïrriteerde houding.[217] 'Supremely self-confident, he never doubted the correctness of his views' beskryf een van Verwoerd se biograwe hom as dosent.[218]

Die akademie moes maar gereeld kant toe geskuif word vir Beyers se verenigingslewe, waarvan die redakteur in daardie eerste uitgawe van die *Stellenbosse Student* gepraat het. `n Student wie se studentelewe geskoei is op die verenigingslewe, skryf die redakteur, 'staan `n pragtige kans om so breed soos die see te ontwikkel en so diep soos `n piering!'[219] Gelukkig

[214] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 27.
[215] *Ibid.*
[216] H. Kenney: *Verwoerd: Architect of Apartheid*, pp. 65-66.
[217] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 27.
[218] H. Kenney: *Verwoerd: Architect of Apartheid*, p. 73.
[219] "Joniores, Quo Vaditis?," *Stellenbosse Student*, Maart 1932, p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het Beyers die balans gevind om sy verenigingslewe en sy sosiale lewe te meng en ook daardeur as leier te verdiep te word. Die eerste vereniging waarby Bey betrokke geraak het, was die Universiteitsdebatvereniging (UDV). Bey het aanklank gevind by die sosiale element van die debatsverenigings.

Sy oudste suster Hymne was `n aktiewe lid van die UDV. In Beyers se eerstejaar as student, en as lid van die UDV is Hymne vir `n tweede keer verkies tot die bestuur van dié verenging,[220] en het die rol van voorsitter op Damesaande ingeneem.[221] Sy was ook saam met Ben Marais op die Bekerbeoordelingskomitee vir redenaars.[222] Dit was duidelik dat Beyers hier in sy oudste suster se wêreld ingetree het toe hy in 1932 lid geraak het van die UDV. In hierdie tyd was die debatte wat elke Saterdagaand deur die vereniging gehou is, nie bloot net `n platform vir ernstige gesprekke oor verskeie idees en vraagstukke nie. Dit was deel van die sosiale lewe van die Matie-studente. Saterdagaande het die mansstudente hul meisies na die debatte geneem [223] en die gehoor was groot, met so om en by 250 studente.[224] Dit was gerieflik vir die mans om die vrouestudente liewer hierheen te neem as fliek toe want daar is vergunning gemaak vir die dames om later uit die koshuis te bly as hulle debatte toe gegaan het. Weens sy lae belangstelling in politieke kwessies het Bey aan die begin meer aanklank gevind by die sosiale element van die vereniging. Beyers gee toe dat hy as student nie veel belanggestel het in landspolitiek nie, al het dit spesifiek in sy tyd as student `n invloed gehad op die studentelewe op Stellenbosch. Saterdagaande het die byeenkomste geopen met `n opvoering – prosa voorlesings, gedigte, sang en musiek – waarna die debatte tussen spanne van twee gevoer was. Die ontwerp is dan in die groter groep bespreek. Die aand is dan weer afgesluit met `n opvoering en die wenners is aangekondig. Hymne het gereeld klaviersolo's opgevoer by die byeenkoms en net soos toe hulle kinders op Graaff-Reinet was, het sy en Beyers gereeld saam opgetree. Beyers het 'strelende vioolsolo`s' uitgevoer met sy suster wat hom op die klavier begelei het.[225]

[220] Universiteit Stellenbosch Argief (US Argief), SR-versameling, SR 92, Univ. D.S. Notule 1926-1939, Notule, 24 Maart 1932.
[221] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 25 Junie 1932.
[222] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 24 Maart 1934.
[223] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 26.
[224] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 24 Maart 1932.
[225] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 11 Junie 1932.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 5 Die Universiteitsdebatverenging in 1933. Beyers is heel regs. (US Argief, Watson-Lockley-versameling, 01381.)

Dit het Beyers `n jaar geneem om by `n debat betrokke te raak. Teen dié tyd het hy blootstelling gehad aan `n wye verskeidenheid debatsonderwerpe, maar die tema waarop hy die eerste keer van die vloer af op kommentaar gelewer het, was *Die dame van vandag regverdig nie haar status nie*.[226] Beyers het toe in sy suster se voetspore gevolg en in 1933 sy posisie op die musiekkomitee prysgegee toe hy verkies is as assistent-sekretaris van die UDV, waarna hy aan die einde van die jaar verkies is as sekretaris van die vereniging.[227] Die eerste debat waaraan hy deelgeneem het, het gehandel rondom die onderwerp: *Die platteland geniet te veel steun van die owerheidsweë* en Beyers moes die stelling teenstaan. Met sy agtergrond op Graaff-Reinet en met die invloed sy pa se stryd met die owerhede rondom skoolkwessies, was hierdie onderwerp reg in sy kraal. Die uitslag was wel net-net in sy guns: Beyers wen met 15 stemme teenoor 13.[228]

By `n vergadering in April 1934 het die vise-voorsitter skielik bedank en Bey is toe verkies in sy plek.[229] Aan die einde van die jaar is Beyers verkies as die UDV se voorsitter vir die 1935-termyn.[230] So betree Beyers sy eerste leierskapposisie as `n Matie. Dit was oor die algemeen `n goeie tydperk in sy debatverenigingslewe. Hy het toenemend meer betrokke geraak by debatsgesprekke. Op `n keer het Beyers `n mosie gesteun om `n redenaarsbeker spesifiek vir die dames aan te bied. Die mosie is teengestaan deur niemand anders as Beyers se broer Joos nie. Joos was ook betrokke by die UDV, maar was nie so aktief soos Beyers en Hymne nie. Tot in die stadium het hy wel gedien op die dramatiese komitee van die vereniging. Na `n 'vurige bespreking' oor die dames se redenaarsbeker het Beyers se mosie met 35 stemme teenoor 12 geslaag.[231] Na hierdie mosie geslaag het, moes Beyers op die dieselfde aand

[226] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 1 April 1932.
[227] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 10 Junie 1933.
[228] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 26 Augustus 1933.
[229] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 28 April 1934.
[230] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 3 November 1934.
[231] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 7 April 1934.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deelneem aan sy tweede debat by die UDV. Hy moes die stelling *Dit is wenslik dat nie-blanke studente sal toegelaat word tot NUSAS* verdedig. Maar Beyers kon nie daarin slaag om die beoordelaars of gehoor te oortuig nie en hy verloor die debat met 23 teenoor 32 stemme.[232] Hierdie onderwerp het deel uitgemaak van `n groter gesprek wat die studentepolitiek op kampus in die 1930s oorheers het en dit was deel van `n doelbewuste poging deur die UDV om die mees aktuele onderwerpe op die tafel te plaas vir debattering.[233] Die US was deel van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) wat Afrikaanse en Engelse studente bedien het. In 1933 is die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS) gestig wat vir die belange van Afrikaner studente gestaan het. Die bestaansreg en doelstelling van beide unies is hewig gedebatteer. NUSAS is deur sommige gesien as te liberaal, terwyl die ANS weer as te konserwatief beskou is.[234]

Bey het ook twee keer die groot eer gehad om die UDV te verteenwoordig tydens kompetisies met ander debatsverengings. Een van die kere was teen die Uniedebatsvereniging – die ander debatverening van die US, wat ook bekendgestaan het as die Unie.[235] Die twee verenigings het nie net gekompeteer in debatte nie, maar ook vir lede en is in `n stadium as 'smouserige debatsverenings' beskryf.[236] In `n tydperk waar die UDV relatiewe progressiewe veranderinge aangebring het ten opsigte van die bemagtiging van vroue in hulle vereniging,[237] was die Unie gesien as `n vereniging vir meestal mansstudente en is spottenderwys hernoem na die 'Oujongkêrelvereniging'.[238] In Beyers se debat teen die Unie het hy te staan gekom teen een van die "oujongkêrels" wat later `n baie prominente figuur sou raak in Suid-Afrikaanse politiek – BJ Vorster. Bey en BJ het mekaar nie juis goed geken nie, maar Bey het gevoel sy opponent was `n knap debatteerder – 'nie altyd met logiese argumente, dié het nie altyd by John saak gemaak nie solank hy sy punt kon aanteken en indruk kon maak.'[239]

Aan die einde van sy 1935-termyn as voorsitter het Beyers se voorsittersverslag melding gemaak van die verskeidenheid prestasies gedurende die afgelope jaar. Daarin spreek Bey ook sy hoop uit dat daar in die toekoms `n oudlede-aand georganiseer sou word.[240] Die oudlede van

---

[232] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 7 April 1934.
[233] C.F.B. Naudé, "Die Universiteits-Debatsverening," *Stellenbosse Student*, Maart 1934, p. 38.
[234] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 26.
[235] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 23 Junie 1934.
[236] "Smouserige Debatsverenigings," *Stellenbosse Student*, Mei 1936, p. 71.
[237] Dames redenaars bekers, Damesaande, gereelde deelname van die damestudente, was onderwerpe oor vroue op kampus.
[238] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 3 November 1935.
[239] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 26.
[240] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 3 November 1935.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vereniging, wat meestal dosente aan die US was, het dikwels die debatte kom bywoon en praatjies kom lewer. Twee van hierdie prominente oudlede wat gereeld betrokke was by die vereniging was die teoloë BB Keet – `n goeie huisvriend van Bey se pa – en die kontroversiële prof. Johannes du Plessis.[241] Du Plessis se teologie het `n groot impak op die Kweekskool, die NG Kerk en op Beyers Naudé gehad. Derhalwe is dit belangrike om die twispunte tussen Du Plessis en die NG Kerk, bekend as die Du Plessis-saak, uit te lig.

Du Plessis se teologie het reeds in 1912 opslae gemaak toe hy as redakteur van *De Kerkbode* benadruk het dat NG Kerk-dominees, soos dit toe in die buiteland was, van die kansel af die resultate van Hoër Kritiek moes preek.[242] Hoër Kritiek is gebaseer op die idee dat die Bybel `n dokument is wat binne `n bepaalde konteks geskryf en nie as `n bron van bonatuurlike openbaring benader moes word nie. Die resultaat hiervan is dat die studie van argeologie, linguistiek, mitologie, wetenskap en ander soortgelyke vakgebiede belangrike hulpmiddels word vir die studie van die Bybel.[243] Om hierdie idees meer blootstelling te gee, het Du Plessis die teologiese blad *Het Zoeklicht* in 1923 begin. Die doel van die blad was vir 'manna van alle rigtings' om deel te raak van `n oop gesprek rondom Hoër Kritiek, al het dit tot vurige polemieke gelei.[244] Dit het ongemak in sekere kerkkringe veroorsaak en in 1928 lê die Kuratorium[245] `n klag voor die Ring van Stellenbosch. Die kuratore het gevoel dat die teologie wat Du Plessis in *Het Zoeklicht* propageer in teenstelling was met sy legitimasiebelofte en dat dit die gesag van die Skrif ondermyn. Die Ring van Stellenbosch het Du Plessis onskuldig hieraan bevind, maar daar was wel sekere ontevredenes wat appèl aangeteken het by die Sinode van 1928. Die Sinode aanvaar toe die appèl en Du Plessis word skuldig bevind aan die oorsponklike klag teen hom. Die Ring van Stellenbosch moes toe besluit oor die stappe teen Du Plessis, maar na `n lang sitting spreek die Ring hom vry van alle klagtes. Hierdie heen-en-weer besluitneming het die kompleksiteit, asook die tweedrag rondom Hoër Kritiek in die NG Kerk, aangedui.[246]

---

[241] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 10 Maart 1934. & US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 16 Maart 1935.
[242] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 168.
[243] L. Koorts, *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme*, p. 57.
[244] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 182.
[245] Die Kuratorium is die liggaam wat dien as `n skakel tussen die NG Kerk en die Kweekskool om akademiese vereistes en teologiese vraagstukke van die NG Kerk te konsolideer.
[246] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 184.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die saak het toe helaas in die burgerlike geregshof gedraai toe Du Plessis nie die voorwaardes van die Sinode van 1930 wou na kom nie. Die Kuratorium het hom toe afgedank en Du Plessis het hom gevolglik na die Kaapse Hooggeregshof gewend ten einde die minderheid wat hom tot sover openlik ondersteun het gelyk te gee en om enige toekomstige grys gebiede rondom Hoër Kritiek en legitimasie uit te skakel. Die uitspraak was uiteindelik ten gunste van Du Plessis. Du Plessis het toe `n rits voorwaardes aan die Kuratorium gestel ten opsigte van sy heraanstelling, maar hulle kon dit nie nakom nie. Du Plessis se dienste as professor is beëindig, maar sy salaris en pensioenvoordele het bly staan.[247]

Hierdie saak was alombekend in kerkkringe, maar ook op Stellenbosch. Du Plessis is `n maand voordat Beyers op Stellenbosch aangekom het reeds afgedank en hy het nie meer by die kweekskool gewerk nie. Tog het Beyers en Du Plessis se paaie gekruis toe Beyers nog `n voorgraadse student was, voordat Bey besluit het of hy teologie sou studeer of nie.[248] Stellenbosch was `n baie klein en hegte gemeenskap in die 1930`s en daarom is dit nie vreemd dat hulle mekaar geken het nie. Presies hoe hulle paaie gekruis het, is wel nie duidelik nie. Dit is waarskynlik deur die UDV waar Beyers as voorsitter kontak sou hê met prominente oud-UDV-lede wat nog aktief was by die vergaderings. Daar is ook `n moontlikheid dat hulle deur die CSV ontmoet het waar beide Du Plessis en Beyers betrokke was. Nietemin, Beyers het besoek afgelê by Du Plessis se huis waar Du Plessis elke Sondagaand studente ontvang het. Hierdie informele teologiese forum is dopgehou deur die meer konserwatiewe elemente van die Kweekskool en NG Kerk. Daar was `n ontevredenheid oor hierdie 'kuiery', maar Beyers het homself nie daaraan gesteur nie. In daardie stadium het hy nie die kompleksiteit van die Du Plessis-saak begryp nie. Bey het wel een aand vir Du Plessis gevra oor die saak. 'Dis `n kwessie van eenvoudige, noukeurige Skrif analise van die oorspronklike Griekse teks van die Nuwe Testament', het Du Plessis geantwoord.[249] Hy het bygevoeg dat 'nooit, in enige opsig, wou [hy] die goddelikheid van Christus aantas nie.' Deur sy idee van Hoër Kritiek het Du Plessis die kwessie van die Persoon van Christus aangespreek. Dit beteken dat Jesus, as die vleeswording van God, `n persoon was en nie in sy menslike vorm die Goddelike eienskappe van alomteenwoordigheid, almag, en alwetendheid gehad het nie.[250] Volgens hierdie

[247] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 181.
[248] Johannes du Plessis is op 25 Februarie 1935 oorlede aan `n hartaanval. Die verhouding tussen hom en Du Plessis waarvan Beyers in sy biografie skryf, moes dus voor sy MA- en teologiese studies gebeur het.
[249] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 25.
[250] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 173.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Christologiese lyn is Hy ter selfde tyd ten volle God, maar ook ten volle mens. Hierdie twee stellings staan nie teenoor mekaar nie, maar as`t ware in spanning met mekaar om die Drie-eenheid beter te verstaan. Du Plessis het sy vraagstelling rondom die Persoon van Christus aan die hand van Filippense 2:7-8 vir Beyers probeer verduidelik: 'maar [Hy] het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.'[251] Du Plessis het die klem gelê op *ontledig* en bevraagteken wat dit beteken en wat die implikasie daarvan was vir `n verstaan van die Persoon van Christus.[252]

Beyers se belewenis van Du Plessis was baie positief. Hy het hom opgesom as iemand met baie gawes en `n ontsaglike kennis van sending, regoor die wêreld, maar veral in Afrika. Die manier hoe Du Plessis homself sterk uitgedruk het, dat as die NG Kerk nie haar sendingsroeping sou nakom nie, daar probleme sou voorlê vir die Kerk, het Beyers beïndruk.[253] Beyers het teen die tyd reeds `n agtergrond gehad oor sending weens sy pa se oortuiging dat die Afrikaner die mandaat van God gehad het om die swart bevolking deur sending te bekeer. Dit was toe die meer algemene opvatting rondom sending. Jozua Naudé, wat `n tydgenoot van Du Plessis was, se idees rondom sending kan as verteenwoordigend van die hoofstroomidees hieroor gesien word. Du Plessis, aan die ander kant, is die voorste voorbeeld van `n alternatiewe stem ten opsigte van sending binne die Afrikaner-hoofstroom van daardie tyd.[254] Du Plessis het meer filosofies te werk gegaan met sy oortuigings rondom sending en het teologies nagedink oor wat sending vir die Koninkryk van God beteken. Hy het onderskeid getref tussen die rol van sending tot voordeel van die Kerk en van die volk. Die Kerk moes haar opdrag van sending uitvoer ten bate van God. Hierinteen het Jozua die Afrikaner-volk se belange deur middel van sending bevorder, veral ten opsigte van die opheffing van die armblankes. Die nasionalistiese idees van vaderlandsliefde en volksliefde was vir Du Plessis steeds belangrik, maar die liefde vir die mensdom en vir Christus het hy hoër geag.[255] Beyers het by Du Plessis `n idee begin kry van die rangorde van identiteitsvorming vir `n gelowige – God en Kerk bo volk – wat hom later sou help om moeilike besluite in sy lewe te maak.

---

[251] Die Bybel, Fil 2:7-8, Afrikaanse-vertaling, 1933/53.
[252] C.F.B. Naudé, *My Land van Hoop*, p. 25.
[253] *Ibid.*. Beyers maak ook hier melding dat rassesegregasie nie in die gesprekke rondom sending met Du Plessis opgekom nie.
[254] R. Müller: "Afrikaner socio-theological discourse in the early twentieth century: War and mission in J. F. Naudé and J. du Plessis," *Historia* (59), (2), 2014, p. 310.
[255] *Ibid.*, p. 323.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vir Beyers was die figure met wie se paaie hy gekruis het gedurende sy tyd by die UDV nie die enigste vormende faktor nie. Aan die einde van die 1935-termyn as voorsitter van die UDV het Bey homself nie vir herverkiesing verkiesbaar gestel nie. Hy het weer by die vereniging se musiekkomitee aangesluit.[256] Kort daarna word hy verkies as die lid van die redenaars beoordelingskomitee – `n posisie wat hy vir twee jaar behou het – wat hom weereens forseer het om uit die musiekkomitee te bedank.[257] Bey het aangehou om aktief deel te neem aan debatte en gesprekke by byeenkomste. In `n debat oor watter van die drie lande – Engeland, Rusland, of Italië – die belangrikste rol speel in die destydse internasionale toestande, is Bey die titel van `n 'kommunistiese Semiet' gegee nadat hy die saak van Rusland bepleit het. Hierdie titel het hy nie gekry oor sy politieke oortuiging nie, maar omdat hy so goed kon debatteer vir iets waarin hy nie noodwendig glo nie. Hy het homself weliswaar ingeleef in sy gegewe standpunt. Voor `n groot verhoor is die onderwerp op `n 'uitstekende wyse bepleit'. Bey het 'deur sy rake karakteristiek' sy opponente teengestaan. Hy was die 'ernstige kommunis, wat die vuurdoop deurgemaak het'. Hy wen ook hierdie debat oortuigend – 26 stemme vir Bey, teenoor vyf en sewe stemme vir sy twee opponente, onderskeidelik.[258] Met so oorwinning en die vermoë om die `n saak wat hom nie na aan die hart gelê het nie te verdedig, het hy bewys dat die vereniging van hom `n kranige debatteerder gemaak het.

Op een van die UDV-vergaderings is verskoning gemaak vir voorsitter Beyers 'wat afwesig is weens die feit dat hy sy aapinstink beoefen in die berge'.[259] Bey was op `n uitstappie saam met die populêre Berg- en Toerklub (BTK) van die US – `n verenging wat `n groot rol in die vorming van Beyers Naudé gespeel het.

`n Advertensie in die *Stellenbosse Student* het Beyers se oog alreeds vroeg in sy eerste jaar gevang. Dit het verwys na '`n organisasie waardeur persone van albei geslagte vry met mekaar kan omgaan en nie aan bogkonvensies hoef te steur nie.'[260] Hierdie was presies die "bogkonvensies" waaraan Beyers se ma hom onderwerp het. Dit het vir hom gelyk na presies die vereniging wat hom uit die eng reëls van sy ouerhuis sou laat wegbreek. Die BTK was `n vereniging wat staptoere rondom Stellenbosch gereël het, asook toere oor vakansies na ander dele van die Suid- en Wes-Kaap. Beyers se liefde vir die natuur, wat hy by sy pa aangeleer het

[256] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 3 November 1935.
[257] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 4 April 1936.
[258] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 6 Junie 1936.
[259] US Argief, SR-versameling, SR 92, Univ. D. S. Notule 1926-1939, Notule, 4 Mei 1935.
[260] Upha, "Wanderlust," *Stellenbosse Student*, April 1932, p. 70.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op hulle reise in Swaziland en die Karoo, het deur die BTK meer lewe gekry. Soos duidelik uit die bostaande aanhaling afgelei kan word, was die toere `n geleentheid vir die mans- en vrouestudente om mekaar meer intiem te leer ken. Daarom het die BTK ook alom bekend gestaan as die "Bok en Trouklub". 'Bok' was `n algemene studenteterm vir `n damestudent in die 1930`s, maar volgens sommige studente was die term neerhalend.[261]

By die BTK het Beyers baie in eie reg ontwikkel. Sy broer was nie deel van die BTK nie, dalk deels oor sy swak gesondheid. Die BTK was dus `n spasie waar Beyers sonder enige bande met sy gesin kon floreer en uit die vertellings van die BTK Sketsboek blyk dit of hy ontpop het as `n baie gesellige en populêre jong man. As daar na `n moeilike klimmery kans was, het Bey dit geneem 'om ongesensorde stories te vertel',[262] en met sy staaltjies en grappies was Bey se mede-toeriste, soos die BTK-ners na hulself op toer verwys het, 'flou gelag'.[263] Oral waar die BTK-ners gekom het, het Bey grappies gemaak om die groep te vermaak. Hy was ook bekend vir sy skerp sin vir humor. Die sogenaamde groot haan Beyers was 'yslik belangrik en hy mag somar [*sic.*] goed sê, waarop jy niks kan terug doen nie,' het die Stellenbosse Student in 1937 verklaar.[264] Op `n toer in die Sederberge is Beyers se populariteit bevestig toe die BTK-bestuur vroeër wou teruggaan huis toe. Beyers en sy vriend Reefs het nie hiervan gehou nie en net daar bars Bey uit in sang uit protes:

Nee, Bestuur die plan is baie skeef
en dis tog al te krom
en die trein loop nes 'n kreef
Nee! ons wil daar Dinsdag kom! [265]

Die uiteinde is dat Bey se mede-toeriste die aand teen die bestuur stem om langer op toer te bly. Hierdie tradisie van spontane sang op die BTK-toere was vir Beyers nie vreemd nie. Aande om die kampvuur, of spontaan op `n rusplek, sou hy tot almal se vermaak van volksliedjies en eie komposisies, tot opera sing.[266] Kort na hy met sang sou insit, volg die res en so het hy gereeld die gees op toere bepaal. Later het Beyers as dirigent van die BTK-sanggroep opgetree

[261] J.N.T., "Inteendeel," *Stellenbosse Student*, April 1933, p. 50.
[262] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Sonkop Uitstappie 6 Mei 1935, Daguitstappies 1935, 10 Desember 1935.
[263] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Koue Bokkeveld September 1936, 27 September 1936.
[264] "B.T.K. Toer na Knysna en Keurboom," *Stellenbosse Student*, Mei 1937, p. 118.
[265] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Clanwilliam-Wupperthal-Warmbronne Oktober 1935, 8 Oktober 1935
[266] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, De Doorns-Worcester-Tulbagh April 1939, 24 April 1939.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tydens oefeninge voor groot staptogte,[267] en hy en Frans Geldenhuys was afgevaardig op eie versoek om `n BTK liederebundel saam te stel.[268]

Nog `n rigting waarin Beyers sy oudste suster gevolg het, was om betrokke te raak by studente politiek. Hymne was lid van die 1933/1934 Studenteraad (SR) onder die voorsitterskap van Ben Marias,[269] en die jaar daarna saam met Danie Craven en ander Wilgenhoffers.[270] Beyers het aan die einde van 1934 homself verkiesbaar gestel vir die SR en is toe ingestem op die SR vir 1935. By die eerste SR vergadering is hy verkies tot die uitvoerende bestuur as assistent-sekretaris van die liggaam. Bey is ook ingedeel as die assistent-sub-redakteur van NUSAS-publikasies.[271] In hierdie jaar het Beyers se bydrae tot vergaderings nie veel verder as administratiewe kwessies gestrek nie. Tog was hy `n baie aktiewe lid op hierdie vlak en het meer insette gelewer as baie van die SR-lede – dit sluit die sekretaris in. Die eerste kwessie wat Bey geopper het, was die stemming van die klavier in CSV-saal.[272] Sy liefde vir musiek, asook sy affiliasie met die CSV, moes hom in hierdie kwessie gelei het. Vir `n eenvoudige saak soos hierdie was die proses van voorlegging tot besluitneming en uiteindelike uitvoering van die besluit baie tydsaam. Ander sake wat Bey by vergaderings gedryf het, was die druk van koeverte,[273] die druk en verspreiding van die konsepgrondwet van die SR,[274] en die registrasie van

Figuur 6 Die US se Studenteraad van 1935. Beyers is voor heel links, met Ilse agter hom. (US Argief, Watson-Lockley-versameling, 02367.)

[267] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Liedere Oor Die Radio November 1937, 7 November 1937.
[268] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Notule van Bestuursvergadering, 25 Maart 1936, p. 240.
[269] "Vaste-Komitees van die S.V.R. (1933)," *Stellenbosse Student*, April 1933, p. 49. & "Felicitations!," *Stellenbosse Student*, Maart 1934, p. 14.
[270] "Vaste Komitees," *Stellenbosse Student*, Maart 1934, p. 31.
[271] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 27 April 1935. Hierdie notule is verkeerdelik April 1935 gedateer. Dit is Maart 1935 se notules.
[272] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 27 April 1935.
[273] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 1 April 1935.
[274] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

universiteitskleure,[275] wapens, en stoffasie van sportklubs.[276] Die ritme van die studentegemeenskap op Stellenbosch was verweef met dié van die kerk en Bey het die punt duidelik gemaak toe hy op `n vergadering versoek het dat geen Intervarsity-aktiwiteite oor Pinkstertyd sou plaasvind nie.[277] Pinkster het ook vir Beyers sy eie bekeringsmoment verteenwoordig en dus was hierdie saak vir hom belangrik. Bey het gedien op die waarderingskomitee,[278] asook `n komitee om ondersoek in te stel na die moontlikheid van finansiële hulp aan NUSAS-parlementslede.[279] Daar was `n kwessie rondom inflasie in koste wat die administrasiekantoor van die universiteit gevra het vir administratiewe werk wat die kantoor vir die SR verrig het. Bey was op die komitee om vir laer kostes te onderhandel, waarin die komitee dan ook geslaag het.[280]

Aan die einde van 1935 moes die SR-funksie gereël word en Beyers was toe die enigste man op die komitee wat daarvoor verantwoordelikheid geneem het. Die sekretaris van die SR het tong-in-die-kies met Bey daaroor gesimpatiseer, maar dit was nie per toeval dat hy bereid was om met die reëlings te help nie.[281] Een van die vrouestudente wat by die reëlings betrokke was, was Ilse Weder, Beyers se meisie. Bey het op een van die BTK se naweek-toere kennis gemaak met die jong Duitse meisie[282] – klein en fyn gebou, met bruin hare en `n sagte glimlag. Ilse Hedwig Weder was die dogter van Morawiese sendelinge en is gebore en het grootgeword op Genadendal sowat 120 km buite Stellenbosch. Dit is Suid-Afrika se oudste sendingstasie. Sy het in 1931,`n jaar voor Beyers, as eerstejaar op Stellenbosch aangekom, waar sy BSc studeer met `n universiteitsbeurs wat haar finansieel ondersteun het.[283] In haar tweedejaar moedig `n vriendin haar aan om by die BTK aan te sluit en Ilse raak toe in 1932 deel van die vereniging. Sy het gevoel dit sal haar die geleentheid gee om ook die land te verken.[284]

Tydens `n Paas-toer in 1935 het Beyers en Ilse iets in mekaar begin raaksien. Die twee het op `n reënerige Knysna mekaar baie goed leer ken. Beyers was nie `n vreemdeling vir aandag wat hy by die teenoorgestelde geslag gekry het nie – tot in sy laaste jaar op kampus is daar

[275] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 3 Junie 1935.
[276] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 13 November 1935.
[277] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 5 Augustus 1935.
[278] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 5 April 1935.
[279] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 6 Mei 1935.
[280] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 5 Augustus 1935.
[281] US Argief, SR, SR 4, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, Notule, 9 September 1935.
[282] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 21.
[283] *US Jaarboek 1931*, p. 62.
[284] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 21.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gewaarsku teen Bey se manewales onder die vrouestudente.[285] Maar hy en Ilse het om die kampvuur gesels oor goed wat hulle in gemeen het – sy was sekretaris van die damestak van die Centrale Tennisklub van die US en dit was die enigste sport waarin Beyers vaardig was. Tog was daar meer verskille tussen die twee verliefdes. Beyers was `n trotse Afrikaner met `n gevestigde bloedlyn wat al agt geslagte lank in Suid-Afrika gevestig was, terwyl Ilse `n eerste generasie Duitser in Suid-Afrika is wat eers later in haar lewe Afrikaans as haar moedertaal aangeneem het. Beide Ilse en Bey het uit baie sterk Christelike huishoudings gekom (haar pa was ook in die bediening) maar uit verskillende kerklike tradisies. Ilse was baie meer akademies ingestel as Beyers, wat meer aandag gegee het aan sy sosiale- en verenigingslewe. Sy het haar BSc graad met lof geslaag waarna sy `n MSc ook met lof voltooi het en waarvoor sy die Koningin Victoria-Stipendium ontvang het. Al het Beyers tennis gespeel op universiteit, was dit meer `n sosiale aktiwiteit as `n kompeterende sport vir hom. Daarenteen was Ilse baie sportief. Nie net het sy vir die universiteit tennis gespeel nie, maar sy was ook vir twee jaar lank die US se hokkiespankaptein.

Die geselsery, singery, stappery en aande saam op toer gespandeer, het daartoe gelei dat Beyers en Ilse aan die einde van die 1935 Paas-toer op Knysna `n romantiese verhouding begin het.[286] Die 'Bok en Trouklub' het vir die twee verliefdes getrou gebly aan sy naam. Later die jaar, in die lente-uitgawe van die *Stellenbosse Student*, was dit duidelik die liefde tussen die twee bot toe Ilse aangehaal word: 'In Stellenbosch gons weder die Beye…'[287] Beyers sou 'destyds nooit kon dink dat verlief raak `n mens se lewe so ingrypend kan verander nie.'[288] Hy het nog vir lank daarna liries geraak oor hierdie ontmoeting en het onmiddellik geweet hy wil met Ilse trou.[289] Ilse se tuisdorp, Genadendal, het gou Beyers se tweede huis geraak. Oor kort vakansies het hy en Ilse daar gaan kuier en die BTK-toere daarheen het ook `n gereelde uitstappie geraak.

1935 was ook die jaar dat hy voorsitter van die debatsvereniging was en in die tweede helfte van die jaar was hy op die huiskomitee (HK) van Wilgenhof na `n skommeling in die leierskap van die HK.[290] Verder was hy in hierdie jaar deel van die koshuis se dissiplinêre liggaam, 'Die

[285] "Geluk!," *Stellenbosse Student*, Mei 1939, p. 106.
[286] Hierdie datum is afgelei van `n onderhoud waarin Ilse Naudé vir C. Ryan vertel het dat sy en Beyers oor `n BTK-Paastoer op Knysna hulle verhouding begin het. Sy noem geen datum nie, maar die BTK notules en sketsboeke verwys net na een Paastoer wat op Knysna was en dit was in 1935.
[287] "Hot Blots," *Stellenbosse Student*, September 1935, p. 212.
[288] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 29.
[289] Onderhoud met Johann Naudé, Johannesburg, 7/09/2017.
[290] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, p. 94.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 7 Beyers Naudé voor heel regs, op die 1935-HK van Wilgenhof. Danie Craven, voor tweede van links, is primarius. (US Argief, Watson-Lockley-versameling, 2283.)

Nagligte'.[291] In `n stadium was die Nagligte die hoogste gesag in Wilgenhof, maar in die tyd dat Beyers deel was van die sogenaamde "Gestapo"[292] van Die Plek het hulle saam met die HK gewerk aan dissiplinêre sake. Dronkenskap, die behandeling van meubels, die verhouding tussen eerstejaars en seniors, dobbelary en die bywoning van huisgodsdiens was onder die gesamentlike jurisdiksie van die HK en die Nagligte. Sake rondom die bewaring van stilte, die afslaan van ligte, kleredrag binne en buite die koshuis, behoorlike gedrag in die leeskamer en algemene reëls oor orde was egter slegs die Nagligte se verantwoordelikhede.[293] Laasgenoemde was so vaag dat dit die Nagligte in staat gestel het om enige iets wat hulle voel daaronder geval het kon dissiplineer op die wyses van hul keuse. Met `n knuppel, `n assegaai, of selfs `n rewolwer het hulle na 1:00 die oggend gewoonlik vermeende oortreders in hulle kamers gaan haal. Tog was die oortreders se vooraf-vrees die Nagligte se grootste wapen. 'Die heer sal opstaan en ons volg', beveel die middernagtelike regters oortreders. Beyers en die span kon dan straf soos hulle goed dink. Gewoonlik is die oortreders badkamer toe geneem deur die gemaskerde bende waar hy tot sy vernedering `n toespraak moes lewer en ongemaklike vrae beantwoord. In die koudste ure van die nag is oortreders ook met water gegooi, maar later het die Nagligte self ook nat geraak en toe besluit om die oortreders sportvelde toe te neem waar `n paar fisiese uitdagings vir hulle voorgelê het. Die strawwe het al hoe strawwer geraak. Die Nagligte wou die min slaap en baie inspanning vir hulself die moeite werd maak. In `n stadium het hulle so ver gegaan om 'oortreders' met kussings te versmoor. Die strawwe het van vernedering tot lae vlakke van marteling gewissel en Bey en broer Joos was deel van die span wat dit moes uitvoer. Soos met die doop, het Bey dit gesien as `n gesonde deel van die koshuiskultuur. Die seniors het geglo dat die waarde van hierdie "Gestapo" was dat dit die nuwelinge gehelp het om nederig en onderdanig te bly. In die koshuis was dit dalk aanvaar, want Wilgenhoffers het dit verstaan. Die HK van 1950 het in koshuis se

[291] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, p. 95.
[292] *Ibid.*, p. 13.
[293] *Ibid.*, p. 7.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gedenkboek beweer: 'Alles het in `n goeie gees geskied'.[294] Beyers kon later in sy lewe meeste van die Afrikaner-denke van sy dag afskud, maar sy liefde en respek vir hierdie koshuistradisies het bly staan. Dit was deel van Afrikaner-kultuur vir Beyers. Hy het dit nie as student krities benader nie en ook toe nie later as volwassene nie.

1935 was dus `n besige jaar vir Bey op verenigings- en leierskapsvlak. Dit was ook sy eerste jaar as `n meestersgraadstudent. Aan die einde van 1934 het Beyers sy BA graad in tale met `n onderskeiding in Hollands III ontvang.[295] Die vraag wat hy drie jaar vantevore uitgestel het, moes hy nou beantwoord: is hy geroep om `n dominee in die NG Kerk te wees? Bey was nie oortuig van hierdie roeping na sy voorgraadse studies nie.[296] Weens sy aanleg vir tale en sy goeie verhouding met prof. Fransie Malherbe wat by Beyers `n diep liefde vir die Afrikaanse taal losgemaak het, het hy in 1935 ingeskryf vir `n MA-graad in Afrikaans-Nederlands. Dit was ook die jaar waarin Hymne `n tydelike aanstelling as dosent in die Departement Afrikaans-Nederlands van die US gekry het.[297] Teen daardie tyd het hulle jonger suster Adla ook by Beyers, Joos, en Hymne op die kampus aangesluit. Adla het haar BSc-graad in 1936 voltooi – ook met behulp van `n universiteitsbeurs. In 1937 het sy hierdie graad aangevul met dieselfde kwalifikasie as Hymne, naamlik die Sekundaire Onderwysersdiploma, ook met lof.[298] Stella was die vyfde Naudé-kind om in die 1930`s by Maties te kom studeer. In 1935 begin sy met `n BA-graad wat sy in 1938 voltooi. Net soos die ander drie susters eindig sy haar studies af met die Sekundaire Onderwysersdiploma.[299]

Beyers se tesis, *Die Waardering van Poësie: Enkele aspekte van die vraagstuk toegelig met voorbeelde uit die Afrikaanse poësie*, het `n wye versameling van digters en hul werke gedek. Die doel van die verhandeling was 'om die digterlike uitings van die woordkunstenaars kortliks na te gaan en sekere aspekte daarvan nader te belig om sodoende deur die bespreking daarvan `n beter insig in die werk van die digters te kry'. Bey het gehoop dat daar '`n innige waardering vir die hoogste uitings van die menslike siel' voortgebring kan word deur die werk.[300] Om dit te doen, kyk Bey in die tesis na die aard en wese van poësie, verskillende poëtiese vorme en

[294] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, pp. 13-14.
[295] *US Jaarboek 1935*, p. 70.
[296] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 25.
[297] "Welkom!," *Stellenbosse Student*, Augustus 1935, p. 152.
[298] *US Jaarboek 1937*, p. 76 .
[299] *US Jaarboek 1939*, p. 69.
[300] C.F.B. Naudé: "Die waardering van poësie: Enkele aspekte van die vraagstuk, toegelig met voorbeelde uit die Afrikaanse poësie," ongepubliseerde MA tesis, Universiteit Stellenbosch, 1936, p. iii.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vermoë van poësie.[301] Hy maak gebruik van `n verskeidenheid digters, onder andere AD Keet, Uys Krige, CJ Langenhoven, NP van Wyk Louw, Eugéne Marais, Totius en sy eie dosent, DF Malherbe.[302] Dit was `n gemiddelde werkstuk en soms het nalatigheid die oorhand gekry. Malherbe se kommentare soos 'Lomp gestel', 'Bronne kan ten minste *korrek*[303] aangehaal word' en 'beroerd gestel', het hierdie nalatigheid uitgewys. Daar is ook sommige ietwat sarkastiese kommentaar, soos toe Beyers `n analise van een van NP van Wyk Louw se gedigte bespreek het. Malherbe vra in sy kommentaar: 'Is dit nou ook al *poësie*?'[304] Beyers se goeie verhouding met Malherbe het hom nie van kritiek gespaar nie, maar die tesis was goed genoeg sodat hy sy MA-graad in 1936 ontvang.

Toe aan die einde van die studie vir die tesis nader, moes Beyers weer die vraag oor sy roeping as dominee beantwoord. Die antwoord was weereens nie so duidelik vir hom gewees nie. Beyers het in daardie stadium `n paar opsies gehad om te oorweeg. Sy oorsponklike beroepskeuse om regte te studeer, het weer opgekom, maar daar was nie geld daarvoor nie. Prof. Christie Schumann, die destydse ekonomiedosent en bekende ekonoom, het Beyers by verskeie geleenthede gevra om die ekonomiese wêreld te betree. Schumann het gevoel die sakewêreld het 'goeie' Afrikaners nodig en volgens Schumann was Beyers `n voorbeeldige Afrikaner in daardie stadium. Hy het ook aangebied om Beyers te help om in daardie rigting te beweeg. Beyers het dit sterk oorweeg, maar hy het besef dat hy nie daarvoor beskore was nie.[305] Hy het in verskeie portefeuljes op verskillende besture en verenigings waarby hy betrokke was gedien, maar die enigste portefeulje waarby hy nêrens betrokke geraak het nie was die finansies. Dit wys ook daarop dat hy nie noodwendig vir die sakewêreld aangelê was nie. `n Ander rigting wat Beyers oorweeg het, was om aan te gaan met sy Afrikaans-Hollandse studies. Hy het ingeskryf vir `n D.Litt. in Hollands vir die 1936-akademiese jaar en hy het selfs op die klaslys verskyn vir daardie kursus.[306] Maar deur `n proses van eliminasie van sy opsies het Bey besluit om in 1936 te begin met sy teologiese studies aan die US se Kweekskool. Die standaard van teologiese opvoeding was redelik laag in daardie tyd en baie studente het in hulle eerste

[301] C.F.B. Naudé: "Die waardering van poësie: Enkele aspekte van die vraagstuk, toegelig met voorbeelde uit die Afrikaanse poësie," ongepubliseerde MA tesis, Universiteit Stellenbosch, 1936, p. iii.
[302] *Ibid*., p. 205.
[303] Skrywer se eie klem.
[304] *Ibid*., bladsy onbekend.
[305] C.F.B. Naudé, *My Land van Hoop*, p. 26.
[306] *US Jaarboek 1937*, p. 79.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jaar ook ander grade voltooi. Beyers het sy MA verhandeling in 1936 voltooi, terwyl Frans Geldenhuys ook sy LL.B voltooi het tydens hulle teologiese studies.[307]

Tot in daardie stadium het Beyers reeds `n teologiese agtergrond ontwikkel wat deur verskeie elemente beïnvloed is. Jozua het `n groot invloed gehad op Bey se vorming as die nasionalistiese Afrikaner-dominee wat hy op Graaff-Reinet was. Van hom het Beyers blootstelling gekry aan `n teologie waar die kansel `n politieke platform was. Hierdie politieke platform het egter net een spesifieke groep, die Afrikaners, gedien, en somtyds ten koste van ander groepe. Beyers se vryheid op Stellenbosch het ook `n impak op sy teologiese vertrekpunt gehad. Hier was hy blootgestel aan meer komplekse kwessies, soos genderrolle en party-politiekery. Hy het ook bewus geraak van die kompleksiteite van leierskap. Dit was anders as op Graaff-Reinet waar sy pa kwessies aangespreek het en Bey dit net waargeneem het. Beyers het nou self begin betrokke raak in die gemeenskap as leier. Daarby het sy verhouding met prof. Du Plessis ook `n invloed op sy teologiese denke gehad voor hy by die Kweekskool ingestap het. Die teologiese gesprekke waaraan Beyers met Du Plessis deelgeneem het, het hom `n agtergrond gegee in die vryer denke van die teologie van die tyd, veral ten opsigte van `n kontekstuele verstaan van die Bybel en die belangrikheid van sending. Beyers het wel nog steeds geglo in die segregasie van kerke. Hy het glad nie die Bybelse regverdiging wat die Afrikaner-nasionaliste in die kerk voorgehou vir segregasie bevraagteken nie.[308]

Die Du Plessis-saak het `n blywende impak op die Kweekskool gehad. Vanaf 1926, toe Du Plessis se *Het Zoeglicht* die eerste keer verskyn het, asook die teenvoeter vir daardie idees, *Die Ou Paaie*, was daar verdeeldheid in die Kweekskool. Die verdeeldheid was opvallend 'tot in die banke van [die] Kweekskool' met studente wat óf `n *Ou Paaie*-man óf `n *Zoechlicht*-man was.[309] Die Du Plessis-stryd met die kerk het verdere tweedrag gebring. Maar teen die tyd dat Beyers by die Kweekskool ingestap het, was die inrigting weer onder streng beheer en het die ou paaie van nasionalisme en konserwatisme weer geheers. Die Kweekskool het heeltemal die gees van vrye denke gedemp om nie weer tweedrag in dié inrigting te veroorsaak nie. Beyers het as jong tokkelok – die noemnaam van Kweekkool-studente – gevoel die kerk het uit vreesbevangenheid toegesien dat toekomstige teologiestudente 'veilig' en 'betroubaar' sou

[307] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 29.
[308] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 25.
[309] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 182.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wees.[310] Studente moes nou onderdanig wees aan hulle leermeesters, die sillabus en die reëls van die kuratorium. Toe `n groep van 48 studente in prof. Lategan se homiletiek klas `n beswaarskrif aan die kuratorium skryf oor sy lesings en optrede, moes hulle hoor dat van hulle 'verwag word om hulle neer te lê by die vasgestelde leerplan.'[311]

Hierdie streng en eng omgewing was nie vir Beyers stimulerend nie. Sy dosente kon hom nie veel bied nie, want volgens Bey was hulle akademiese kwalifikasies bloot nie op standaard nie. Die uitsondering was prof. Danie Malan wat kerkgeskiedenis aangebied het, maar 'daar het nie veel besieling van hom uitgegaan nie.' Dit was proff. E.E. van Rooyen en D.G. Lategan wat Bey laat voel het dat hulle nie reg laat geskied het aan hulle vakke nie.[312] Hierdie dosente was ook baie streng gewees. Van Rooyen was die eerste dosent wat begin het om klasregister te neem en Lategan het van sy studente verwag om skriftelik jammer te sê as hy hulle uit sy klasse weens `n verset teen dissipline gejaag het.[313] Na Beyers se vier jaar van wegbreek uit die streng hand van sy ouer huis, was hierdie styl in die Kweekskool dus nie vir hom genotvol nie. Die Kweekskool se fokus om 'betroubare' dosente aan te stel om potensiële probleme soos die Du Plessis-saak te voorkom, het daartoe gelei dat Beyers belangstelling in teologie verloor het. Hy het homself dus nie in sy teologiese studies verdiep nie.[314] In sy vier jaar aan die Kweekskool was hy slegs twee keer in die biblioteek gewees en dit was nie eers vir akademiese redes nie: eenkeer het `n professor hom gevra om die koster te gaan roep en die ander keer het hy `n vriend wat besig was om te studeer in die biblioteek gaan roep om te sê die dosent neem klasregister.[315] Lesings was ook vir Beyers `n stryd. Sy tydgenoot, J.S. Gericke, beweer dat in hulle vier jaar by die Kweekskool, hulle sowat 2 850 uur op die harde banke van die inrigting moes deurbring. Hy voeg by dat 'in die gewone gang van die lewe moet `n mens kan *staan* teen versoekinge', maar by die Kweekskool 'moet jy daarteen kan *sit*'.[316] Bey het teen die versoekings gesit, terwyl hy homself besig gehou het met sy miniatuur skaakstel. Hy en Frans Geldenhuys het gereeld agter in die klas gesit en skaak speel.[317]

---

[310] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 24.
[311] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 245.
[312] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 28.
[313] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, pp. 235-236.
[314] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 28.
[315] *Ibid.*
[316] I.L. Ferreira, "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1972, p. 236.
[317] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar was wel een Kweekskool-dosent vir wie Beyers `n groot waardering gehad het. Prof. BB Keet was teen die tyd welbekend aan hom. Keet was `n goeie vriend van sy pa en ook betrokke by die UDV as een van die alumni saam met Du Plessis. Na die Du Plessis-saak was Keet die enigste "Du Plessis-man" nog oor in die Kweekskool. Beyers gee toe dat Keet nie `n dinamiese prediker was nie. Bey het egter verby sy 'effe temerige stem' geluister om Keet se pitkos te benut. By Keet was daar `n diep waardering vir die ekumeniese wêreld en hy het gereeld studente blootstelling probeer gee aan buitelandse teoloë en strominge.[318] Dit was ook `n poging teen 'sektarisme' in die Kweekskool waarteen hy gewaarsku het.[319] Jare later sou Beyers steeds vir Keet ag as 'een van die diepsinnigste denkers wat ons Kerk nog in sy midde gehad het.'[320] Keet het so impak op Beyers gehad dat hulle paaie jare later weer sou kruis.

Beyers se Kweekskool-dae was dus nie so akademies-stimulerend of opwindend soos sy voorgraadse jare nie. Dit is dus nie verbasend dat sy Kweekskool-jare ook `n tyd was waar hy floreer het in sy verengings- en sosiale lewe nie. Dit is duidelik dat Beyers dieselfde ywer as sy pa gehad het. Al het sy studies nie noodwendig voorrang geniet nie, het hy steeds al sy vakke deurgekom. Daarby het hy nie teruggestaan vir enige verantwoordelikheid of posisie in verenigings waaraan hy behoort het nie. Tussen die debatte, BTK-toere, vergaderings, SR-verantwoordelikhede en koshuisaktiwiteite deur, het Bey steeds tyd vir stokperdjies gevind. Sakgeld vir die Naudé`s was maar skaars in die Depressiejare. Om ekstra geld het te maak, het Bey vir homself `n kamera gekoop en so begin hy toe by studentegeleenthede foto`s neem en verkoop.[321] Dit was `n tyd op Stellenbosch waar foto`s baie populêr begin raak het. Die *Stellenbosse Student* het vir die eerste keer fotokompetisies gehou en die nuutheid van foto`s was baie duidelik as die kwaliteit en

Figuur 8 Beyers Naudé met sy kamera op `n BTK-toer. Op BTK toere was foto`s ook baie populêr. (US Argief, BTK-versamling, BTK

[318] J.C. de Beer: "Prof. B.B. Keet (1885 tot 1974): Leraar en Hoogleraar in die Nederduits Gereformeerde Kerk," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1992, pp. 204-206.
[319] *Ibid.*, p. 226.
[320] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 28.
[321] *Ibid.*, p. 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderwerpe van dié foto`s in ag geneem word. Bey het soms bydraes na die *Stellenbosse Student* ingestuur.[322]

`n Ander stokperdjie wat Beyers in sy studentejare ontdek het, was motors. Studente wat van ver af kom om op Stellenbosch te studeer, moes per trein tussen die huis en Matieland reis. As studente wat self ver van die huis af was, het Bey en Joos `n geleentheid raak gesien. Die twee broers koop toe een vakansie op Graaff-Reinet saam `n kar. Om die koste van die kar te dek, en ook ekstra geld te maak, bied hulle rygeleenthede aan vir studente wat dieselfde pad as hulle moes ry. Op een van hierdie ritte breek die 'ou tjor' – `n Dodge – en die twee broers moes toe self langs die pad `n plan maak. Hulle gaan haal toe die onderdele by die naaste dorp en net daar langs die pad begin Bey leer hoe om aan `n kar te werk. Hy raak toe goed vertroud om `n motor se enjin uit te haal, die olie vervang en alles reg te maak en reg te hou.[323] Sy liefde vir karre het ook tot groot vermaak in die koshuis gesorg. Een aand na `n huisdinee het die twee Naudé-broers en twee Coetzee-broers besluit om `n 'ent in die maanlig te gaan ry'. Bey en Joos het `n ou Essex gereël as hulle vervoer vir die aand en die vier is toe in die motor op die pad Paarl toe vir hulle nagrit. Naby Klapmuts het die Essex 'skielik besluit dat dit nou slapenstyd is' en net daar gaan staan die motor. Die Coetzee-broers besluit toe om terug te stap Wilgenhof toe, wat `n 4-uur lange stap sou wees. Die Naudé`s bly toe by die Essex. Die oggend breek aan en die Coetzee`s stap in by Wilgenhof toe die etensklok lui, getooi in hul deftige aandpakke van die vorige aand. Kort op hulle hakke jaag die Naudé-broers met groot bravado die binnehof in met die Essex. Bey en Joos kon in die vroeg-oggend daglig die fout maklik raaksien en dus gou die pad van Klapmuts huiswaarts neem.[324] Bey se liefde vir motors het hom jare se genot na universiteit verskaf.

Uit die kattebak van die Dodge het Beyers en Joos `n interessante koerant verkoop waarvan die twee broers ook op die redaksie gedien het.[325] In die 1930`s was daar `n groep studente wat gevoel het die kampuspolitiek van die dag was te konserwatief en op 15 April 1932 is daar toe `n stem gegee aan dié groep in die vorm van `n studentekoerant met die naam *Pro Libertate*. Die koerant het geglo dat 'in die ontwaking van die individualiteitsbewussyn van elke student aan hierdie Universiteit lê die beste vooruitsig van die toekoms.' Dit was die doel van *Pro Libertate* om hierdie individualiteitsbewussyn te bespoedig. Dit wou wegbreek van die

[322] "Baie Dankie," *Stellenbosse Student*, Oktober 1939, p. 324.
[323] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 29.
[324] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, p. 65.
[325] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groepsidentiteit wat volgens die redaksie die kampus oorheers het. Tog was die fokus op die individualiteitsbewussyn tot voordeel van die breër universiteitsgemeenskap, volgens die koerant se bekendstellingsberig. Verder was *Pro Libertate* gegrond in die 'vryheid van denke en eerlikheid'.[326] In die koerant se vierde uitgawe het sy slagspreuk vir die eerste keer onder die titel verskyn: *A University should be a place of Light, of Liberty and of Learning*.[327] Die koerant wou homself posisioneer as `n aanvullende deel van die studentegemeenskap se bestaande gespreksforums, soos die *Stellenbosse Student*. Alhoewel *Pro Libertate* die *Stellenbosse Student* gesien het as `n forum wat die belange van die universiteit eerste stel en die studentegemeenskap tweede, was dit nooit die nuwe koerant se doel om vyandig teenoor die *Stellenbosse Student* te wees nie. Die *Stellenbosse Student* daarenteen het die ontstaan van *Pro Libertate* verwelkom en het nie dit as `n opposisieblad beskou nie. Tog het die *Stellenbosse Student* aangevoer dat terwyl hulle `n algemene en gebalanseerde blad is wat die hele studentegemeenskap dien, *Pro Libertate* `n sekere rigting voorstaan en propageer.[328] *Pro Libertate* was ook `n forum vir idees en gesprekke en was nie verslaggewend van aard nie – dit is waar die *Stellenbosse Student* se waarde gelê het.[329]

Anonimiteit was `n groot deel van *Pro Libertate* se waardes en die redaksie was altyd onbekend. Skrywes in die koerant het meestal nie name by gehad het nie, of is geskryf onder skuilname. Om hierdie anonimiteit te behou, was daar gereelde omset van die redaksie. Dit is dus nie duidelik wanneer Bey en Joos by die redaksie betrokke geraak het nie. Die redes waarom Beyers betrokke geraak het, is ook onduidelik, veral in die lig van die feit dat hy nie belang gestel het in politiek nie. Natuurlik was hy reeds van sy eerstejaar af deel van debatte en gesprekke by die UDV en *Pro Liberate* se doel om debatte te ontlok, was dus vir Bey aantreklik. Daarby was Beyers eerder `n mediator as `n standpuntvaste vegter soos sy broer. Deels van het Bey groot klem gelê op gesprek en hoe partye verskil van mekaar. Nog `n aantrekking tot *Pro Liberate* kon ook die koerant se fokus op individualiteit gewees het. Dit het teen die 'doodsheid, eenvormigheid en gebrek aan individualisme' van die Matie-studente gespreek.[330] Beyers se studentejare was `n tyd waar hy homself al hoe meer as individu in `n groter gemeenskap begin sien het, erder as net `n lid van `n gesin waar hy onderdanig moes wees aan ander se visie. Dit was deel van die wegbreek van sy gesin se houvas. Sy ouers was

[326] "Aan alle belanghebbendes," *Pro Libertate*, 15 April 1932, p. 2.
[327] *Pro Libertate*, 15 Augustus 1932, p. 1.
[328] "Pro Libertate," *Stellenbosse Student*, Mei 1932, p. 87.
[329] "Aan alle belanghebbendes," *Pro Libertate*, 15 April 1932, p. 2.
[330] "Die S.V.R. en die Teologiese Seminarium," *Pro Libertate*, 15 April 1932, p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

glad nie gelukkig met Bey en Joos se betrokkenheid by *Pro Libertate* nie en die vreemde idees waarmee die seuns by die huis aangekom het veral vir Ada kwaad gemaak. Volgens haar was hulle idees teenstrydig met dit wat sy hulle geleer het toe die twee nog onder haar dak was.[331] Daarby was Beyers se suster Hymne ook op die redaksie van die *Stellenbosse Student* in 1933, wat Beyers se wegbreek van sy gesin se houvas beklemtoon het.[332] Die kultuur van *Pro Liberate* het dus gespreek tot Beyers se soeke na sy individualiteit in dié tyd.

Benewens vir die gewone kritiek teenoor die SR, was daar sedert die begin van *Pro Libertate* se bestaan twee kwessies wat groot polemiek nie net in sy eie kolomme veroorsaak het nie, maar ook in die *Stellenbosse Student*. Die tokkelokke se dominansie van studenteaktiwiteite en -politiek is reeds in die eerste uitgawe aangespreek. *Pro Liberate* het dit bevraagteken of hierdie dominansie billik is teenoor die studentegemeenskap.[333] Die vraagstelling het onder hewige kritiek deurgeloop. Die koerant is as anti-kerk beskou oor sy uitlatings, veral deur die studente van die Kweekskool. Hierdie emosionele oorreaksie het die punt van *Pro Libertate* bewys: die groepsdenke van die universiteit was te sterk. Vir *Pro Liberate* was die kwessie van die dominansie van die tokkelokke `n vraag oor regverdige verteenwoordiging aangesien die Kweekskool-studente by verre in die minderheid was, maar tog die meerderheid van die SR uitgemaak het. Ander artikels en kommentaar in *Pro Libertate* het gereeld kritiek gelewer oor die lae kerkbywoning en morele verval van die studentegemeenskap.[334] Die kwessie is ter selfdertyd in die *Stellenbosse Student* bespreek waar een waarnemer uitgewys het dat 'Stellenbosch has been dubbed "a glorified Sunday School"' waar die Kweekskool-studente die studentegemeenskap beheer. Die skrywer wys ook uit dat dit weens die studentegemeenskap se apatie teenoor kampuskwessies was dat die tokkelokke so oorheers het.[335]

`n Ander vraagstuk wat *Pro Libertate* tydens sy bestaan sterk aangespreek het, was die rol van vrouestudente op kampus. Die artikel *Do Stellenbosch women think?* het vir an jaar lank gesorg vir briewe, opiniestukke en polemiek in beide *Pro Libertate* en die *Stellenbosse Student*. Die titel van die artikel was meer kontroversieel as die inhoud daarvan. Dit was bloot `n vraagstelling of die universiteit en studentegemeenskap die vrouestudente ag as persone wat

[331] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 23.
[332] "Redaksie, Stellenbosse Student, 1933," Foto, *Stellenbosse Student*, Oktober 1933, p. 239.
[333] "Die '£2 10 0 Studente'," *Pro Libertate*, 15 April 1932, pp. 1, 3.
[334] "Waarheen wil ons?," *Pro Libertate*, 15 Junie 1932, p. 1.
[335] Jolyon the Imp, "For the Defendant – Inter Alia," *Stellenbosse Student*, Maart 1933, pp. 20-21.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

menings kan hê. Aangesien die studentekorps uit al hoe meer vrouestudente bestaan het, meen die redaksie dat baie mense hulself nou begin afvra 'Wat doen hulle? Watter rol speel hulle in die Universiteitslewe?'[336] Die redaksie het teen 1936 daarop gewys dat vrouestudente vir die eerste keer die helfte van die studentegemeeskap uitgemaak het, maar dat hulle nie deelneem aan gesprekke waar vrouesake bespreek is nie. In 1936 het die *Stellenbosse Student* getoon dat daar net tussen 3,2 % en 6,4 % van dié koerant se bydraes was wat deur vrouestudente gelewer is, wat *Pro Libertate* se standpunt bewys het.[337] *Pro Libertate* voeg later by dat tradisie in verband met die kwessie die oorhand het. 'Women enjoy freedom of thought, but freedom of expression and action is still controlled by tradition', skryf die koerant later in een van die uitgawes.[338] Die tokkelok dominansie en vrouedebat was sekerlik die grootste kwessies wat die koerant in sy bestaan van vier jaar[339] aangespreek het. Dit het ook deurgaans kritiek gelewer op aksies van die SR en besluite deur die universiteit. Die doel om gesprek te bevorder deur debatte uit te lok, is beslis in die koerant se kort leeftyd bereik. Die einde van *Pro Libertate* het laat in die 1930`s gekom toe daar `n koerant met presies dieselfde naam en formaat verskyn het, maar met die teenoorgestelde uitkyk op studentesake.[340] *Pro Libertate* se anonimiteit het toe sy ondergang beteken want niemand kon toe verifieer watter *Pro Libertate* die regte een was nie en met die deurmekaarspul is die publikasie gestaak.[341]

Bey se eerste jaar as tokkelok – 1936 – was `n bedrywige een. Hy het nou begin uitstaan as leier by sy geliefde BTK. Die sosiale ontwaking wat die BTK vir Beyers gebied het, het aan hom selfvertroue gegee. Dit is geen wonder dat hy vir 1936 verkies is as die voorsitter van die BTK nie.[342] Tot voor sy verkiesing as voorsitter, het Beyers so te sê geen verantwoordelikhede gehad of posisies daarop beklee nie. Hy was net `n gewone lid van die bestuur. In teenstelling daarmee was sy vriende Frans Geldenhuys en Reep Verloren van Themaat baie aktief op vergaderings en het verskeie posisies op die BTK-bestuur en komitees beklee. Maar Beyers se populariteit het aan hom die oorhand besorg toe die BTK-ners op 27 November 1935 moes

[336] "Do Stellenbosch Women Think?," *Pro Libertate*, 15 Junie 1932, p. 2.
[337] "Feite," *Stellenbosse Student*, September 1936, p. 210.
[338] "Women do think," *Pro Libertate*, 15 Augustus 1932, p. 4.
[339] Die enigste beskikbare kopieë van die *Pro Libertate* is die 1932, 1933, 1934 en gedeeltelike 1937 weergawes. Die 1934 weergawes is as volume III uitgegee en die 1937 weergawes se as volume IV, wat wys dat daar wel `n gaping in die publikasies van 1935 en 1936 is.
[340] *Pro Libertate* maak weer `n verskyning in 1961 met die slagspreuk *Vir `n Volwasse Volk*. Dit is geïnspireer deur die 1930`s Pro Libertate, maar het geen direkte verwantskap nie. Dié blad was sterk uitgesproke teen apartheid.
[341] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 27.
[342] *B.T.K. – Gedenkblad*, p. 17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kies wie hulle in 1936 sou lei. Frans Geldenhuys is verkies as sekretaris nadat hy voorheen gedien het as tesourier en Reep Verloren van Themaat is as assistent sekretaris herverkies.[343]

Die groep het Bey as hulle 'beroemde Voorsitter' beskryf,[344] en het hy gereeld die leiding op staptogte geneem. Beyers was gedurende die periode dat hy voorsitter was en ook daarna tot sy laaste toer in 1939 `n gids op die toere.[345] Hy het ook nie weggebly van werk nie. Mede-Wilgenhoffer Kosie Gericke se tent het weens `n sterk wind een aand in duie gestort, en gou-gou het Beyers ingespring om glo met groot mannemoed die tent weer op te slaan wat die wind sou weerstaan.[346] Na `n toer in die Koue Bokkeveld het die span vir Beyers, hulle 'voorsitter wat so geweldig baie op toer gewerk het', drie hoera`s toe te juig.[347] Dit is dan ook geen wonder dat hy aan die einde van sy termyn in 1936 weer verkies is as voorsitter nie.[348] Hy was `n charismatiese leier wat nie geskroom het om as dienswillige dienaar ook te lei nie. Al het hy op toere sy leierskap bewys, het die BTK-vergaderings nooit `n platform gebied vir uitruil vir idees of debatte rondom BTK-kwessies nie. Die BTK-masjien was teen die tyd goed ge-olie en Beyers het geen politiekery op hierdie forum ervaar nie. Daarby was die burokrasie nie die grootste prioriteit nie. Op Bey se laaste algemene vergadering het hy 'soort van `n voorsittersrapport saamgeskraap.'[349] Hierdie informaliteit is nie `n refleksie op Bey nie, maar op die vereniging. Sy voorsittersrapport vir die UDV was weer geskryf 'in `n taal en spelling

Figuur 9 Die BTK-bestuur, met die Beyers Naudé voor links as voorsitter. Sy goeie vriend en toekomstige swaer Frans Geldenhuys sit voor regs.

[343] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Sluitingsvergadering in Uitspansaal, 27 November 1935.
[344] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Paasnaweek – Du Toitskloof, 13 April 1936.
[345] Dit kom duidelik voor in die BTK notules van 1932-1939.
[346] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Koue Franschhoek-Genadendal-Hermanus April 1936, 27 April 1936.
[347] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Koue Bokkeveld September 1936, 27 September 1936.
[348] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Sluitingsvergadering in Uitspaneetsaal, 25 November 1936.
[349] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Sluitingsvergadering in Uitspaneetsaal, 25 November 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat selfs prof. Smith bevredig',[350] en was volledig en deurdag. Maar die BTK-vergaderings was baie sosiaal gewees. *Die Uitspan* koffiewinkel was die plek waar die BTK-vergaderings gehou is, en meer as eenkeer is die vergaderings as net `n gefuif beskryf. By een van die sluitingsvergaderings word die titel van die notule hernoem na 'Sluitingsfuif'.[351] Tydens `n ander vergadering is daar 'gesing, en geraas, en gejol, en koek geëet en koffie gedrink.'[352] Daar was wel `n klagte van die vroue op die BTK wat gevoel het hulle word nie vroegtydig in kennis gestel van vergaderings nie. Maar hierdie klagte is baie ligtelik opgeneem deur die bestuur onder leiding van Beyers met `n groot melodramatiese verskoning. Die dames het wel hierdie vorm van verskoning aanvaar aangesien dit tot groot vermaak van die groep geskied het.[353]

Een van hierdie vroue was Beyers se meisie Ilse. Nie net was Genadendal die plek waar haar ouerhuis was nie, maar dit het ook aan Beyers blootstelling gegee aan `n veelrassige kerk. Tot dusver was `n gesegregeerde kerk vir Beyers vanselfsprekend. Op Graaff-Reinet was hierdie skeidslyn tussen wit en bruin kerkgangers vir Beyers reeds baie duidelik gewees. Maar op Genadendal by die Morawiese Kerk waar Ilse se pa, eerwaarde Emil Hermann Karl Weder, `n sendeling was, was daar geen skeiding tussen die wit en bruin kerkgangers nie. Waar dit vir Ilse normaal was, was hierdie integrasie vir Beyers `n splinternuwe ervaring. Al het hy as kind op Graaff-Reinet met bruin kinders gespeel en tot `n mate maats gemaak, het dit geensins vergelyk met die intieme verhoudings wat Beyers op Genadendal met die bruin gemeenskap gehad het nie. Beyers verduidelik dat dit sy eerste ontmoeting was van `n ander kerk 'waarvan die belydenis, liturgie en geskiedenis soveel anders was' as sy NG Kerk-agtergrond.[354] Dit was nie net die kerk wat vir hom `n nuwe wêreld was nie, maar 'die hele opset: die kerk, die skool, die drukkery, die sendingwinkel, [sy] toekomstige skoonouers.'[355] Dit is in hierdie opset dat Beyers bruinmense vir die eerste keer op `n gelyke vlak beleef het 'as mense, toegewyde Christene, baie vroom dog eg in hul godsdiens.'[356] Aangesien Beyers uit `n gesegregeerde gemeenskap gekom het en omdat Stellenbosch in daardie stadium ook op verskeie vlakke

[350] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Sluitingsvergadering in Uitspaneetsaal, 3 November 1935; Dit verwys na Prof. Johannes Jacobus Smith, `n dosent in Afrikaans aan die US in hierdie tyd.
[351] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Sluitingsvergadering in Uitspaneetsaal, 21 November 1938.
[352] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Sluitingsvergadering in Uitspaneetsaal, 25 November 1937.
[353] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Bestuursvergadering, 31 Augustus 1936.
[354] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 30.
[355] *Ibid.*
[356] *Ibid.*, p. 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesegregeer was, het sy belewenis op Genadendal hom baie bewys gemaak van die skeiding wat hierdie segregasie en later apartheid tussen verskillende rasse veroorsaak het.

Alreeds tydens die eerste algemene vergadering as BTK-voorsitter stel Bey `n Franschhoek-Genadendal toer voor, wat toe goedgekeur word.[357] Dit was die eerste keer wat die BTK daarheen getoer het, en 'soos [`n] vetgesmeerde blits het Bey die pad af genael sonder enige medelye met die ander toeriste wie se tonge al in die stof gesleep het van moegheid want daar het nie soos in Bey se geval 'n vuur in hulle gebrand nie – net die vuur van bo.'[358] Sy opgewondenheid oor Genadendal wys duidelik dat hierdie plek vir Beyers baie belangrik geraak het om meer as een rede. Dit blyk dat Beyers nie net die BTK-toere by Genadendal probeer uitkry het omdat dit so idillies was nie, maar ook omdat dit `n plek geraak het waar hy begin transformeer het en hy wou ander ook blootstel aan hierdie nuwe wêreld. As die BTK-ners hulself op `n Sondag of oor Paastyd op Genadendal bevind het, het hulle die eredienste by die Morawiese kerk bygewoon. Van die dienste het die toeriste diep 'geraak en nog vaster geheg aan Genadendal' gemaak.[359] Bey het tydens sy jare as tokkelok – die toeriste het hom sommer toe al spottenderwys dominee genoem[360] – oor Paas-toere dienste by die sendingstasie behartig.[361] Die groep het later vir Beyers 'beny dat hy elke vakansie in so 'n Paradys kon gaan kuier.'[362]

Beyers en Genadendal het sinoniem met mekaar geraak, tot op die punt dat die BTK-ners `n liedjie as deel van hulle toergesang gesing het met die titel 'By Genadendal, Bey Genadendal.'[363] En al was Ilse die een wat hiervandaan gekom het, was Bey bekend as die "Genadendaller" op toer. Gou het Ilse se pa onder die BTK-ners bekend gestaan as Bey se skoonpa, nog voor daar sprake van verlowing was.[364] Dit het reeds vroeg in Beyers en Ilse se

[357] US Argief, BTK-notules, BTK 01, Notuleboek 1928-65, Notule van Algemene vergadering in Universiteitsaal, 30 Maart 1936.
[358] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Franschhoek-Genadendal-Hermanus April 1936, 27 April 1936.
[359] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Genadendal-Elgin April 1938, 27 April 1938.
[360] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Franschhoek-Genadendal-Hermanus April 1936, 27 April 1936.
[361] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Paasnaweek – DuToitskloof, 13 April 1936 & US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, De Doorns-Worcester-Tulbagh April 1939, 24 April 1939.
[362] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Genadendal-Elgin April 1938, 27 April 1938.
[363] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, De Doorns-Worcester-Tulbagh April 1939, 24 April 1939.
[364] US Argief, BTK-versameling, BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942, Franschhoek-Genadendal-Hermanus April 1936, 27 April 1936.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verhouding duidelik geraak dat hy gesien word as dat hy die hoofrol in die verhouding gespeel het. Dit kon wees dat hy weens sy populariteit en leierskap te midde van haar teruggetrokkenheid meer raakgesien is. Beyers as die hoofrolspeler van die verhouding is hier vasgestel en dit het so gebly vir die res van die paartjie se getroude lewe. Ilse het vir di res van hulle verhouding die ondersteuende rol vir Beyers gespeel.

Saam met Beyers se voorsitterskap van die BTK, is hy ook as die ondervoorsitter van die SR vir die 1936 termyn verkies.[365] In hierdie posisie het hy verskeie rolle deur die loop van die jaar gevul. Hy is aan die begin van sy termyn gekies as die sameroeper van die Verenigings- en Sang komitee.[366] Na net `n maand skuif hy egter oor as die sameroeper van die SR se Sportkomitee, nadat hierdie komitee se sameroeper bedank het.[367] In hierdie posisie het Beyers `n oorsigrol gehad oor die 1936-Intervarsity teen die Universiteit van Kaapstad. Die Intervarsity was die jaarlikse sportbyeenkoms tussen die twee universiteite. Al was hy nie `n sportman nie, was Beyers baie passievol oor die jaarlikse Intervarsity en het hy en Ilse het saam elke jaar hierdie byeenkoms met groot geesdrif bygewoon. Dit was een van die grootse geleenthede op die studentekalender en daar was groot druk op hom en sy helpers om `n sukses daarvan te maak. Die Intervarsity het op 16 Mei 1936 in die Kaap plaasgevind, met `n skare van sowat 17 000.[368] `n Veteraan Intervarsity-bywoner skryf in die *Stellenbosse Student* dat 'van al die 37 Intervarsities was die 37ste ongetwyfeld die great-ste!'[369]

Die Intervarsitykomitee onder leiding van Bey was baie onervare organiseerders en juis daarom het die veteraan Intervarsity-bywoner geskryf: 'Bey, julle het `n onmisbare deel van die Intervarsity uitgemaak.'[370] `n Ander student skryf :'Bey Naudé – jy is `n groot haan, `n rêrige pedigree Bees!'[371] Met trots het Bey ook aan die SR gerapporteer dat daar `n gesonde wins met die Intervarsity gemaak is. Hy het toe voorgestel dat die SR `n gedeelte daarvan aan die Rugbyunie moes oorbetaal.[372] Beyers se organiseringsvermoë is dus getoets, en hy het met onderskeiding geslaag. Maar al was die Intervarsity so groot sukses, het Beyers later in sy termyn as hoof van die Sportkomitee gevoel dat hy nie die regte persoon vir dié posisie was nie. Hy het gemeen dat iemand 'wat in nouer aanraking verkeer met die verskillende sportklubs

[365] "Studente Verteenwoordigende Raad 1936," Foto-bladsy, *Stellenbosse Student*, November 1936, p. 286a.
[366] US Argief, SR, SR 4, Univ, van Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936, SR Notule, 23 Maart 1936.
[367] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 6 April 1936.
[368] Aasvoël, "Die Dag van Matie-glorie," *Stellenbosse Student*, Mei 1936, p. 61.
[369] G.C., "Die Historie van 16 Mei 1936," *Stellenbosse Student*, Mei 1936, p. 86.
[370] *Ibid.*
[371] Aasvoël, "Die Dag van Matie-glorie," *Stellenbosse Student*, Mei 1936, p. 62.
[372] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 15 Junie 1936.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en … hul belange beter kan begryp en behartig dalk beter [sal] wees.' Sy bedanking word met 'leedwese aanvaar' deur die SR.[373]

Die jaarlikse Juniordag, waar die nuwelinge met optogte en allerhande opvoerings die studentedorp vermaak, het ook onder Beyers se toesig geval. Vier jaar tevore het Ben Marais dié groot dag dood verklaar nadat die dosente al hoe meer onttrek het van die verrigtinge. In 1934 het die nuwelinge besluit om weer die dag lewe te gee, maar dit het nie vir die seniors gevoel soos die Juniordae van ouds nie. 'Juniordag was reeds twee jaar lank dood, en `n jaar lank begrawe, deur die juniors van 1934', skryf die redakteur van die *Stellenbosse Student*. Die redakteur gaan voort en kritiseer die 1936 Juniordag wat Beyers help reël het. Behalwe vir die gewone elemente van Juniordag, was 'daar anders baie min te sê vir Juniordag van 1936.' Die argument was dat Juniordag in die verlede die leiers onder die nuwelinge uitgewys het aangesien dit `n dag was wat hulle van eienaarskap gehad het en omdat die seniors hierdie herlewing van dié dag probeer reël het kon die natuurlike leiers nie na vore kom onder die nuwelinge nie. Daarby het die sogenaamde gees onder die nuwelinge nie die redakteur beïndruk nie.[374] Vir die eerste keer skryf Beyers toe `n brief aan die *Stellenbosse Student* om die redakteur op sy foute te wys. 'Dit spyt my dat ek radikaal van u moet verskil in u opinies omtrent Juniordag van 1936' begin Beyers sy betoog. Hy wys uit dat die redakteur nie die moeilikhede wat die reëlingskomitee ervaar het in ag neem nie en dat die nuwelinge veral met die herlewing van so belangrike dag leiding nodig het voor dit in die toekoms oorgegee kan word aan `n junior groep.[375] Die redakteur reageer toe daarop deur te sê dat sy kritiek nie teenoor die reëlingskomitee was nie, maar teenoor die juniors. Ander sake wat Beyers in sy ondervoorsitterskap behartig het, was die organisering van die skryf van `n nuwe Universiteitslied,[376] wat vir `n musiekliefhebber soos Bey perfek was, asook die eerstejaars se universiteitsdrag.[377]

Teen die einde van sy termyn het die SR verkiesingsuitslae uitgekom en is Beyers weer tot die SR vir die vierde jaar in `n ry verkies. Om vir so lank jaar-na-jaar herverkies te word deur die studente is sekerlik `n bewys van beide sy populariteit en sy effektiwiteit op die SR. Tot dusver het Beyers as voorsitter van die UDV en die BTK gedien. Toe Beyers Naudé op 17 Maart 1937

[373] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 6 Augustus 1936.
[374] "Van dinge wat verbygaan," *Stellenbosse Student*, September 1936, pp. 209-210.
[375] C.F.B. Naudé, "Heil Juniordag!!," *Stellenbosse Student*, November 1936, p. 323.
[376] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 7 Mei 1936.
[377] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 15 Junie 1936.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

by die eerste SR vergadering van die jaar die voorsitterstoel vir die eerste keer betree, was dit dus nie `n groot verrassing nie. Hy het inderwaarheid `n baie konvensionele en reguit pad tot hier gehad. Saam met hom dien ou makkers van ander verenigings. Verloren van Themaat is die nuwe assistent-sekretaris en Joos dien op die Sang en Vereniging-komitee en is ook die sameroeper van die Buro vir Verlore Dinge. Frans Geldenhuys is tesourier en dien saam met Beyers op die Leningskomitee. Frans is ook verkies as die redakteur van die *Stellenbosse Student*.[378]

Beyers was `n baie deeglike voorsitter en sy SR vergaderings het baie lank geduur. Dit moet egter genoem word dat die vergaderings nie onnodig langdradig bespreek is nie. Maar die SR het op soveel vlakke van die studentegemeenskap seggenskap gehad dat daar `n wye verskeidenheid kwessies was wat aandag geverg het. Van landspolitiek wat die ANS opper en beleggingsmoontlikhede vir SR-fondse, tot die diens by *Uitspan* en duur fliekkaartjies het op die SR se agenda beland. Op die eerste vergadering, wat van 19:00 tot 'kort duskant die volgende dag' geduur het, was Joos baie betrokke in alle gesprekke. Op `n agendapunt oor die SR se fiets wat gereeld gesteel word, het Joos aanhoudend kommentaar gelewer tot op `n vlak dat daar `n 'klein oorloggie' tussen hom en Phillip le Grange ontstaan het. Gelukkig het Bey en mede-SR-lid Brink die manne rustig gemaak. Joos het immers die bynaam in Wilgenhof gehad van *Oorlog* en Beyers as *Vrede*.[379] Maar hier het ook nou `n posisionele skuif plaasgevind. As kinders het Beyers gevoel hy moes terugstaan om sy sieklike en ouer broer se aansien te beskerm. Op universiteit het Beyers egter op omtrent alle vlakke waar hy en sy broer saam betrokke was, uitgestyg sonder om nog na te dink oor sy hoe broer daaroor sou voel. Regdeur Beyers se termyn was Joos baie bekkig tydens die vergaderings, al het die meeste van sy mosies of kommentaar nie noodwendig sukses behaal nie.

Die kwessies waarby Beyers direk betrokke was, was nou minder, maar aansienlik meer belangrik. Die grootste hiervan was die kosteverhoging van treinkaartjies tussen Stellenbosch en Kaapstad. Beyers is afgevaardig om namens die *Stellenbosse Student* te gaan onderhandel met die Minister van Spoorweë en Hawens, Minister Oswald Pirow. Frans Geldenhuys het hom vergesel toe hy die Minister oor hierdie saak gaan toespreek het. Bey het ook die las van die Universiteit van Kaapstad se studente gedra aangesien hulle ook hieroor gekla het.[380] Na

[378] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 17 Maart 1937.
[379] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 25.
[380] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 7 April 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

`n poging tot onderhandeling het die Minister hulle versoeke van die hand gewys en bloot net `n brief met die vaste hoër tariewe aangestuur. Dit was `n mislukte, dog baie ambisieuse poging deur Beyers en Frans. Die Universiteit van Kaapstad se SR het die saak toe verder geneem.[381]

Benewens hierdie mislukte poging en die ondankbaarheid van die studentegemeenskap teenoor die SR en sy voorsitter,[382] was dit `n baie goeie jaar vir die SR onder leiding van Bey. Die Intervarsity het `n skare van 9 000 getrek[383] en was weereens `n reuse sukses. Een student het selfs gevoel dat dit die beste Intervarsity was wat hy nog gesien het.[384] Oor die algemeen was dit vir alle sportklubs 'voorwaar `n uitstaande jaar'. Daar was `n standaardisering van universiteitskleure, die sportklubs se finansies is gesentraliseer en `n stewige skenking is deur die SR ten bate van `n toekomstige universiteitsaal gemaak. Daarby is die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes oopgestel aan alle studente om gratis hulp te ontvang met noodsaaklike dienste. Daarby is die SR se leningsfonds is met £50 versterk.[385]

Oor die algemeen was dit `n bloeitydperk vir die universiteit. Die US het `n groei van 50% oor drie jaar gehandhaaf en dit het die ontstaan van Privaat Studente Organisasies (PSO) meegebring. Beyers het wel geglo dat dié verwikkeling nie moet lei tot polarisering of faksies onder die studente nie, maar dat nie eenheid van die studentekorps, wat vir hom belangrik was, die kern sou bly. Teen dié tyd het die US van NUSAS onttrek en aangesluit by die ANS. Vir Joos was die ANS `n verkrampte studentebeweging en hy het aangesluit by die Ikeys-tak van NUSAS.[386] Verder het Joos nie die doel gesien om deur `n politieke orgaan soos die ANS die behoud van Afrikaner-kultuur te verseker nie. Dit moes die doel wees van `n kultuurvereniging soos die Afrikaanse Kultuur Vereniging (AKV) waarvan hy lid was.[387] Beyers se neiging oor die ANS en NUSAS is nie duidelik nie. Hierdie politiekery was vir hom nie van baie groot belang nie en Bey het weggebly van debatte of polemieke rondom die saak. Voor sy termyn as SR voorsitter was dit `n saak wat tweespalk in die studentegemeenskap veroorsaak het. Aan die einde van Bey se termyn het hy kommentaar gelewer op die eenheid wat daar toe geheers het. Dit was duidelik dat die meerderheid van die studente 'die rigting en beleid van die [ANS] goedkeur en ondersteun.' Hy gaan verder deur op `n baie diplomatiese manier die studente aan

[381] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 26 Mei 1937.
[382] "Groei en Verantwoordelikheid," *Stellenbosse Student*, Oktober 1937, p. 306.
[383] C.F.B. Naudé, "Voorsittersrapport 1937," *Stellenbosse Student*, Maart 1938, p. 48.
[384] "Die Beste Intervarsity wat ek nog gesien het," *Stellenbosse Student*, Mei 1937, p. 111.
[385] C.F.B. Naudé, "Voorsittersrapport 1937," *Stellenbosse Student*, Maart 1938, pp. 44-45.
[386] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 26.
[387] J. Naudé, "Veral vir Eerstejaars," *Stellenbosse Student*, Maart 1934, p. 37.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te moedig om nie gemaklik te raak met die bestaande trant van die ANS se beleid nie. 'Of die huidige metodes van openbare vergaderings belê asook die rigting wat [ANS] voorstaan die regte en gesonde is, is iets wat die toekoms sal moet bewys', skryf Beyers. Oor die ANS-kwessie, benadruk Bey eenheid. Hy maan die studente om in tye van verskille te luister na die woorde van CJ Langenhoven: 'Onthou al het jou teenstander nie reg *met* sy verskil nie, het hy reg *om* te verskil'.[388] Geduldige gesprekvoering was dus vir Beyers belangrik rondom groot kwessies. Hy was bekend om sy geduld, tot so mate dat met een van die baie suksesvolle Intervarsity`s `n verslaggewer in die *Stellenbosse Student* geskryf het dat 'vroeg-vroeg was die *queue* al langer as ou Bey se geduld.'[389]

Al was Beyers ietwat apaties teenoor die ANS se Afrikaner-nasionalistiese populisme, was hy baie passievol oor die Afrikaner-kultuur. Sy liefde vir die taal en kultuur het sy oorsprong by sy grootwordjare en dit is verdiep deur sy studies en verhouding met prof. Fransie Malherbe. Op verskeie platforms het Bey, dikwels saam met sy susters, musiek gemaak, gedigte voorgelees en voorlesings gedoen. In 1935 was Beyers ook deel van die eerste koshuissanggroep, Die Kraaie van Wilgenhof. Met `n klavier op wiele het hulle tot laat in die aande die vrouekoshuise vermaak met hulle serenades. Maar die manne wat laataand in hul japonne luidkeels gesing het was nie almal se gunstelingelement aangaande Wilgenhof se tradisies nie. 'Is dit dan geensins moontlik dat Wilgenhof hulle middernagtelike lawaai-parades en rumoerigheid maneuwers op `n ander plek kan gaan oefen as langs Macdonaldhuis nie?',[390] vra `n student wat oorkant die pad woon. En `n ander student skryf in die *Stellenbosse Student* oor die Wilgenhof kattekoor: 'Wilgenhof en die katte is nog steeds besig om hulle nagtegaalstemme te verhef, sodra soos die maan sy verskyning maak.'[391]

Verder benadruk Bey in sy voorsittersverslag die belangrike rol wat die Matie-studente in die Afrikaner-volk se kultuurbewaring speel na aanleiding van die voorbeeld van `n besoek deur `n groep Oostenrykse studente aan Stellenbosch: 'As dit ons werklik erns is met ons strewe as Afrikaners kan ons geen beter voorbeeld kry van die waarde en skoonheid van `n volk se lied, dans en spel as juis hierdie groep studente. Op ons rus die taak om aan Suid-Afrika sy verlore

[388] C.F.B. Naudé, "Voorsittersrapport 1937," *Stellenbosse Student*, Maart 1938, pp. 46-47.
[389] Aasvoël, "Die Dag van Matie-glorie," *Stellenbosse Student*, Mei 1936, p. 60.
[390] Vakerig, "Nagtelike Parades en Serenades," *Stellenbosse Student*, September 1935, p. 239.
[391] Verstoorde Erfurter, "Erfurters word Vergas," *Stellenbosse Student*, Augustus 1937, p. 232.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lied, dans en spel terug te gee.'[392] Dit wil dus voorkom of Afrikaner-kultuur vir Bey baie belangriker as Afrikaner-politiek was.

Aan die einde van 1936 het Beyers ook aan die einde van `n ander termyn gekom: Primarius van Wilgenhof. Weens die voortgesette geheimsinnigheid van Wilgenhof, is daar nie juis inligting beskikbaar oor Beyers se tyd as primarius van die koshuis nie. Hy het wel een groot verandering reeds in 1936 aangebring. Dit was so groot dat daar koshuisliedjies daaroor was uit vreugde gesing is, maar ook meer as 10-jaar later steeds deur oud-inwoners van Die Plek gekritiseer is. Met die samewerking van die Oom Japie – die opsigter van Wilgenhof – het Bey warm water storte laat installeer. Op 20 Mei 1936 was 'Rooi Pertoors … toe die eerste man om onder `n warm "shower" te staan gekom het in Wilgenhof.'[393] Daar was groot vreugde oor hierdie verwikkeling. 'Klein Oos lê glad van pure lekkergeit plat op sy pensie onder die "shower" in `n salige niksdoen en droom totdat iemand hom die sign gee dat [die koshuismoeder] Ai Dassie lankal die etensklok gelui het.'[394] Hierdie skuif was egter nie so populêr onder die ou manne van 'Die Plek' nie. Hulle het geglo dit het die Wilgenhoffers sag gemaak en volgens hulle is daar `n direkte verband tussen die aankoms van die warm water storte en die koshuis se swak rugbyuitslae.[395] Die feit dat dit dieselfde jaar is dat rugbyster Danie Craven uit die koshuis is, was blykbaar nie rede genoeg vir die ou manne nie.

Beyers het sy termyn as SR voorsitter, wat ook sy laaste jaar op die SR was, met `n goeie gemoed afgesluit. Hy skryf in sy voorsittersverslag dat 'in meer as een opsig was die afgelope jaar een van woelinge en stryd wat hom soms ge-uit het in groot verskil van opinie.' Tog sien hy hierdie verskille as baie positief in die geskiedenis van die universiteit. Dit is '`n daadwerklike bewys van nuwe lewe en nuwe groei, in baie opsigte nog jonk en onseker, maar tog `n groei.'[396] Tydens sy laaste SR-vergadering bedank hy ook die raad 'oor die wyse waarop hulle saamgewerk het en aan hom hulle ondersteuning gegee het.' Die raad bedank hom en spreek die hoop uit dat Bey 'mag voortgaan sodat andere van hom kan ondervind, wat die Studenteraad van 1937 van hom ondervind het.'[397]

---

[392] C.F.B. Naudé, "Voorsittersrapport 1937," *Stellenbosse Student*, Maart 1938, p. 49.
[393] Mctavish, "Warmwater by die Jaart," *Stellenbosse Student*, Junie 1936, p. 107.
[394] *Ibid.*, p. 108.
[395] *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950)*, p. 50.
[396] C.F.B. Naudé, "Voorsittersrapport 1937," *Stellenbosse Student*, Maart 1938, p. 51.
[397] US Argief, SR-versameling, SR 5, Univ. van Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941, Notule, 1 Desember 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

So sluit Beyers sy loopbaan in studentepolitiek af. Gedurende die volgende twee jaar was hy steeds baie betrokke by die BTK en UDV, maar hy het hom nie vir enige komiteeposisies beskikbaar gestel nie. Gedurende die laaste twee jaar van sy studentelewe het hy die nuwe bloed kans gegee om posisies te vul en meer tyd met sy meisie, Ilse, sy karre en kamera, en laastens sy studies spandeer.

Naweke en vakansies was hy op BTK-toere, of saam met Ilse op Genadendal. In vroeër jare het hy en Joos met hulle Dodge Graaff-Reinet toe getoer. In 1937 het sy ouers *Kersgeluk* gebou en tydens daardie Desember-vakansie het Beyers hierheen met nuus na sy ouers gekom. Hy sou die Kersfees saam met Ilse op Genadendal spandeer waar hy haar sou vra om te trou. Beide sy ouers was nie tevrede daarmee nie, maar dit was veral sy ma wat baie ontsteld was hieroor. Ilse en Beyers se verhouding het van die begin af nie Ada se goedkeuring gedra nie. Ilse was immers nie `n Afrikaner nie en ook nie lid van die NG Kerk nie. Wie ook al die rol van vrou in Beyers se lewe sou speel, moes immers voldoen aan hierdie kriteria. Ada het dadelik geprotesteer. Sy het haar man ook probeer oortuig om met Beyers daaroor te praat en hom te waarsku om nie voort te gaan met die verlowing nie. Maar Beyers het hom nie veel hieraan gesteur nie. Hy het gehou by sy plan en het Genadendal toe gereis vir die Kerstyd.[398] Beyers was vas oortuig dat Ilse die vrou was met wie hy die res van lewe sou spandeer. Hier is dit duidelik dat hy nie maklik van sy oortuiging sou afwyk nie – nie eers as dit sy ouers was wat hom daarvan probeer oortuig het nie.

Maar Ada het nog nie moed opgegee nie. Op 23 Desember 1937, die dag voor Beyers en Ilse hulle verlowing sou aankondig, het Ada vir Hymne Genadendal toe gestuur met die doel om haar broer te oorreed om nie die verloofring aan die Duitse meisie van sy drome se vinger te sit nie. ‘Nee, ek sien geen rede waarom ek nie aan Ilse verloof sal raak nie’, antwoord Beyers nadat sy oudste suster haar saak gestel het. ‘Ek is jammer as Mammie nie saamstem met wat ek doen nie. Ek het vir Ilse lief, en sy het vir my lief, en ons wil ons verhouding formeel maak, veral met die oog daarop dat sy pas klaargemaak het as student en nou word sy onderwyseres’, verduidelik hy verder.[399] En so, met `n element van negatiwiteit, het Beyers en Ilse op Ou Kersdag 1937 hulle verlowing aangekondig.

[398] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 28.
[399] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aan die einde van 1937 het Ilse `n pos by Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria aanvaar waarin sy reeds in Januarie 1938 begin het.[400] Gedurende die eerste jaar van hulle verlowing en vir die eerste keer in hul verhouding was Bey en Ilse dus ver weg van mekaar. Dit was ook `n politieke betekenisvolle jaar vir Afrikaners. In Mei het Suid-Afrika stembus toe gegaan vir die nasionale verkiesing. Na die 1933-verkiesing het die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party in koalisie regeer en het toe in die 1938-verkiesing as die Verenigde Party onder leiding van JBM Hertzog en Jan Smuts gestaan. Daar was `n splintergroep van die ou Nasionale Party wat nie die samesmelting ondersteun het nie. Hierdie groep het onder leiding van die leier van die Kaapse NP, DF Malan, as die Gesuiwerde Nasionale Party in die verkiesing gestaan. Beyers het hom in die verkiesing by dié party geskaar. Die party se grootste steun het uit die Kaapprovinsie gekom en Beyers was nasionalisties-gesind weens sy liefde vir sy kultuur. Die Verenigde Party het wel in September 1939 met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog nie so verenig gebly nie toe Smuts die Geallieerdes tydens die oorlog wou bystaan, waar Hertzog neutraal wou bly.

Aan die einde van 1938 het daar `n gulde geleentheid vir Beyers ontstaan om vir Ilse in die Transvaal te gaan kuier. Dit was die 100-jaar herdenking van die Groot Trek. Op Stellenbosch het Beyers deel geneem aan die feesvieringe, maar nie aan die sogenaamde 'baard-epidemie' waar die mansstudente hulle baarde uitgegroei het ter navolging van hul voorvaders nie.[401] Daar was `n gevoel op kampus van terugkyk na die Voortrekker-helde, om inspirasie vir die toekoms van die Afrikaner-volk te verkry.[402] Beyers het ook die simboliese ossewatrek noukeurig gevolg, terwyl sy pa op Graaff-Reinet die voorsitter van die Eeufees-kommitee van die dorp was. Jozua het `n groot rol gespeel om die euforie van die feesvieringe te gebruik om die gevoel van Afrikaner-eenheid te versterk deur sy preke en opvoerings op Graaff-Reinet en Queenstown. Hy het die groot eer gehad om op die wakis saam met sy goeie vriend en mede-Broederbondstigter, Henning Klopper, op die Andries Pretorius-ossewa deur die streek te trek.[403] Teen die tyd dat die trek Pretoria getref het, was Beyers daar om by Ilse te kuier en die hoogtepunt van die Afrikaner-feestyd te beleef. Dit was in Pretoria waar die hoogtepunt van die simboliese trek plaasgevind het: die hoeksteenlegging van die Voortrekker Monument. Geklee in outydse Voortrekkerklere het die paartjie hierdie oomblik saam met 200 000 ander

[400] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 28.
[401] Anti-Stoppel, "Voortrekker-Verering," *Stellenbosse Student*, September 1938, p. 282.
[402] "Die Voortrekker-Eeufees," *Stellenbosse Student*, Oktober 1938, pp. 299-300.
[403] M. Weiss: *Vuurtoring*, pp. 191-193.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afrikaners bygewoon.[404] Die opposisieleier D.F. Malan was die hoofspreker, maar volgens Grundlingh en Sapire was die samekoms nie polities van aard nie. Die byeenkoms en die hele trek as`t ware was `n vertoning van volkstrots waar die werkersklas, armblanke en elite-Afrikaners opgesweep geraak het in die gees van volkseenheid. Hierdie gees sou wel politieke gevolge gehad het met die opkoms van Afrikaner-nasionalisme.[405]

Die jaar waarin Ilse so ver van Beyers af weg was, was vir haar moeilik. Ilse het in daardie jaar ook haar M.Ed. aan die US voltooi, met die tesis oor *Die geskiedenis van die opvoeding van meisies in Suid-Afrika tot 1910* waarin sy spesifiek gefokus het op die Hugenote Seminarie.[406] Sy het aan die einde van 1938 `n pos by La Rochelle in die Paarl aanvaar om nader aan Beyers te wees terwyl hy sy laaste jaar by die Kweekskool voltooi.[407] In Beyers se laaste jaar op Stellenbosch het sy suster Reinet as eerstejaarstudent met `n BA-kursus begin.[408]

Soos lente in die Boland in 1939 aangebreek het, het die kerkraad van die NG gemeente op Wellington begin soek na `n hulppredikant.[409] Die kerkraad het `n kommissie aangestel om `n hulppredikant onder die jong tokkelokke op Stellenbosch te soek en proponent A van Wyk is voorgestel.[410] Nadat daar `n aanbod aan hom gemaak is, het hy ongelukkig nie 'sy weg oopgesien om hierheen aan te neem nie.' Die jong Beyers Naudé word toe vroeg in November 1939 deur die kommissie vir die pos genader. Anders as sy besluit om vir `n dominee te studeer, het Bey baie gou die pos om die bediening in die Boland te betree aanvaar. Hy en die kerkraad het ooreengekom dat hy op 13 Desember 1939 by die gemeente sou begin.[411]

In die meeste opsigte het Beyers as `n goeie Afrikaner van sy tyd uit Matieland weggestap. Oor Stellenbosch as volksuniversiteit skryf Murcott in 1936: 'Ek het reeds lank besef dat Stellenbosch die meeste van die huidige volksleiers verskaf het, en om daardie rede alleen `n groot bydrae tot die volk gelewer het. Sy belangrikheid as verteenwoordigende op die Platteland, die standvastigheid element in enige volk se lewe, en as bewaarder van die

---

[404] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, pp. 28-29.
[405] A. Grundlingh & H. Sapire: "From Feverish Festival to Repetitive Ritual? The Changing Fortunes of Great Trek Mythology in an Industrializing South Africa, 1938-1988," *South African Historical Journal* (21), 1989, p. 20.
[406] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 30.
[407] *Ibid.*, pp. 29-30.
[408] *US Jaarboek 1939*, p. 59.
[409] NG Kerk in Suid-Afrika Argief (Voortaan bekend as NGKSAA), Gemeenteversameling Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotule, 12 September 1939.
[410] NGKSAA, Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotules, 3 Oktober 1939.
[411] NGKSAA, Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotules, 14 November 1939.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afrikaanse kultuur tot `n groter mate as enige ander opvoedingsentrum, het ek ook gesien.'[412] Beyers sou nou voortgaan om so `n volksleier te raak en ook om kultuur te bewaar met die platteland as vertrekpunt. Bey was wel `n Afrikaner met kritiese denke oor sy volk en het ook met `n sterk individualiteitsbewussyn gehad.

[412] Hugh Murcott, "Stellenbosch as Volksuniversiteit," *Stellenbosch Student*, Maart 1936, p. 34.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op `n warm Woensdagaand, 13 Desember 1939, word proponent Beyers Naudé by `n 'klein ontvangsie' deur die kerkraad van NG Kerk Wellington verwelkom.[413] Hier ontmoet hy vir ds. Evert du Toit wat as sy mentor by sy eerste gemeente sou dien. Die amp van hulpprediker was laer as die van volle dominee, maar Ds. Du Toit het vir Beyers nie enigsins as sy mindere beskou nie.[414] Die 24-jarige prop. Naudé het net vier dae na sy aankoms reeds sy eerste preek tydens Adventstyd in die gemeente waargeneem. 'Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle `n goeie tyding van groot blydskap' lees hy uit Lukas 2.[415] Bey lees dit op `n manier asof hy sy nuwe gemeente wou gerusstel: Moenie bang wees vir die nuwe jong hulpprediker nie, hy kom met `n goeie boodskap. Beyers verduidelik aan die gemeente dat die inhoud van die Blye Boodskap waarvan daar gelees word in Lukas die boodskap van verlossing, vrede, en vreugde is. Gou maak hy dit duidelik dat hierdie Blye Boodskap nie net vir een volk, een groep, of een nasie bedoel is nie, maar vir almal. Hy wys die onderskeid uit tussen die boodskap se grensloosheid – nie bloot oorgrensing nie. 'Die boodskap ken geen grense van ras of stand of volk of tyd nie', verduidelik hy. Grense is bloot `n roep na 'die evangelisasie van alle volke, tale en nasies in die naam van Christus en op bevel van God.'[416] En so, na die finale *amen*, begin Beyers se werk tussen die Wellingtonners.

Beyers het by die gemeente aangesluit in hulle 100ste bestaansjaar. Dit was dus `n goed gevestigde gemeente met `n ryk geskiedenis. Die gemeente het ook sentraal gestaan in die breër Wellington-gemeenskap. Met die eeufeesviering wys ds. Stofberg uit dat 'die geskiedenis van Wellington die geskiedenis is van God met Wellington' met verwysing na die rol van die breë kerk in die gemeenskap. In Beyers se artikel in *Die Kerkbode* oor die eeufeesviering noem hy dat die Wellington-gemeente `n groot rol gespeel het in die geskiedenis van die Kerk, die sending, en opvoeding. Die drie het hand-aan-hand gegaan. Soos Beyers uitwys, het die 'gees van Andrew Murray oor die wingerde en vrugteboorde van die Bolandse dorp gesweef'.[417] Toe Murray leraar by die gemeente was, het hy sy visie gesorg vir die oprigting van die Sendinginstituut op die dorp en die Hugenote Seminarie wat later in 1918 die Hugenote Universiteitskollege geword het. Laasgenoemde instelling het `n groot rol gespeel in die

[413] NGKSAA, Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotules, 14 November 1939.
[414] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop: Die Lewe van Beyers Naudé*, p. 32.
[415] Die Bybel, Lukas 2:10, Afrikaanse-vertaling, 1933/53.
[416] Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie. A 1 Ilse Naudé-versameling. A1.1 Preke. [Hierna bekend as die BNS. IN. A1.1.] Volume 1. Die Blye Boodskap.
[417] B. Naudé, "Eeufeesviering Wellington-gemeente 1840-1940," *Die Kerkbode*, 16 Oktober 1940, p. 27.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opleiding van vroue. Een van daardie vroue was Beyers se ma wat hier studeer het. Beyers se eie familiegeskiedenis het wel baie vroeër ook op Wellington wortels geskiet met die Naudé-stamvader, Jakob, wat in die 1720s daar gewoon het.[418]

Bey se werkywer het beslis nie verminder toe hy ingetrek het in sy pastorie, Onze Rust, oorkant die kerk nie.[419] As proponent was hy baie bedrywig en het veral onder die studente bedieningswerk gedoen. Hy was ook nie meer `n vreemdeling op die kansel nie en het gereeld preekbeurte gekry. Na sewe maande in die bediening word Beyers op 27 Junie 1940 in die gemeente geordend. Sy pa het die intreeseremonie behartig soos wat kerktradisie was in daardie tyd.[420] Op kerkraadsvergaderings word Beyers nou aangespreek as 'dominee' na maande as 'prop. Naudé'.[421] Sy intreepreek was die volgende dag waarin hy die gemeente `n idee gee van sy eie roeping. Hy wys daarop dat hy reeds tuis voel in die bediening en die gemeente: 'Intussen het baie dinge gebeur, het ek iets begin leer van die vreugde van werk vir God, maar ook van die offer wat daarvoor gebring moet word.' Hy lees vir die gemeente uit Johannes 20. 'Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook', haal Beyers vir Jesus aan. Hierin kom drie aspekte vir Beyers na vore: Christus is deur die Vader gestuur eerstens as die herskepper van die wêreld en tweedens as die hervormer van die mens. Derdens is hierdie opdrag aan Jesus van die Vader ook Jesus se opdrag aan Christene. Dit stem ooreen met Beyers se fokus op sending. Beyers is gestuur met `n opdrag, wat dan ook die opdrag aan die gemeente raak. Hy fokus op Jesus se openbare lewe en wys vyf elemente van hierdie openbare lewe uit: i) om die Evangelie aan armes te bring, ii) politieke en sosiale geregtigheid, iii) liggaamlike heling, iv) geestelike heling, en v) `n nuwe wêreld te begin skep. Hierdie vyf elemente, verduidelik Beyers, is deel van Jesus se lewensprogram. Hierin lê `n insig tot Beyers se roeping as jong dominee. Sy sosiale bewussyn rondom ekonomiese ongelykheid en sosiale geregtigheid, `n diep gevoel van sorg vir mense en `n praktiese uitleef van hierdie roeping.[422] Hy praat verder oor die offers wat dit van gesante van God sal verg:

> Saam met daardie opdrag kom die baie duidelike waarskuwing dat Christus van ons offers sal vra as ons sy Werk wil doen: Om onsself, ons eie belange, eie gedagtes, eie gevoelens en opvattings prys te gee en ons geheel en al toe te wy aan Sy diens. Menslikgeproke is onmoontlik om aan Sy maatstaf te voldoen, maar

[418] M. Weiss, *Vuurtoring*, p. 3.
[419] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 32.
[420] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 30.
[421] NGKSAA, Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotules, 10 September 1940.
[422] BNS. IN. A1.1. Vol. 2. Gesante van God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Goddank, ons weet dis nie ons werk nie – dit is Sy werk; dis nie ons wat werk nie, dit is Hy![423]

Die preek neig meer na die kant van Beyers se Du Plessis-invloed as dié van sy pa. Geregtigheid van ander en nie net jou eie nie, grensloosheid van God, en fokus op die Koninkryk van God wat prioriteit behoort te kry bo die volk is sterk klemverskuiwings.

Al het hy gepreek oor die grensloosheid van God, het Beyers sy eie grense goed verstaan. Sy verantwoordelikheid teenoor die Afrikaner-gemeenskap was vir hom baie belangrik: 'Ek was ambisieus om in die kerk te vorder … ek het gevoel `n jong dominee kan `n baie betekenisvolle rol in die lewe van die Afrikaner speel. Ek het die geloof, sosiale en politieke status quo aanvaar en was vasbeslote om `n goeie en suksesvolle dominee te wees.'[424] Hy het ook die Afrikaner se rol en bydrae in die land hoog geag en hy het gevoel dit is sy plig as dominee om die Afrikaner te help om hul lewe en toekoms te bou.[425] Hy het tot dusver groot ywer gewys om dié taak op neem met sy werk in die gemeente. Die leiers in die gemeenskap het dit raakgesien. Beyers se mentor, Ds. Du Toit, het so sterk gevoel oor Bey se toekoms as `n leier van die Afrikaners dat hy by die plaaslike Broederbond-sel vergadering voorgestel het dat hy `n lid word. Hierdie voorstel is goedgekeur by die Broederbond-hoofkantoor in Johannesburg en Bey het dadelik die uitnodiging aanvaar. Hy was die jongste lid wat die organisasie tot in hierdie stadium gehad het.[426]

Tydens sy eerste vergadering van die Wellingtonse AB-sel het hy deur `n inisiasieproses gegaan wat deur Du Toit gelei is. Die proses het begin met die sing van `n Psalm, waarna al die Broeders gepeins het oor hulle eie inisiasie, waarna `n gebed deur Du Toit gedoen is. Du Toit het voortgegaan om vir Beyers te verduidelik dat die Broederbond `n Godgegewe taak verrig deur die Afrikanervolk op alle sfere van die samelewing te bevorder. Twee ander broers het dan vir Bey verduidelik dat hy waar aan homself moet bly, maar dat die Broederbond se ideal altyd die rigtinggewende faktor moet wees in hierdie poging. Na Beyers al die inligting en verantwoordelikhede van die AB ingeneem het, het Du Toit gevra: 'Is jy bereid om die voorwaardes van jou lidmaatskap te aanvaar en om in `n onbreekbare band te tree?', waarop

[423] BNS. IN. A1.1. Vol. 2. Gesante van God.
[424] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 31.
[425] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 33.
[426] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aspirant-Broeder Bey 'Ja' geantwoord het. Du Toit het toe sy eed van lojaliteit aanvaar en hom sterkte toe gewens. Met `n handskud het hy Beyers Naudé `n Broeder verklaar.[427]

Beyers was opgewonde om sy volk op hierdie platform te dien. Die belangrikheid om in sy pa se voetspore te volg, was ook vir hom `n eer gewees. Maar die Broederbond van 1940 was nie meer die Broederbond van 1918 wat sy pa gevestig het nie. Na `n stadige begin het die AB onder `n nuwe beleid van geheimsinnigheid in die loop van 1930`s gereorganiseer. In 1934 het die voorsitter van die AB die ambisie van die organisasie soos volg uitgedruk: 'The primary consideration is whether Afrikanerdom will reach its ultimate destiny of domination in South Africa. Brothers, the key to South Africa`s problems is not whether one party or another shall obtain the whiphand, but whether the Afrikaner Broederbond shall govern South Africa.'[428] Die jaar daarna wys JBM Hertzog in `n streng anti-AB toespraak daarop dat die AB van `n kultuurorganisasie na `n politieke liggaam verander het.[429] Die politieke ambisie kon ook net nagejaag word na sowat 20 jaar se bestendige groei. Die AB het van een sel met 37 lede in 1920 na 135 selle met 1 920 lede landswyd teen 1940 gegroei.[430] Beyers was dus nou deel van `n groot netwerk Afrikaners wat Afrikaner-belange op verskeie sfere sou bevorder.

Die AB se werklike mag het op plaaslike vlak gelê waar die selle binne die Afrikaner-gemeenskappe die skole en kerke stelselmatig begin beheer het. Beyers het sterk geglo in die ideale van die AB, maar die Wellington-tak was nog jonk en het deur `n moeilike tyd gegaan in Beyers se termyn. Die AB-sel was net drie jaar oud toe Bey lid geraak het en die Tweede Wêreldoorlog het pas uitgebreek. Die grootste rol van die tak was om op eenheid te bevorder en te handhaaf tussen plaaslike Afrikaners. Broederbond-vergaderings het as veilige forums gedien waar Afrikaners hulle verskille op `n kalm wyse kon uitklaar. Verdraagsaamheid van dié verskille was vir hierdie tak van die hoogste belang.[431] Beyers, of te wel *Vrede* soos hy bekend was in sy studentedae, sou `n effektiewe rol speel in hierdie tyd van onenigheid as gevolg van meningsverskille tussen Afrikaners. Sy manier om mense saam te neem op `n reis van luister en verstaan sou die forum net versterk. Om die vrede te bewaar tussen die Wellingtonse Broeders, het hulle in die tyd van die opkoms van die Ossewabrandwag (OB)

[427] Gebaseer op die voorgestelde inisiasieformule van die AB in J. H. P. Serfontein, *Apartheid Change and the NG Kerk*, pp. 251-253.
[428] I. Wilkins & H. Strydom: *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*, p. 2.
[429] N. Smith, *Die Afrikaner Broederbond: Belewenis van die binnekant*, p. 13.
[430] H. Strydom & I. Wilkins, *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*, p. 47.
[431] Zaaiman, J: "The local role of a Wellington Afrikaner Broederbond branch, 1937-1994," *Historia*, (55), (2), November 2010, p. 123.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besluit om as tak die organisasie te ondersteun. Die OB was `n para-militêre pro-Duitse organisasie wat `n uitvloeisel was van die gevoel van Afrikanertrots na die Eeufeesvierings van die Groot Trek en het in 1939 tot stand gekom. Daar was net twee lede van dié AB-sel wat ook lede van die OB was. Die stem was dus nie so sterk nie, maar die vrede was bewaar.[432] Dit sou nie die laaste wees wat Beyers te doen sou kry met die OB nie.

Beyers en sy AB-sel het sterk gevoel oor eenheid onder die lede om ook Afrikaner-eenheid op die dorp te verseker. Hulle besluite was alles gebou op die bevordering van Afrikaners, meer as die benadeling van ander. Dit sou hulle doen deur pro-Afrikaner inisiatiewe, soos ondersteuning aan die Reddingsdaadbond en versoeke vir Afrikaanse boeke vir skole en universiteite. Afrikaans was vir die sel baie belangrik en vir Beyers, wat `n diep liefde vir die taal gehad, het was dit `n belangrike saak wat die AB kon behartig. Die lede het Afrikaners in die dorp aangemoedig om aanspraak te maak op Afrikaanse kwotasies by besighede wat in daardie stadium deur die Joodse en Engelse gemeenskap besit is. Daar is planne in werking gestel deur die AB-sel om Afrikaans by die Hugenote Universiteitskollege en Hugenote Girls` High School as onderrigtaal in te stel. Dit sou egter eers jare later `n werklikheid word.[433]

Anders as sy pa wat sulke kwessies sy primêre fokus op Graaff-Reinet gemaak het, en die kansel in sulke tye as mondstuk sou gebruik om so saak te bevorder, het Beyers sy primêre doel gesien as die verering van God deur die bediening van die gemeente. Al het Beyers sy bes probeer om die Broederbond se ideale na te streef, het hy nie `n leidende rol binne die organisasie gespeel nie. Vir hom was sy werk in die gemeente belangriker en hy het homself toegespits om op die wyse die gemeenskap te lei.[434] Sy fokus as hulppredikant was ook om eers die bediening te leer ken. Die AB in Wellington was ook nie werklik op die voorgrond van politieke en sosiale verwikkelinge nie. 'Die tak was aan die periferie van plaaslike politiek', volgens Zaaiman in sy navorsing oor dié spesifieke tak. Hy voeg by dat dit '`n terrein gedomineer deur die Stadsraad [van Wellington], die politieke partye en die NGK,' was[435] Dus sou Beyers ook meer effektief wees in enige pogings om verandering in die gemeenskap te bring deur sy bediening in die NG Kerk.

---

[432] Zaaiman, J: "The local role of a Wellington Afrikaner Broederbond branch, 1937-1994," *Historia*, 55 (2), November 2010, p. 123.
[433] *Ibid.*, p. 124.
[434] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 33.
[435] Zaaiman, J: "The local role of a Wellington Afrikaner Broederbond branch, 1937-1994," *Historia*, 55 (2), November 2010, p. 126.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die vroeë 1940`s was rassesegregasie nie hoog op die lys van die Wellingtonse Broeders nie. Die Stadsraad het rassesegregasie as beleid in hierdie tydperk uitgevoer en dit het die breër wit bevolking se steun geniet. Die AB het dus nie enige rol gespeel om die beleid te help uitvoer of te beïnvloed nie. Dit was inderwaarheid `n kwessie wat die minste bespreek is by AB-vergaderings.[436] Beyers se gemeente het wel `n groter rol in rassesegregasie gespeel. Die NG Sendingkerk-gebou, wat langs die NG Kerk-gebou was, het die bruin gemeenskap van Wellington bedien. Weens druk van Bey se kerk en haar lidmate, moes die Sendingkerk se lidmate in 1941 dié kerkgebou ontruim om na `n geallokeerde gebou in die bruin woonbuurt van Wellington te skuif.[437] Nêrens in die AB notules kom sprake van hierdie saak voor nie, wat beklemtoon dat die wit bevolking segregasie gesteun het en dat die kerk `n groter sosiale en politieke rolspeler was in die tyd wat Beyers hier bedien het.

Vir Beyers was rassesegregasie nie vreemd nie, maar hy het wel sekere waarnemings hieroor op Wellington gemaak. Net soos in sy ouerhuis en as student, kry Beyers weer blootstelling aan sending deur die Sendingkerk en Sendingkollege. As student het hy by prof. Du Plessis die idees rondom sending begin ondersoek, maar op Wellington het hy die NG Kerk se sendingbeleid en houding in aksie gesien. Na `n paar maande in die bediening het Beyers die hiërargie tussen die NG Kerk en die Sendingkerk raakgesien. As kind het hy die segregasie tussen die kerke begryp en op Genadendal het hy beleef hoe daar steeds `n ras-hiërargie tussen wit en bruin was al het hulle saam kerk gehou. Maar op Wellington het hy opgelet hoe die twee kerke dieselfde belydenis onderskryf, basies dieselfde liturgie gebruik en ook dieselfde taal, Afrikaans, praat. Die enigste verskil tussen die lidmate van die twee kerke was ras.[438]

Bey het veral bewus geraak van die hiërargie tussen die kerke deur sy verhoudings met sendingstudente. Hierdie studente het `n sterk minderwaardigheidsgevoel gehad teenoor die Stellenbosse Kweekskoolstudente. Hulle 'het gevoel hulle is tweedeklasdominees vir tweedeklasmense', skryf Beyers. Hulle studeer vir drie jaar en word dan later in die bediening word na hulle verwys as eerwaarde, terwyl Beyers vier jaar studeer en hy word dominee genoem. As iemand wat pas klaar studeer het, kon hy makliker identifiseer met die studente. En sy amp as hulpprediker het ook hom gehelp om hierdie minderwaardigheidsgevoel van die sendingstudente beter te begryp. Hierdie vrae en observasies was nie krities van aard nie, dit

[436] Zaaiman, J: "The local role of a Wellington Afrikaner Broederbond branch, 1937-1994," *Historia*, 55 (2), November 2010, p. 125.
[437] *Ibid.*
[438] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was bloot uit nuuskierigheid.[439] Sy denke beklemtoon sy sosiale bewussyn, maar daar was nog geen aktivistiese element te bespeur nie.

Kort na sy intreepreek het Beyers en sy groot liefde, Ilse Weder, op 3 Augustus 1940 in die huwelik getree. Dit was geen verrassing dat die twee Genadendal gekies het vir die troue nie. Dit was vir Bey `n spesiale plek en Ilse se grootword dorp. Die week voor die troue het die twee verliefdes `n spesiale byeenkoms saam met die bruin gemeenskap van die sendingstasie gehou. Bey se ouers het ook later op Genadendal gearriveer vir die troufees. Dit was geen geheim dat Beyers se ma haar bedenkinge gehad het oor haar seun se keuse van `n bruid nie. Die vrede is wel bewaar vir die troue, maar dit sou jare vir Ilse se skoonma neem om vrede te maak met haar. Jozua het die paartjie getrou, na die diens moes die bruin trougangers die kerk verlaat terwyl die res vertrek vir die onthaal. Volgens een van Beyers se jonger susters was die troue `n 'jolly affêre'.[440] Daarna is Beyers en Ilse Naudé na Onrusrivier op hulle wittebrood by `n afgeleë huisie wat aan Ilse se ouers behoort het. Die twee het later ook gereeld daar vakansie gehou.[441]

Figuur 10 Beyers en Ilse Naudé op hul troudag met beide hul families. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 181.)

Na die wittebrood keer hulle terug na Wellington waar die gemeente laat op Woensdagmiddag 13 Augustus 1940 die nuwe pastoriepaartjie ontvang het met `n gesellige verwelkoming, orrelspel, en seënwense van ds. Du Toit en kerkraad.[442] Die kerkraad het vir Bey en Ilse `n huis oorkant die kerk as pastorie gegee waar Ilse haar jarelange loopbaan as pastoriemoeder begin het. Met haar Morawiese agtergrond, moes die vrouens van die gemeente haar leer van pannekoektafels, Kinderkrans en die Vrouediensvergaderingsprosedures.[443] Bey het ook `n salarisverhoging van £22:10 na £27:10 na die huweliksbevestiging gekry.[444] `n Jaar later, op 1

[439] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 33.
[440] E. Murray-Theron: *Die Klein Wonder*, in *Ware Liefde: Bekende Suid-Afrikaanse Paartjies*, p. 100.
[441] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 30.
[442] NGKSAA, Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotules, 13 Augustus 1940.
[443] E. Murray-Theron: *Die Klein Wonder*, in *Ware Liefde: Bekende Suid-Afrikaanse Paartjies*, p. 101.
[444] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 34.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mei 1941, het die negende geslag Naudé sy aankoms gemaak –Johann Friedrich Naudé. Johann is afgelei van die Bybelse Johannes, terwyl Friedrich gekies is as `n versugting na vrede. Alhoewel die naamgewing in oorstemming was met sy ouers se naamgewingstradisie, was Jozua en Ada diep teleurgesteld. Hulle het gehoop Beyers doop sy eerste seun volgens Afrikaner-tradisie. Die ironie is natuurlik dat Ada en Joos baie ver weggedryf het van dié tradisie met hulle kinders se onkonvensionele name. Beyers het homself nie veel aan sy ouers se kritiek gesteur nie. Teen die tyd was hy gewoond aan hulle kritiek oor sy lewensbesluite en die 10 jaar uit sy ouerhuis was `n tyd van wegbreek uit daardie strengheid. Beyers het sy individualiteitsbewussyn ten volle besef en hoe hy van sy familie kon wegbreek. Hulle is steeds belangrik geag en was `n aanwyser van wat vorentoe vir hom en sy volk gewag het.

Vir twee jaar het Beyers hard gewerk in die Wellingtonse gemeente. Hy het dit ook daar geniet, maar hy was 'ambisieus om in die kerk te vorder.'[445] Om hierdie ambisie na te jaag, kon Beyers nie die status van hulppredikant vir te lank beklee nie. In die bedrywige twee jaar op Wellington het drie baie belangrike lewensgebeurtenisse binne dié kort tydperk plaasgevind. Eerstens het Beyers ervaring opgedoen in die bediening. Hy het agtergekom daar is baie om te leer aangesien hy nie sy teologiese studies goed benut het tydens sy tyd op Stellenbosch nie. Die rol en verantwoordelikheid van die dominee in die Afrikaner-samelewing het ook vir hom duidelik geraak. Tweedens het Beyers deel geraak van die Broederbond – die netwerk wat vir hom die pad vorentoe in die Afrikaner-establishment sou oop maak. Laastens het hy getrou en met `n gesin begin. In `n gemeenskap waar die gesin een van die belangrikste instellings was, het `n jong Bey met `n gesin aantreklik gelyk vir enige gemeente om hom te beroep, wat toe ook gebeur het. Die NG-gemeente Loxton het Beyers aan die begin van 1942 beroep. Dit was nie die enigste beroep wat Beyers in hierdie tyd ontvang het nie en hy het besef dat 'die keuse wat [hy en Ilse] doen sou [hulle] hele verdere loopbane beïnvloed.'[446] Met sy nuwe lewenservaring en ambisie het Bey die pos as dominee op hierdie Karoo-dorpie aanvaar. In sy afskeidspreek oor die erfenis wat God vir sy mense laat, wys Beyers daarop dat hy dankbaar was vir die erfenis wat hy agterlaat op Wellington, maar ook opgewonde was op die vooruitsig van `n vrugbare toekoms wat God beplan.[447]

[445] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 31.
[446] BNS. IN. A1.1. Vol. 5. Jesus Xtus, die Gekruisigde.
[447] BNS. IN. A1.1. Vol. 4. Die Verkreë Erfenis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aan die einde van April 1942 kom die jong Naudé-gesin op Loxton aan. Bey het reeds die gesin se meubels met `n meubelwa van Wellington vooruit na Loxton gestuur. Die gemeentelede het laatmiddag, toe die wa op die dorp aankom, voor die pastorie gestaan uit nuuskierigheid om die nuwe dominee se meubels te sien. Daar was `n kis wyn tussen al die meubels wat Bey as geskenk by sy Wellingtonse wynmaker-vriend oom Dowe Danie Joubert gekry het. Toe die gemeenskap van Loxton dié kis gewaar, het ene Dronk Niklaas gejuig het 'Hoera, ek het `n pêl gekry!', terwyl die lekeprediker van die dorp sy hande saamgeslaan het en gesê 'Ag Here, wat het u vir ons gestuur!'[448] `n Rukkie na Bey en Ilse se aankoms op die dorp was dit basaar en die wyn het toe in die basaarpoeding beland, maar twee bottels het hulle gehou vir wanneer spesiale gaste kom kuier. Beyers het sy intreepreek op 2 Mei 1943 gelewer en het sy groot verantwoordeliksin en opgewondenheid voor die gemeente, Joos en sy pa beklemtoon.[449]

Die staaltjie oor Beyers se aankoms op Loxton vertel iets van die kultuur van drankmisbruik wat geheers het in die breër gemeenskap van die dorp. Na sy bevestiging as leraar in die gemeente, waarvan hy die enigste was, het Bey en die kerkraad drankmisbruik op die dorp geidentifiseer as die grootste kwessie wat aan gespreek moes word. Dit was veral die bruin gemeenskap op Loxton wat onder hierdie probleem gely het en Bey was baie bekommerd wat dit aan dié gemeenskap doen. Beyers het omtrent eenkeer per kwartaal, of as daar `n doop of nagmaal bedien word, dienste by die Sendingkerk waargeneem. Die armoede, drankmisbruik en afwesigheid van werklike onderwys in die bruin woonbuurt het `n belangrike vraag laat ontstaan by Beyers: Tree wit mense werklik met reg op teenoor die bruin gemeenskap? Daar is maklike redes gegee hoekom bruin mense laer lone moes kry as hulle wit landsburgers en daar was kwansuis niks wat die wit mense daaraan kon doen nie. Bey het hierdie lakse redenasies begin bevraagteken. Deur sy ervaring op Genadendal, waar hy te doen gehad het met bruin mense wat in `n hoër sosio-ekonomiese klas as die bruin gemeenskap van Loxton was, tesame met sy sterk missionale aanslag, het hy gevoel die gegoede wit deel van die gemeenskap moes iets daaraan kon doen.[450]

Tog was sy sentimente oor geregtigheid in `n post-depressie samelewing steeds gefokus op die Afrikaner. Daar was verwysings na `n spesifieke verstaan van ekonomiese geregtigheid in sy

[448] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 35.
[449] BNS. IN. A1.1. Vol. 5. Jesus Xtus, die Gekruisigde.
[450] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

preke op Loxton, soos in sy preek getiteld *Die Erfgoed van die vaders*.[451] Daarin vaar hy uit teen die rykes wat so baie grond besit sonder om daarop te boer. Hy wys die onderskeid tussen grondeienaars en Afrikaners uit: 'In 1936 was meer as een derde van die grond … in die hande van rykes en nie boereseuns nie!', benadruk hy. Hier kom van sy ma se diep anti-Britse sentiment, gemeng met die nypende situasie van die armblankes wat Beyers in sy gemeenskap raakgesien het, na vore. Hy betreur die invloed van verstedeliking op die psige van die volk en spreek homself uit teen die volksvreemde besigheidsmetodes van kapitalisme. 'Ons volk word al armer omdat ons grondbesit al minder word!' voer hy aan. Sy teenvoeter vir dié kapitalistiese bestel lê in staatsingryping met betrekking tot herverdeling van grond, beter opleiding vir boere, beter opvoeding vir werkers en deur `n nuwe gees van dienende liefde teenoor mekaar. Hy voeg daarby dat die kredietstelsel gewysig moes word sodat nuwe boere nie onder groot skuld ly nie.[452] Hierdie preek dui nie soseer op `n sosialistiese uitkyk nie, maar op die groeiende idee van volkskapitalisme. Dit was eerder `n anti-kapitalistiese gedagte gemik op die Engelse bevolking as `n pro-sosialistiese een.

Ten spyte van sy gevoelens rondom geregtigheid teenoor die Afrikaner, was sy optrede tot geregtigheid gefokus op die drankmisbruik in die bruin gemeenskap. Reeds in September 1942 het die Sendingkerk Beyers en sy kerkraad genader vir steun in die aanstelling van `n bruin konstabel om hierdie kwessie te polisieer. `n Jaar later was die probleem steeds so groot dat Bey en die kerkraad twee aanbevelings gemaak het. Eerstens moes die lisensiehof die drink-ure van bruin inwoners op Loxton op Saterdae tot 13:00 verkort. Tweedens moes die dranklisensie van die bestaande drankwinkel nie na die volgende eienaar oorgedra word nie. Bey en die kerkraad het dus sterk geglo dat straf en regulasie drankmisbruik sou verminder. Beyers se bekommernis oor die probleem het groot waarde gedra, maar die wyse waarop hierdie probleem, wat diep gewortel was in sosio-ekonomiese kwessies, gemanifesteer het, was problematies.[453] Hulle pogings was geskoei op een van paternalisme deur die wit kerk teenoor die bruin gemeenskap. Beyers se preek, getiteld *Drank: Euwel van Misbruik*, beskryf die gevare van drankgebruik wat kon oorgaan na drankmisbruik. Die gevare is geskoei op die effek van drank op die bruin gemeenskap. Die preek dien tot `n mate as `n waarskuwing aan die wit gemeente wat voor hom sit om nie te verval in die gewoontes van die bruin gemeenskap nie. Tog benadruk hy dat elkeen `n verantwoordelikheid teenoor ander gehad het om hierdie euwel

[451] M. Coetzee, L. Hansen & R. Vosloo: *Vreesloos Gehoorsaam: 'n Keur uit Beyers Naudé se preke 1939-1997*, p. xi
[452] BNS. IN. A1.1. Vol. 8. Erfgoed van die vaders.
[453] *Die Ned. Geref. Gemeente, Loxton: Driekwart-Eeufees Gedenkskrif 1899-1974*, p. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan te spreek. Dus moet die wit gemeenskap intree om die drankmisbruik onder die bruin mense te verminder.[454]

Eers later sou Beyers en die kerkraad sien hoe ondoeltreffend hierdie aanslag was. Die aanbeveling aangaande dranklisensies is deur die kerkraad in die begin van 1944 teruggetrek. Die Sendingkerk het ook later die jaar onafhanklik van die NG-gemeente geword en toe onder `n sendingkommissie gedien. Hierdie onafhanklikheid het beteken dat die Sendingkerk die gemeenskap wat hulle bedien het se probleme kon aanspreek deur die gemeenskap te betrek. Die eerste stap wat die onafhanklike Sendingkerk geneem het, was om planne te begin maak om `n skoolgebou vir die bruin gemeenskap op te rig.[455]

Dit was `n verskuiwing van die paternalistiese pogings van Bey en sy kerkraad. Beyers se paternalisme oor ander rasse het in sy preke ook voorgekom onder die vaandel van sendingwerk. Oor die Bybelse verhaal van die man uit Ethiopië preek Beyers dat 'in die harte van `n ontwakende Kleurling- en Kafferdom [*sic*] is daar vandag `n onkeerbare drang na kennis!'[456] Volgens Beyers is dit dus die taak van die wit bevolking om die swart en bruin gemeenskap op te voed en te leer volgens hom.

In sy eie gemeente was onenigheid besig om sy kop uit te steek. Die Tweede Wêreldoorlog was steeds aan die gang, en die Afrikaner-eenheid regoor die land was besig om te wankel. Net soos op Wellington het die OB op Loxton begin om hulle te verset teen die regering se steun aan die Geallieerde magte. Anders as op Wellington was die Loxtonse OB egter meer radikaal en openlik oor hulle standpunt. In die gemeente was daar sterk OB-lede, asook in die dorp se AB-sel. 'Die opkoms van die Ossewabrandwag was gesien as `n baie ernstige interne konflik in die Afrikaner gemeenskap en ons was gevra om in die Broederbond te probeer hierdie twee teenstrydige standpunte [tussen die NP en OB] te versoen', verduidelik Beyers.[457] Op Wellington was dit maklik aangesien die OB in die minderheid was en nie so prominent en radikaal was nie. Dit was ook nog vroeg in die OB se ontstaan. Teen die tyd dat Bey op Loxton aangekom het, was die OB landswyd meer georganiseerd en met die verloop van die oorlog het die OB ook meer steun gekry.

---

[454] BNS. IN. A1.1. Vol. 8. Drank: Euwel van Misbruik.
[455] *Die Ned. Geref. Gemeente, Loxton: Driekwart-Eeufees Gedenkskrif 1899-1974*, p. 15.
[456] BNS. IN. A1.1. Vol. 8. Die Man van Afrika.
[457] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beyers was genooi om deel te raak van die OB, maar nadat hy hulle literatuur deeglik nagegaan het, het hy gevoel die organisasie is te radikaal, emosioneel en ongebalanseerd en hy kon hulle nie ernstig opneem nie.[458] Sy aversie teenoor outoritarisme van kleins af het ook hier `n rol gespeel, want dit was deel van die OB-kultuur. Daarby het lidmaatskap van die Broederbond tot in daardie stadium vir Beyers as `n goeie middeweg gevoel om Afrikaners by mekaar te hou. As die enigste Afrikaner-dominee op die dorp moes Beyers die hoofrol as bemiddelaar tussen Afrikaners speel. In `n poging om hierdie kwessie op `n pastorale wyse te kalmeer, het hy op `n keer die kansel gebruik. In die gees van die komende verkiesing van 1943 het Beyers sy gemeente gemaan om nié aan God te probeer voorskryf nie. Daar moes nie gebid word vir `n nederlaag of oorwinning van `n sekere party nie. Hy beklemtoon dat daar wel gebid moes word vir `n nuwe gees van broederskap, maak nie saak vir wie `n lidmaat stem nie. Beyers het soos oudergewoonte, verskille verwelkom, maar beklemtoon dat daar nie bitterheid moes wees in die manier hoe van mekaar verskil word nie.[459] Sy gedagtegang daaroor het die woorde in sy SR-voorsittersverslag oor die ANS-konflik in sy studentedae geëggo:

> My siening teenoor almal was: Kyk, julle het almal reg op jul politieke siening, niemand kan die een vir ander een voorskryf nie. Maar wat julle ook al doen, moenie toelaat dat jule politieke gevoelens julle Afrikanerskap en die hoogste belang van die Afrikanervolk skade aandoen nie. My houding het miskien sommige van hulle rustiger gemaak.[460]

Weereens kom dit voor of Beyers nie kant kies nie ten einde die vrede te bewaar. Tog was Bey konstant aan die kant van Afrikaner-eenheid. Anders as sy pa wat floreer het op konflik, het Bey geveg vir die middeweg en gemene deler waarvan Afrikanerskap die grootste een was, of soos Vosloo, Hansen en Murray dit stel: 'Teologies beskou, probeer Naudé – binne die parameters van die Afrikanerdenke van sy dag – die gemeentes oproep om volgens waardes van God se koninkryk te leef (in eendragtigheid en met geregtigheid).'[461]

Te midde van hierdie eksterne kwessies en interne konflikte het Beyers en Ilse dit baie geniet op Loxton. Die wye vlaktes van die Groot Karoo het vir Beyers laat voel hy is tuis, soos toe hy `n kind was op Graaf-Reinet. Net soos die reise saam met sy pa, het hy nou self die lang reise na die uithoeke van die gemeente se wyke plat gery om by sy wydverspreide kudde huisbesoek

[458] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 33.
[459] BNS. IN. A1.1. Vol. 7. Oorlog teen Broer.
[460] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 34.
[461] M. Coetzee, L. Hansen & R. Vosloo: *Vreesloos Gehoorsaam: 'n Keur uit Beyers Naudé se preke 1939-1997*, p. xi.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te gaan doen. Op hierdie reise het Bey en `n ouderling by tussen 4 en 6 gesinne omgegaan. So het hy elke jaar twee keer by elke gesin huisbesoek afgelê om te hoor watter probleme die gesinne mee sukkel. Nadat hy en die ouderling dit probeer oplos het, het hulle saam Bybel gelees en gebid.[462] Beyers was intiem betrokke by sy gemeentelede en het sy mense se stories en probleme goed verstaan. Die gemeente was afhanklik van die boere wat die meeste lidmate was. Dit is juis deur Bey se mobilisering van die boere dat 9 pennies van elke sak gemaalde koring aan die kerk geskenk is om `n nuwe kerksaal te bou en verbeterings aan die hostel vir skoolkinders aan te bring.[463] In die dorp was daar ook `n groot afhanklikheid van Bey omdat die dorp se hele wit gemeenskap NG kerk toe gegaan het, behalwe vir die handjie vol Engelssprekendes. Die sowat 450 volwasse lidmate van die gemeente het `n verskeidenheid Afrikaners ingesluit. Daar is soms onderskeid getref tussen meer en minder gegoede Afrikaners op die dorp. Onder leiding van Beyers het die wit skool se koshuis die status van hostel gekry en reparasies is aangebring om die onderskeid tussen die behoeftige en gegoede kinders te verwyder.[464] Die kinders kon nou op gelyke sosiale vlak skoolgaan onder hulle gemene deler van Afrikanerskap.

In sy preek op 25 Februarie 1945 gebruik Beyers die geleentheid om die kerkraad, die personeel, en die gemeentelede te bedank vir hulle oop harte oor die afgelope twee jaar en tien maande. Hy deel hulle mee dat hy `n beroep aanvaar het van Pretoria-Suid-gemeente in die Transvaal. Beyers vertel die Loxtonse gemeente hoe aangenaam sy verblyf op die dorp was en dat die gemeenskap vir hom en Ilse soos een groot familie geword het waar hy die liefde en leed van elke gesien meegemaak het. Die rede vir sy vertrek was dat hy geroepe deur God gevoel het om na Pretoria-Suid te gaan.[465] Met dié nuwe vooruitsigte groet Beyers die gemeente van Loxton, wat die laaste Kaapse gemeente sou wees wat hy bedien, met die woorde 'Wees sterk en laat jul harte sterk wees! Ja, wag op die Here!'[466]

Beyers se gevoel was dalk ook gemotiveer deur sy groter ambisie om die kerk en sy volk te dien. Hierdie besluit was dus `n belangrike tree in sy vordering in die NG Kerk en die Afrikaner-establishment. Die politieke mag in die land en tussen Afrikaners was besig om te skuif na die kant waarmee Bey homself tot dusver vereenselwig het. Die NP-OB-vete het al

[462] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 32.
[463] *Die Ned. Geref. Gemeente, Loxton: Driekwart-Eeufees Gedenkskrif 1899-1974*, p. 15.
[464] *Ibid.*
[465] BNS. IN. A1.1. Vol. 8. Wees Sterk!
[466] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hoe minder verdelend geraak weens DF Malan se wyse politieke leiding. Hy het teen daardie tyd Afrikaner-steun gekonsolideer om die NP die breedste verteenwoordigende Afrikaner-party te maak. Daarby het Transvaal en spesifiek Pretoria die kern van Afrikaner-mag geword, veral ook omdat die Broederbond hulself diep gevestig het in die administratiewe kern van die land. Die kerk het ook baie vinnig in die Transvaal in daardie stadium gegroei. In 1950 is daar berig dat daar in die 17 jaar sedertdien 100 gemeentes afgestig het in die Transvaal.[467] Stals wys op die snelle verstedeliking, industralisasie en groeiende diversiteit in die geledere van Johannesburgse Afrikaners wat deur die kerk verwerk moes word.[468] Beyers se loopbaan in die Transvaalse NG Kerk het dus saamgeval met die groei en vooruitgang van die kerk as sodanig.

Pretoria-Suid was `n nuutgestigte gemeente wat die suidelike platteland van Pretoria moes bedien. Toe die Naudé`s hier aankom, moes Beyers weer die werketiek van sy studentedae ontgin want die tempo van die bediening hier was aansienlik vinniger as op Loxton. Met sy intreepreek op 4 Maart 1945 vra Beyers die gemeente om vir hom ruimte te maak omdat hy as vreemdeling onder hulle begin en hy kom met `n ewige boodskap. Daarby gaan hy en die gemeente mekaar met toewyding nodig hê. Hy spreek ook sy opgewondenheid uit oor die nuwe geleenthede wat hier in die Transvaal vir hom as leraar voorlê.[469] Weens die voorstede se ontwikkeling in hierdie area kon die gemeente nie by hou met die vinnige groei van sy ledetal nie. Bey moes by verskillende lokale preek in `n poging om die gemeente so goed moontlik te kon bedien. Bey het in die pastorie in Irene ingetrek met die plan dat hiér `n gemeente sou ontstaan. Vir lank is die oggenddienste in Irene gehou, maar dit is geskuif na die groeiende Lyttelton-area. Aanddienste is in Olifantsfontein, Bapsfontein, of Elandsfontein waargeneem. Beyers kon nie op dié manier die gemeente effektief bedien nie. Hy het die groei in Lyttelton raakgesien en het die kerkraad oorreed om liewer daar `n nuwe kerksaal te bou en nie op Irene soos beplan nie. Hierdie skuif was die regte een aangesien Lyttelton so gegroei het na die Tweede Wêreldoorlog dat dit gou die status van aparte dorp, Verwoerdburg – wat nou bekend is as Centurion – sou ontvang.[470]

Beyers se verblyf in die Pretoria-Suid-gemeente het saamgeval met die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Hy het teen daardie tyd goed geweet wat die oorlog in Afrikaner-geledere wakker gemaak het. Veral in Lyttelton het Bey weer die manifestering van Afrikaner-

[467] "100 Nuwe Gemeentes in 17 Jaar Afgestig," *Die Voorligter*, Kersuitgawe 1950, p. 56.
[468] E. L. P. Stals: *Afrikaners in die Goudstad Deel 2, 1924-1961*, p. 117.
[469] BNS. IN. A1.1. Vol. 9. Maak Ruimte.
[470] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 36.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verdeeldheid weens die oorlog beleef. `n Gedeelte van die gemeente het in daardie dae uit weermaglede bestaan, en dit was voorgeskryf dat hulle hul uniform tydens spesiale geleenthede soos kerkdienste moet dra. In Bey se dienstyd by die gemeente kon troepe vrywillig veg aan die kant van die Geallieerde magte en hulle het `n rooi lussie op elke skouer van hul uniform gedra om hierdie affiliasie te wys. Die rooi lussies het dus `n algemene verskynsel in die Lyttelton-kerksaal geraak, maar vir baie Afrikaners – veral die OB-gesindes – was hierdie 'soos `n rooi vlag voor `n bul.'[471] Weereens bevind Bey homself in die middel van interne Afrikaner-konflik. Vir die kerkraad sê hy toe die volgende:

> Kyk, broers, wat is ons verantwoordelikheid? As mense opsetlik die rooi lussies aansit om ander mense uit te lok, dan is dit tyd dat ons optree. Maar as hulle dit doen omdat dit `n opdrag is dat wanneer hulle in die openbaar verskyn, hulle só moet aantrek, wie is ons om vir hulle te sê hulle mag nie kerk toe kom nie?[472]

Na vurige debattering het die kerkraad uiteindelik tot die besef gekom: 'ons kan nie die evangeliebediening en die Nagmaal weier aan lidmate wat in goeie trou kerk toe kom nie; en as jy vir hulle sê hulle moenie rooi lussies op hul skouers dra nie, moet jy later vir ander lidmate ook sê hulle moenie so en so aantrek nie. Uiteindelik het die kwessie bedaar.'[473] Hier neem Beyers `n standpunt in oor die rol van die kerk in die Afrikaner-gemeenskap. Dit was nie die rol van die kerk om die volk se sake te bevorder, of om kant te kies tussen faksies nie, maar vir Bey was die kern van die kerk die evangeliebediening. Dit is `n tema wat nie nuut is in Bey se teologie nie, maar hier is hy baie duidelik daaroor, nie net van die kansel af nie, maar ook teenoor die kerkraad.

Bey het wel hierdie woede oor die rooi lussies begryp. Tot in daardie stadium het Bey die moeilike tye van die Afrikaners tydens die depressiejare goed verstaan deur sy intieme kontak met armblankes op Graaff-Reinet. Maar in die Transvaal het sy pa se verhale oor die Anglo-Boereoorlog diepte begin kry. Sy pastorie was naby die konsentrasiekampkerkhof van Irene. Bey het dikwels deur die kerkhof gestap en gepeins oor die gruwels van die Boer en Brit-konflik. Die onreg wat in hierdie tydperk aan sy mense geskiedenis gedoen is, het vrae by Bey laat opkom. Vir die eerste keer het hy begin wonder oor versoening en of versoening tussen hierdie twee groepe ooit `n werklikheid sou kon raak.[474] Beyers het begin om Bybelse ondersoek in te stel rondom versoening om sin daarvan te maak. Weereens het hy gevoel dat

[471] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 37.
[472] *Ibid.*
[473] *Ibid.*
[474] *Ibid*, p. 36.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as hy maar net sy teologiese studies op Stellenbosch meer ernstig geneem het, sou hy dalk reeds insig gehad het rondom die teologiese verstaan van versoening, skuld, vergifnis en herstel van onreg. Rondom versoening tussen Boer en Brit en hy homself afgevra: 'Het die Evangelie die inherente geestelike krag om die bitterheid, vrug van soveel onreg en soveel lyding van soveel onskuldige vroue en kinders, te kan omskep in vergifnis en versoening? Hoe sou dit moes plaasvind? Wat sou daarna gebeur?'[475] Al het Bey gewonder oor die inherente geestelik krag van die Evangelie, het hy `n diep oortuiging gehad oor hoe die Evangelie mens lei om in die Koninkryk te bly; dat die lewe wat mens nou leef saak maak en nie wat in die hiernamaals gebeur nie. Die geestelike krag werk dus saam met menslike aksie om hierdie versoening te bewerkstellig. Beyers was in dié stadium nog vraend, te danke aan die identifisering van sy eie mense se historie pyn. Hy sou later hierdie vraende houding in aksie omsit.

Teen 1947 het die konstante groei in die Pretoria-Suid area te groot raak vir een gemeente. Die kerkraad het toe besluit om in twee te verdeel met een gemeente in die meer gevestigde Lyttelton en die ander in Olifantsfontein. Beyers se ambisie het hier weer na vore gekom. Na sewe jaar in die bediening, waarvan slegs twee in die Transvaal, het hy aangebied om die groot verantwoordelikheid aan te neem om die Olifantsfontein-gemeente op te bou. Die Lyttelton-gemeente was teen die tyd meer gevestig en hy het ook meer mense daar geken aangesien die meeste van sy werk tot in daardie stadium in hierdie area was. Hy het gevoel dat dit sou makliker wees vir Lyttelton om `n dominee te beroep en het sodoende Olifantsfontein se beroep aanvaar.[476] Op 26 April 1947 hou Beyers die inwydingsdiens in Olifantsfontein waar hy die nuutgestigte gemeente aangemoedig om lig vir die wêreld te bring.[477] Kort daarna word sy goeie werk raakgesien deur Beyers se ou gemeente en hy ontvang weer `n beroep van die Wellington-gemeente. Dit was `n gulde geleentheid om met meer ervaring terug te gaan na `n gemeenskap wat hy vroeër goed leer ken het. Tog sou dit ook die harde werk en gemeenskap wat hy toe reeds besig was om in Olifantsfontein te bou benadeel. In `n spesiale preek oor hierdie beroep vertel hy aan die Olifantsfontein-gemeente hoe goed Wellington vir hom was. Beyers benadruk dit dat al blyk dit `n maklike beroep om te aanvaar, sy verantwoordelikheid in daardie stadium van sy lewe was om die Olifantsfontein-gemeenskap te help om

[475] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 36-37.
[476] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 34.
[477] BNS. IN. A1.1. Vol. 9. Die Lig vir die Wêreld.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

standvastigheid te vestig.[478] Hy bedank toe die Wellington-beroep en bly aan by Olifantsfontein.

In die aanloop tot die algemene nasionale verkiesing van 1948 het die vraagstuk rondom die voorgestelde beleid van apartheid in heelwat kringe van die wit bevolking van Suid-Afrika, veral ook in die kerk, gefigureer. In 1947 het die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke van die Raad van die Kerke `n verslag opgestel met die titel *Die Apartheid van die Nasies en hul roeping teenoor mekaar* wat aan die Raad voorgelê en aanvaar is. In die verslag, opgestel deur prof. EP Groenewald, word aangevoer dat volke en rasse apart gehou moet word deur te verwys na Genesis 11 waar God die eenheid van verskeie volke verhoed en na Handelinge 17 waar, volgens die verslag, God bepaalde tye en grense vir elke volk en ras daarstel. Die verslag voer verder aan dat die opheffing van hierdie grense `n vloek van God oor die volke sal bring. Hierdie grense mag wel oorskry word, maar nooit opgehef word nie. Nog `n belangrike aspek van die verslag is die rol van die Afrikaner teenoor ander volke en rasse: 'Direkte skrifbewyse vir voogdyskap kan nie aangevoer word nie, maar dit kan uit twee skrifbeginsels afgelei word, naamlik dié van die verhouding tussen outoriteit en piëteit en dié van verpligtinge teenoor die medemens.'[479]



Figuur 11 Al die oud-Wilgenhoffers by die 1948-Transvaalse Sinode. Beyers is in tweede ry heel regs, met sy broer Joos voor hom. (Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950), p. 52a.

In die daaropvolgende jaar het hierdie verslag voor die Transvaalse Sinode die NG Kerk verskyn. Dit het die kerk se teologiese regverdiging van apartheid bevestig. Op die Transvaalse Sinode was daar een dissidente stem teen hierdie aanvaarding van apartheid deur die kerk. Dit was Bey se mede-Wilgenhoffer Ben Marais. Na Ben en Bey se paaie in die 1930`s geskei het, het Ben sy D.Phil.

[478] BNS. IN. A1.1. Vol. 9. Rotsvas in God.
[479] R. T. J. Lombard: *Die Nederduits Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek: Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*, pp. 79-80.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voltooi, waarna hy na Riversdal beroep is en later die Ou Irene Kerk in Johannesburg gedien het. In 1940 is hy deur die Transvaalse Sinode beroep na die Pretoria-Oos-gemeente as studenteleraar.[480] Dit is in hierdie tyd dat sy en Bey se paaie weer op sinodale vlak sou kruis. By die Transvaalse Sinode van 1948 het Ben die Bybelse grondslag vir apartheid wat die verslag voorgestaan het teengestaan. Hy het nie die praktiese motivering vir `n apartheidsbeleid teengestaan nie, maar wel die Bybelse regverdiging daarvan. Hy het man-alleen hierdie punt in die vergadering aangevoer. Desnieteenstaande het die Transvaalse Sinode toe die verslag aanvaar en daarmee `n beleid van apartheid ondersteun.[481] Die jaar daarna het die Kaapse Sinode ook die verslag goedgekeur met `n enkele stem daarteen – Bey se oud-dosent prof. BB Keet.[482]

Beyers het saam met Ben saamgestem. Die verslag se opmerkings oor die grense wat God daar gestel het, het direk teenoor Bey se oortuiging gestaan van `n grenslose God waaroor hy reeds gepreek het in sy eerste preek tydens die bediening op Wellington. Die houding wat *Die Apartheid van die Nasies*-verslag oor sending gehad het, was ook meer geskoei op die beskerming en bevordering van die Afrikanervolk, as die bevordering van die Koninkryk soos wat Bey teen daardie tyd sterk begin geglo het. Tog het Bey stilgebly toe Ben sy standpunte stel. Hy was nuut in hierdie kerkkringe en ook onervare op die sinode. Maar die grootste rede vir sy stilswye was sy ongewilligheid om betrokke te raak. Sy gevoel was bloot sy eie opinie en hy het nie die apartheidteologie as `n geheel krities benader nie:

> Dit [politiek en teologie] het my nooit regtig gepla nie. Ek het nie betrokke geraak nie, ek het nie krities na apartheid teologie gekyk, of vergelyk met ware, betekenisvolle teologie nie. Ek het nie na die spesifieke tekste van die Bybel gekyk en die korrekte interpretasies probeer kry nie … Ek was nie genoeg van `n teologie student nie. Dit was die tragedie – my gebrek aan teologiese opleiding en my ongewilligheid om werklik betrokke te wees.[483]

Weereens blameer Bey sy swak teologiese opleiding wat tot `n mate ook as gevolg van sy eie swak akademiese toewyding was. Wat wel hier duidelik raak, is dat Bey se persoonlike ervarings hom gelei het tot `n ongemaklikheid oor die kerk se houding teenoor apartheid. Dit was nie sy teologiese studies, of groepsdenke nie. Hierdie ongemak het Beyers by die

---

[480] P.J. Maritz: "Ben Marais (1909-1999): The Influences On And Heritage Of A South African Prophet During Two Periods Of Transformation," ongepubliseerde D.Div proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2003, p. 2.
[481] R. T. J. Lombard: *Die Nederduits Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek: Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*, p. 81.
[482] *Ibid.*, p. 86.
[483] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 34; eie vertaling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Transvaalse Sinode geforseer om saam met 12 ander afgevaardigdes hulself amptelik te distansieer van die verslag en dat hulle nie die inhoud en aanvaarding hiervan goedkeur nie. Dit was `n duidelike teken dat Bey nie die Bybelse regverdiging vir apartheid ondersteun het nie, maar Ben was nie beïndruk met hom nie. Ben het sy gevoelens oor Bey se aksies duidelik gemaak deur te sê: 'Hy het nie `n woord gesê nie … My oogpunt was dat as jy teen iets was, moes jy opstaan en dit sê in die kringe waar dit van toepassing was'[484] Al het Beyers en Ben se verhouding hierna meet intiem geraak, was dit nie die laaste keer wat Beyers hom sou teleurstel nie.

Kort na hierdie sinode het die deurslaggewende nasionale verkiesing van 1948 plaasgevind. Jan Smuts het binne die grense van Bey se gemeente gewoon, maar was `n lid van die buurgemeente weens sy goeie verhouding met die dominee daar. Net voor verkiesingsdag het Bey en Smuts vir die eerste keer ontmoet en hulle het gesels oor die Nasionaliste se kans op `n oorwinning. Weens die aard van Beyers se beroep het hy teen dié tyd met genoeg Afrikaners op grondvlak gesels om oortuig te wees dat Smuts en sy party die verkiesing sou verloor. Bey was self nog `n oortuigde Nasionalis met `n sterk vertroue in DF Malan se leierskap. Beyers verwys na sy gesprek met Smuts: 'Ek het vir hom gesê my gevoel is dat sy party gaan verloor.' Bey se motivering was dat '`n verandering is besig om plaas te vind in die land en … dat [Smuts] nie die steun sal ontvang nie.' Smuts het nie Bey se standpunt ingesien of aanvaar nie.[485] Beyers was nie noodwendige `n kenner van die politiek nie, maar op grondvlak het hy sy volk goed genoeg geken om hierdie waarskuwing aan Smuts te gee.

Drie dae voor die verkiesing het Beyers sy gemeente toegespreek. Dit was `n preek oor die Christen se verantwoordelikheid in tye van verkiesings. Al is politieke prosesse gesien as 'vuil', het Beyers gewaarsku om nie te onttrek uit die proses nie. Die gevolge van Christene wat onttrek uit politieke prosesse, sê Beyers, is dat die mense wat dan die land bestuur in hul hele lewe en optrede indruis teen 'ons diepste Christelike oortuigings.' Hy gaan ook verder en sê dat die gemeente meer betrokke moes wees by die politiek as net op stemdag. Dis deel van `n Christen se verantwoordelikheid as sout van die aarde om deel te neem aan die politiek van die dag. Anders, waarsku Beyers weer, sal die land eendag regeer word deur ongelowiges. Sy NP-ondersteuning kom geensins na vore in die preek nie. Hy vra dat elke lidmaat mooi om te kyk na die standpunte van elke party en dat hulle die slegte van elke party moes veroordeel.

[484] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 35.
[485] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 37.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit maak nie saak watter party jy ondersteun nie, die beleid van die party moes biddend en volgens Godswoord gelei word.[486]

Op 26 Mei 1948 stem wit Suid-Afrika. Beyers het gejuig oor die NP-oorwinning. Hy 'het die NP-oorwinning gesien as die einde van die Afrikaner se lang worsteling om tot sy reg te kom.'[487] Die gevoel van onreg wat hy tot dusver in bruin gemeenskappe raakgesien het, het nie nou so groot impak op hom gehad nie. Die Afrikanersaak het hom nader aan die hart gelê en hierdie oorwinning was vir hom `n groot verligting. Daar was wel een Naudé wat die stryd om hierdie oorwinning baie dieper waardeer het. Op 31 Mei 1948 – op die herdenking van die Vrede van Vereniging – ontvang Beyers `n brief van sy pa:

> Dis 6 uur v.m. Ons het klaar koffie gedrink en gelees, gelees die ou hoofstuk, Klaagliedere 5, wat ek vir die laaste 46 jaar op hierdie dag nog altyd gelees het, maar in aansluiting daarby het ek Ps 126 gelees, want ons gevangenis, ons lot, is verander … Vereeniging se smart is verander in gejubel. Wat daar in trane gesaai is, kan ons nou in gejuig maai.[488]

Later die jaar het Jozua reggemaak om Beyers op 4 September te bevestig by die Olifantsfontein gemeente.[489] Sy ouers het die geleentheid gebruik om by hulle kinders in die Transvaal te gaan kuier. Voordat Jozua egter die bevestiging van sy seun kon behartig, is hy op 28 Augustus 1948 skielik aan `n hartaanval oorlede, omring deur sy familie.[490] Op 1 September het Beyers en sy broer Joos, saam met Frans, Detlev, en sy ander swaers die kis van Jozua gedra by een van die grootste begrafnisse wat Graaff-Reinet nog gesien het. Na die begrafnis het Beyers die bedankings behartig.[491]

Figuur 12 Beyers en sy ma, voor die Roodepoort se pastorie met `n portret van sy oorlede pa. (M. Weiss: Vuurtoring, p. 272.)

[486] BNS. IN. A1.1. Vol.12. Die Christen en die Verkiesing.
[487] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 37.
[488] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 199.
[489] Beyers skryf in sy outobiografie – C. F. B. Naudé, *My Land van Hoop*, p. 36 – dat sy pa hom wel bevestig het in Olifantsfontein, maar die datum van Jozua Naudé se afsterwe (28 Augustus 1948) en wanneer Beyers bevestig is in hierdie gemeente (1 September 1948) wys dit dat sy pa hom nie kon bevestig nie. In die biografie oor Jozua Naudé skryf Weiss (*Vuurtoring*, p. 267) ook dat sy bevestingspreek reeds geskryf is, maar nie dat hy dit kon lewer nie weens sy afsterwe.
[490] M. Weiss: *Vuurtoring*, p. 267.
[491] *Ibid.*, p. 269.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Minder as `n jaar nadat die NP aan bewind gekom het, was daar onluste in Durban tussen Indiërs en Zulus wat gelei het tot die dood van 142 mense. Beyers het kort daarna die kansel gebruik om te preek oor rassewrywing in die land. Hy wys uit dat hierdie geweld nie die Indiërs of Zulus se skuld is nie. Beyers blameer weereens die kapitalistiese stelsel wat werkersklas Suid-Afrikaners teen mekaar laat kompeteer en wat in daardie geval die Indiërs en Zulus teen mekaar opgestel het. Daarby sê hy dat die groepe net die voorbeeld volg van die Westerse gemeenskap wat met gewere wêreldkonflikte wil oplos. Nog belangriker, meen Beyers, is dat hierdie geweld `n teken is dat die kerk te stadig evangeliseer. Daarin lê sy oplossing ook: evangelisasie onder die 'naturelle en nie-blankes' moet versnel word.[492] Beyers wys `n diep begrip van die ekonomiese wyse waarop swart werkers uitgebuit is. Daar is `n volwassenheid in sy introspeksie om die geweld tussen Indiërs en Zulus gelyk te stel aan Westerse konflikte. Tog lê daar steeds `n diep gewortelde paternalisme in sy houding teenoor die probleem deur evangelisasie te gebruik om rassewrywing te laat bedaar.

Teen die einde van 1948 het Pretoria-Oos-gemeente `n nuwe studenteleraar begin soek, in Februarie 1949 word Beyers na die gemeente beroep om hierdie pos te vul.[493] Dit was `n dinamiese gemeente met `n wye net van bedienings. Die kerkgebou is geleë tussen twee groot Afrikaanse skole – Afrikaans Hoër Seunskool en Afrikaans Hoër Meisieskool en met die Universiteit van Pretoria wat om die draai is. Dit sou juis hierdie studentegemeenskap wees wat Beyers moes bedien; `n bediening waarvoor die gemeente reeds jare lank bekend was. Bey het op Wellington reeds insigte ontwikkel in studentebediening, maar in die stad sou dit meer uitdagend wees. Sy swaer Detlev Weiss was net voor Beyers beroep ook leraar in dié gemeente, maar was teen daardie tyd reeds `n dosent aan die US.[494] Die bestaande studenteleraar was Bey se ou vriend Ben Marais. Ben sou nou medeleraar van die gemeente wees, terwyl Beyers Ben se rol as studenteleraar sou oorneem. Dit was vir Beyers `n goeie geleentheid om die volgende geslag Afrikaners te bedien en hy het die beroep aanvaar. Na vier jaar groet Beyers die gemeente van Olifantsfontein 'diep bedroef' en meen hy dis sy swaarste totsiens tot in daardie

[492] BNS. IN. A1.1. Vol. 9. Die Christus en die huidige rasse wrywing. Hierdie preek is verkeerdelik gedateer 23 Januarie 1948. Die Durban-onluste het eers in Januarie 1949 plaasgevind en 23 Januarie 1949 was `n Sondag, terwyl 23 Januarie 1948 `n Vrydag was. Dus het was hierdie preek op 23 Januarie 1949.
[493] NGKSAA, Pretoria-Oos, Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotule, 13 Desember 1948.; NGKSAA, Pretoria-Oos, Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotule, 10 Februarie 1949.
[494] P. L. Olivier: *Ons gemeentelike feesalbum*, p. 463.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stadium. Die stigting van die gemeente is nie toevallig nie sê hy en benadruk die taak van voortbou en uitbreiding wat nou vir die gemeente voorgelê het.[495]

Die grondslag van Bey se verhouding en verpligtinge teenoor die Pretoria-Oos-gemeente was duidelik uiteengesit. Eerstens was hy as studenteleraar ook 'medeleraar van die gemeente en tree in die Kerkraad, Ring en Sinode as sodanig op.' Dus is die gemeente verantwoordelik vir sy betaling, huisvesting, reistoelae en ander uitgawes wat aan die pos verbind was.[496] Die gemeente het die verantwoordelikheid goed nagekom met `n salaris van £600 per jaar, plus `n lewenskostetoelaag van £140. Vir sy reiskostes is £125 per jaar begroot en sy telefoontoelaag was £20. Daarby het die gemeente ook `n pastorie aan die Naudé-gesin beskikbaar gestel.[497] Beyers se verantwoordelikheid as studenteleraar het vereis dat hy vir die agt maande van die studentejaar – van middel-Februarie to middel-Julie met Junie uitgesluit – homself, benewens prediking, net sou besig hou met studentebearbeiding. Die ander vier maande staan Bey in volle diens van die gemeente en die kerkraad wat die reg gehad het om hom dan op enige wyse in die gemeente te gebruik. Gedurende hierdie vier maande moes ses weke verlof aan Bey verleen word.[498]

Die aand van 5 Mei 1949 was die stadsaal gepak met kerkraadslede en afgevaardigdes om Beyers en Ilse te ontvang en ook om vir Ben en sy vrou Sibs seremonieel welkom te heet. Ben 'het afskeid geneem van `n gemeente wat hy nie verlaat nie, en is verwelkom in `n gemeente waarin hy reeds elf jaar tuis is.'[499] By hierdie geleentheid is beide leraars die kans gebied om redes te lewer. Bey het met selfvertroue duidelik gemaak dat hy `n persoon is wat kan raakvat en hy het sy liefde vir jeugbediening benadruk. Ben het op sy beurt die kerkraad gerus gestel oor hul keuse van sy opvolger: 'As ek persoonlik iemand vir hierdie werk moes benoem, sou ek in ons hele Kerk na my oordeel nie `n beter persoon as Ds. Naudé kon vind nie.'[500] Op Sondagoggend 8 Mei 1949, twee dae voor sy 34ste verjaarsdag, word Beyers by sy vyfde gemeente na amper 10 jaar in die bediening bevestig. Aangesien sy pa oorlede is, het Beyers se goeie vriend en swaer Frans Geldenhuys die bevestigingsdiens waargeneem. Frans het na universiteit sy beroep as dominee in Port Elizabeth begin, waarna hy later as dominee aan die

[495] BNS. IN. A1.1. Vol. 13. Opgedra aan God.
[496] NGKSAA, Pretoria-Oos, Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotule, 21 April 1949.
[497] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 10 Februarie 1949.
[498] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 21 April 1949.
[499] "Ds. C. F. B. Naudé," *Die Ooskerk*, Junie 1949. *Die Ooskerk* dui geen bladsynommers aan nie.
[500] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rand lid geword het van die AB.[501] Hy was nou ook aktuarius van die Transvaalse NG Kerk. Die aand lewer Beyers sy intreepreek voor gemeentelede en studente.

In Beyers se intreepreek wys hy daarop dat hierdie beroep vir hom een van die grootste take is waarheen God hom gestuur het. Studente, meen hy, is vir so kort tyd in hierdie gemeente en dit is `n geleentheid om saad te plant wat onbekende vrugte sal dra in die toekoms.[502] Daarby is die studentebediening wat Beyers nou oorgeneem het groter as enige gemeente waarvan hy tot dusver deel was. In 1949 het Pretoria-Oos 1 596 bevestigde lidmate gehad.[503] Buiten hierdie bevestigde lidmate, moes Bey 3 400 studente bedien. Daarvan was die oorgrootte meerderheid Tukkiestudente.[504] Al was al hierdie studente nie noodwendig kerkgangers van die Pretoria-Oos-gemeente nie, moes Bey hulle steeds deur bidure, byeenkomste, en pastorale steun bedien. Kort na Beyers se aankoms het die kerkraad die leraars se werkverdeling vir die jaar bespreek. Beyers het gedien op die evangelisasiekommissie, terwyl hy ook die sameroeper van die sendingkommissie en die jeugkommissie was. Daarby was hy die gemeente se korrespondent met *Die Voorligter*, die NG Kerk se koerant in die Transvaal. Hy en Ilse is ook verkies tot die breë komitee vir die bou van `n nuwe kerksaal – `n projek wat die gemeente vyf jaar geneem het om te voltooi.[505]

Tydens die studente se Junie-Julie-vakansie is konferensies gewoonlik gehou deur die verskeie jeugstrukture van die NG Kerk en Beyers het as studenteleraar en hoof van die gemeente se jeugkommissie jaarliks hierdie vergaderings bygewoon. Nadat hy sy voete in die gemeente gevind het, is hy van 2 tot 6 Julie 1949 Strand toe vir sy heel eerste Uniale CSV Konferensie vir Universiteite en Kolleges. Direk daarna is hy Kroonstad toe vir die Uniale Strewers Konferensie[506] wat van die 6de tot die 10de Julie was.[507] Een van die grootste besprekingspunte by beide hierdie kongresse was die Transvaalse Sinode se voorstel dat hierdie twee jeugverenigings een moes word.[508] Vir die eerste keer het Beyers blootstelling gekry aan jeugstrukture op nasionale vlak. In hierdie periode het Ilse hulle tydelike pastorie in Maple-laan 13 ingerig.[509] Na `n besige twee maande in `n nuwe en baie bedrywige gemeente, en na

[501] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In Die Stroomversnellings: Vyftig jaar van die NG Kerk*, pp. 17, 22.
[502] BNS. IN. A1.1. Vol. 14. Die uitdaging van die Evangeliedokument.
[503] "Gemeentelike Dankoffers," *Die Ooskerk*, Oktober 1949.
[504] "Verslag van die Staat van Godsdiens in die Gemeente Pretoria-Oos," *Die Ooskerk*, September 1949.
[505] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 30 Junie 1949.
[506] Een van die NG Kerk se nasionale jeugorganisasies.
[507] "Ds. Naudé," *Die Ooskerk*, Julie 1949.
[508] "Een Kerklike Jeugvereniging," *Die Ooskerk*, Junie 1949.
[509] "Ds. C. F. B. Naudé," *Die Ooskerk*, Junie 1949.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie twee groot konferensies het die Naudé-gesin `n vakansie in Bosveld vir twee weke gaan geniet.[510]

In April 1950 is daar `n kongres gehou in Bloemfontein om die NG Kerk se oortuigings rondom ras te bespreek. Daar is drie hoofsake behandel. Eerstens, die evangelisasie van sogenaamde nie-blankes en die skriftuurlike gronde vir apartheid. Die kongres het bevestig dat dit die Kerk se roeping en plig was om persone van kleur te evangeliseer, terwyl die skriftuurlike gronde van apartheid volgens `n baie breë formule aanvaar is. Tweedens is besluit dat die onderrig van swart mense totaal oorgegee moes word aan die regering. En laastens dat die skeiding van woongebiede op ras gebaseer moes wees sodat persone van kleur uitgeskakel kon word uit die wit ekonomie en industrieë. Op die laaste punt kon nie ooreengekom word nie en dit was die enigste punt wat nie afgehandel kon word nie. Bey se kollega Ben was die verteenwoordiger van Pretoria-Oos se kerkraad op hierdie kongres.[511] Ben het homself reeds sterk uitgespreek teen die Bybelse regverdiging vir apartheid en hierdie kongres het hom oortuig om `n omvattende studie te doen oor rassekwessies en die kerk. Die kerkraad gee hom toestemming tot studieverlof en hy vertrek in Julie 1950 na Noord-Amerika om navorsing te gaan doen. Sy afwesigheid in die gemeente het van Beyers vereis om buiten sy studentebediening ook al hoe meer bedieningswerk vir die gevestigde gemeente te doen. Hy is verkies as voorsitter van die kerkraad in Ben se plek[512] en moes instaan met huisbesoek by die gesinne waarvoor Ben verantwoordelik was. Die bejaardes en siekes was ook onder gedeelde verantwoordelikheid van Bey en ds. Lückhoff.[513] Gelukkig het Beyers in daardie tyd hulp gehad het met die studentebediening. Jeanie Fourie het gedurende 1950 die vrouestudente van Tukkies en die Normaalkollege help bedien, maar aan einde van die jaar het sy die pos verlaat.[514] Die Geloftedag-diens was in Ben se afwesigheid ook Beyers se verantwoordelikheid. Daar vertel hy aan die gemeente hoe vatbaar die 'naturel' was vir die evangelie en dat hulle ook die seënings van die sogenaamde beskawing kon geniet as gevolg van die gebeure by Bloedrivier.[515]

Ben het in April 1951 teruggekeer na die gemeente en die veronderstelling was dat Bey weer op die studentebediening sou fokus. Die volgende maand is beide Bey en Ben deur die

[510] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 30 Junie 1949.
[511] "Die Rasse Kongres in Bloemfontein," *Die Ooskerk*, Mei 1950.
[512] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 17 Augustus 1950.
[513] "Bearbeiding van die Gemeente," *Die Ooskerk*, Augustus 1950.
[514] "Van Afskeid Gepraat," *Die Ooskerk*, November 1950.
[515] BNS. IN. A1.1. Vol. 15. Geloftedag: dag van verwagting.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Transvaalse Sinode tot die Gefedereerde Raad van Kerke verkies – die liggaam waar die vier sinodes van die NG Kerk saam verteenwoordig was.[516] Dit was `n groot voorreg vir Beyers om die Transvaalse kerke daar te kon verteenwoordig. Dit was `n bewys dat daar op sinodale vlak iets in Bey raakgesien is, veral toe hy ook op die groslys vir moderator verskyn het.[517] Die feit dat hy binne twee jaar reeds sewe keer beroepe ontvang het van gemeentes regoor die land is `n verdere bewys van sy populariteit as jong dominee in NG Kerk.[518]

Tydens die Julie-vakansie was Beyers weereens uitstedig weens jeugkommissies en -rade se byeenkomste. Nadat hy by die Federale Jeugraad se sitting was, het Beyers die stigtingskongres van die nuwe Kerklike Jeugvereniging – die KJV – op Wellington bygewoon. Die stigting van die KJV was die resultaat van jare se besprekings op sinodale-, ring-, en kerkraadsvlak. Beyers was reeds van sy eerste jaar as studenteleraar deel van die gesprekke by die Uniale CSV en Uniale Strewers Kongresse in 1949. Hy was ook deel van die sogenaamde *Kommissie van Ag* – as verteenwoordiger van die Strewers van Transvaal – wat die besprekingspunte en program van die KJV Stigtingskongres moes opstel.[519] Hierdie vyf-daagse kongres het gehandel oor die teologiese rigting, struktuur en grondwet van die KJV. Op die derde dag van die kongres – 7 Julie – is die voorsitter en onder-voorsitter van die KJV verkies. Uit die groslys van Federale Hoofbestuurslede – wat Beyers namens die Transvaal verteenwoordig het – is ds. Conradie van Kaapland as ondervoorsitter gekies.

`n Groot oomblik het vir Beyers aangebreek toe hy as die eerste voorsitter van hierdie nuwe landswye jeugstruktuur van die NG Kerk verkies word. Toe die voorsitter van die Federale Jeugraad die voorsitterskap van Beyers aankondig, deel hy die vergadering ook mee dat die stigting van die KJV volgens hom die belangrikste mylpaal in die bediening van die NG Kerk se jeug van die afgelope 20 jaar was.[520] Dit is dus `n groot verantwoordelikheid en eer wat Beyers toegeval het. As `n persoon wat groot geword het met die CSV en ook as student betrokke daarby was, was Beyers die perfekte persoon vir die amp volgens, die skrywer van sy biografiese inligting: 'Dit is asof in die vorming van ds. Naudé en die bepalinge van die invloede wat op sy lewe ingewerk het duidelike opgemerk kan word hoedat hy deur `n Hoër Hand doelbewus voorberei is juis vir die amp van voorsitter van die eerste amptelike

[516] "Ons Leraars," *Die Ooskerk*, Mei 1951.
[517] "Kerk Neem Andermaal Leiding," *Die Voorligter*, Mei 1951, p. 12.
[518] "Weer `n Beroep," *Die Ooskerk*, 1 April 1951.
[519] *Die Uniale Kerkjeug-Kongres en C.S.-unie-Jubileum: Verslagboekie*, pp. 11, 13.
[520] *Ibid.*, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jeugvereniging van die Kerk.'[521] Op die laaste dag van die kongres sluit Beyers af met `n inspirerende boodskap. Hy benadruk die geseënde posisie waarin hy en die res van die KJV deur God geplaas is en dat die geloof wat hulle daarin het die organisasie na aksie moes dryf. Beyers was nou aan die spits van `n organisasie wat deur die land se Afrikaner-are loop en wat 215 000 jong mense moes bedien.[522]

Aan die einde van nog `n bedrywige jaar het Pretoria-Oos die hulp ingeroep van `n Tukkie-teologiestudent om die leraars vir die vakansie af te los. Die kerkraad het besluit om die jong Willie Jonker daarvoor aan te stel. Willie Jonker was `n uitstaande teologiestudent en het na sy teologiese studies vinnig in die NG Kerk opgang gemaak. Beyers en Willie het mekaar reeds daar leer ken, maar hulle verhouding – soos vele ander – sou later dieper raak. Nog `n teologiestudent se hulp is aan die einde van 1951 ingeroep om die gemeente se kolportasie te hanteer.[523] *Ooskerk*, Pretoria-Oos se gemeenteblad, wys daarop dat dit dikwels gebeur dat 'huisgesinne in [die] gemeente deur mense van die sektes genader word met die versoek dat hulle geestelike boeke moet koop.' Om te keer dat lidmate hierdie 'skadelike of waardelose boeke' koop, is teologiestudent David Bosch se hulp ingeroep om literatuur wat die NG Kerk goedkeur aan lidmate te verkoop.[524] David Bosch se pad sou later weer met Beyers s`n kruis. Maar Beyers het met `n verskeidenheid teologiese studente `n pad begin stap deur sy bediening by Pretoria-Oos. Daar was `n groep idealiste, soos Françoise Malan, Charl le Roux en Carel Boshoff.[525] Hulle wou toe reeds die bruin gemeenskappe help om trots vir hulle taal, kultuur en agtergrond te ontwikkel sodat hulle selfstandig en apart kan voortbestaan. Dit was die klimaks van aparte ontwikkeling wat hulle idealistiese voorgestaan het. Daar was ook `n handjie vol studente wat die foutlyne begin raaksien het in die rasseverhoudinge en wat later jare sou aansluit by die NG Kerk in Afrika, NG Sendingkerk en die Indian Reformed Church.[526]

Die tempo van Beyers se bediening het nooit verminder nie. In 1952 het die jaar reeds begin met die finalisering van die samesmelting van die CSV en die Strewers tot die KJV waarin Beyers as voorsitter van hierdie organisasie `n groot rol gespeel het. Binne sy gemeente het die Strewers aan die begin van Februarie finaal nou as die KJV bekend gestaan na `n paar maande

[521] *Die Uniale Kerkjeug-Kongres en C.S.-unie-Jubileum: Verslagboekie*, p. 25.
[522] *Ibid.*, pp. 82-83.
[523] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 26 November 1951.
[524] "Kolportasie," *Die Ooskerk*, Februarie 1952.
[525] Boshoff sou in die 198o`s voorsitter van die Afrikaner Broederbond raak, en later die stigter van die eksklusiewe Afrikaner-dorp Orania wees.
[526] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 40.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

se onderhandeling en herorganisering. Dit was ook die jaar waar Afrikaners fees gevier het oor die 300-jaar herdenking van Jan van Riebeeck se aankoms in die Kaap. Dit het weereens die Afrikaner-volk herinner aan hulle geskiedenis tot op daardie punt. Maar aan die einde van die jaar het `n publikasie uit die pen van Bey se kollega verskyn wat die NG Kerk – en veral vir Beyers – sou ruk. Na sy oorsese reise en in-diepte navorsing, het Ben Marias sy studie in boekvorm gepubliseer met die titel *Die Kleur-Krisis en die Weste*.

Hierdie boek was `n ondersoek in die rassesegregasie van die VSA en Brasilië. Die kerk se houding hieroor is ook verduidelik en dertien top teoloë in die wêreld se siening oor apartheid is gevra. Hulle almal het dit verwerp. Ook Ben Marais het in die boek bevestig dat hy die Bybelse begronding van gesegregeerde kerke verwerp, maar dat segregasie op praktiese gronde regverdig kan word. Met ander woorde sien hy die meriete in segregasie om praktiese redes – soos om rassewrywing te voorkom – maar nie die NG Kerk se teologiese gronde daarvoor nie. Die boek het `n opskudding in die NG Kerk, in Afrikaner-kringe en in die Broederbond veroorsaak. Hierdie invloedryke teoloog se publikasie `n bedreiging was vir die AB se projek van Afrikaner-nasionalisme. Ben was nie deel van die AB nie en was oor die algemeen krities oor die geheimsinnigheid van die organisasie. Beyers se AB-afdeling – waarvan sy ander kollege Johan Lückhoff ook lid was – het die boek en sy inhoud bespreek, maar ook hoe om te werk moet gaan met Marais. Toe Bey die inhoud van die boek bepeins, het hy besef dat hy eintlik met Ben saamstem, maar net soos tydens die 1947-sinode het Beyers nie sy siening bekend gemaak nie. Ben het gevoel sy twee kollegas ondersteun hom nie openlik nie, wat gelei het tot spanning in die gemeente. Beyers gee toe dat hulle hom nie nodige steun in hierdie tyd gebied het nie.[527] Alhoewel hy nie `n lid van die organisasie was nie, het die Broederbond wel teen Ben opgetree. Twee weke na die boek se bekendstelling klop ouderling Jan Pienaar, `n lid van die kerkraad en `n invloedryke kultuurman in Pretoria, een aand laat aan Ben se deur. Hy het gekom om hom in te lig dat die AB besluit het om `n kommissie van drie , waarvan Jan een was, aan te stel om sy boek aan te val en ongeldig te laat voorkom.[528] *Die Vaderland* en *Die Transvaler* sou daarvoor gebruik word, asook geplante resensies in vaktydskrifte. Die SAUK

[527] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 39.
[528] Dit was nie die laaste keer dat die Broederbond teen Ben Marais sou optree nie. In die laat 1960`s het Ben `n mosie by die NG Kerk Sinode voorgestel dat geen leraar van die NG Kerk lid mag wees van enige organisasie waar daar `n eed van geheimsinnigheid afgelê word nie. Dit was direk gemik op die AB en AB het toe teruggekap. Sewe jaar lank na daardie sinode sitting was Ben by geen NG Kerk toegelaat om te preek of praatjies te hou nie. Daarna het van sy teologiese studente `n brief aan die UP-kuratorium geskryf om te kla oor sy 'liberale tendense'. Hierdie studente het later een-vir-een aan Ben vertel dat hulle deur die AB gevra is om dit te doen (Serfontein: *Apartheid Change and the NG Kerk*, pp. 99-100).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

– wat toe reeds onder AB beheer was – het ook nooit weer vir Ben gevra om enige preke oor die lug uit te saai nie – iets wat hy op gereelde basis vir die radiostasie gedoen het.[529] Dit is heel moontlik dat Beyers daarvan geweet het aangesien Jan Pienaar en Bey mede-Broederbonders van dieselfde afdeling was. Dit sou net die spanning tussen Ben en Bey vererger. Bey het nie eers die boek met Ben bespreek nie.[530]

Dit het duidelik geraak dat Beyers se sentiment dieper gesetel was in die geledere van die Afrikaner-establishment en veral in die Broederbond, as in sy eie oortuigings en ongemak oor apartheid. Om uit te praat, was nie net moeilik nie, dit was in daardie stadium ondenkbaar vir Bey. 'Ek het geweet dat as ek [iets sou sê], dan skep ek ernstige probleme', bely Beyers later. Hy het ook raakgesien wat gebeur met iemand wat teen die Afrikaner-*status quo* gaan, beide van die kant van die AB en die samelewing: 'Daar het ek ook begin besef hoe diep lê dit in die hart van talle Afrikaners dat jy hierdie afgodsbeeld van apartheid nie moes aanraak of betwyfel nie.'[531]

Tog was Beyers nou baie ongemaklik binne hierdie broederskap. Al het hy duidelik die kant van AB en die Afrikaner-establishment gekies, het die feit dat hy `n keuse moes maak dit vir Bey duidelik gemaak dat daar iets fundamenteel verkeerd was met die *status quo*: 'I was in the invidious position where my loyalty to a secret organisation made it very difficult for me to feel free to study and evaluate certain basic theological views which were in conflict with the traditional views of the NGK. … I had this increasing feeling of doubt and unhappiness about the position in which I found myself.'[532]

Beyers se ordentlike rebelsheid teenoor outoriteit as hoërskoolkind en student, het nie egter nog nie weer tot uiting gekom nie. Dit is immers moeiliker om te rebelleer teen broederskap as teen gesag. Beyers se manier om vrede te midde van verskille te bewaar was tot dusver op verskeie forums effektief. Al het die AB `n ruimte geskep waar Afrikaners kon debatteer oor Afrikanersake, moes dit gebeur binne die parameters wat die AB daar gestel het. Beyers se idees het egter al hoe meer buite hierdie parameters begin val. Die inhoud van die boek het Beyers genoop om vir `n slag sy eie teologiese ondersoek in te stel. Die praktiese teologie gegrond in vroomheid en die Afrikaner kulturele teologie van die dag het Beyers tot nou toe

[529] J. H. P. Serfontein: *Apartheid Change and the NG Kerk*, p. 99.
[530] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 37.
[531] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 39.
[532] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 37.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

goed onder die knie gehad. Maar sterk gereformeerde teologie waarin enige dominee gegrond behoort te wees, het hom ontbreek aangesien hy nie dit as student in 1930s as stimulerend ervaar het nie. Bey het met selfstudie begin wat gefokus het op Bybel-interpretasie, kerkgeskiedenis in Suid-Afrika en in ander lande, asook die rol van ras in die Christelike kerk.[533] Dit was alles temas wat vervat was in die Ben se *Kleur-Krisis en die Weste*. Bey het ook die werk van Karl Barth en ander Hollandse teoloë bestudeer het begin besef dat die teologiese gegrondheid van die NG Kerk se rasbeleid verkeerd was.

Dit was te midde van Beyers se selfstudie, asook die spanning tussen Ben, Bey en die Bond, dat hy deur die KJV oorsee gestuur sou word. Saam met die sekretaris van die KJV, Ds. W. de W. Strauss, moes die verskillende aspekte en moontlikhede van Christelike jeugbearbeiding in Europa en Noord-Amerika ondersoek word. Daarby moes hulle ook studente wat deel was van die NG Kerk, maar in die verskillende lande studeer het, besoek.[534] Hulle reis het vroeg in Junie 1953 in Amerika begin. Uit die sowat 260 Afrikaanse studente wat in verskillende lande studeer het, het die meeste van hulle hulself in die VSA en Nederland bevind – 60 studente elk in beide lande. In die VSA kon Beyers en Strauss ongelukkig net 8 van hierdie studente besoek weens hulle wye verspreiding van die studente regoor die land.[535] Later in Europa het die twee afgevaardigdes eers aangeklop by die Dr AL Geyer, die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen. Sy raad aan die NG Kerk was om `n jong leraar Londen toe te beroep. Geyer wys uit dat daar baie Afrikaner-studente in die stad was en dat volksfeeste soos Geloftedag[536] deur honderde Afrikaners in Londen gevier is. Die grootste behoefte wat die studente het, is persoonlike besoeke.[537] Dié behoefte het ook duidelik geraak uit die reaksie van die studente wat Beyers en Strauss besoek het. In `n brief aan die twee afgevaardigdes beklemtoon `n groep studente van Leiden in Nederland hulle dankbaarheid oor die besoek. 'Ons waardeer die warmte en ongedwongenheid van u persoonlike besoeke aan ons van harte', lees die brief.[538] Twee dae na die besoek aan Geyer, is besoek afgelê aan twee leraars in Londen wat Afrikaanse

[533] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 37.
[534] "Ds. Bey Naudé na die Buiteland," *Die Ooskerk*, 1 Junie 1953.
[535] C. F. B. Naudé en W. De W. Strauss: "Besoek aan Studente, en Permanente Bearbeiding van Lidmate in die Buiteland: Verslag aan die Raad van Kerke van die Voorsitter van die Hoofbestuur van die Algemene Sekretaris van die Kerkjeugvereniging," pp.1-2.
[536] Ook genoem Dingaansdag; Na 1994 is die dag bekend as Versoeningsdag.
[537] C. F. B. Naudé en W. De W. Strauss: "Besoek aan Studente, en Permanente Bearbeiding van Lidmate in die Buiteland: Verslag aan die Raad van Kerke van die Voorsitter van die Hoofbestuur van die Algemene Sekretaris van die Kerkjeugvereniging," pp. 6-7.
[538] *Ibid.*, p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

studente in hul gemeentes gehad het. Dr Van Appeldoorn van die Nederlandse Hervormde Kerk en ds. Kraan van die Gereformeerde Kerk in Londen het Geyer se sienings beaam.

Na `n maand lange studentebesoek in Engeland, was Beyers en Strauss se volgende besoek in Den Haag by die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland, Kolonel Hoogenhout. Volgens hom was 95% van die Afrikaanse studente in Nederland deel van die NG Kerk en daar was beslis `n plek vir só gemeente in die land. Ook daar is Geloftedag goed gevier deur die studente het hy gesê.[539] In sy terugvoer aan die gemeente in Pretoria-Oos vertel Beyers hoe gesellig dit was om paar oud-Tukkies wat in Europa studeer, te besoek.[540] Een van hierdie oud-Tukkies sou heel waarskynlik Willie Jonker wees wat tussen 1952 en 1955 besig was met sy doktorale studies aan die Vrije Universiteit in Amsterdam.

Hierdie reis het Beyers se wêreldbeskouing beslis verbreed, veral die blootstelling aan ander kulture. Hy rapporteer terug aan die gemeente oor die verskil in volksbeskouing en die vreemde eetgewoontes wat hy teëgekom het.[541] Maar die toer het ook andersins `n baie dieper indruk gelaat op Beyers. Op die toer het Bey kontak gehad met `n verskeidenheid studente van verskillende rasse en kerke. Die debatte en gesprekke met so diverse groep wat strek oor die Westerse wêreld het Beyers geïnspireer. '`n Nuwe visie van die eenheid van die Kerk, van rasse- en menseverhoudinge, asook van die ekumeniese beweging', het by hom posgevat.[542] Hy was veral beïndruk met die samewerking tussen die verskillende Protestante kerke in sommige van die lande.[543] Bey kon nou in die praktyk sien hoe gemeentes met die selfde teologiese basis kan saamwerk. Daar was wel een netelige saak wat orals opgeduik het in hulle gesprekke met studente en leraars: apartheid en rasseverhoudinge in Suid-Afrika. Kritiese vrae oor apartheid is deurgaans aan Suid-Afrikaanse studente gevra by die universiteite waar hulle studeer het. Kol. Hoogenhout het aan Bey en Willem gemeld dat 'die Afrikaanse student het `n goeie naam in Nederland, maar word baie lastig geval oor die rassevraagstuk.'[544] Hierdie vrae is deur die studente herlei na Bey en Willem en leraars het dieselfde vrae aan hulle gestel. Bey en Willem het besluit om dié onderwerp in gesprekke te vermy, en as hulle wel daaroor

[539] C. F. B. Naudé en W. De W. Strauss: "Besoek aan Studente, en Permanente Bearbeiding van Lidmate in die Buiteland: Verslag aan die Raad van Kerke van die Voorsitter van die Hoofbestuur van die Algemene Sekretaris van die Kerkjeugvereniging," p.10.
[540] "Studiereis di Naudé en Strauss," *Die Ooskerk*, 1 Februarie 1954.
[541] *Ibid.*
[542] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 39.
[543] "Studiereis di Naudé en Strauss," *Die Ooskerk*, 1 Februarie 1954.
[544] C. F. B. Naudé en W. De W. Strauss: "Besoek aan Studente, en Permanente Bearbeiding van Lidmate in die Buiteland: Verslag aan die Raad van Kerke van die Voorsitter van die Hoofbestuur van die Algemene Sekretaris van die Kerkjeugvereniging," p. 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gevra is, het hulle net die amptelike standpunt van die NG Kerk gegee. Hulle was immers daar as amptelike afgevaardigdes van dié kerk. Tog was daar talle kritiese vrae gevra oor die rassevraagstuk. Volgens Bey het hierdie vrae in sy gemoed bly lê.[545]

Die 10de Desember 1953 vertrek Beyers en Willem uit die Southampton-hawe terug Suid-Afrika toe, waar Bey net voor Kersfees in die Kaap aangekom het. Ilse en die kinders was toe reeds `n ruk in die Boland waar hulle vir Bey gewag het voor die gesin saam daar vakansie sou hou.[546] Dit was `n lang tyd vir Ilse sonder haar man waar sy 'in die pastorie agter [gebly het] om die vuurtjie aan die brand te hou.'[547] Al is daar in die tyd voorsiening gemaak deur die kerkraad om Bey se verantwoordelikhede teenoor die gemeente te dek, was Ilse steeds bedrywig met die studentebediening. Sy was `n pastoriemoeder vir haar vier kinders en `n studentegemeenskap. In die eerste jaar by die gemeente het die Naudés in `n tydelike pastorie gebly in Maple Laan 13, om die draai van die kerk. Binne hierdie eerste jaar is die pastorie *Die Korf* deur die studente gedoop. Hierdie naam het saam met die Naudés getrek toe hulle in Desember 1950 ingetrek het in `n splinternuwe pastorie in Duxbury straat 53 digby die Tukkies-kampus. Bey was hoof van die boukommissie. *Die Korf* is nie net so gedoop weens die konnotasie met 'Bey' nie, maar ook omdat dit so `n bedrywige huis was waar studente daagliks in en uit was. Veral Sondagaande na die aanddiens sou die studente by die pastorie bymekaar kom vir na-kerkse kuier.[548] Die rol wat Ilse gespeel het in die skep van so `n tweede huis vir die studente het nie ongesiens verbygegaan nie. In Bey se jaarverslae oor die studentebediening het haar naam gereeld verskyn en die kerkraad was altyd innig dankbaar vir haar belangrike rol in die bediening.[549] Ilse was ook geliefd onder die res van die gemeente. Na sy oorsese reise skryf Bey die volgende in *Die Ooskerk*: 'Mag ons ook groot dank uitspreek aan die baie blyke van belangstelling wat van die kant van die gemeente en vriende aan die inwoners van die Korf betoon is solank as die een Bey in die buiteland rondgevlieg het!'[550]

Met Bey se terugkeer na die Pretoria op 8 Januarie 1954 het die daar veranderings by die gemeente plaasgevind.[551] Eerstens is die kerksaal, wat al van die eerste jaar dat Beyers by die gemeente aangekom het aan die beplan was, uiteindelik voltooi. `n Baie groter verwikkeling

[545] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 39.
[546] "Ds. Bey Naudé," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1953.
[547] "Ds. Bey Naudé na die Buiteland," *Die Ooskerk*, 1 Junie 1953.
[548] F. du Toit Spies: *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Pretoria-Oos Gedenkboek 1920-1970*, p. 60.
[549] NGK Pretoria-Oos Kerkraad Notules, 27 September 1951, GEM 1673, NGKA Argief.
[550] "Studiereis di Naudé en Strauss," *Die Ooskerk*, 1 Februarie 1954.
[551] "Ds. Bey Naudé," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1953.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was egter dat sy kollega Ben Marais op 1 November 1953 demissie aanvaar het.[552] Ben het `n pos as professor in kerkgeskiedenis en kerkreg by Tukkies te aanvaar. Net na Bey se terugkeer op 14 Januarie is `n gekombineerde kerkraadsvergadering gehou waar `n nuwe leraar beroep moes word. `n Goeie vriend, mede-Wilgenhoffer, mede-Broederbonder en swaer van Beyers, dr Frans Geldenhuys. is beroep. Dit is die tweede keer dat Frans vir Beyers opvolg as leraar aangesien hy in daardie stadium leraar by Olifantsfontein was.[553] Dis ook die tweede keer dat Frans by Pretoria-Oos bevestig word nadat hy in 1939 vir drie maande na legitimasie as hulp-predikant daar gedien het. Die gemeente het hom hartlik terugverwelkom na sy 'eerste liefde'.[554] Op Donderdagaand 4 Maart 1954 verwelkom die gemeente vir Frans en Bey se suster Reinet by `n geselligheid in die nuwe kerksaal. Die Saterdagaand daarna is Frans deur ds. Lückhoff bevestig, waar Bey `n 'treffende rede uitgespreek het.'[555]

Figuur 13 Die moderature van die Transvaalse NG Kerk by die 1954 Transvaalse Sinode. Beyers Naudé sit heel links as aktuarius van die Noordelike Streeksinode (Die Voorligter, Junie 1954, p. 9)

Na Frans se aankoms was die dominees weer bedrywig. Die Transvaalse Sinode het van 21 April tot 11 Mei byeengekom om veral die kwessie van die sinodale struktuur te bespreek. Bey en sy twee kollegas was afgevaardigdes van die gemeente. [556] Beyers het ook in sy hoedanigheid as aktuarius van die Noordelike Streeksinode die sitting bygewoon.[557] Hierna is Bey na Heidelberg waar hy as voorsitter `n suksesvolle konferensie, van sowat 500 afgevaardigdes, van die KJV gelei het. Terwyl Bey daarmee besig was, moes Ilse en haar skoonsuster die gemeentebasaar beman én nog daarna die saal se vloere politoer.[558] Beyers het in die tweede helfte van die jaar weereens `n paar beroepe ontvang. Eers was dit die Groote Kerk in Kaapstad wat hom beroep het[559] en daarna Riviera in Pretoria.[560] Intussen bespreek die kerkraad van Potchefstroom

[552] "Dr. B. J. Marais Aanvaar Demissie," *Die Ooskerk*, 1 November 1953.
[553] "Dr. Geldenhuys Beroep," *Die Ooskerk*, 1 Februarie 1954.
[554] "Ontvangs van Dr. en Mev. Geldenhuys," *Die Ooskerk*, 1 Maart 1954.
[555] "Dr. Geldenhuys Bevestig," *Die Ooskerk*, 1 April 1954.
[556] "Die Drie-en-Twintigste Sinode van ons Kerk," *Die Ooskerk*, 1 April 1954.
[557] "Ingrypende Besluite Geneem op 1954-Sitting van Sinode," *Die Voorligter*, Junie 1954, p. 9.
[558] "Ons Pastorieë," *Die Ooskerk*, 1 Oktober 1954.
[559] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 21 Junie 1954.
[560] "Ds. Naudé Andermaal Beroep," *Die Ooskerk*, 1 September 1954.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Moedergemeente die beroep van `n nuwe leraar. Op 23 Oktober 1954 verklaar die voorsitter van hierdie kerkraad Beyers as 'die geroepe herder en leraar van ons gemeente.'[561] Die volgende maand het Beyers hierdie beroep aanvaar. Die voorsitter van die kerkraad – Frans Geldenhuys – het Beyers bedank vir sy voortreflike werk met die studentebediening en hom verseker 'dat dit met die diepste hartseer is dat Pretoria-Oos afskeid van hom moet neem.' Op sy beurt, het Beyers gesê dat die afskeid vir hom baie swaar val.[562] Die gemeente was ook baie hartseer om afskeid van die Naudés te neem. *Die Ooskerk* beskryf die afskeidsgevoel heel kleurryk:

> Dit is met opregte droefheid dat ons gemeente en die studente afskeid neem van Ds. en mev. Naudé. Hoe gelukkig het hulle vir meer as vyf jaar hulle plek in die gemeente volgestaan en oosvloeiende gemaak. Hoe innig het ons aan hulle verbonde geraak. Ons weet vandag dat die geseënde invloed van die bydrae wat hulle gemaak het in die vorming van jong manne en vroue, vir lange jare nog `n verrykende suurdeeg sal wees.[563]

Daar word verwys na drie van Bey se grootste kenmerke in sy bediening. Eerstens was sy preke innig opreg en uit diep oortuiging. Tweedens was hy 'alom bemind as mens … [en] sy omgang was eerlik, blymoedig en simpatiek.' Beyer het gehou daarvan om met mense te werk, om huisbesoek af te lê en om na mense se probleme te luister. Hierdeur het hy gehoop om mense wat vervreem voel, terug te wen vir die kerk.[564] Derdens het die gemeente hom ervaar as `n helder denker, 'nie `n abstrakte dromer nie, maar met praktiese insig en versiende visie het hy doelgerig gelewe en gelei.' Laastens was Beyers `n man van gebed wat naby God geleef het.[565]

Op 3 Desember 1954 is `n afskeidsgeselligheid vir die Naudés in die kerksaal gehou, waarna Bey sy afskeidsrede Sondag die 5de Desember gelewer het.[566] Die volgende dag het die gesin Port Elizabeth toe vertrek waar hulle die vakansie op *Kersgeluk* spandeer het.[567] *Die Korf* was nou leeg. Bey, Tannie Bey (soos die studente haar genoem het)[568] en die drie klein *beytjies* –

[561] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 23 Oktober 1954.
[562] NGKSAA, Pretoria-Oos Kerkraad Notules, GEM 1673, Kerkraadsnotules, 15 November 1954.
[563] "Vaarwel aan Ds. en Mev. Naudé," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1954.
[564] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 40.
[565] "Vaarwel aan Ds. en Mev. Naudé," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1954.
[566] "Hartlike Uitnodiging," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1954.
[567] "Vakansiereëlings," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1954.
[568] "Vaarwel aan Ds. en Mev. Naudé," *Die Ooskerk*, 1 Desember 1954.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat bekend geraak het vir hulle gereelde gebreekte bene[569] – het `n gemeenskap agter gelaat vir wie hulle baie beteken het.

[569] "Ons Pastorieë," *Die Ooskerk*, 1 Oktober 1954.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na die vakansie by sy ma is Beyers en die gesin oor die naweek van 21 Januarie 1955 by die Moedergemeente in Potchefstroom verwelkom en Beyers is as leraar bevestig. Hy het ds. Gert Worst, wat vir 25 jaar hierdie gemeente bedien het, opgevolg. Tydens Beyers se eerste kerkraadsvergadering noem die voorsitter dat hy in sommige opsigte anders sal wees as Worst en spreek die hoop uit dat Beyers `n waardige opvolger sal wees. Hy vra ook dat die kerkraad hom sal 'neem soos hy is, hom steun en bystaan.'[570] Daar was `n skeptiese afwagting op die nuwe leraar en in sy intreepreek vra Beyers die gemeente om tog ruimte te maak vir hom en sy gesin in hulle harte. Hy vra verder die samewerking van die gemeente in die groot taak wat vir hulle as Christene voorlê in die gemeenskap, soos die evangelisasie van die sowat 50 000 'naturelle'[*sic.*] binne die grense van die distrik.[571]

Die Potchefstroomse gemeente, met sowat 1 600 lidmate,[572] was nie finansieel so gegoed soos Beyers se vorige gemeente nie. Armsorg binne die grense van die gemeente het daar baie meer aandag geniet as in Pretoria. Dit was `n gevestigde gemeente en Bey moes dus meer tradisionele huisbesoek aflê as in die studentebediening waaruit hy nou beweeg het. Die gemeente was ook verantwoordelik vir `n groot plaasdistrik en Bey het agter gekom dat daar baie van die gesinne was wat vir jare nie besoek is nie. Vir hom was huisbesoek `n baie belangrike deel van die bediening. Net in Junie 1955 alleen het Beyers 296 huisgesinne in 10 wyke besoek.[573] In sy besoeke het hy agter gekom dat daar hele gesinne was wat glad nie eers gedoop is nie. Dit het hom gemotiveer om meer gereeld huisbesoek te doen en die evangelisasiewerk van die kerk uit te brei.[574] Net soos toe Bey en Joos klein was, het Johann en klein Jozua saam met hulle pa rondgereis op huisbesoeke in die Potchefstroom-distrik. Gou het die twee seuns onder die gemeentelede as die "klein predikantjies" bekend gestaan.[575] Beyers kon sy liefde vir evangelisasie en sending hier uitleef, maar die geleenthede en tyd vir sy ander liefde – jeugwerk – was so min dat hy in sy eerste jaar in Potchefstroom die KJV moes

[570] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 5 Februarie 1955.
[571] BNS. IN. A1.1. Vol. 19. Maak vir ons ruimte.
[572] *Ibid.*
[573] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 25 Junie 1955.
[574] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 40.
[575] *Ibid.*, pp. 40-41.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verlaat. Die bediening het baie energie van Beyers geverg en volgens Ilse het haar man homself tot niet gewerk in Potchefstroom.[576]

Daar het wel effense verligting gekom aan die einde van Bey se eerste jaar by die gemeente toe die kerkraad `n tweede leraar beroep het. Die jong ds. Nico Smith van NG Benoni-Noord-gemeente het in November 1955 by die gemeente in Potchefstroom aangesluit.[577] Beyers het vir Nico leer ken as `n vierdejaarstudent toe hy nog by Pretoria-Oos dominee was. Vir Nico was dit `n groot eer om as Beyers se medeleraar beroep te word. 'Beyers Naudé was immers op daardie tydstip die opkomende ster in die NG Kerk', skryf Nico.[578] Terwyl Nico die kommissie vir algemene sake, tesame met jeug, sending, kerkgronde en Geloftefees moes bestuur, was die finansies, armsorg, diakonie en geboue Bey se verantwoordelikheid. Hulle was ook saam verantwoordelik vir evangelisasie.[579]

In 1956 word beide Nico en Bey as afgevaardigdes van die kerkraad gekies na die Volkskongres waar die Tomlinson-verslag bespreek sou word.[580] Ongelukkig het die kongres vereis dat net een persoon van die gemeente afgevaardig mag word en Bey het toe onttrek sodat Nico kon gaan.[581] Nico het na die kongres terugvoer gegee en besprekings deur die kerkraad en belanghebbendes in die gemeente is in die Gerrit Worst-saal gehou.[582] Bey het gevoel die Tomlinson-verslag was idealisties weens die voorwaardes daarvan verbonde. Hy het jare later gesê: 'Prof. Tomlinson was eerlik en opreg. Maar hy het sekere voorwaardes gestel – van gebiede wat afgestaan moes word, van nywerheidsontwikkeling in die swart gebiede – en dit is waar apartheid uiteindelik misluk het.'[583]

Van die bevindings in die verslag het Nico geïnspireer om die sendingveld te betree en hy is kort na die kongres na Sibasa, die destydse hoofstad van die Venda-tuisland, om die

---

[576] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 40.
[577] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule,8 November 1955.
[578] N. Smith: *Die Afrikaner Broederbond: Belewenis van die binnekant*, p. 67. Smith skryf ook dat Beyers toe reeds moderator van die Suid-Transvaalse Sinode was, maar dié sinode sou eers in 1963 gestig word.
[579] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 18 November 1955.
[580] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 25 Mei 1956. Die Tomlinson-verslag is deur `n kommissie van ondersoek opgestel na die Suid-Afrikaanse regering wou weet hoe om die Bantoe tuislande lewensvatbaar te ontwikkel. Die kommissie het bevind dat die tuislande nie al die swart mense van Suid-Afrika ekonomies kon onderhou nie, waarna die regering die verslag verwerp het.
[581] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 22 Junie 1956.
[582] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 17 Augustus 1956.
[583] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 40.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenskap daar te gaan bedien.[584] Nico bedank Beyers vir die jaar wat hulle saamgewerk het, en vir wat hy by Bey kon leer en vir die hartlike samewerking tussen hulle.[585] Beyers en Nico het in hulle tyd as kollegas goed bevriend geraak. Nico en sy vrou het geen waarborg van `n vaste inkomste gehad by die sendingstasie in Sibasa nie en Beyers het talle individue gekry om hulle finansieel te ondersteun. Beyers sou later ook die eerste groepe studente uit Potchefstroom na Nico stuur om te help bou aan die sendingstasie waar Nico gedien het. Hierdie groepe sou later groei en talle uitreike op verskillende sendingstasies is gereël.[586]

In dieselfde jaar het moes Beyers weer intree as onderhandelaar en vredemaker. Die NG-gemeente Potchefstroom-Mooirivier het in 1917 afgestig van die Moedergemeente as gevolg van verskille in die gemeente rondom die 1914 Rebellie. Hierdie verskille was so kenmerkend dat die Mooirivier gemeente tydens die Tweede Wêreldoorlog bekend gestaan het as die Sap-kerk, en Moedergemeente, onder leiding van Worst, as die Nat-kerk.[587] Al was die skeidslyne duidelike getrek toe Beyers aangekom het by die gemeente, was die twee gemeentes binne dieselfde grenslyne geval.[588] Reeds in April 1955 is die afstigting van `n dogtergemeente na die suide deur die Beyers en die kerkraad bespreek,[589] maar eers elf maande later is `n kommissie vir hierdie afstigting aangestel met Beyers as voorsitter. Die afstigting is deur beide die Potchefstroom Moedergemeente en Mooirivier behandel en dit was Beyers se mandaat om die onderhandelings te fasiliteer.[590] Die grootste twispunt was die grenslyne tussen die twee gemeentes. Dit was `n emosionele saak vir sommige ouer lidmate, maar die gesprekke het gelukkig in goeie gees geskied. Bey het met sy ervare takt die twee partye tot `n vergelyk gebring. Nuwe grense is getrek en planne vir die nuwe Potchefstroom-Suid gemeente is neergepen waaroor almal gelukkig was.[591]

Aan die einde van 1956 het `n verligte kerkraad vir Beyers bedank 'vir sy leiding en taktvolle werk i.v.m. [*sic.*] die grensreëlings.'[592] Al sou die finale onderhandelings tussen Bey en ds.

---

[584] N. Smith: *Die Afrikaner Broederbond: Belewenis van die binnekant*, p. 69.
[585] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule,19 Oktober 1956.
[586] M. J. Heaney: "Beyers Naudé, Ekumeniese Baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2004, p. 327.
[587] *Ned. Geref. Kerk Potchefstroom 125-jarige Herdenkingsuitgawe 1842-1967*, pp. 12-13; Sap verwys na die ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party, en Nat na die ondersteuners van die Nasionale Party.
[588] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 41.
[589] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 16 April 1955.
[590] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 17 Maart 1956.
[591] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 25 Mei 1956.
[592] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 24 November 1956.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Visser van Mooirivier eers in Mei 1957 as afgehandel verklaar word,[593] was die einde van die grenslynkwessie, en die einde van 1956 vir Beyers `n groot verligting. Met die afsluiting van die laaste kerkraadsvergadering van die jaar kom hy ietwat streng oor teenoor die kerkraad. 'Kan ons Kerkraadslede sê dat ons getrou aan ons roeping was as ons terugdink aan die afgelope jaar?', vra hy. 'Ons sal moet erken dat ons ver tekort geskiet het' antwoord hy namens die lede. Hy verwys nie net na die bediening van die kerk nie, maar ook na verhoudings tussen kerkraadslede. Daar was ten minste twee gevalle waar Beyers sommige van die broers wat vasgesit het rondom nietighede moes tug of `n pad van rekonsiliasie stap. Een van die sake moes by die Ring draai. Maar Bey was nou meer optimisties: 'Nou na die afstigting van Potchefstroom-Suid en die bepaling van grense tussen ons gemeente en Mooirivier, begin ons as`t ware `n nuwe tydperk. Waar daar `n nuwe begin is, word ons geroep tot nuwe getrouheid en offervaardigheid', sê Beyers aan die kerkraad.[594] Hierdie oproep om getrouheid het nie die kerkraad noodwendig geïnspireer nie. Beyers moes die kerkraad steeds gereeld om hul samewerking vra, en die punt duidelik maak dat die totale las van die bediening nie net op die leraar se skouers rus nie.

Die onderhandelings met die Mooirivier-kerkraad en leraar het aan Beyers `n goeie kans gebied om met `n ander NG-gemeente in aanraking te kom. Dit was wel Beyers se interaksies met die Gereformeerde Kerk, of Doppers, op Potchefstroom wat `n diep indruk op hom gemaak het. Bey het gou agtergekom Potchefstroom is meer konserwatief as die vorige gemeenskappe waar hy bedien het, maar die teologiese interaksie met die Doppers het hom geprikkel. Vir die eerste keer in sy lewe het hy met Dopper-leiers verhoudings begin bou. Hulle het gedebatteer en gesprekke gehad rondom verskeie kwessies, maar wat vir Bey anders was, was die feit dat dit uit `n diep teologiese en Bybelse hoek benader is. In die NG-kringe waarin dieselfde gesprekke sou plaasvind was die invalshoek gewoonlik meer prakties. 'The Doppers showed more concern for evaluating their actions and political and social issues in the light of Scripture,' volgens Beyers. 'In that sense, it strengthened my approach to assessing and evaluating what was happening in the country in terms of one`s Christian faith.'[595] Die verskil tussen die Doppers en die NG Kerk was dus die sentraliteit van die Bybel en nie die doelwitte van die Afrikaner-volk nie. Beyers se oortuigings rondom ongeregtigheid, of dit nou teenoor sy eie volk of teen ander mense was, was altyd gegrond in sy Christelike oortuigings en nie bloot in

[593] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 24 Mei 1957.
[594] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente Kerkraad Notules, GEM 1507, Kerkraadsnotule, 24 November 1956.
[595] C. Ryan, *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 45.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

`n humanistiese perspektief nie. Dit was dan juis hiér by die Doppers waar hy versterk is in hierdie houding teenoor die Bybel.

Al het die Doppers hom aan `n dieper interpretasie van die Bybel blootgestel, het Beyers steeds `n volksteologie van die kansel af gepredik. Beyers sluit 1956 oudergewoonte af met `n Geloftediens by Paardekraal, die keer met die preek getiteld *Gedenkteken – of gevaar teken?* Gedenktekens herinner en vier die verlede, maar is ook boustene vir `n volk se toekoms, sê Beyers. Hy wys op ongeregtigheid in die verlede teenoor die Afrikaner-volk en hoe hulle vir alles wat 'dierbaar' was moes veg, soos taalregte, grondgebied en politieke mag. Aan die hand daarvan, sê Beyers, sal die volk teenoor ander volke ook hierdie geregtigheid moet bied, veral tenoor die 'nie-blankes', dit wil sê vergunning van taalregte en grondgebied en toegee tot die reg om oor hulself te regeer. 'Indien nie – dan sal ons gedenkstene teen ons getuig!', sê Beyers. Weereens bied hy as oplossing en opdrag sending en voogdyskap en benadruk hy die verantwoordelikheid wat die Afrikaner teenoor Afrika en teenoor die uitbreiding van die Westerse beskawing het.[596]

Figuur 14 Die Transvaalse Moderatuur van 1957. Beyers Naudé heel regs pas verkies as asssistent-skriba (Die Voorligter, Junie 1957, p. 4.)

Gedurende 1957 het Beyers die Federale Raad van die NG Kerk se sitting bygewoon, asook die Transvaalse Sinode. By laasgenoemde is hy ook verkies tot die moderatuur van die Transvaalse Sinode, as assistent-skriba.[597] Hierdie posisie, asook sy amp op streeksvlak as assessor van die Transvaalse Suid-streeksinode,[598] wys op die snelle groei in Beyers se populariteit in die Transvaalse kerk. Al het hy nie `n amp by op Federale Raad beklee nie, het hierdie sitting in Pretoria hom blootgestel aan breër kerklike sake. Een van die sake wat ter tafel gelê was, is wetsontwerp nr. 36 van 1957 wat voor die Parlement gedien het. Daarin was `n artikel wat 'nie-blankes' verbied het om in oorwegend wit woonbuurte kerkdienste by te

[596] BNS. IN. A1.1. Vol. 20. Gedenkteken – of gevaar teken?
[597] "Ons maak die Vensters Oop," *Die Voorligter*, Junie 1957, p. 4.
[598] "Sinode se Beroep op Lidmate," *Die Voorligter*, Junie 1957, bladsy onbekend.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

woon. Beyers het die raad daarop gewys dat hierdie wetsontwerp, soos wat dit voorlopig verwoord was, godsdiensvryheid sal inperk. Na aanleiding van Beyers se stelling is `n afvaardiging benoem om die Minister van Naturellesake, HF Verwoerd, daaroor te gaan spreek. Beyers, sy swaer Frans, asook hul mede oud-Wilgenhoffer, Kosie Gericke, was deel van die afvaardiging.

Die gesprek is geopen met `n paar opmerkings deur die afvaardiging rondom die wetsontwerp. Daarna het Verwoerd, soos toe hy destyds klas gegee het vir Beyers, vir meer as `n uur lank aaneen vertel hoe noodsaaklik hierdie wetsontwerp was. Vryheid van godsdiens beteken nie dat elkeen op elke plek kan kerk hou nie, verduidelik hy aan die kerkmanne. Hy wys ook uit dat die doel van daardie voorgestelde wetsontwerp was om rusverstoring en rassewrywing uit te skakel. Frans het daarop geantwoord dat die betrokke klousule wat vir Beyers genoop het om die wetsontwerp te bevraagteken dan verwoord kon word om die klem te lê op die voorkoming van rusverstoring, en nie op die uitsluiting van swart en bruinmense in wit woonbuurte nie. Hierdie wysiging was vir Verwoerd billik en kort daarna is die gewysigde wetgewing goedgekeur deur die parlement. In die parlement het Verwoerd die NG Kerk-afgevaardigdes bedank vir hul hulp in verband met die klousule, wat bekend gestaan het as *Kerkklousule 1957*,[599] om sodoende die wetgewing duideliker te maak.[600]

Beyers se blootstelling aan interkerklike kontak het verder verbreed toe die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1958 in Potchefstroom bymekaar gekom het. Leiers en afgevaardigdes van verskeie gereformeerde kerke regoor oor die wêreld het daar bymekaar gekom. Kwessies rondom uitleg van die Bybel, die eenheid en verskeidenheid van die kerk, en apartheid is op die sinode bespreek. Hierdie byeenkoms was vir Beyers van belang na aanleiding van sy oorsese reis in 1953 waar hy in die praktyk gesien het hoe verskillende kerke kon saamwerk. Hy was nie `n afgevaardigde nie, maar Bey het in sy eie hoedanigheid die sinode bygewoon. Dit was `n diepe luisteroefening vir hom. Die argumente deur die oorsese teoloë het ooreengestem met Beyers se eie studies rondom Skrifuitlegging en die gebruik van die Bybel om apartheid te verdedig. Die Sinode het nie soseer die praktiese uitleef van apartheid bevraagteken nie, maar wel die Bybelse regverdiging daarvan. `n Voorbeeld wat bespreek was, was gesamentlike kerkbyeenkomste. Dit het geen Bybelse regverdiging gebied nie, maar

[599] Hierdie klousule waarvoor die NG Kerk verantwoordelik was, het sommige Engelse kerke die vryheid gegee om openlik swart en bruin mense uit te nooi na dienste toe.
[600] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die stroomversnelling*, pp. 44-45.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

praktiese gedragslyne in die Suid-Afrikaanse konteks het gevra dat rasse apart aanbid.[601] Bey skryf dat die gesprekke wat hy waargeneem het, 'deurslaggewend was om [hom] eindelik tot die skokkende ontdekking te bring dat [sy] eie Kerk se verdediging van apartheid op Bybelse gronde `n fout was, ja, `n ernstige fout.'[602] Sy ervaring met die Doppers en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode het dit aan Beyers duidelik gemaak dat die NG Kerk in `n teologiese enklawe funksioneer om `n agenda van Afrikaner-voorrang te bevorder en nie God se koninkryk nie.

Beyers se reaksie op die besef dat die NG Kerk se argument rondom apartheid op die verkeerde teologiese aanslag gegrond is, onthul waar sy lojaliteit in daardie stadium gelê het. Hy het nie sy misnoeë deur die NG Kerk se kanale geopper nie, maar het hom na mede predikante wat in die Broederbond was gewend – persone soos di. Bertie Brink, Willem Landman, Piet Smith en prof. Hennie Bingle. Hierdie was, soos Beyers self later besef het, '`n onbewuste weerspieëling … van [sy] dieper lojaliteit teenoor die Broederbond bo die lojaliteit teenoor Christus en sy Woord.'[603] Sy verbintenis aan die Broederbond was in daardie stadium baie sterker en dieper as met die breër Christen-gemeenskap.[604] Sy kollega Nico Smith, wat in daardie stadium nog nie deel was van die AB nie, was salig onbewus van Beyers se Broederbond-lidmaatskap. Nico het wel gewonder hoekom Beyers sulke buitengewone noue vriendskappe met sommige kerkraadslede gehad het.[605] Sommige Broeders het van hom verskil oor sy uitleg van die Bybel en ander het hom aangeraai om liewer versigtig te wees met uitsprake rondom die kwessie van die Bybelse verdediging van apartheid. Hulle het gewaarsku dat sy loopbaan daaronder sou lei. Ander het weer gevoel die tyd was nog nie ryp vir sulke uitsprake nie. Bey het vir sy mede-Broeders gesê:

> Broers, ek is werklik in `n moeilikheid. Hoe meer ek studeer … hoe meer voel ek hierdie is nie reg nie. Ek kan nie sien, op grond van my eie uitleg van die Evangelie en die ander uitsprake in die Nuwe Testament, dat die gevolgtrekking wat die Kerk maak om op grond van die Bybelse tekste apartheid te regverdig, korrek is nie. Wat moet ek doen?[606]

'Broer Beyers,' antwoord ds. Bertie Brink, 'ek wil net vir jou sê dit gaan jare en jare neem voor ons die Kerk gaan kry om in te sien dat apartheid nie Bybels geregverdig kan word nie. Daarom

[601] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die stroomversnelling*, p. 98.
[602] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 42.
[603] *Ibid.*, p. 43.
[604] C. Ryan, *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 49.
[605] N. Smith: *Die Afrikaner Broederbond: Belewenis van die binnekant*, p. 68.
[606] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moet ons geduldig wees.' Maar Beyers se geduld was besig om op te raak. Brink het vir hom gesê dit sou nog vyftien na twintig jaar se wag verg voor die kerk gereed sou wees, maar Beyers se gewete sou dit nie so lank hou nie.[607]

Al was Beyers se lojaliteit oorwegend by die Broederbond, was daar uitsonderings. David Bosch en Willie Jonker, beide wie Beyers leer ken het as studente by Tukkies, was nou goeie vriende van hom. David was aan die begin van sy loopbaan as sendeling in die Transkei en Willie was `n goue seun in die NG Kerk. Albei die mans is, soos Beyers, gesien as goeie Afrikaners, maar krities oor apartheid uit `n Bybelse perspektief. Op `n dag het David en sy vrou Annemie en Willie by Beyers se pastorie op Potchefstroom kom kuier. Na die gesellige kuier nooi Beyers die drie buite toe om onder `n boom in die agterplaas te gaan gesels aangesien dit `n mooi dag buite was. Onder die boom deel hy sy vriende mee dat hy juis buite die pastorie wil gesels om seker te maak hulle word nie deur luisterapparate afgeluister nie. Dat die AB of die regering Beyers veral in daardie stadium sou afluister, was onwaarskynlik, maar David en Annemie was onder die indruk dat Beyers bedoel het dat die Broederbond hom afluister. Beyers het toe `n lang gesprek met die twee mans om hulle te probeer oortuig om deel te raak van die AB. Volgens hom was hulle nodig om te help om die Broederbond van binne af te verander. Beide die mans het egter geweier. Willie was lank reeds gekant teen die geheimsinnigheid en *modus operandi* van die organisasie, terwyl David ook gevoel het dat hy weens sy uitgesprokenheid teen apartheid nooit in die AB aanvaar sou word nie. Beyers sou later ook sy kollega Nico Smith probeer oorreed om dieselfde te doen. Hy het ook eers nee gesê, maar later jare tog `n AB-lid geraak.[608] Die AB het in daardie stadium van Beyers se bediening sentraal gestaan. Die oplossing vir Beyers se interne struweling het gelê in die hervorming van die AB van binne af deur gesprekke met mede-Broeders te hê oor sy oortuigings en om eendersgesinde persone betrokke te kry by die organisasie.

Die AB was toe nog aan die worstel met sekere aspekte van mag wat aan hulle, deur middel van die NP-regering, na die 1948-verkiesing gegee is. Na die Afrikaner-nasionaliste se magsoorname in daardie jaar het die AB soms visieloos voorgekom en die skeidslyn tussen die regering en die organisasie was nog nie so duidelik in beide liggame se strukture nie. Sommige Broeders het gevoel dat die AB nou Broeder-politici moes beïnvloed om Afrikaner-belange te bevorder, terwyl ander van mening was dat die Broederbond moes fokus op die kulturele en

[607] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 43.
[608] Onderhoud met Annemie Bosch, Pretoria, 7/09/2017.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ekonomiese sfere van Afrikanerdom. Hierdie interne verwarring oor die AB se rol onder `n Afrikaner-nasionalistiese regering het tot frustrasie onder verskeie Broederbond-afdelings gelei. In April 1956 is Beyers en drie professors afgevaardig deur die Potchefstroomse AB-afdeling om die AB se Uitvoerende Raad (UR) aan te spreek oor hierdie verwarring. Die vier afgevaardigdes het sterk woorde met die UR in hul vergadering by die AB-hoofkantoor in Johannesburg gewissel. Volgens Beyers en die Potch-professors het die AB toe geen opdrag of visie gehad nie. Die UR was te bang om oor ongemaklike kwessies wat die regering of ministers behels het aan te raak, het die afgevaardigdes gevoel. Die AB word gekniehalter deur die NP, en die Potchefstroomse Broeders was gefrustreerd met die party. Dit het Broeders op grondvlak laat belangstelling verloor want daar kon toe niks krities oor die regering gesê word nie, het die afvaardiging hulle betoë afgesluit.[609]

Al het Beyers reeds begin om sy misnoeë oor rassekwessies met ander Broeders te deel, is hy steeds as `n ware Afrikaner, `n sterk leier en goeie dominee deur sy kollegas gesien, soveel so dat hy in 1958, op die ouderdom van 43, tot die moderatuur van die Transvaalse NG Kerk as assessor verkies is. Al was dit reeds `n invloedryke posisie, was dit ook `n teken vanaf die kant van die NG Kerk dat Beyers vir hoër hoogtes voorberei word.[610]

In hierdie tyd van Beyers se opkoms in die Transvaalse NG Kerk, het daar van die jong predikante in die Potchefstroom-distrik hom kom sien. Hy is beskou as `n jong en energieke, en reeds invloedryke dominee in die NG Kerk deur die jonger geslag dominees.[611] Sy toeganklikheid en bereidheid om te luister het hom `n gemaklike klankbord gemaak. Bey het ook die meeste van die jong dominees reeds leer ken as studente by Tukkies toe hy in Pretoria studenteleraar was. Hierdie dominees was almal verbonde aan gemeentes van die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Indian Reformed Church. Daagliks het hulle die realiteite van die apartheidsbeleid in hulle werk buite die NG Kerk-enklawe beleef waarin Beyers homself nou bevind het. Die gemeente- en kerkraadslede het die jong predikante 'in liefde gekonfronteer' oor die onreg van apartheid. Hierdie groep jong dominees het gevoel dat Beyers die regte persoon was om mee te praat aangesien hy `n jong opkomende dominee is wat pas tot die moderatuur verkies is. Die stories van onreg en die daaglikse lyding waarvan die

[609] J. H. P. Serfontein: *Brotherhood of Power: An exposé of the secret Afrikaner Broederbond*, p. 84.
[610] P. Randall (ed.), *Not Without Honour: A Tribute to Beyers Naudé*, p. 15.
[611] M. T. Masuku: "The Ministry of Dr. Beyers Naudé: Towards developing a comprehensive mission (communication) strategy towards the victims of oppression," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2010, p. 229.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dominees vir Bey vertel het, was vir hom te moeilik om te glo. Dit het hulle genoop om na hulle gemeentes te gaan. Beyers het op `n kleinskaalse luister-toer gegaan saam met predikante waar kerkrade en lidmate van die gemeentes vertel het van hulle lewens onder apartheid. Bey is na Bosmont en Fordsburg onder leiding van ds. Chris Greyling en na Lenasia en dele van die Oos-Rand saam met ds. Charl le Roux. Ds. Francoise Malan het vir Bey na die Crown Mines geneem waar hy vir die eerste keer die impak van trekarbeid beleef het.[612] Na sulke ontmoetings met kerkleiers sou Beyers aan sy kollega Nico Smith sê: 'Nico, al die swart kerkleiers kan tog nie verkeerd wees as hulle almal sê dat hulle mense deur apartheid onderdruk en veronreg word nie. Ons sal weer oor apartheid moet begin dink.'[613]

Apartheid was nie meer vir Beyers `n besprekingspunt op `n agenda in `n vergadering nie. Dit het `n realiteit geraak. Hy verduidelik sy gevoel: 'My discovery was in fact a shattering one. Because that meant that the whole moral and ethical basis of the Afrikaners` thinking, the Churches` justification of apartheid, of separate churches, of everything which the Afrikaner stood for, fell away... crumbled.'[614] Soos Beyers vroeër in sy bediening gesien het wat rassesegregasie aan die bruin gemeenskap gedoen het, het hy nou vir die eerste keer beleef wat die beleid van apartheid in praktyk vir bruin, swart, en Indiër gemeenskappe beteken het. Beyers het nou gesien dat 'apartheid uiters suksesvol daarin geslaag het om blank en gekleurd in Suid-Afrika nie alleen geografies nie, maar ook geestelik van mekaar te skei en te verwyder.' Die wit enklawe het nou ook vir hom duidelik geraak: 'apartheid het ons so effektief verdeel dat jy as blanke jou lewe kon deur gaan sonder dat jy ooit werklik geweet het wat beleef en ervaar en dink en voel die meerderheid van jou medemense in Suid-Afrika nie.'[615] `n Dieper besef was dat hy self deel was van die struktuur van hierdie ongeregtigheid. As dominee in die NG Kerk het hy gevoel hy was deel van die vestiging van die morele fondament van apartheid.[616]

Beyers het al hierdie struwelinge geïnternaliseer en dit nie met Ilse of hulle kinders bespreek nie. Later sou hy besef dat dit onregverdig teenoor Ilse was, al was sy intensies daarmee om haar te beskerm en nie haar te bemoei met sy stryd nie. Beyers se oudste seun beskryf die

---

[612] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 44.
[613] M. J. Heaney: "Beyers Naudé, Ekumeniese Baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2004, p. 328.
[614] *The Cry of Reason - Beyers Naude an Afrikaner Speaks Out – 1987*, https://www.youtube.com/watch?v=TPsv-YKeTYQ&t=229s. (15 Julie 2017).
[615] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 44.
[616] *Ibid.*, p. 45.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

pastoriepaar se verhouding as `n 'vaste vennootskap waar die een die ander altyd ondersteun het na `n eerlike en openlike bespreking.'[617] Hierdie openlike bespreking sou eers later gebeur nadat Beyers vir homself kon sin maak van sy interne struwelinge. Ilse se rol op Potchefstroom was ook aansienlik verskillend as in die studentebediening waar sy as pastoriemoeder vir die studente moes instaan. As die vrou van een van die leraars van die Potchefstroom-gemeente was sy *de facto* voorsitter van die gemeente se Bond van Dienaresse.[618] Hierdie vereniging het hulself toegespits op welsynswerk en het gereelde insae gelewer oor sekere morele kwessies in die gemeente soos drankmisbruik en dobbelary. Hospitaalbesoeke en armsorg was deel van die welsynswerk, maar daarby was die susters van die Bond ook verantwoordelik om kos te voorsien by enige funksies wat die gemeente aanbied en daar was `n blommekomitee wat moes toesien dat blomme in die kerk versorg is.[619] As voorsitter het Ilse gereeld van die Bond se wyksvergaderings bygewoon om die vroue toe te spreek en terugvoering te gee oor besluite wat deur die nasionale Bond van Dienaresse geneem is. Sy het ook die Potchefstroomse Dienaresse verteenwoordig by die Transvaalse kongres van dié vereniging. By die drie-dae lange kongres in April 1956 het Ilse net aan een gesprek, oor gemeentes se gebruik van die Bond as vrouehulpdiens, deelgeneem.[620] Al het Beyers af en toe met die vroue kom praat by vergaderings, was Ilse en Bey se bedienings nie so in mekaar geweef soos by Pretoria-Oos nie. Dus was dit ook makliker vir Beyers om sonder sy vrou deur sy struwelinge te gaan.

Terwyl Beyers Naudé sy struwelinge met die teologiese begronding van apartheid probeer verwerk het, is daar in die Johannesburgse voorstad van Linden gesprekke oor die afstigting van `n nuwe gemeente in Northcliff gevoer. Northcliff was toe reeds `n rykmansbuurt waar sommige van die Afrikaner-elite van die 1960`s gewoon het. Die aand van 13 Augustus 1959 kry Beyers `n oproep van ds. Boshoff, die tydelike voorsitter van die kerkraad van die nuutgestigte NG gemeente Aasvoëlkop. Na die eerste stemming is Beyers uit die groslys van name met `n groot meerderheid deur die kerkraad beroep, lig Boshoff vir Beyers in.[621] Beyers was immers `n dominee met statuur in daardie stadium en sou die gemeente goed vorentoe kon

[617] Onderhoud met Johann Naudé, Johannesburg, 7/09/2017.
[618] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente, Bond van Dienaresse Notules 1950-1965, GEM 1519, Notules, 8 Maart 1955.
[619] *Ibid.*
[620] NGKSAA, Potchefstroom Moedergemeente, Kommissie: Bond van Dienaresse; TSVS 1955-1970, GEM 1517, "Bond van Dienaresse: Amptelike Vroueverenigingen van die N.H. of G. Kerk (Tvl.) Verslag van Derde Algemene Kongres".
[621] NG Kerk Aasvoëlkop Gemeente Privaat Versameling, Kommissie 3, 1959-1963, Kerkraad Notules, Notule van vergadering van die kerkraad van die NG gemeente Aasvoëlkop, 13 Augustus 1959. [Hierna bekend as die NGKAG, KR Notule]

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

neem. Teen daardie tyd was hy ook assessor van die Suidelike Streeksinode, assistent-skriba van die Algemene Sinode van die Transvaal, lid van die Raad van Kerke en voorsitter van die Suid-Transvaalse KJV.[622]

Beyers het dadelik `n 'sterk innerlike oortuiging gehad dat [hy] hierdie moes aanneem.'[623] Hy sou verantwoordelik wees vir die vestiging van hierdie nuwe gemeente aangesien hy die eerste leraar van Aasvoëlkop sou wees. Willie Jonker wys daarop dat hierdie meer as net `n beroep was: 'The Broederbond had advised him strongly to accept the position… They did not only want a minister, but a strong Afrikaans cultural leader in Johannesburg, and Beyers was invited there for that purpose.'[624] Dit het baie inspanning geneem en dit in `n tyd waar Beyers met beide interne en eksterne struwelinge geworstel het. Daarom sou hierdie beroep nie maklik wees om te aanvaar nie. Maar, soos dit nou al `n kenmerk geraak het van die Naudé-dominees, het Beyers dit as `n uitdaging gesien en teen September 1959 het hy die kerkraad van Aasvoëlkop laat weet dat hy die beroep aanvaar.[625] Die beroepe wat Beyers as jong dominee vroeër in sy loopbaan aanvaar het, was gewoonlik gemotiveer deur ambisie, maar dit blyk of dit teen hierdie tyd verskuif het na `n rusteloosheid. Sy skuif Potchefstroom toe was vreemd aangesien hy in Pretoria-Oos in gesogte posisie gehad het met `n wye netwerk. En hier weer is sy skuif weer vreemd aangesien dit hom in `n moeiliker posisie sou plaas ten opsigte van sy interne struweling wat al hoe sterker geraak het. Die nuwe gemeente het nog geen geboue besit nie, maar voor Beyers se aankoms in Northcliff het hy en Ilse `n pastorie kom soek wat die kerkraad toe vir hulle gekoop het. `n Ruim vier slaapkamer pastorie, met twee motorhuise wat Beyers se liefde vir motors kon huisves, is in Schroëderstraat aangekoop.[626]

Op 13 November 1959 trek die Naudés in by die nuut-aangekoopte pastorie. Twee dae later word Beyers bevestig in die kerk van die Moedergemeente in Linden, met `n ontvangs daarna in die Vryburgersaal. Hy lewer hy sy intreepreek in die Emmarentia Engelsmedium-laerskool waar dienste tydelik gehou is voor die gemeente `n kerk gebou het.[627] Hierdie versplinterde bevestigingsnaweek was `n bewys dat Beyers en die kerkraad baie werk sou hê om die Aasvoëlkop-gemeente te vestig. Beyers het dit ook vroeg besef en het die eerste kerkraadsvergadering as `n luister-geleentheid gebruik om homself te belyn met die idees en

[622] "Ds. C. F. B. Naudé," *Die Voorligter*, November 1959, bladsy onbekend.
[623] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 45.
[624] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 50.
[625] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 17 September 1959.
[626] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 15 Oktober 1959.
[627] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 17 September 1959.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

drome van die kerkraad wat hom beroep het.[628] In sy intreepreek lê hy die grondslag vir die nuwe gemeente: begin by `n verhouding met God. Daarna kan gefokus word op die bou van die kerk, die werwing van nuwe lidmate en die insameling van fondse. Die implikasies van hierdie versoening met God, soos wat Beyers dit noem, is dat verhoudings met jou naaste ook sou moes versterk. Beyers maak dit so duidelik dat die naaste ook ander bevolkingsgroepe insluit. Vir hom as leraar beteken hierdie fundamentele versoening met God dat hy te alle tye, en vir alle mense, die waarheid van die Evangelie sou bring. 'Wéé my as ek nie hierdie evangelie nie verkondig nie!', smeek hy die gemeente.[629] Wat Beyers later sou voel die waarheid was en wat die kerkraad wou gehad het die waarheid moes wees, sou gou interne wrywing veroorsaak.

Beyers se eerste Geloftedag-diens by Aasvoëlkop het reeds op `n effense verskuiwing gedui in sy siening van sending en die kerk se interkulturele interaksie. Tydens vorige Geloftedag-dienste het Beyers die vergelyking tussen die verhaal van Israel en dié van die Afrikaner beklemtoon. Tog waarsku hy nou die Aasvoëlkop-gemeente dat 'ons versigtig moet wees om nie die geskiedenis van ons eie volk met die van Israel te vergelyk nie.' Hy maak wel `n klemverskuiwing om die narratief van `n uitverkore volk, na `n volk wat deurgaans leiding van God gekry het te beklemtoon. Die duidelikste teken van hierdie leiding, volgens Beyers, is in die Slag van Bloedrivier waar die volk benoud en van alle kante bedreig gevoel het. 'Vandag is ons weer `n volk in die noute, gedruk van alle kante,' sê Beyers. Hy verduidelik die buitelandse druk teen apartheid: 'Die groot wêreldmening veroordeel ons optrede as onchristelik en onderdrukkend, die vakbonde van baie lande organiseer handelsboikotte teen ons, die agitators van buite stook die "nie-blanke" teen ons op.' Beyers noem ook dat daar teen die NG Kerk kritiek gelewer word oor sy rol in die uitvoering van apartheid.[630]

Beyers se boodskap bring `n introspeksie oor hierdie eksterne kritiek mee: 'Ons volk se grootste stryd vandag is nie om `n ander volk te oorwin nie, maar onsself!' Hy voeg by dat Bloedrivier nie `n simbool is van dominasie van Afrikaner oor 'bantoe' nie, maar van God se oorwinning oor heidene. Die Afrikaner-oorwinning wys nie dat God 'die "blanke" wou bewaar nie, maar dat Hy die Godsryk wou bou', verduidelik Beyers. Hy beklemtoon weereens die kerk se sendingstaak, maar hy verduidelik dat dit gepaard moet gaan met gesprekke met die

[628] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 19 November 1959.
[629] BNS. IN. A1.1. Vol. 24. Die prediking van Versoening.
[630] BNS. IN. A1.1. Vol. 24. Die Betekenis van Bloedrivier.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

swartmense van Suid-Afrika. Sodoende word vertroue en verhoudings gebou tussen die rasse. Beyers raak prakties en sê 'ons moet ook ons kinders aanmoedig om tot studie in die rigting' van swart kulture, tale en gebruike te gaan.[631] Hier is `n duidelike skuif in Beyers se gebruik van Geloftedag te bespeur. Die fokus is op verhoudings met ander bevolkingsgroepe, nie die gewone dominerende paternalisme nie. Hierdie houding van Beyers is heel waarskynlik gekweek deur sy luister-toere in die swart woonbuurte tydens sy verblyf in Potchefstroom. Daar was ook Afrikaner-introspeksie nodig om die onvolhoubare manier waarop die swart gemeenskap leef, te verbeter. Die voortbestaan van die land en ál sy mense word nou hoër gestel as dié van net die Afrikaner.

Toe Beyers op 22 Maart 1960 van sy Northcliffse pastorie na Braamfontein ry op pad na `n kerklike vergadering, het nuus van die vorige dag se tragedie van die lamppaalplakkate af geskree. In Sharpeville het duisende swartmense deelgeneem aan `n protes teen die regering se paswette. Om halftwee die middag is sowat 180 mense gewond en 69 mense dood nadat die polisie op die betogers begin skiet het. Daar het twee gedagtes by Beyers opgekom toe hy besef wat gebeur het. Eerstens het hy die erns van hierdie slagting in Suid-Afrika se geskiedenis besef. Hy het dit beleef as `n ernstige krisis wat `n keerpunt vir die land en ook vir homself kon wees. Skielik het merkers van die afgelope jare in die bediening vir hom bymekaar begin pas: Ben Marias se *Kleur-krisis en die Weste*, Bennie Keet se *Suid-Afrika – waarheen?*, sy eie teologiese studies rondom rassekwessies en die Bybel, asook sy gesprekke met ander kerke en die jong predikante in die susterkerke toe hy dominee in Potchefstroom was. Die Sharpeville-slagting was `n manifestering van die boosheid van apartheid waaroor Beyers die heeltyd nog oor gepeins het. Beyers kon nou nie langer stilbly nie.[632]

Tweedens het hy gevoel sy kerk is hopeloos onvoorbereid vir die krisis was. Die geldige eise wat die swart gemeenskap teen apartheid het sou ook voor die NG Kerk se deur gelê kon word. Deur Beyers se direkte kontak met swart Christene sedert sy jare in Potchefstroom het hy die geldigheid van hierdie eise verstaan. Die NG Kerk sou ook iets moes doen oor die onreg van apartheid het hy gevoel, maar dit sou moeilik wees weens die miljoene swartmense se agterdog teenoor die wit gemeenskap.[633] Dit was nie net die onvoorbereidheid van sy kerk nie, maar tot `n mate ook `n onwilligheid om die krisis raak te sien. Hierdie onwilligheid was duidelik in die

[631] BNS. IN. A1.1. Vol. 24. Die Betekenis van Bloedrivier.
[632] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 46.
[633] *Ibid.*, p. 47.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

feit dat die Aasvoëlkop-kerkraad nie eers eenkeer oor die Sharpeville-slagting gepraat nie en eerder voortgegaan het om die bou van die nuwe kerkgebou te bespreek.[634]

Al was daar `n stilte oor Sharpeville onder Beyers se kerkraad, het daar wel `n gevoel van skok oor die breër Suid-Afrikaanse samelewing oor die slagting gekom en gou het dit ook die res van die wêreld se aandag getrek. Die Wêreld Raad van Kerke (WRK) het minder as `n maand na die slagting `n adjunk-sekretaris, dr. Robert Bilheimer, Suid-Afrika toe gestuur om ondersoek in te stel oor die rol van die kerke ten opsigte van rasseverhoudings in die land. In April 1960 roep Bilheimer `n spesiale vergadering bymekaar met verskeie kerkleiers van Suid-Afrikaanse kerke. Beyers is ook genooi na die vergadering as een van die NG Kerk se afgevaardigdes. Teen daardie tyd het Beyers se siening oor apartheid en die rol wat die kerk ten opsigte van die onreg behoort te speel duidelik geraak. Tog het Beyers tydens daardie vergadering die algemene konserwatiewe siening van die NG Kerk voorgehou. Hy het teenoor Bilheimer gesê dat die meerderheid van die swart Suid-Afrikaners tevrede is met die huidige situasie, maar die feit dat hulle nie goed georganiseerd was nie maak dit moeilik om die griewe wat hulle wel gehad het, te opper. Hy het ook genoem dat swart landsburgers eintlik die paswet ondersteun, maar dat daar ruimte vir hersiening rondom die polisiëring van daardie wet was. Die ander NG Kerk-afgevaardigdes het dieselfde punte aangeraak en het nie `n duidelike standpunt teen apartheid ingeneem nie. Die ANC is as `n kommunistiese organisasie geëtiketteer wat volgens hulle net een persent van die swart mense se steun geniet het.[635] Beyers kom hier versigtig voor. Hy het `n geleentheid op die vergadering gehad om sy kritiek op apartheid te opper, maar hy het dit nie benut nie. Die waarskuwings van mede-broeders met wie hy vroeëre jare in gesprek getree het oor hierdie sienings het sekerlik nog in sy kop gemaal.

Na `n reeks gesprekke met die Suid-Afrikaanse lidkerke van die WRK – waarvan die Transvaalse en Kaapse NG Kerk aparte lidkerke was – is voorgestel dat daar `n kerklike beraad saamgeroep moes word om die rassesituasie te bespreek. Daar is vyf hooftemas opgestel waaroor al agt lidkerke[636] memoranda ingedien het. Die hooftemas was: die feitlike situasie in Suid-Afrika; die Christelike interpretasie van die Evangelie ten opsigte van rasseverhoudings; die interpretasie van die kontemporêre geskiedenis vanuit `n Christelike perspektief; die

[634] Dit kom duidelik na vore deur die lees van Kerkraadsnotules in hierdie tydperk.
[635] C. Ryan: *Pilgrimage of Hope*, p. 55.
[636] Die Bantoe- Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika, Anglikaanse Kerk, Kongregasionalistiese Unie van Suid-Afrika, Metodistekerk van Suid-Afrika, NG Kerk van Transvaal, NG Kerk van Suid-Afrika (Kaap), Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika en die Presbiteriaanse Kerk van Suidelike Afrika.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

betekenis van die huidige noodsituasie in Suid-Afrika; en die getuienis van die kerk betreffende geregtigheid, sending en samewerking. Die onderskeie memo`s is toe na elke lidkerk gestuur, waarna al die Suid-Afrikaanse lidkerke en `n afvaardiging van die WRK in Desember 1960 bymekaar sou kom vir die gereëlde kerklike beraad. Hierdie veelrassige byeenkoms is in die Johannesburgse voorstad van Cottesloe gehou.

In Junie 1960 het Bilheimer weer Suid-Afrika toe gekom om die reëlingskomitee vir die Cottesloe-beraad saam te roep. Hy is as voorsitter van die komitee verkies en Beyers, as die enigste NG Kerk-leraar op die komitee, is op die bestuur van die reëlingskomitee verkies. Hier het Beyers intiem saamgewerk met lede van ander Suid-Afrikaanse kerke. Hy het vir die eerste keer gehoor wat ander kerke dink en voel oor die NG Kerk en apartheid en al het hy self apartheid en die NG Kerk se rol daarin teen daardie tyd sterk bevraagteken, het die sterk uitgesprokenheid van die ander kerke hom diep geraak. 'For the first time I began to realise what in fact the Anglican Church and others had been doing. They had been studying these race issues and had come to conclusions so different from what I had read and heard about in the Afrikaans community', wys Beyers uit.[637] Die ervaring was vir hom `n onbeplande tree buite die Afrikaner-laer wat `n nuwe wêreld oopgemaak het en wat Beyers eie kritiek teenoor die NG Kerk, wat toe reeds in sy binneste geroer het, help ontwikkel het. Daarby het hy ook kontakte opgebou wat later `n belangrike rol sou speel in die stigting van `n interkerklike anti-apartheid organisasie.[638]

Die ekumeniese wêreld al hoe meer belangrik vir Beyers in daardie geraak tyd. Gedurende 1960 het Beyers `n aantal ekumeniese Bybelstudiekringe in die lewe geroep om die ideologie van apartheid aan die hand van die Bybel te toets. Hierdie studiekringe is teen die einde van 1960 geformaliseer met die stigting van die Randse Ekumeniese Studiekring.[639] Nadat artikels in die *Sunday Times* en *Rand Daily Mail* oor Beyers se betrokkenheid by die Studiekring verskyn het, moes hy aan sy kerkraad verduidelik dat dit misleidende berigte was.[640]

In aanloop tot die Cottesloe-beraad is Beyers deur die Amerikaanse Ambassade genooi om die VSA te besoek om sogenaamde 'kerklike aangeleenthede aldaar te bestudeer'. Die kerkraad ondersteun die aanbod en verleen verlof aan Beyers en stel voor dat Ilse saam met hom moes

[637] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 56.
[638] *Ibid.*, p. 55-56.
[639] M. J. Heaney: "Beyers Naudé, Ekumeniese Baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2004, p. 45.
[640] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 22 November 1960.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

reis.[641] Teen daardie tyd het Beyers en Bilheimer ook `n baie goeie verhouding ontwikkel. In die aanloop tot die Cottesloe-beraad het Beyers `n diep respek en waardering vir Bilheimer ontwikkel. Beyers het gevoel Bilheimer het 'die geduld van Job en die wysheid van Salomo' gehad het in sy werk met die lidkerke van die WRK.[642] Beyers het so `n hoë dunk van Bilheimer ontwikkel dat hy deur Aasvoëlkop genooi is om daar te kom preek net voor die beraad begin het.[643] Die verhouding het ook nou so gevorder, asook vertroue teenoor die ander lede van die reëlingskomitee, dat Bilheimer in `n verslag vir Beyers beskryf as 'a very quiet, but very genuine liberal.' Hy voeg by: 'Speaking of criticism of himself in the DRC [NG Kerk], he said that he knew that some time the storm would break over him, and that when it did he would simply continue and carry on from there. Naudé is one of those who so eloquently disprove the idea that the DRC is monolithic.'[644] Beyers het `n tuiste gevind om oor sy misnoeë die NG Kerk en apartheid uit te spreek tennoor hierdie reëlingskomitee en teenoor Bilheimer. Dit was `n duidelike verskuiwing van sy houding vroeër in die jaar toe hy tydens die eerste vergadering met Bilheimer die NG Kerk siening verdedig het.

In September 1960 is een van die kerkleiers wat `n afgevaardigde na die beraad sou wees, Ambrose Reeves van die Anglikaanse kerk, gedeporteer weens sy sterk teenstand teen die apartheidsregering. Beyers en sy swaer Frans is toe deur die reëlingskomitee gevra om die saak met die gepaste staatsamptenare te bespreek. Hulle het Tom Naudé, toe Minister van Binnelandse Sake, gaan sien met twee versoeke: kan hulle meer inligting rondom die deportasie van Reeves kry en kan hy vrygestel word om die kerkberaad in Desember by te woon. Die minister het albei versoeke verwerp.[645] Al was dit nie `n suksesvolle vergadering nie, het Beyers en Frans se poging wel vertroue by die ander kerke gekweek. Dit was tot `n mate meer waardevol in die aanloop tot die beraad.

Die Cottesloe-beraad het `n groot impak gehad op die kerklike, en in `n mindere mate, politieke gebied gehad. Die gebeure van hierdie beraad is reeds volledig bespreek deur Geldenhuys[646] en Lückhoff.[647] Die beraad was ook die grootste keerpunt vir Beyers en sy verhouding met die NG Kerk en die Afrikaner-establishment. In sy hoedanig as assessor van die Transvaalse

[641] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 24 Mei 1960.
[642] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 48.
[643] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 22 November 1960.
[644] A. H. Lückhoff: *Cottesloe*, p. 48
[645] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 56.
[646] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die Stroomversnellings*, pp. 48-61.
[647] Vir `n volledige bespreking oor die opbou, gebeure en nadraai van die Cottesloe beraad, sien A. H. Lückhoff: *Cottesloe*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1978.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sinode, was Beyers deel van die Transvaalse afvaardiging van die NG Kerk. Hy het die belangrikheid, asook die risiko wat die beraad kon meebring in die NG Kerk, raakgesien.[648]

Daar was ernstige spanning en wantroue tussen die afgevaardigdes aan die begin van die beraad. Beyers het wel gevoel dat die saambly in `n koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand, intensiewe gesamentlike Bybelstudie en openhartige gesprekke deur die loop van die Cottesloe-beraad gelei het tot `n beter verstandhouding en groter vertroue tussen afgevaardigdes.[649] Aan die einde van die vergadering is daar konsepbesluite voorgelê aan al die lidkerke se afgevaardigdes. Beyers en die Transvaalse NG Kerk het saam met hulle Kaapse broers die konsepdokumente bespreek. Dit is sorgvuldig behandel en sekere wysigings voorstelle is gemaak voordat die konsepbesluite op die algemene vergadering gedien het om oor gestem te word. Beyers se swaer Frans Geldenhuys, het opgemerk dat sommige NG Kerk-afgevaardigdes teen sekere van die besluite gestem het waaroor hulle koukus saamgestem het. Nietemin is die wysigings en voorstelle wat die NG Kerk gemaak het aanvaar en daar is sewentien besluite deur die beraad geneem rondom die kerk se rol in rasseverhoudings. Die meeste van die sewentien besluite was kerklik aanvaarbaar, maar daar was vier besluite wat `n storm laat losbars het in kerkkringe en veral in die NG Kerk:

i) *Gemeenskaplike aanbidding*: Niemand wat in Jesus Christus glo, mag uitgesluit word uit enige kerk op grond van sy kleur of ras nie.
ii) *Gemengde huwelike*: Daar is geen Skriftuurlike gronde vir `n verbod op gemengde huwelike nie.
iii) *Grondbesit*: Dit is ons [die Cottesloe-beraad] se oortuiging dat die reg om grond te besit waar hy ook al gedomisilieer is, en om deel te hê aan die regering van sy land, deel is van die waardigheid van `n volwasse mens, en om hierdie rede kan `n beleid wat aan nie-blankes permanent die reg tot medeseggenskap in die regering van die land waarvan hulle burgers is, ontsê, nie geregverdig word nie.
iv) *Kleurlingverteenwoordiging*: Dit is ons [die Cottesloe-beraad] oortuiging dat daar geen beginselbeswaar kan wees teen die direkte verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement nie.[650]

[648] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 47.
[649] *Ibid.*, pp. 52-53.
[650] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die Stroomversnellings*, pp. 52-53.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kort voor die einde van die vergadering, net nadat die besluite geneem is, het die moderator van die Kaapse NG Kerk, dr AJ van der Merwe, aan die afgevaardigdes van die Transvaalse en Kaapse NG Kerke (die afgevaardigdes van die Transvaalse en Kaapse NG Kerke het kort voor die einde van die vergadering `n kort informele byeenkoms gehad) gesê: 'Broeders, ek dink dit is noodsaaklik dat u besef watter implikasies hierdie aanbevelinge vir ons Kerke kan veroorsaak.' Daarna waarsku Bertie Brink, moderator van die Transvaalse NG Kerk: 'Ons moet ons voorberei vir `n baie stormagtige tyd.'[651] Hulle het albei geweet dat die besluite direk teen die Afrikaner-establishment – in daardie stadium die Broederbond, die regering en die res van die NG Kerk – se nasionalistiese projek gestaan het. Stals wys in sy geskiedenis van die Afrikaner Broederbond daarop dat die oorgrote meerderheid van die NG Kerk-afgevaardigdes by die beraad Broeders was en suggereer dat die AB hulle invloed dalk vooraf op hierdie lede uitgeoefen het om die beraad se uitkoms te beïnvloed.[652] Die feit dat die NG Kerk-afvaardiging by die eerste vooraf ontmoeting met Bilheimer positiewe uitsprake oor apartheid gemaak het, maar nou na die konsultasie met ander kerke tot nuwe insig daaroor gekom het, wys dat daar moontlik waarheid lê agter Stals se suggestie. Om die Cottesloe-storm wat verwag was na die beraad te probeer beheer, het die NG Kerk-afgevaardigdes besluit om hul eie verklaring oor die bevindings uit te reik. Hulle het besef dat hierdie aanbevelings nie maklik deur sinodes aanvaar sou word nie, maar het gehoop dat `n gematigde rasionaal en verduideliking van die Cottesloe-gebeure daarmee sou help. Beyers het wel nie saamgestem met hierdie verklaring nie en homself sterk daarteen uitgespreek. Tog het hy die waarde daarvan ingesien om nie reeds toe al dwars te trek nie om sodoende die sinodes te probeer oortuig om die Cottesloe-bevindings te aanvaar.[653]

Hierdie NG Kerk-verklaring het so te sê egter geen verskil gemaak aan die storm wat in Afrikaner-kringe losgebars het nie. Afrikaners was hoogs ontsteld dat hulle kerk deel was van due besluite wat geneem is. Die volk moes gou gerusgestel word. Reeds op die tweede dag van die beraad, selfs nadat die afgevaardigdes besluit het dat niemand met die pers sou praat nie, inligting aan *Die Transvaler* gelek wat gelei het tot verdagmakery van die hele beraad deur hierdie Nasionaal-gesinde koerant.[654] Beyers het gevoel dat as dit nie vir hierdie lekkasie was nie, sou daar nie so uitbarsting gewees het na die beraad wat toe ontvou het nie.[655] Op 15

[651] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 52-53.
[652] E. L. P. Stals: *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond*, p. 504.
[653] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 61.
[654] *Ibid.*, p. 51.
[655] *Ibid.*, p. 51.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Desember 1960 het die vier Cottesloe-besluite in die pers verskyn met die opposisiepers wat daaroor juig, en die Nasionaal-gesinde koerante wat na elke strooihalm gegryp het om die Afrikaner-volk gerus te stel.[656] Terwyl die Transvaalse pers die besluite en die afgevaardigdes veroordeel het, was *Die Burger* in die Kaap meer simpatiek teenoor die besluite van die beraad.[657] Nie net die sekulêre pers het die gebeure by Cottesloe veroordeel nie, maar in *Die Kerkbode* is daar skerp kritiek gelewer teen die besluite deur die redakteur, dr Andries Treurnicht.[658]

Broederbond-voorsitter Piet Meyer het ook so gou as moontlik na die beraad op 28 Desember 1960 `n buitengewone samespreking byeengeroep met sommige UR-lede en twee Cottesloe-afgevaardigdes. Hulle het die memorandums wat op die beraad bespreek is noukeurig deurgewerk, en dit benadruk dat die verskeie kerkrade en sinodes nog nie amptelik standpunt oor die beraad ingeneem het nie. Laasgenoemde punt is benadruk in `n spesiale brief aan die AB-afdelings wat die Cottesloe-beraad bespreek het. Daarin word die Broeders gerus gestel dat die Afrikaanse kerke hulle nog hul amptelik sou uitlaat oor die sake wat die beraad aangespreek het. Die AB het steeds geglo dat die bestaande rasseverhoudings die regte wyse was om die land vorentoe te neem.[659] Dit was `n eggo van Eerste Minister Verwoerd se Nuwejaarsboodskap. Die tema van hierdie boodskap was eenheid in Suid-Afrika na Republiekwording. Dus kon die kerk nie onenigheid meebring nie:

> ‘Ek is nie van nie van plan om onlangse persoonlike verklarings oor kleurbeleid van indiwiduele kerkmanne te behandel nie… Die kerk het inderdaad nog glad nie gepraat nie. Deur hul sinodes waarop al die leraars en die lede verteenwoordig sal wees, moet die kerke se stemme nog gehoor word. Ek wil graag die hoop uitspreek dat daar nou opgehou sal word met die onregmatige insleep van die name van ons kerk in `n debat wat op die oomblik net deur indiwidue in hul eie naam gevoer word’, aldus Verwoed.[660]

Volgens Beyers was dit Verwoerd se boodskap wat die moontlike positiewe impak wat Cottesloe vir die NG Kerk kon gehad het, verongeluk het. Die Cottesloe-manne wat lede van die AB was, het elkeen persoonlik ook `n briefie van die hoofkantoor ontvang waarin gepoog is om hulle te oortuig om van koers te verander. Al kon Beyers nie onthou of hy so brief ontvang

[656] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die Stroomversnellings*, p. 53.
[657] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 55.
[658] *Ibid.*
[659] E. L. P. Stals: *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond*, p. 504.
[660] A. N. Pelzer (ed.), *Verwoerd aan die Woord, Toesprake 1948-1962*, p. 404.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het nie, was sy swaer Frans baie ongemaklik met die AB se poging om met kerksake in te meng.[661]

Na die landswye reaksie in die media oor die Cottesloe-besluite, het Beyers die nadraai van die beraad op grondvlak gevoel. Die kerkraad van Aasvoëlkop se reaksie oor Cottesloe was kontrasterend met die stilte wat daar geheers het na die Sharpeville-slagting. Tydens die eerste kerkraadsvergadering na Cottesloe is die kwessie van dié beraad so hoog geag dat `n spesiale kerkraadsvergadering byeengeroep is om dit te bespreek.[662] Teen daardie tyd het Beyers ook alreeds die kansel gebruik om homself uit te laat oor die beraad. In sy Geloftedag-preek op Piet Retief, twee dae na die beraad, bespreek Beyers die kwessie van gehoorsaamheid. Hy vertel van die Bybelse verhaal van Petrus en die apostels wat teen die mag van kerklike tradisie en die gesag van die Joodse owerheid gestaan het. Sonder om dit direk te sê, stel Beyers Petrus se verhaal gelyk aan sy eie: Die krisis van vervolging deur owerhede, die toets van gehoorsaamheid aan die tradisies en mense, of aan God en die persoonlike verantwoordelikheid om die waarheid te verkondig. Beyers spreek ook die kwessie van rasseverhoudings direk aan. Hy sê dat opinies rondom rasseverhoudings wat indruis teen die norm, dit wel sê teen apartheid, nie afgemaak moes word as onsin bloot omdat dit mense ongemaklik maak nie. Sulke opinies moes veral deur die lidmate van die NG Kerk aan die hand van die Bybel getoets word. Dieselfde moes gedoen word met die Cottesloe-besluite. Die veroordeling daarvan moes nie op grond van gehoorsaamheid teenoor mense wees nie, maar gehoorsaamheid teenoor God. Hierdie besluite moes dus bestudeer word aan die hand van Gods Woord en nie bloot deur die opinies van mense en politici nie. Die kerk, sê Beyers, is immers die gewete van die staat en volk.[663] Die staat, of volksleiers, of die AB, kon dus nie aan die kerk voorskryf nie. Beyers eindig af met `n persoonlike getuienis: 'Ek het `n vader gehad wat ons as sy kinders geleer het dat die mens sy grootste gehoorsaamheid altyd aan God verskuldig is, `n gehoorsaamheid wat getuig word aan sy Woord. "Wie Gods Woord gehoorsaam, hoef niks te vrees nie."'[664] Ironies genoeg het gehoorsaamheid aan God twee uiteenlopende waarhede vir Beyers en sy pa ingehou.

[661] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die Stroomversnellings*, p. 58.
[662] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 24 Januarie 1961.
[663] BNS. IN. A1.1. Vol. 24. Gehoorsaam – Aan Wie?; Hierdie preek het Beyers ook voor die Cottesloe-beraad in Linden gepreek op 27 November 1960.
[664] BNS. IN. A1.1. Vol. 24. Gehoorsaam – Aan Wie?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beyers het ook besef dat hy die sogenaamde storm na Cottesloe in die gesig sou moes staar. Hy deel die kerkraad mee dat hy nie meer die voorgenome studiereis na die VSA sou onderneem nie en dat dit 'weens gemeentelike en ander verpligtinge gekanselleer' is.[665] Hy sou in 1964, na sy breuk met die NG Kerk, daardie reis met Ilse meemaak. Tydens die oorsese toer het hy sy netwerk met die wêreld se ekumeniese leiers versterk. `n Netwerk van oorsese donateurs vir die Christelike Instituut (CI) is tydens die reis op die been gebring.[666] Die spesiale kerkraadsvergadering op 1 Februarie 1961 was so belangrik vir oudl. Danie du Plessis, hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en ook `n prominente Broederbonder, dat hy `n parlementsitting onderbreek het en na Johannesburg gereis het om die vergadering by te woon.[667] Nadat Beyers, as voorsitter van die kerkraad, `n oorsig gegee het van die aanloop en prosedure wat gelei het tot die omstrede bevindinge van die Cottesloe-beraad, het hy `n uiteensetting van die inhoud daarvan gegee. Hy het ook verder `n opsomming van die reaksies uit verskeie oorde rondom die besluit gegee en die kerkraad daarop attent gemaak dat daar op versoek van die moderatuur geen openbare verklarings gemaak moes word oor die beraad nie.[668]

Nadat die kerkraadslede aan Beyers vrae gestel het oor die beraad, is die volgende besluit geneem: die kerkraad neem kennis van die verdeeldheid in die breër NG kerk en meningsverskille onder lidmate van die Transvaalse NG Kerk wat meegebring is deur die besluite van die Cottesloe-beraad. Die kerkraad versoek die Transvaalse NG Kerk om haar lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke (WRK) te beëindig, en om intussen alle werksaamhede van die WRK, waarby die Transvaalse NG Kerk betrokke was, te staak.[669] Die kerkraad kon nie meer duidelik wees oor hulle gevoel rondom hul leraar se siening nie. Die 'innige dank' wat die kerkraad aan die einde van die aand teenoor Beyers uitgespreek het vir sy 'voorbeeld van Christelikheid, integriteit en opregtheid' het nie veel gravitas gedra nie. Daar is wel `n beroep 'op die gemeente [gedoen om] as kudde van die Here … eendragtiglik voort te gaan.'[670]

In die maand wat daarop gevolg het, het Beyers persoonlike briefies aan elke kerkraadslid gestuur om sy mening oor die onlangse gebeure te verduidelik. Dit was vir hom belangrik om

[665] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 24 Januarie 1961.
[666] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 98.
[667] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, Spesiale Kerkraadsvergadering, 1 Februarie 1961.
[668] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, Spesiale Kerkraadsvergadering, 1 Februarie 1961.
[669] *Ibid.*
[670] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die kerkraadslede bymekaar te hou, al was daar meningsverskille. Hierdie meningsverskille moes net nie in kritiek en vingerwysing na mekaar toe oorgaan nie, het hy aan die kerkraad gesê. Hy het in hierdie periode ook gesprekke met verskeie kerkraadslede oor die situasie ná Cottesloe gehad. Beyers deel met die kerkraad na aanleiding van hierdie gesprekke mee dat dit vir hom verblydend is om te sien dat `n 'nuwe gees van broederlikheid en hartlikheid tans in die Kerkraad heers.' In `n poging om die storm na Cottesloe op kerkraadsvlak te laat bedaar en om te bewys dat die nasionale kerklike storm nie sy werk in die gemeente sou belemmer nie, het Beyers sy toegewydheid aan die gemeente bevestig: 'As Leraar wil [ek] graag in die toekoms [my] volle gewig inwerp om die geestelike werk in die gemeente te bevorder en derhalwe sien [ek] met graagte uit na die tyd wat voorlê.'[671]

Daar was wel `n kwessie wat die kerkraad in die volgende paar maande sou bevraagteken, en dit was Beyers se verhouding met Bilheimer. Beyers se ekumeniese verhouding met Bilheimer het versterk nadat hy die Randse Ekumeniese Studiekring in Johannesburg kom toespreek het. Wat Bilheimer met die groep gedeel het, is nie bekend nie, maar volgens Beyers het die toespraak `n diepgaande uitwerking op sy denke en visie oor ekumene sake gehad.[672] In daardie tyd het berigte in die pers verskyn oor samesprekings tussen Beyers en Bilheimer, waaroor Beyers die kerkraad moes gerusstel.[673]

Op 3 Februarie 1961 het die UR van die Broederbond ook amptelik die gebeure by die Cottesloe-beraad veroordeel en Broeders in `n omsendbrief aangemoedig om deur die onderskeie kerkrade te beïnvloed, sinodes te oorreed om hul lidmaatskap van die WRK te laat vaar.[674] Hierdie omsendbrief het dinge vir Beyers, wat die voorsitter van sy AB-afdeling was, baie ongemaklik gemaak. Dit het hom diep laat wonder oor die bedoelinge van die AB en die invloed wat die organisasie op sy eie lewe uitgeoefen het.[675] Buiten deur die kerkrade is daar volgens Stals geen bewyse dat die Broederbond sinodes direk probeer beïnvloed het nie.[676] Al was daar nie `n direkte poging nie, het die AB reeds die grondslag gelê vir prominente kerkleiers en dominees om die Cottesloe-beraad te veroordeel. Die Federale Raad van NG Kerke was die eerste kerklike struktuur wat die Cottesloe-bevindings veroordeel het en het die

[671] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 28 Maart 1961.
[672] M. J. Heaney: "Beyers Naudé, Ekumeniese Baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2004, p. 63.
[673] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 29 Augustus 1961.
[674] E. L. P. Stals: *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond*, p. 505.
[675] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 64.
[676] E. L. P. Stals: *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond*, p. 505.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Transvaalse en Kaapse NG Kerke aangeraai om die WRK te verlaat. Daar was vier teenstemme: Attie van Wijk, Willem Landman, Frans Geldenhuys en Beyers Naudé.[677] Kort daarna, op 5 April 1961, het die Transvaalse Sinode in die stadsaal van Pretoria byeengekom. Die verkiesing van die moderatuur was eerste op die agenda. Beyers en sommige van die ander sogenaamde 'Cottesloe-manne' het voor die verkiesing reeds gevoel hulle uitgestem sou word. Beyers moes sy amp as assessor van die moderatuur aflê toe hy met 280 stemme teenoor 450 teen ds. Burger verloor het. Sy swaer Frans se veertien-jaar-lange loopbaan as aktuarius het ook tot `n einde gekom toe hy vervang is met Willie Jonker.[678]

Beyers moes toe saam met die ander uitgestemdes van die verhoog afstap om sy plek in te neem as gewone lid van die sinodale vergadering op die vloer. Hierna is die grootste agendapunt behandel: die verslag van `n sinodale *ad hoc* komitee wat die meriete van die Cottesloe kerkberaad bestudeer en die Transvaalse NG Kerk se lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke bevraagteken het.[679] Die Cottesloe-bevindings is vir twee dae lank deur spanningsvolle sittings en besprekings gedebatteer. Elke afgevaardigde het kans gehad om sy argumente rondom die bevindings te stel. Die aand voordat Beyers sy saak kon stel, het hy en sy swaer in Frans se pastorie geworstel oor wat hy moes sê. Die Cottesloe-bevindings was die gevolg van `n groep se besluit en tot dusver het Beyers se eie gevoelens oor die onreg van apartheid intern gebly. Die 'verweer' wat hy moes bied, was die eerste kans wat hy gehad het om as `n individu in die openbaar sy innerlike gedagtes te kon bekend maak. Hy het homself afgevra of dit enigsins nodig was om sy standpunt oor die bevindings te verdedig. 'Die antwoord was eenvoudig,' skryf Beyers, 'as enigeen van die besluite wat by Cottesloe geneem is in stryd is met Gods Woord en die opdragte van die Evangelie, dan was dit my vanselfsprekend dat ek sou moes erken dat daardie besluite foutief was.'[680] Dit wil voorkom of Beyers daardeur die legitimiteit van die NG Kerk wou toets, eerder as dié van sy eie sienings, aangesien hy vertroue gehad het in sy getuienis rondom Cottesloe.

Die volgende dag was hy die laaste persoon om sy standpunt te stel. In `n kort verklaring het hy aan die Sinode gevra indien daar enige sinodelid was wat hom aan die hand van die Bybel kon oortuig dat die Cottesloe-bevindings verkeerd is, sou hy bereid wees om verskoning te vra

[677] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 57.
[678] Willie Jonker was tydens die Cottesloe beraad in Nederland. Nadat hy is tot die moderatuur as aktuarius verkies, het hy vir die voortsetting van lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke gestem. (C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 57).
[679] F. E. O`Brien Geldenhuys: *In die Stroomversnellings*, p. 54.
[680] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 58.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan die sinode en die NG Kerk. As daar niemand was wat hom op so manier kon oortuig nie, dan sou hy sy steun vir die Cottesloe-aanbevelings behou.[681] Dit was Beyers se eerste tree as dissident teen die Afrikaner-establishment. Hy het strategies hierdie stelling gemaak om die establishment te toets. Sou iemand sy betoog ernstig opneem, sou die NG Kerk groot veranderings moes aanbring. Indien nie, sou daar `n gevoel van morele geregtigheid aan die kant Beyers ontstaan het, wat inderdaad gebeur het. Hy het besef dat hy deure vir homself toegemaak het, maar daar was tog ook `n geestelike rustigheid in hom wat geglo het hy die etiese roete gevolg het.

Die verslag van die *ad hoc* komitee oor die Cottesloe-bevindings en die Transvaalse NG Kerk se lidmaatskap van die WRK, is sonder debatvoering aanvaar. Daarmee is die WRK-lidmaatskap van die Transvaalse NG Kerk gestaak en die Cottesloe-aanbevelings deur die sinode veroordeel. Die Kaapse sinode het aan die einde van 196 byeengekom. Anders as die Transvaalse kerk het dié sinode egter Cottesloe-manne met groot meerderhede tot posisies op die moderatuur herverkies. Hulle het egter ook die gebeure by Cottesloe veroordeel en ook hul lidmaatskap van die WRK gestaak. In sy besinning oor hierdie reaksie van die twee NG Kerk sinodes het Beyers tot twee gevolgtrekkings gekom:

> Met hierdie besluite plaas die NG Kerk hom op `n pad van byna volkome kerklike en ekumeniese isolasie, binne en ook buite Suid-Afrika.
>
> Deur hierdie besluite sal die NG Kerk sy profetiese roeping teenoor die huidige of enige ander regering vir baie jare nie meer kan vervul nie en sal die Kerk ook nie – deur die verborge magte wat hom somtyds beheer – toegelaat word om sy profetiese roeping te vervul.[682]

Dit was `n veroordeling van die enklawe wat die NG Kerk gekies het voortaan in te funksioneer en ook van die Broederbond en politici wat somtyds die kerk beheer het. Cottesloe was nou iets van die verlede en die NG Kerk het die storm beheer en dit `n sagte dood laat sterf. In die mondstuk van die Transvaalse NG Kerk, *Die Voorligter*, skryf die redakteur dat die lug nou gesuiwer is. Die NG Kerk kan voortgaan met die huidige rassebeleid as `n verenigde kerk.[683] Beyers het egter `n koers gekies waarvan hy nie kon verander nie. Eers het hy as deel van `n groep dié rigting ingeneem, en toe as individu voor die sinode sy nuwe pad aangedui. Tydens

[681] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 58.
[682] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 59.
[683] "Die Lug is Gesuiwer," *Die Voorligter*, Mei 1961, bladsy onbekend.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die gebeure na Cottesloe het Beyers as dissident begin uitstaan. Dit was die begin van 'die skeiding van weë', soos hy dit stel.[684]

Die gedagte om die NG Kerk te verlaat, het nog glad nie by Beyers opgekom nie. Hy het die nut daarvan ingesien om die Afrikaanse gemeenskap te bedien.[685] Na sy aanraking met ander kerke deur die Cottesloe-beraad en die Randse Ekumeniese Studiekring, het Beyers waarde daarin gesien om steeds in die NG Kerk te bly, maar ook om op `n interkerklike wyse buite die NG Kerk die boodskap van die onreg van apartheid te propageer. `n Groep Afrikaanse teoloë en leiers het gereeld Bybelstudie saam met Beyers gedoen. Fred van Wyk, Albert Geyser en Willie Jonker was onder andere deel van die groep. Hulle het in daardie stadium dit goed gedink dat daar `n behoefte was aan `n Afrikaanse teologiese tydskrif wat rasseaangeleenthede sou debatteer en om die ideaal van Christelike eenheid na te streef. Dit was die geboorte van *Pro Veritate* – die titel was `n eggo van sy studentedae se *Pro Libertate*. Die blad se eerste uitgawe het op 15 Mei 1962 verskyn, met Beyers Naudé as redakteur. Die res van die redaksie het bestaan uit teoloë van ander denominasies. Vir die tweede keer in Beyers se lewe was hy deel van `n alternatiewe publikasie wat die *status quo* wou uitdaag.[686]

Kort na die bekendstelling van *Pro Veritate* het Beyers besluit om na meer as `n jaar na Cottesloe sy siening rondom rasseverhoudings en ongeregtigheid aan sy gemeente duidelik te maak. Op 27 Mei 1962 het Beyers dit van die kansel af gedoen met `n preek getiteld *Christus bo alles en almal*. Eerstens maak hy dit duidelik dat hierdie preek direk gekoppel was aan die afgelope twee jaar se spanning binne die NG Kerk en die gemeente rondom rasseverhoudings. Beyers gaan toe voort om deur middel van `n belydenis aan die gemeente te sê hoe hy voel en glo. Eerstens staan die Woord van God vir hom sentraal. Daaruit is dit duidelik dat Jesus die enigste weg na God is. Die implikasies daarvan is dat die Christelike kerk in eenheid met God en met mekaar bestaan. Dus, sê Beyers, mag geen persoon volgens ras of kleur geskei word in die kerk nie. Hy gaan voort om die onreg van die regering te impliseer deur te sê enige wetgewing wat rasse van mekaar skei, dring in teen die Woord van God. Dieselfde geld vir die Nagmaal, waar geen Christen volgens ras by die nagmaalstafel geweier mag word nie. Op `n gemeenskapvlak wys Beyers daarop dat naasteliefde beteken om enige een wat in nood verkeer, afgesien van ras of kleur, gehelp moet word. Naasteliefde vereis dat 'ek aan elke ander

[684] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 61.
[685] *Ibid.*
[686] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 63.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mens die regte en geleenthede gun wat ek vir myself en my groep opeis.' Hy voeg by: 'Waar ek dit teenstaan of verwerp, verwerp ek die gebod van dié van naasteliefde.' Dus moet Christene aktief wees in hul uitleef van naasteliefde teenoor alle ander bevolkingsgroepe. 'Alle wetgewing, dus, wat die beoefening van hierdie naasteliefde of geregtigheid tussen mens en mens verhinder of bemoeilik is teen die wese en wil God', sê Beyers. Hiermee impliseer hy dat die regering in daardie stadium geen morele hoë grond het om te regeer nie en dat die kerk daarteen moes optree. Hy maak dit duidelik dat hierdie uitlating nie politiek is nie, of teen enigeen staan nie. Dit is bloot `n diep Christelike oortuiging waarvoor hy staan.[687]

By die daaropvolgende kerkraadsvergadering is daar `n mosie ingedien deur invloedryke ouderlinge, Danie du Plessis en Jannie Kruger,[688] teen die uitlatings wat Beyers in hierdie preek gemaak het. Du Plessis was die Hoof van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en mede-stigter van die AB saam met Beyers se pa. Hy was in daardie stadium nog deel van die Broederbond se UR. Kruger was `n vriend van Hendrik Verwoerd en ook sy opvolger as redakteur van *Die Transvaler* tot 1960. Hy is in 1961 persoonlik deur Piet Meyer, hoof van die Broederbond, aangestel as die SAUK se kulturele adviseur en as voorsitter van die SAUK se Kunskomitee, waar hy ook openbare en spesiale betrekkinge behartig het.[689] Na `n openhartige bespreking en deeglike oorweging van die saak wat gestel is, besluit die kerkraad 'om van hierdie saak af te stap.'[690] Ouderlinge Gie Kotze, wat later regter geword het, en Joop de Bruijn was simpatiek teenoor Beyers na sy preek en sou hom later met *Pro Veritate* ondersteun. Beyers se gevoel was dat die oorgrote meerderheid van die

Figuur 15 Beyers Naudé lê die hoeksteen van die NG Aasvoëlkop kerkgebou op 4 Augustus 1962. (In die Gloed van die Môreson, geen bladsy.)

[687] BNS. IN. A1.1. Vol. 24. Christus bo Alles en Almal.
[688] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 63.
[689] H. Strydom & I. Wilkins: *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*, pp. 122-126, 128-129.
[690] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 26 Junie 1962.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeente onseker en verward was oor die preek wat nie die normale boodskap was wat hulle van die kansel af verwag het nie. Daar was egter geen onmiddellike reaksie uit die gemeente nie.[691] Dit was in die kerkraad wat daar wel meer spanning was. Na die vorige mislukte mosie teen Beyers, het Du Plessis wéér tydens die kerkraadsvergadering van Augustus 1962 `n mosie teen Beyers na aanleiding van die preek ingedien. Die mosie lees:

> Die Kerkraad is oortuig van die Christelike opregtheid van ons leraar in sy benadering van die vraagstuk van toelating van nie-blankes tot openbare eredienste en deelname aan die Heilige Nagmaal, saam met blanke lidmate, in die kerkgeboue van ons blanke Ned. Geref. gemeentes.
>
> Aangesien hierdie 'n uiters netelige vraagstuk is met verreikende implikasies in die praktiese toepassing daarvan, en aangesien die Kerkraad verneem het dat dit by geleentheid van die vergadering van die eerste Algemene Sinode van die Verenigde Ned. Geref. Kerke in Oktober 1962 in Kaapstad bespreek sal word, en alle gemeentes, ook ons eie gemeente, hulle sal moet neerlê by enige besluit wat deur die Sinode geneem mag word, voel die Kerkraad hom nie geroepe om op hierdie stadium enige mening daaromtrent uit te spreek nie.
>
> Intussen spreek dit vanself dat beide Leraar en Kerkraad die bestaande bepalinge bly handhaaf soos uitgedruk in die Transvaalse Wette en Bepalinge. Terselfdertyd word elke lid van die Kerkraad gevra om deur ernstige studie hom op hoogte te hou van die verslae wat van tyd tot tyd van die kant van die Sinode oor hierdie aangeleentheid verskyn om so tot groter duidelikheid te kom oor wat die Woord van God van ons verlang.[692]

Die mosie was nie net gekant teen Beyers se preek nie, maar dit het ook die boodskap van die preek gemis. Die klaers sit weer volle vertroue in die groter gesag van die kerkstruktuur om aan hulle voor te skryf wat Gods Woord was, terwyl dit juis was waarteen Beyers gewaarsku het. Die feit dat Du Plessis twee keer `n mosie ingedien het en ook met groot moeite en erns die post-Cottesloe kerkraadsvergadering bygewoon het, kan dui op `n Broederbond-aandeel in hierdie kerkraad-aanslag. Du Plessis en Beyers se pad het al van baie ver gekom. Du Plessis was deel van die groep Afrikaners wat in 1918 by Beyers se pa aangeklop het om die proses om die Broederbond te stig aan die gang gesit het. In 1962 was hy nog `n prominente Broeder en lid van die AB se Uitvoerende Raad. Die mede-klaer van die oorspronklike mosie teen Beyers was, soos reeds gesê, Jannie Kruger.

[691] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 62-63.
[692] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 28 Augustus 1962.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na 'ernstige en deeglike bespreking' is die mosie met `n tweederde meerderheid van stemme verwerp.[693] Dit was `n oorwinning vir Beyers, maar dit was duidelik dat daar druk van die Afrikaner-establishment op hom geplaas is. Beyers het met die aanloop tot die eerste Algemene Sinode wat in Oktober 1962 gehou sou word besluit om die invloed wat hy nog gehad het, te gebruik om die idees wat hy uiteengesit het in sy preek van 27 Mei 1962, verder te versprei. Hy wou dit doen deur leraars wat soos hy dink te vra om Bybelstudies, studiestukke, publikasies en groep-gesprekke met lidmate van die kerk te hou. Die gevoel onder die leraars wat hy gevra, het was egter dat die tyd nog nie ryp was nie.[694] Teen daardie tyd het Beyers reeds van sy eie vrese besweer, waar ander leraars nog versigtig was oor wat hulle gemeentes en leiers sou doen as hulle sou uitpraat teen die beleid van apartheid. Die Algemene Sinode was vir Beyers `n vreeslike teleurstelling. Die versigtigheid van die afgevaardigdes was vir hom `n teken dat die NG Kerk na Cottesloe sou sukkel om uit die enklawe te kom om met ander kerke en bevolkingsgroepe saam te werk. Dit was ook daarna wat Beyers dit begin bevraagteken het hoe lank hy nog in die bediening van die NG Kerk kon bly:

> Ek het gevoel dit is een van die primêre take van die Kerk … om te luister en sensitief te wees ten opsigte van elke vorm van onreg of van verwydering wat daar plaasvind tussen mens en mens, maar ook tussen groep en groep, en om dan te sê: kom laat ons hierdie verskille met mekaar uitpraat. As die Kerk nie die basis kan bied, die ruimte en die geleentheid kan skep waarin so `n gesprek kan plaasvind nie, watter ander instansie is daar in `n land en `n gemeenskap wat dit betekenisvol kan doen?[695]

Beyers se gevoel was dat daar in daardie stadium nie `n tradisionele politieke oplossing was vir die sake van onreg wat die land in die gesig gestaar het nie. Geen politieke party, of dit nou parlementêr of buite-parlementêr was, het vir hom die oplossing ingehou nie – ook nie die Broederbond, wat hy tot dusver van binne probeer verander het, nie. Die Christelike kerk het vir hom sentraal gestaan as dit by die saak van geregtigheid kom, maar die NG Kerk se hantering van die onreg van apartheid het Beyers laat twyfel in sy kerk se integriteit.

Beyers Naude se twyfel in die Broederbond het reeds sedert die middel 1950`s begin toe hy die organisasie van binne wou verander. Hy het wel met sy vrou Ilse daaroor gesels. Tot dusver het Beyers sy interne struwelinge nie met sy vrou gedeel nie. 'Ek kan nie meer deel wees van die Broederbond nie,' sou hy vir haar sê terwyl hulle saam gaan stap het. 'Nou hoekom bedank

[693] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 28 Augustus 1962.; C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 63.
[694] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 64.
[695] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 64.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jy dan nie?', sou sy eenvoudig vra. Volgens Beyers het Ilse nie die Afrikaner verstaan nie; hulle sou hom nooit vergewe as hy sou bedank nie. 'Dis maar jou keuse dan of jy so wil aanhou leef met die interne struweling', het Ilse gesê.[696] Die manier waarop die organisasie na Cottesloe sy netwerk binne die NG Kerk se kerkrade en sinodes gebruik het om sekere besluite deur te voer, het vir Beyers baie gepla. Sy Broederbond-lidmaatskap en die rigting wat Beyers nou gekies het om in te neem rondom rasseverhoudings en die kerk kon ook nie meer versoen word nie. Op 14 Maart 1963 het Beyers sy amptelike bedanking van die Broederbond ingedien. Al spandeer Beyers net een sin aan sy bedanking van Broederbond in sy outobiografie,[697] gee sy bedankingsbrief tog meer insig oor sy redes vir hierdie groot besluit. Daarin verduidelik hy dat die wyses waarop die Broederbond individue in die organisasie wat nie saamstem met AB-beleid nie, uitkryt as liberaliste en humaniste was vals. Sy oortuigings was nie uit wêreldse ideologieë nie, maar spruit uit sy geloof in God. Die Broederbond se inmenging in die teologiese rigting van die kerk is ook vir Beyers problematies. As gevolg van hierdie inmenging, kon die kerk nie skriftuurlik en onafhanklik die werk van God verrig nie skryf, Beyers. Hy voeg by dat die pad wat die AB in daardie stadium voorskryf, die Afrikaner in die toekoms sal breek en nie bewaar nie. 'Dis juis hierdie self-regverdiging wat lei na self-vernietiging…', verduidelik hy.[698]

Nog `n saak wat Beyers in sy bedankingsbrief opper is die Broederbond se beleid van geheimsinnigheid. Toe hy by die organisasie in 1940 aangesluit het, het Beyers gevoel die vertroulikheid van die AB was toe nodig was om die Afrikaner effektief te help. Hierdie kultuur van vertroulikheid het egter verander in `n kultuur van geheimsinnigheid wat, volgens Beyers, `n kloof tussen dominees, lidmate en Afrikaners veroorsaak het. Hierdie kloof belemmer ook die kerk se pogings om God se werk te verrig en daarom het dit onaanvaarbaar geraak vir Beyers. Hy sluit sy brief af om ook sy dankbaarheid te betoon aan die goeie invloed wat die AB wel op sy lewe gehad het: sy liefde vir die Afrikaners, sy taal, sy land en die gereedheid om te dien sonder beloning. Sonder om enige van hierdie elemente prys te gee, wens hy om nou ten volle as Afrikaner en Christen voort te leef in diens van God en Suid-Afrika.[699]

Sowat twee weke na Beyers se bedanking uit die AB is die eerste Suid-Transvaalse Sinode in Pretoria gehou. Met die snelle uitbreiding van die NG Kerk in hierdie gebied is besluit om `n

[696] C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 74.
[697] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 65.
[698] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, pp. 91-92.
[699] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nuwe sinode tot stand te bring en Beyers was een van die afgevaardigdes as leraar van die Aasvoëlkop-gemeente. Soos gewoonlik is die moderatuur van die sinode op die eerste dag gekies. As gevolg van die afgelope maande se gebeure met Beyers se betrokkenheid by *Pro Veritate*, sy bedanking van die AB en die rigting wat sy preke nou ingeneem het, het hy nie eers vir `n oomblik gedink dat hy vir enige leierskapposisie genomineer sou word nie. Groot was Beyers se verbasing toe hy hoor sy naam word genomineer as moderator van die sinode. Hy wen die stemming met 209 teenoor 167 stemme. Daarby word sy vriend Willie Jonker as aktuarius verkies. Dit was `n baie vreemde situasie vir Beyers wat reeds op `n wegbreekpad was. Hy het daardie nag tot drie-uur die oggend gesit en deur die dokumente van die sinodesitting gewerk. Hy het geweet die afgevaardigdes sou hom met valkoë dophou. Hierdie posisie wat vir hom gegee is, kon moontlik `n manier wees van die NG Kerk en die AB om aan Beyers te probeer wys hoe belangrik hy vir hulle was. Dit was immers makliker vir die establishment om hom te beheer as hy eerder in `n posisie binne die strukture van die kerk as buite was. Beyers het self die legitimiteit van sy verkiesing as moderator bevraagteken: was dit die hand van AB, of was dit omdat daar genoeg jong dominees was wat ook teen apartheid gestaan het?[700]

Sy openingsrede by die Suid-Transvaalse Sinode op 26 Maart 1963 het gegaan oor broederskap in die kerk. Die wêreld en Afrika verander vinnig, vertel hy die afgevaardigdes. Dit bring die gevaar in die kerk dat verskille mense wegdryf van mekaar. Beyers vertel van `n ander tipe broederskap as wat die Broederbond en die NG Kerk voorstaan – een waar verskille belangriker is as om die vrede te bewaar en waar gehoorsaamheid aan God bo die groepsdenke van broers geplaas moes word.[701] Dit was `n boodskap wat direk gemik was teen die kultuur wat die Broederbond en die NG Kerk in hul strukture geskep het. Hy was nou vry om hierdie narratief voor te staan aangesien hyself vry was van die vertroulikheidskultuur van die AB.

Twee mosies wat op die laaste dag van die sinodesitting bespreek is, het albei hierdie moontlikhede bevestig. Die eerste was `n mosie deur twee aparte kerkrade wat gevra het vir `n ondersoek na Broederbond-lidmaatskap en die NG Kerk. Daar was `n gevoel dat sekere posisies in die kerk net beskore was vir Broeders en dit moes ondersoek word.[702] Dus sou dit Beyers se gevoel bevestig dat daar genoeg jonger predikante was wat hom ingestem het en wat

[700] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 65-66.
[701] BNS. A1 IN. A.1.2. Toesprake. Openingsrede Sinode Suid-Transvaal.
[702] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teen die establishment wou opstaan. Die twee mosie wat die vermoede, dat die AB `n aandeel aan Beyers se verkiesing gehad het, kon bevestig was dié van die Sinodale Kommissie se verslag oor Bey se redakteurskap van *Pro Veritate*. Volgens die verslag moes Beyers sy redakteurskap van die publikasie neerlê en homself daaraan onttrek. Beyers het dit gesien as die AB se manier om hom te laat verstaan: 'Ons het jou leierskap nodig – mits dit meer in ooreenstemming is met die Kerk se tradisionele benadering.'[703]

Dit was die aanvang van die grootste besluitnemingsproses in Beyers se lewe. Hy het aan die sinode gesê dat hy tyd nodig het om oor sy redakteurskap van *Pro Veritate* te dink. Die Daarop volgende week het Beyers die skriba van die sinode meegedeel dat hy nie sy redakteurskap kon neerlê nie. In `n briewewisseling tussen hom en Fred van Wyk, die direkteur van die Instituut vir Rasseverhoudinge, het dit duidelik geraak dat Beyers reeds geweet het hy kon sy amp as dominee verloor, maar dat *Pro Veritate* moes voort gaan. Dit was ook die begin gesprekke oor die stigting van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika (CI) waarin Fred baie betrokke sou wees. Die idee van `n veelrassige ekumeniese liggaam in Suid-Afrika het ná Cottesloe ontstaan toe Beyers met verskeie rolspelers in die ekumeniese wêreld kontak gemaak het. Hierdie ekumeniese liggaam sou gestalte vind in die CI. As moderator van die Suid-Transvaalse Sinode, is Beyers in April na die All-Africa Conference of Churches in Kampala, Uganda.[704] Teen hierdie tyd het daar Broederbond onthullings verskyn in die *Sunday Time*. Twee jaar later, na Beyers se uittrede uit die NG Kerk, sou dit bekend raak dat dit hy was wat interne dokumente aan sy vriend Albert Geyser gegee het, wat dan die dokumente aan die pers gelek het.[705]

Met sy terugkeer uit Uganda het die druk vanuit die Afrikaner-gemeenskap opgehoop. Die media – beide Afrikaanse en Engelse koerante – het ruim aandag gegee aan die dissidente Beyers. In die Mei 1963-uitgawe van *Pro Veritate* het Beyers sy besluit om nie te bedank as redakteur van dié publikasie nie aan die publiek bekend gemaak. Beyers het nie net die Suid-Transvaal Sinode se besluit dat leraars nie *Pro Veritate* mag ondersteun, teengestaan nie. 'Die besluit [om aan te bly as redakteur van *Pro Veritate*] op sigself geneem is egter nie genoeg nie', skryf Beyers. Hy daag die NG Kerk uit:

---

[703] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 66.
[704] NGAK, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 18 Maart 1963.
[705] Vir `n volledige bespreking oor Beyers Naudé en die Broederbond exposés, sien C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, pp. 86-95.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Om die opregtheid van die bedoeling van die blad te bewys, wil ons hier, met volle goedkeuring van die direksie, `n dringende versoek en aanbod aan die Ned. Geref. Kerk doen … om in die steeds toenemende behoefte van baie Christene van die verskillende kerke te voorsien deur die oprigting van `n volwaardige ekumeniese blad met die dieselfde breë doelstelling as Pro Veritate.[706]

Indien die NG Kerk dit sou doen, sou *Pro Veritate* sy deure sluit. Dit was nie bloot `n oomblik van verset deur Beyers om aan te bly by die blad nie. Die uitdaging wat deur hom gestel is en die redaksie van die blad het gewys dat Beyers nou dieper gewortel was in sy ekumeniese oortuigings as in die groepsdenke van die NG Kerk.

Op 15 Augustus 1963 is die CI amptelik gestig em Beyers is as die direkteur van die organisasie aangewys. Daar was vrese in sekere NG Kerk-geledere dat Beyers `n groot aantal Afrikaners na die CI kon lok. Om dit te voorkom, het kerkrade van regoor die land mosies ingedien om Beyers te oorreed om sy besluit om deel te wees van die CI en *Pro Veritate*, te herroep. Beyers se eie kerkraad by Aasvoëlkop het ook so mosie ingedien. Op 26 Augustus is daar twee mosies oor Beyers se verhouding met *Pro Veritate* en die CI deur kerkraadslede ingedien. Eerstens was daar die mosie deur het oudl. Du Plessis, wat nou sy tweede mosie teen Beyers ingedien het. Die mosie spreek eers dank en waardering teenoor Beyers uit oor wat hy in die verlede vir die gemeente gedoen het, maar daar ontstaan nou 'toenemende spanning, en selfs onenigheid' in kerklike geledere, en wyer kringe, weens Beyers se betrokkenheid by *Pro Veritate* en die nuutgestigte CI. Volgens die mosie is daar reeds sommige gemeentelede wat eredienste by ander gemeentes bywoon as gevolg van die leraar se bogenoemde verbintenis, terwyl ander hul geldelike bydraes aan die gemeente gestaak of verminder het. Die mosie versoek dan:

> In die lig van die voorafgaande wens die Kerkraad `n ernstige beroep op ds.. Naudé te doen om sy verbintenis met "Pro Veritate" en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika in heroorweging te neem en die Kerkraad so spoedig moontlik van sy besluit te verwittig.[707]

`n Tweede mosie is daarna deur twee ouderlinge ingedien – Gie Kotze, en Japie de Bruijn – wat simpatiek teenoor Beyers was en hom ook met *Pro Veritate* ondersteun het.[708] Hierdie mosie vra dat die sinodale kommissie kans gegee word om hul bevindinge bekend te maak en dat die kerkraad homself weerhou om enige uitsprake te lewer rondom hul leraar se situasie tot tyd en wyl. Hierdie kommissie is aangestel om die saak van Beyers se verhouding met die CI

[706] "Die Eindredakteur Besluit," *Pro Veritate*, 15 Mei 1963, p. 3.
[707] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 26 Augustus 1963.
[708] *Ibid.*; C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 62.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en *Pro Veritate* te ondersoek en vas te stel of daar enige Bybelse en kerklike besware teen die verbintenis tussen hierdie organisasies en `n NG Kerk-dominee is kon wees.[709]

Hierdie keer behaal oudl. Du Plessis sukses met sy mosie wat met 30 stemme teenoor 12 aanvaar word.[710] Slegs `n jaar tevore het Beyers nog `n tweederde meerderheid steun gehad toe Du Plessis sy preek oor rasseverhoudinge in die kerk bevraagteken het. Dit blyk dat Beyers steun in sy kerkraad gehad het oor die rigting waarin hy begin dink het rondom rasseverhoudings, maar dat hierdie rigting binne die kerk moes geskied. Die feit dat Beyers in die afgelope jaar die CI en *Pro Veritate* as organe gebruik om hierdie het rigting verder te neem, was vir die kerkraad onaanvaarbaar. In `n persverklaring opgestel deur Beyers en Du Plessis namens die kerkraad, is die versoek van die kerkraad bekend gemaak en Beyers het te kenne gegee dat hy 'sy besluit in die eerste plek aan die Kerkraad sal bekend maak.'[711]

Die heel laaste poging om Beyers sovêr te kry om sy keuse om die direkteurskap van die CI te aanvaar te heroorweeg het gekom van sy swaer, Frans Geldenhuys wat saam met `n groep dominees in sy pastorie kom sien het. Die groep het vir Beyers gevra om binne die kerk te bly om sodoende van binne die denke te probeer te verander. Beyers antwoord toe dat as hulle tien dominees kon kry om 'in die openbaar hulle oortuiging oor Kerk, ras en geregtigheid – soos in die Cottesloe-besluit vervat – aan kerkrade, gemeentes, Bybelstudiekringe en belangstellende lidmate oor te dra, [hy] bereid sou wees om die aanbod om die [CI] van die hand te wys.'[712] Dit was soortgelyk aan sy ultimatum wat hy aan die Transvaalse Sinode gestel het toe hy gevra is om sy steun vir Cottesloe terug te trek, met dieselfde strategiese doelwit in gedagte.

Twee dae voor Beyers sy antwoord aan die gemeente moes gee, bel hy sy swaer en vra: 'Frans, kan jy my enigsins `n aanduiding gee of daar tien sulke manne gevind is?' 'Maar Bey,' begin Frans verduidelik, 'jy weet mos dat in die lig van alles wat sedert Cottesloe gebeur het, dit byna onmoontlik sal wees om tien sulke broers te vind.'[713] Hierdie kort gesprek het Beyers se gevoel bevestig dat die NG Kerk nie die platform vir verandering was wat hy gevoel het `n kerk moet wees nie. Beyers is in kennis gestel dat sy aansoek om sy status as predikant in die NG Kerk

[709] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 26 Augustus 1963.
[710] *Ibid.*
[711] *Ibid.*
[712] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 68.
[713] *Ibid.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te behou en steeds as direkteur van die CI aan te bly geweier is. Dit was Frans, as voorsitter van die NG Kerk se regskommissie, wat hierdie brief aan Beyers moes stuur.[714]

Op 22 September 1963 het Beyers die antwoord oor sy direkteurskap van die CI van die kansel af bekend gemaak. Aan die hand van die Handelinge 5 het Beyers sy oortuiging gestaaf: 'Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense', lees vers 29.[715] Hy deel die gmeente mee dat hy deur die Bybel gesoek het vir antwoorde van God om hom te oorreed om homself los te maak van die CI en *Pro Veritate*, maar dat hy elke keer terugkom na hierdie teksvers wat hom oortuig om wel die posisies by beide die organisasies te aanvaar. Dit is nie bloot `n keuse tussen die Kerk, en die CI en *Pro Veritate* nie. Dit 'gaan baie dieper as dit. Dit is `n keuse tussen geloofsgehoorsaamheid en kerklike gesag en deur laasgenoemde onvoorwaardelik te gehoorsaam, sou ek my gesig red, maar my siel verloor!'[716] Oudl. Du Plessis het opgestaan om Beyers te bedank: 'Ons het gehoop en bid dat die besluit anders sou wees. Daar was nog so baie wat hy [Beyers] kon doen vir die volk. Maar God wou dit anders hê.'[717] Volgens die redakteur van *Die Voorligter* was hierdie `n "selfregverdigende teksverklaring", en is die preek as ongegronde beskuldigings teenoor Beyers se eie kerk veroordeel.[718]

Die volgende aand het Beyers die kerkraad amptelik in kennis gestel van sy besluit om die voltydse direkteurskap van die CI te aanvaar en is besluit dat sy afskeidspreek op die oggend van 3 November 1963 sou wees.[719] Op 28 Oktober het Beyers sy laaste kerkraadsvergadering by Aasvoëlkop bygewoon. Oudl. Nieuwoudt maak van die geleentheid

Figuur 16 Beyers en Ilse se afskeidsfoto by Aasvoëlkop. (Afskeidsfunksie aangebied aan Ds. en Mev. C. F. Beyers Naudé, Voorblad.)

[714] C. F. B. Naudé: *My Land van Hoop*, p. 68.
[715] Die Bybel, AFR 1933/53, Handelinge 5:29.
[716] BNS. IN. A1.1. Vol. 28. Gehoorsaam aan God.
[717] C. Ryan: *Pilgrimage of Faith*, p. 81; eie vertaling.
[718] "Nog `n Leraar Verlaat die Kansel," *Die Voorligter*, November 1963, bladsy onbekend.
[719] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 23 September 1963.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gebruik om namens die kerkraad dankie te sê aan Beyers. Hy vertel hoe opgewonde die gemeente was voor Beyers se aankoms by die gemeente en hoe gou hy van vreemdeling na vriend verander het in `n baie kort tyd. Sy hardwerkendheid, toegewydheid en vriendelikheid word uitgelig. Nieuwoudt sluit af:

> Noudat ons paaie uitmekaar loop, is ons jammer om u te verloor, te meer so noudat u ander terreine betree. Maar ek kan maar net sê ons hoop en vertrou dat dit met u in u nuwe werkkringe goed sal gaan, en onthou ds. Naudé, wanneer u eendag anders voel en besluit om terug te keer, kom by Aasvoëlkop aan, u sal altyd welkom wees.[720]

Beyers was duidelik nog geliefd onder die kerkraad. Sy besluit om voltyds by die CI aan te sluit en sodoende die NG Kerk te verlaat, was vir baie mense soos om `n lid van die gesin te verloor; ook vir dié wat nie saam met hom gestem het nie soos Du Plessis. Met Beyers se afskeidsnaweek het `n gemeentelid en lid van Beyers se AB-afdeling, NP van Wyk Louw, die volgende afskeidsrede voorgelees:

> Met die groot droefheid wat in ons harte is, wil ons nie praat oor die omstandighede waaronder hierdie innige saam-wees van herder en gemeente beëindig moes word nie. Gedeeltelik is dit die tragiese botsing van gewetensoortuiging teen gewetensoortuiging wat al so dikwels … in die Kerk van Christus voorgekom het. Dit het die Here behaag dat ons in die tyd van ons bestaan op aarde slegs ‘sien deur `n spieël in `n raaisel’ – maar die belofte is daaraan geheg dat ons ‘eendag van aangesig tot aangesig’ sal sien, ten volle sal ken, net soos ons ten volle geken sal word.

Na Van Wyk Louw die hartseer en verwardheid van die situasie met `n boodskap van hoop afgerond het, het hy `n diepe begrip van die breër Christelike kerk verwoord:

> Ons bid ook dat Hy u lank sal spaar en dat Hy u sal toelaat om die groot gawe van verstand en hart wat Hy aan u, onder Christus, toevertrou het, verder in die diens van ons Kerk, ons volk, ons hele gemeenskap in die Republiek te gebruik en wyer te gebruik: in diens van die Kerk van Christus wat oor die hele aarde versprei is.
>
> Elke duim grond wat met u help gewen sal word vir daardie Een Algemene Christelike Kerk waarin ons elke Sondag ons geloof bely, sal ons met blydskap vul.

Op Sondag 3 November 1963 het Beyers vir die laaste keer by die kansel van Aasvoëlkop opgestap. Dit was ook die laaste keer dat hy as NG-dominee sou preek. Die tema van gehoorsaamheid kom weereens sterk na vore: ‘Die antwoord, die lig, die hoop, lê in volle

[720] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 28 Oktober 1963.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gehoorsaamheid aan Hom as Lewende Woord – en in Hom alleen!'[721] Die stampvol kerk was doodstil na Beyers se laaste amen. Beyers het toe voor die kansel sy plek ingeneem waar die akte van ontslag, wat opgestel is deur Willie Jonker in sy kapasiteit as die aktuarius van die Suid-Transvaalse Sinode, voorgelees en aan hom oorhandig is. Dit lees:

> Die Kerkraad van die gemeente Aasvoëlkop het in kennis geneem dat die weleerwaarde heer C. F. B. Naudé, herder en leraar van hierdie gemeente, besluit het om sy dienswerk in die gemeente alhier neer te lê ten einde die direkteurskap van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika te aanvaar. Op sy versoek ontslaan die Kerkraad hom hiermee van sy amptelike betrekking tot die Kerkraad en Gemeente alhier en getuig langs hierdie weg dat hy hom gedurende sy ampstermyn in ons midde onberispelik in leer en lewenswandel gedra het tot `n wyse wat `n Evangeliedienaar waardig is.[722]

Soos wat hierdie dokument aan Beyers oorhandig word, het Beyers sy toga uitgetrek as `n simboliese gebaar: 'Not that I was leaving the ministry of the gospel, but that was what my church was saying to me.'[723] *Die Voorligter* meen dat Beyers in hierdie oomblik die Kerk verlaat vir `n buite-kerklike pos in die sekulêre wêreld.[724] Die redakteur insinueer dus dat enige amp buite die NG Kerk, ook buite die algemene Kerk funksioneer. Vir Beyers was dit `n oomblik waar hy juis deel geraak het van die breë Christelike Kerk. Daardie aand het hy en sy vrou Ilse gaan stap en vir die eerste keer kon hulle met mekaar praat oor hul gevoelens en gedagtes. Beyers vertel emosioneel hoe hulle vir mekaar kon sê: 'Wat ook al gebeur, ons sal bymekaar bly, en God sal met ons wees.'[725]

---

[721] BNS. IN. A1.1. Vol. 28. Vuurvlam en voorhamer.
[722] NGKAG, KR Notule, Notules van die Kerkraad, 28 Oktober 1963.
[723] *The Cry of Reason - Beyers Naude an Afrikaner Speaks Out – 1987*, https://www.youtube.com/watch?v=TPsv-YKeTYQ&t=229s, (15 Julie 2017).
[724] "Nog `n Leraar Verlaat die Kansel," *Die Voorligter*, November 1963, bladsy onbekend.
[725] *The Cry of Reason - Beyers Naude an Afrikaner Speaks Out – 1987*, https://www.youtube.com/watch?v=TPsv-YKeTYQ&t=229s, (15 Julie 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GEVOLGTREKKING

Beyers se kinderjare is kan nie noodwendig gekenmerk word as buitengewoon nie. Die patriargale huishouding, met sterk Afrikaner-nasionalistiese gevoelens was nie vreemd in ontluikende middelklas Afrikaner-gesinne nie. Hierdie raamwerk het aan Beyers Naudé sy kulturele basis as Afrikaner gegee wat later op universiteit bevestig is. Godsdienstige vroomheid het bygedra tot die vorming van sy morele raamwerk. Hy het `n diep respek ontwikkel vir wat reg en verkeerd is wat die basis gelê het vir etiese bereddering oor belangrike besluite in sy toekoms.

`n Belangrike aspek van Beyers se ontwikkeling as dissident is sy sosiale bewussyn. Sy pa se aktivisme rondom taal- en volkskwessies was vir Beyers `n voorbeeld van geregtigheid, alreeds in sy kinderjare. Beyers se kontak met armblankes wat by hulle aan huis oorgebly het aan die begin van die depressiejare het `n selfs groter indruk gelaat. Hy het hier die nasleep van die Anglo-Boeroorlog, waarvan sy pa so baie vertel het, op `n diepgaande vlak beleef wat aan hom die sosiale bewustheid gegee het om met gemarginaliseerde persone of groepe te simpatiseer. In daardie stadium was dit ook makliker om te identifiseer met armblankes aangesien hulle van dieselfde kulturele groep as hy was. Beyers het dit as kind nie vreemd gevind dat die bruin gemeenskap apart leef van die wit gemeenskap nie. Gesegregeerde kerke was ook vir hom die norm.

Beyers het ook `n reeds as jong seun `n gespanne verhouding met gesag gehad. Dit is gekweek deur sy verhouding met sy ma, wie hy gevoel het onregverdig was in haar oordeel oor haar kinders se lewens. Gesag is nie noodwendig verkeerd nie, maar dit moes nie ten koste van regverdigheid geskied nie, was Beyers se mening. Die brief wat Beyers aan sy skoolhoof geskryf het, is nog `n voorbeeld van sy se reaksie teenoor gesag. In plaas van `n ooremosioneel of irrasionele reaksie op onregverdige gesag, het Beyers as jong seun `n deur die formulering van hierdie brief `n vroeë volwassenheid getoon. Dit was die begin van `n kenmerk wat ontwikkel het in Beyers se dissidentskap: dié van oorwoë rebelsheid.

Beyers Naudé se studentejare is gekenmerk deur `n wegbreek uit sy eng en streng ouerhuis en die ontwikkeling van sy eie identiteit buite hierdie gesinsopset. Die houding in sy eie skrywe oor sy studentejare toon `n wegbeweeg van sy gesin. Buiten Hymne se besoek aan Genadendal om sy verlowing te probeer keer, maak Beyers geen ander melding van haar nie. Hymne was `n akademies begaafde student, `n leier en `n gesiene Matie. Dit is dus vreemd dat Beyers geen

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

melding maak van sy ouer suster se teenwoordigheid as mede-Matie nie. Hy het haar nie net uit sy eie vertelling van sy studentejare weggelaat nie, maar ook sy ander susters wat tydgenote was.[726] Verder praat hy weinig oor sy broer Joos. Dit is in teenstelling met die baie nou band as twee makkers op Graaff-Reinet. As daar in sy skrywe verwys word na sy ouers, dui Beyers die spanning tussen hom en sy pa en veral sy ma aan.

Die redes waarom Beyers nie enige verwysings maak na sy susters in hierdie fase van sy lewe aandui nie, is onbekend. Een rede kan wees dat hulle nie juis in kontak was met mekaar in hierdie tyd nie. Dit is egter hoogs onwaarskynlik aangesien sy susters sy enigste kontak met meisies sedert sy jare as kind was. Hierdie band kon dus nie net maklik breek op studentevlak nie. Die studentegemeenskap van Stellenbosch was ook baie klein in daardie tyd. Hy en van sy susters het wel op verskeie plekke in dieselfde sosiale kringe beweeg. Die vryheid wat Beyers op Stellenbosch ervaar het, was dus vir hom `n nuwe fase waar hy kon wegbreek van sy ma se eng reëls en moraliteitsoortuigings. Toe die gesinsfase van sy lewe op Graaff-Reinet tot `n einde gekom het, het Bey gevoel dat indien hy sy eie koers wou inslaan, hy maklik kon wegstap van sy gesin en onafhanklik kon voortgaan om sy eie pad te vind. 'Niks sou my hiervan afsit nie,' skryf hy, en 'in hierdie opsig het [my ouers] nie so houvas op my gehad nie.'[727] Sy susters was dalk vir hom nog deel van hierdie vorige fase in sy lewe wat hy probeer vermy het. Die susters se jaloesie op hom gedurende hulle kinderjare kon ook `n uitwerking gehad het op hulle houding teenoor die twee broers toe hulle almal saam op Stellenbosch was. Veral Hymne was meer verteenwoordigend van hul ouers se ideologiese en moralistiese uitkyk wat ook moontlik `n skeiding tussen haar en Bey veroorsaak het. Dit het duidelik geraak toe Ada vir Hymne gestuur het om Bey te gaan oortuig om sy verlowing af te stel.

Om homself te vind, het Beyers hom ten volle oorgegee aan die sosiale lewe wat die Stellenbosse studentelewe gebied het, veral deur die verenigingslewe op kampus. Die BTK het aan hom `n nuwe wêreld openbaar waar mans en vroue sosiaal kon verkeer sonder om onderdanig te wees aan die konvensies van sy ouerhuis. Dit het hom nie net op sosiale vlak blootstelling gegee nie, maar die BTK het aan Bey die kans gebied om as `n charismatiese leier na vore te tree. Dit het oorgevloei na ander verenigings waar Beyers gewoond geraak het om aan vergaderings deel te neem en later vergaderings te lei. Hy het gedien op soveel verskillende

[726] C.F.B. Naudé: *My Land van Hoop*, pp. 23-31: Hierin vertel Beyers Naudé van sy studentejare, maar geen melding word gemaak van enige van sy susters nie, slegs van sy broer.
[727] Soos aangehaal in C. Ryan: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vlakke en posisies sodat hy aan einde van sy studenteloopbaan wel bekend was met die institusionele werkinge van kollektiewe onderhandelings en besluitneming. Hierdie eienskap sou hom help op vergaderings en forums later in sy lewe.

Die ontwikkeling van Beyers as `n leier was seker een van die belangrikste kenmerke van sy studentejare. Op forums, vergaderings en rondom sekere kwessies het Bey as `n baie taktvolle leier ontwikkel. In `n tyd van populisme en sterk ideologiese oortuigings op die kampus, het Beyers uitgestaan as `n pragmatiese vredemaker wat die middeweg wou uitwys. Sy SR-voorsittersverslag spreek boekdele daarvan. Hy vra vir eenheid deur na mekaar te luister in `n tyd waar die debat oor die ANS en NUSAS die studentekorps verdeel het. Hy was dus nie gebind aan `n ideologiese uitkyk nie, maar het die meriete in verskeie standpunte raakgesien, en derhalwe as mediator probeer optree. Hierdie spanning word ook gesien in Bey se lidmaatskap van *Pro Libertate* se redaksie wat tot `n mate anti-establishment-gesind teenoor die SR en die Universiteit was. Tog was Beyers diep gewortel in die aard en gees van die universiteit. Hierdie pragmatisme het nie noodwendig beteken dat hy tussen standpunte rondgeval het nie. As iets vir hom verkeerd was, sou hy sterk voel daaroor. Die Du Plessis-saak is `n goeie voorbeeld waar Beyers se houding teenoor daardie Kweekskool-dosente wat teen Du Plessis opgetree het baie negatief tydens sy studiejare was. As iets vir Beyers goed of reg was, het hy ook op taktvolle wyse mense probeer blootstel aan sy siening, soos toe hy besef het watter waarde daar in die multi-kulturele aanbidding op Genadendal was. Hy het mense nie probeer oortuig deur redenasies of argumente nie; hy het mense saam met hom geneem deur aan hulle blootstelling te gee in die waardes wat hy daarin gesien het.

Sy leierskap, charisma en deelname aan verenigings het hom ook blootstelling gegee aan `n netwerk van vriende en kennisse. Hierdie netwerk sou hom help om die leër te klim in die Afrikaner-establishment, maar elemente van dieselfde netwerk sou ook bydra tot sy wegbreek daarvan.

Deur al sy posisies en verantwoordelikhede het Beyers `n besonderse werketiek op Stellenbosch ontwikkel. Teen dié tyd was dit duidelik dat die akademie nie Beyers se volle aandag geniet het nie, maar tog het hy al sy vakke geslaag. Dit was egter die verantwoordelikhede en posisies van sy vereningslewe, sosiale lewe, stokperdjies, verhoudings en vriendskappe wat hom `n baie effektiewe tydsbestuurder gemaak het. Beyers het die woorde van die redakteur in die eerste *Stellenbosse Student* ter harte geneem toe hy skryf dat die balans in jou studentelewe die belangrikste is. Hy het met ywer die studente gedien op elke forum

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waarby hy betrokke was. Die Intervarsity van 1932 is `n goeie voorbeeld. Beyers was dus in `n gesonde ritme van harde werk voor hy sy bediening begin het.

Beyers se ouers het by hom `n waardering vir musiek gekweek en sy pa veral het hom sterk gegrond in Afrikaner-geskiedenis. Al was taalregte vir Jozua belangrik, was dit `n magspel vir hom. Beyers se dieper liefde en waardering vir die Afikaanse taal het dus op universiteit ontwikkel. Die digter en skrywer DF Malherbe, wat ook die studieleier vir sy MA-studie was, het hierin `n belangrike rol gespeel. Afrikaner-kultuur, insluitend musiek, literatuur en dans, was vir Beyers van besondere belang, selfs belangriker as Afrikaner-politiek. Dit blyk of die voortleef van die Afrikaner-kultuur vir Beyers daarin gelê het om dit te versterk en nie die politiek nie. Hierdie klemverskuiwing het Beyers baie dieper geanker aan sy Afrikanerskap en sy Afrikanerskap was iets wat hy nooit opgegee het nie.

Tydens sy studentejare het daar ook teologiese wendings vir Beyers plaasgevind. Hy het Stellenbosch toe as pas bekeerde en begeesterde gekom. Die grootste rolspeler in sy lewe tot in daardie stadium was sy pa, wat die Afrikaner-Israel teologie – wat `n direkte parallel trek tussen die Bybelse verhaal van Israel en die Afrikaners as uitverkore volke – voorgestaan het. Die kansel was vir Jozua ook `n politieke platform gewees.

Die eerste teologiese wending vir Beyers het gekom deur sy verhouding met prof. Du Plessis. Daar het hy blootstelling gekry aan `n vryer verstaan van die Bybel. Terwyl sy pa die Bybel gebruik het om sy eie volk te bevoordeel, het Beyers by Du Plessis geleer dat die Bybel altyd gebruik moes word om God te eer. Dit was `n belangrike klemverskuiwing. Daarby het Beyers nuwe insigte rondom die sending gekry deur Du Plessis. Jozua het sending gesien as `n mandaat aan Afrikaners om swart Afrikane te bekeer. Weereens lê die klemverskuiwing waar Du Plessis vir Bey geleer het dat sending ten bate van God se Koninkryk moes geskiet, nie ten bate van die Afrikaner-volk nie.

Dit gee aanleiding tot Naudé se tweede teologiese wending. Genadendal het aan Beyers `n nuwe vorm van kerkbediening gewys. Al was daar steeds `n rashiërargie, was dit die eerste keer dat hy veelrassigheid in `n kerk beleef het. Die wyse waarop hy ook ander dit wou laat ervaar om dieselfde blootstelling aan hierdie nuwe wêreld te kry, wys hoe belangrik dit vir hom was. Dit het geensins van Beyers minder ras-georiënteerd gemaak nie, maar dit het wel iets wat tot dusver vir hom vanselfsprekend was verander. Daar is geen twyfel dat Ilse hier `n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belangrike rol gespeel het nie. Vir haar was veelrassige dienste normaal en sy het gehelp om dit ook vir Beyers te normaliseer.

`n Derde element in sy teologiese vorming op Stellenbosch was sy ervaring by die Kweekskool. Die feit dat hy die dosente nie as stimulerend ervaar het nie, het veroorsaak dat hy nié een van die stereotipiese dominees sou word nie. Die sogenaamde versigtigheid van die Kweekskool het dus nie `n invloed op hom gehad nie, want Du Plessis en BB Keet, die enigste pro-Du Plessis dosent wat na hierdie teologiese twis oor was, het `n groter teologiese impak op hom gehad as die ander dosente. Selfs die Universiteitsdebadsvereniging het hom beter voorberei om `n predikant te wees. So het een student uitgewys dat 'op die oomblik is [debatsverenigings] oefenskole vir plattelandse preekstoele en stedelike geregshowe.'[728]

Dit blyk dat Beyers se kritiese ingesteldheid, wat reeds as seun begin het, op Stellenbosch verder gevorm is deur kritiek teenoor instellings waarvan hyself deel was. Sy deelname aan *Pro Libertate* is `n voorbeeld hiervan. Die koerant se grootste kritiek was teenoor die Kweekskool se dominansie oor studentesake, asook teenoor die SR se swak bestuur. Beyers was later deel van beide hierdie instellings. Natuurlik het die kritiek wat *Pro Liberate* teenoor die Kweekskool gehad het geresoneer met Beyers wat selfkrities daarteen ingestel was. Sy getemperde kritiek teenoor politieke organisasies soos die ANS, uit wie se sukses hy as Afrikaner voordeel sou trek, wys ook dat Bey self-krities kon wees ten bate van groter eenheid en nie ter wille van sy eie gewin nie.

Die eerste fase in Beyers se loopbaan as predikant in die NG Kerk het aan hom blootstelling gegee aan die wêreld buite die ivoortoring van die universiteit. Op Wellington en Loxton het Beyers die uitwerking van segregasie op die bruin gemeenskap begin raaksien. Die feit dat die bruin gemeenskappe in hierdie twee dorpe Afrikaans was en ook dieselfde kerklike tradisies voorgestaan het as die NG Kerk, het dit vir Beyers makliker gemaak om te simpatiseer met hierdie gemeenskappe. Dit het verder gebou aan sy sosiale bewustheid wat reeds as kind aangekweek is, maar in hierdie dorpe het dit uitgebrei na die bruin gemeenskap toe.

Beyers se loopbaan as dominee kan gekenmerk word as ambisieus. Omdat mense in die bediening van die Afrikaners vir Beyers sentraal gestaan het in sy rol as dominee, was hierdie ambisie dus nie van politieke aard of het dit oor mag gegaan nie. Sy aansluiting by die

[728] J.N.T., "Inteendeel," *Stellenbosse Student*, April 1933, p. 50.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Broederbond was `n belangrike mylpaal om die Afrikaners verder te kon bedien. Beyers se skuif na die Transvaal het saamgeval met snelle groei in die NG Kerk in daardie provinsie, asook die bloeitydperk van die Afrikaner in die stad. Sy beroep na Pretoria-Oos was dus `n hoogtepunt in sy loopbaan. Daar het hy in kontak begin kom met die Afrikaner-elite, en het help vorm aan die volgende generasie Afrikaners deur sy studentebediening. Daar het hy ook sy preke aansienlik minder polities gemaak en was hy in die sentrum van die Afrikaner establishment. Hy het homself bewys as `n leier op kerklike gebied met sy voorsitterskap en stigting van die Kerklike Jeugvereniging in 1951.

Die rede vir sy skuif van Pretoria-Oos na Potchefstroom is onbekend en ook nie te verwagte van `n persoon met die ambisie van Beyers nie. Tog was daardie skuif een van die belangrikste in Beyers se vorming as dissidente Afrikaner. Op Potchefstroom het Beyers se uitwaartse beweging van die Afrikaner-enklawe begin. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van 1958 het vir Beyers `n nuwe wêreld van ekumeniese interaksie oopgemaak na sy KJV-reis oorsee wat hom die eerste blootstelling daaraan gegee het. Die kritiek wat hy van buite die NG Kerk van ander kerkleiers gehoor het, het gestrook met sy selfstudie en het hom versterk in sy sterker wordende gevoel teen apartheidsteologie. Nog `n beweging na buite was die luister-toer waarop die jong leraars van die NG Sendingkerk, NG Kerk in Afrika en die Indian Reformed Churches hom geneem het. Hierdie blootstelling was `n fisiese tree buite sy veilige Afrikaner-enklawe. Die basiese impak van apartheid op die Indiër en swart bevolking het Beyers se oë laat oopgaan oor die onreg wat om hom aan die gebeur was. Nico Smith glo dat dit juis Beyers se kontak met die Indiër-gemeenskap was wat hom gehelp het op sy pad om mure tussen rasse af te breek.[729] Dit is `n bevestiging van `n patroon waar Beyers stelselmatig verskillende rasse se onderdrukking begin raaksien het. Hierdie luister-toer was een van die belangrikste uitwaartse bewegings wat Beyers ondergaan het in sy vorming as dissidente Afrikaner.

Die sentraliteit van die Broederbond in Beyers se lewe raak ook al hoe duideliker in hierdie fase van sy bediening. Sy inwaartse beweging na mede-Broeder dominees om sy misnoeë te deel rondom rassekwessies wys dat hy hierdie Broederskap hoër geag het as die NG Kerk. Die dryfkrag wat Beyers gehad het om die AB van binne te probeer verander deur persone van buite soos Willie Jonker en David Bosch te betrek, wys daarop dat die AB vir Beyers steeds

[729] M. J. Heaney: "Beyers Naudé, Ekumeniese Baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994," ongepubliseerde PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2004, p. 329.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die oplossing tot die land se probleme was. Daarby was Broederskap baie moeiliker om teë te gaan as gesag.

Volgens Beyers was die Sharpeville-slagting van 1960 `n keerpunt vir hom gewees. Hierdie slagting is wel ook deur alle ander NG-predikante van sy tyd aanskou en kan dus dit nie as `n keerpunt in isolasie gesien word nie. Dit is weens Beyers se interne struwelinge tot in daardie stadium, asook die luister-toer wat hy in Potchefstroom onderneem het, wat aan die slagting `n menslike element vir Beyers verleen het. Die Sharpeville-slagting was dus `n manifestering van die ongesiene geweld van apartheid waarvan Beyers toe alreeds bewus was.

Die gebeure by die Cottesloe-beraad kan gesien word as Beyers se eerste poging tot openbare dissedentskap, al het hy daar as deel van `n groep opgetree. Dit het egter aan hom die momentum gegee om stelselmatig weg te breek van die Afrikaner-establishment. Die netwerk van ekumeniese leiers wat Beyers gevestig het in die opbou tot Cottesloe het vir hom `n veiligheidsnet geskep wat hom die moed kon gee om wel weg te breek uit die AB en die NG Kerk. Hierdie netwerk het hom in `n praktiese hoedanigheid ondersteun, soos met die vestiging van *Pro Veritate* en die Christelike Instituut, asook in `n finansiële hoedanigheid met internasionale borge wat beide Beyers en sy organisasies ondersteun het na sy wegbreek uit die Afrikaner-establishment.

Kommentaar moet ook gelewer word oor Beyers Afrikanerskap wat behoue gebly het. Die onderskeid wat Beyers getref het, en wat van sy tydgenote nie kon doen nie, was om geregtigheid bo sy Afrikanerskap te plaas. Beyers se identiteit was steeds diep in sy Afrikanerskap gewortel en sy taal en kultuur was onlosmaaklik deel van sy wese. Dit was juis daarom dat dit vir Beyers noodsaaklik was om *Pro Veritate* in beide Engels en Afrikaans uit te bring. Hy wou Afrikaners saam met hom neem op `n pad van geregtigheid, om ook hulle sodoende te bevry. Die legitimiteit in sy eie mense se kultuur het deel van Beyers gebly ten spyte van sy wegbreek uit die Afrikaner-establishment.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

ARGIVALE BRONNE EN VERSAMELINGS

NG Kerk Aasvoëlkop Privaat versameling [NGKAG]

Kerkraad Notule Boek 1959-1963

Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie [BNS]

A 1 Ilse Naudé-versameling. A1.1 Preke

A 1 Ilse Naudé-versameling. A.1.2. Toesprake

Pro Veritate, 15 Mei 1963

NG Kerk van Suid-Afrika Argief [NGKSAA]

Gemeenteversameling

Potchefstroom Moedergemeente, GEM 1507, Kerkraadsnotules.

Potchefstroom Moedergemeente, GEM 1519, Bond van Dienaresse Notules 1950-1965.

Bond van Dienaresse: Amptelike Vroueverenigingen van die N.H. of G. Kerk (Tvl.) Verslag van Derde Algemene Kongres, Gemeenteversameling Potchefstroom, Kommissie: Bond van Dienaresse; TSVS 1955-1970, GEM 1517.

Pretoria-Oos, GEM 1673, Kerkraadsnotules.

Wellington, GEM-K 2524, Kerkraadsnotules.

Ander

Die Ooskerk, 1949-1954.

Die Uniale Kerkjeug-Kongres en C.S.-unie-Jubileum: Verslagboekie.

Die Voorligter, 1950-1963.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

JF Naudé Versameling, P 5302/3.

Naudé, C. F. B. en Strauss, W. De W.: "Besoek aan Studente, en Permanente Bearbeiding van Lidmate in die Buiteland: Verslag aan die Raad van Kerke van die Voorsitter van die Hoofbestuur van die Algemene Sekretaris van die Kerkjeugvereniging"

Universiteit Stellenbosch Argief [US-argief]

Locksley-Watson Foto-versameling

BTK-versameling

BTK 01, Notuleboek 1928-65.

BTK 06, Sketsboek Julie 1928-September 1942.

BTK Fotoalbum

SR-versameling

SR 4, Univ. v. Stell. Studenteraadsnotules 1927-1936.

SR 5, Univ. v. Stell. Studenteraadsnotules 1936-1941.

SR 92, Univ. D.S. Notule 1926-1932.

KOERANTE

Pro Libertate, 1932, 1933, 1934, 1937, 1961.

Stellenbosse Student, 1932-1939.

Die Kerkbode, 16 Oktober 1940.

Universiteit Stellenbosch Jaarboek, 1931-1939.

BOEKE

Anon.: *Die Ned. Geref. Gemeente, Loxton: Driekwart-Eeufees Gedenkskrif 1899-1974.*

Anon.: *Gedenkboek van Wilgenhof (1903-1950).*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Anon.: *Ned. Geref. Kerk Potchefstroom 125-jarige Herdenkingsuitgawe 1842-1967*.

Caine, B.: *Biography and History*, Palgrave Macmillan, Engeland, 2010.

Clingman, S.: *Bram Fischer: An Afrikaner Revolutionary*, David Philip, Paarl, 2006.

Coetzee, M. H.: *Die "Kritiese stem" teen Apartheidsteologie in die Ned Geref Kerk (1905-1974): `n Analise van die Bydraes van Ben Marais en Beyers Naudé*, Bybel Media, Wellington, 2010.

Coetzee, M., Hansen, L. & Vosloo, R.: *Vreesloos Gehoorsaam: 'n Keur uit Beyers Naudé se preke 1939-1997*, African SunMedia, Stellenbosch, 2013.

De Gruchy, J. W. & Villa-Vicencio, C. (ed): *Resistance and Hope: South African essays in honour of Beyers Naudé*, David Phillip, Cape Town, 1985.

Du Toit Spies, F.: *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Pretoria-Oos Gedenkboek 1920-1970*.

Kenney, H.: *Verwoerd: Architect of Apartheid*, Jonathan Ball, Cape Town, 2016.

Koorts, L.: *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme*, Tafelberg, Kaapstad, 2014.

Lombard, R. T. J.: *Die Nederduits Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek: Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*, Unisa, Pretoria, 1974.

Lückhoff, A. H.: *Cottesloe*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1978.

Manganyi, N. C.: *Biography: The Black South African Connection*, in Friedson, A. M. (ed.): *New Directions in Biography*, University of Hawaii, Honolulu, 1981.

Murray-Theron, E.: *Die Klein Wonder*, in Fourie, C.: *Ware Liefde: Bekende Suid-Afrikaanse Paartjies*, Human & Rousseau, Kaapstad, 2007.

Naudé, C. F. B.: *My Land van Hoop: Die Lewe van Beyers Naudé*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1995.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Naudé, J. F., Beyers, C.F. & Kemp, J. G.: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet*, Nijgh & Van Ditmar, Rotterdam, 1903.

Niehaus, C. & Villa-Vicencio, C. (ed): *Many Cultures, One Nation: A Festschrift for Beyers Naudé*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1995.

O`Brien Geldenhuys, F. E.: *In Die Stroomversnellings: Vyftig jaar van die NG Kerk*, Tafelberg, Kaapstad, 1982.

Oates, S. B.: *Biography as High Adventure: Life-Writers Speak on Their Art*, University of Massachusetts, VSA, 1986.

Olivier, P. L.: *Ons gemeentelike feesalbum*, NG Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1952.

Pelzer, A. N. (ed): *Verwoerd aan die Woord, Toesprake 1948-1962*, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963.

Plaatjies-Van Huffel, M.A.: *Women in the Theological Anthropology of Beyers Naudé*, in Hansen, L. & Vosloo, R. (ed): *Oom Bey for the Future: Engaging the Witness of Beyers Naudé*, SUN Press, Stellenbosch, 2006.

Randall, P. (ed.): *Not Without Honour: the Life and Work of Beyers Naudé*, Raven Press, Johannesburg, 1982.

Ryan, C.: *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*, David Philip, Claremont, 1990.

Serfontein, J. H. P.: *Apartheid Change and the NG Kerk*, Taurus, Emmarentia, 1982.

Serfontein, J. H. P.: *Brotherhood of Power: An exposé of the secret Afrikaner Broederbond*, Rex Collings Ltd, London, 1979.

Smith, N.: *Die Afrikaner Broederbond: Belewenis van die binnekant*, Lapa Uitgewers, Pretoria, 2009.

Stals, E. L. P.: *Afrikaners in die Goudstad Deel 2, 1924-1961*, Randse Afrikaanse Universiteit, Pretoria, 19

Stals, E. L. P.: *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond 1918-1994*, 1998.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verwey, E. J. (ed): *New Dictionary of South African Biography*, HSTC Press, Pretoria, 1995.

Weiss, M.: *Vuurtoring: Biografie van Ds Jozua Françoise Naudé*, SUN Media, Stellenbosch, 2014.

Wilkins, I. & Strydom, H.: *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*, Jonathan Ball Publishers, Jeppestown, 2012.

ARTIKELS

Grundlingh, A. & Sapire, H.: "From Feverish Festival to Repetitive Ritual? The Changing Fortunes of Great Trek Mythology in an Industrializing South Africa, 1938-1988," *South African Historical Journal*, (21), 1989, pp. 19-38.

Müller, R.: "Afrikaner socio-theological discourse in the early twentieth century: War and mission in J. F. Naudé and J. du Plessis," *Historia* (59), (2), 2014, pp. 309-325.

Sardica, J.M.: "The content and form of 'conventional' historical biography," *Rethinking History: The Journal of Theory and Practice*, (17), (3), 2013, pp. 383-400.

Zaaiman, J.: "The local role of a Wellington Afrikaner Broederbond branch, 1937-1994," *Historia*, (55), (2), November 2010, pp. 121-146.

ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGS

Burnell, B.: "The Life of Beyers Naudé: A Psychobiographical Study," ongepubliseerde D.Phil tesis soos ingelewer by Universiteit van die Vrystaat, 2013.

Clur, C. G. R.: "From Acquiescence to Dissent: Beyers Naudé, 1915-1977," ongepubliseerde MA soos ingelewer by Unisa, 1997.

De Beer, J. C.: "Prof. B.B. Keet (1885 tot 1974): Leraar en Hoogleraar in die Nederduits Gereformeerde Kerk," ongepubliseerde PhD soos ingelewer aan die Universiteit Stellenbosch, 1992.

Ferreira, I. L.: "Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963," ongepubliseerde D.Div soos ingelewer by Universiteit Stellenbosch, 1972.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Heaney, M. J.: "Beyers Naudé, Ekumeniese Baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994," ongepubliseerde PhD soos ingelewer by Universiteit van Pretoria, 2004.

Korf L.: "D.F. Malan: a political biography," ongepubliseerde D.Phill soos ingelewer by Universiteit Stellenbosch, 2010.

Maritz, P. J.: "Ben Marais (1909-1999): The Influences On And Heritage Of A South African Prophet During Two Periods Of Transformation," ongepubliseerde D.Div soos ingelewer by Universiteit van Pretoria, 2003.

Masuku, M. T.: "The Ministry of Dr. Beyers Naudé: Towards developing a comprehensive mission (communication) strategy towards the victims of oppression," ongepubliseerde PhD soos ingelewer by Universiteit van Pretoria, 2010.

Naudé, C. F. B.: "Die waardering van poësie: Enkele aspekte van die vraagstuk, toegelig met voorbeelde uit die Afrikaanse poësie," ongepubliseerde M.A soos ingelewer by Universiteit Stellenbosch, 1936.

INTERNETBRONNE

E. Brink, "Koshuistradisies: Bekendes se mening," *Maroela Media*, 25 Maart 2014, http://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/koshuistradisies-bekendes-se-mening/. (12 Maart 2017)

Hendrik Verwoerd Defines Apartheid, https://www.youtube.com/watch?v=vPCln9czoys. (26 Maart 2017)

The Cry of Reason - Beyers Naude an Afrikaner Speaks Out – 1987, https://www.youtube.com/watch?v=TPsv-YKeTYQ&t=229s. (15 Julie 2017)

KOERANTE

Pro Libertate, 1932, 1933, 1934, 1937, 1961.

Stellenbosse Student, 1932-1939.

Die Kerkbode, 16 Oktober 1940.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ONDERHOUDE EN KORRESPONDENSIE

Epos-korrespondensie tussen Ruhan Fourie en Milde Weiss, 28/08/2017.

Persoonlike onderhoud met Annemie Bosch deur Ruhan Fourie, Pretoria, 7/09/2017.

Persoonlike onderhoud met Johann Naudé deur Ruhan Fourie, Johannesburg, 7/09/2017.